Die eerste stap in 'n ekonomiese beskrywing van 'n geografiese gebied kleiner as die landsgrense, is die omlyning van die regionaal eenheid. Om as agtergrond vir die verdere bespreking te dien, word die afbakening, fisiese kenmerke en die bevolking van die Oranjeriviergebied in DEEL EEN van hierdie studie uiteengesit. In hoofstuk II word aandag gegee aan die afbakening van die ondersoekgebied aan die hand van algemene teoretiese beginsels en bestaande indelings in Suid-Afrika, waarna die fisiese kenmerke en bevolking van die Oranjeriviergebied in hoofstuk III bespreek word.

In DEEL TWEE van hierdie studie word die ekonomiese struktuur en enkele dinamiese eienskappe van die Oranjeriviergebied aan die hand van nasionale rekeningkundige syfers, vervolgens uiteengesit. Die statistiese inligtingsbronne, berekeningsmetodes en die resultate wat

verkry is ten opsigte van die bruto geografiese produk, persoonlike inkome en die bruto kapitaalvorming, word in hoofstukke IV tot VI vir elke maatstaf onderskeidelik, bespreek. In hoofstuk VII word die ekonomiese struktuur en enkele dinamiese kenmerke van die ondersoekgebied aan die hand van die berekende syfers weergegee.

In DEEL DRIE word die moontlike ekonomiese invloed van die Oranjerivierontwikkelingsprojek bespreek. In hoofstukke VIII tot X word in betreklike detail aandag geskenk aan die besproeiing- en nedersettingsmoontlikhede, hidro-elektriese kragontwikkeling en die mynbou- en nywerheidspotensiaal, respektiewelik. Weens 'n gebrek aan data, word die ander moontlike ekonomiese invloede van die projek, naamlik kapitaalbesteding, werkgeleentheid op die konstruksiewerke, openbare dienste en ontspanningsfasiliteite, egter alleen kortliks in hoofstuk XI bespreek. Ten slotte word in DEEL VIER, wat uit hoofstuk XII bestaan, 'n kort samevatting en enkele gevolgtrekkings van die studie gemaak.

DEEL EEN

AFBAKING, FISIËSE KENMERKEN EN BEVOLKING VAN
DIE ORANJERIVIERGEBIED

HOOFSTUK II. AFBAKENING VAN DIE ONDERSOEKGEBIED

Kwantitatiewe data word gewoonlik vir praktiese doeleindes as saamgestelde totale, soos byvoorbeeld binnelandse produk, nasionale inkome, persoonlike inkome, verbruiksbesteding ensovoorts, uitgedruk. In sekere gevalle word dit egter noodsaaklik by 'n analise van die ekonomiese maatstawwe om 'n verdere verfyning van die totale te maak, ten einde 'n duideliker omlýning van die ekonomiese posisie te verkry. So word die bruto binnelandse produk byvoorbeeld geklassifiseer volgens produk-sietak, tipe organisasie en inkome; en binnelandse besteding verdeel tussen private verbruikersuitgawes, owerheidsuitgawes en kapitaalvorming. Om 'n duidelike beeld van die ekonomiese toestand van 'n land te verkry is dit ook noodsaaklik om 'n verdeling van die saamgestelde totale vir die land in kleiner geografiese eenhede te maak, ten einde die ruimtelike verspreiding van ekonomiese aktiwiteite in aanmerking te neem. Een van die eerste probleme waarmee die navorser by 'n ekonomiese beskrywing soos hierdie te kampe het, is die afbakening van geografiese eenhede of streke. In hierdie hoofstuk word dus eerstens aandag geskenk aan die afbakening van die ondersoekgebied wat in hierdie studie gedek word, en die indeling daarvan in substreke.

In die eerste afdeling van die hoofstuk word die begrip streek of geografiese eenheid bespreek. Daarna volg 'n bespreking van die algemene beginsels wat by die afbakening van 'n streek toegepas kan word, asook sekere statistiese oorwegings wat in aanmerking geneem moet word. Dit word opgevolg met 'n uiteensetting van bestaande streeksindelings wat vir die Republiek van Suid-Afrika toegepas word. Vervolgens word die beginsels waarvolgens die afbakening van die ondersoekgebied wat

in/.....

in hierdie studie gevolg is en die resultaat van die verdeling, dit wil sê die streeksindeling waarop besluit is, bespreek.

1. Die begrip streek of geografiese eenheid

Een van die moeilikste probleme in navorsing op 'n regionale vlak is die afbakening van die streek of geografiese gebied. In die ekonomiese literatuur oor die onderwerp is daar dan ook geen algemene aanvaarbare definisie van die begrip streek nie. W. Isard en G. Freutel meen dan ook dat: „Even a cursory examination of the great variety of definitions of a region suggest that it too has no unique meaning”.¹⁾

Die definisie van 'n streek varieer dan ook gewoonlik in ooreenstemming met die kriteria waarop besluit word, wat op hulle beurt weer van die besondere doelstelling van die regionale definisie afhanklik is. T.J.D. Fair kom dan ook tot die volgende gevolgtrekking: „A region is no absolute phenomenon. It is the creation of men's minds, it is a concept, an area homogeneous in terms of specific criteria”.²⁾ Oor die algemeen impliseer die begrip streek dus 'n mate van sosiale of ekonomiese gelykheid binne die grense van die gebied, afhanklik van die doelstellings van die ondersoek en die kriteria wat gekies word om die besondere doelstelling te vervul.

Die ontwikkeling van streke of eenhede kleiner as die nasionale grense het in Suid-Afrika uit twee rigtings ontstaan. Die een rigting was primêr ekonomies, naamlik uit die behoefte van die staat om die natuurlike hulpbronne van 'n streek te ontwikkel, en in die voorsiening van/.....

1) National Bureau of Economic Research, Studies in Income and Wealth, Long-Range Economic Projections, Volume 16, Princeton, 1954, p. 455.

2) Fair, T.J.D. Regions for planning in South-Africa, The South African Geographical Journal, Vol. XXXIX, December 1957, p.27.

van openbare werke. Die ander rigting was weer primêr fisies en het ontstaan uit die behoefte van dorpsbeplanning, dit wil sê die noodsaaklikheid om 'n dorp te ontwerp met 'n estetiese voorkoms en wat terselfdertyd funksioneel doeltreffend is. As gevolg van die interafhanklikheid tussen die twee rigtings het hulle met verloop van tyd saamgevloei.³⁾

In hierdie studie, wat ten doel het om as grondslag te dien vir die verdere beplanning van die Cranjerivierontwikkelingsprojek, is dit noodsaaklik om by die definiering van die begrip streek die ekonomiese sowel as fisiese faktore in aanmerking te neem, aangesien verdere beplanning vanaf albei kante ontwikkel moet word. Om die definisie van die begrip streek dus so omvattend moontlik te maak, word dit in ooreenstemming met R.W. Peters as 'n „geographical area characterised by a particular pattern of activity and a marked degree of economic and social unity”,⁴⁾ omskryf.

2. Algemene beginsels by die afbakening van streke

In die afdeling word kortliks stilgestaan by die algemene beginsels wat by die afbakening van regionale gebiede gevolg word. Die doel met die bespreking is nie om algemene kriteria te bepaal waarvolgens geografiese gebiede afgelei kan word nie. Soos reeds hierbo aange-ton is sodanige kriteria afhanklik van die besondere doelstelling wat die navorsers nastreef. Daar word dus alleen gepoog om die algemene beginsels wat in die literatuur gevolg word by die afbakening van geografiese gebiede aan te toon, asook die basiese beginsels waarvan
in/.....

3) Vergelyk Idem, p. 26.

4) Peters, R.W. The Measurement of Regional Income in Western Australia, 1947/48 - 1950/51, Research Studies in Community Income, The University of Western Australia, 1953, p.7.

in hierdie studie af uitgegaan is.

In hoofsaak word drie basiese beginsels onderskei, waarvolgens geografiese gebiede afgebaken kan word, nl.:

- (1) Die homogeniteitsbeginsel.
- (2) Die beginsel van funksionele integrasie.
- (3) Die beginsel van programmering.
- (a) Die homogeniteitsbeginsel

Volgens die homogeniteitsbeginsel moet die grense van 'n gebied afgebaken word in ooreenstemming met die mate van homogeniteit ten opsigte van een of 'n kombinasie fisiese, ekonomiese, sosiale of ander eienskappe. Die gebied moet dus ooreenstem in een faktor soos byvoorbeeld die mate van industrialisasie of dit moet homogeen wees na aanleiding van 'n groep faktore, afhanklik van die besondere doelstellings met die indeling. Gebiede wat saamgegroepeer word as 'n homogene streek mag verskil wat sommige eienskappe betref, maar die mate van ooreenstemming of soortgelykheid moet groter wees as die mate van verskil. Maatstawwe waarvolgens die homogeniteit van 'n gebied bepaal kan word is byvoorbeeld bevolking, ekonomiese struktuur, grondbenutting, sosiale struktuur of enige ander basiese eienskap of groep eienskappe. 'n Voorbeeld van so 'n indeling wat reeds in Suid-Afrika gemaak is, is die agro-ekonomiese streke wat deur die Afdeling Landbou-ekonomiese Navorsing in samewerking met die Departement van Landbou-tegniese Dienste gemaak is.

(b) Die beginsel van funksionele integrasie

Volgens die beginsel van funksionele integrasie, word 'n streek afgebaken as die gebied wat rondom 'n sentrale knoop of kern georganiseer is en wat as 'n eenheid optree. Die kern mag byvoorbeeld 'n marksentrum wees, 'n bron van aanbod van 'n groot verskeidenheid goedere en dienste of 'n sentrum waarheen en waarvan verkeer

beweeg/.....

beweeg volgens n vaste herkenbare patroon. Net soos in die geval van die homogeniteitsbeginsel kan die beginsel van afbakening gebaseer word op n enkele faktor of n groep verwante faktore. Daar ontstaan egter hier die probleem dat die toepassing van die beginsel moeiliker is, omdat minder gegewens op hierdie grondslag beskikbaar is. n Goeie voorbeeld van sulke gebiede is n metropolitaanse gebied met die stedelike sentrum as kern waarop die voorstedelike en ander omliggende gebiede volg.

(c) Die beginsel van programmering

Die beginsel van programmering gaan van die standpunt uit dat die gebied identies moet wees met die jurisdiksie van die politieke instellings wat die beleidsbesluite moet uitvoer. Dit het dus hoofsaaklik ten doel om die administratiewe aspek, dit wil sê die werklike uitvoering van die besluite wat geneem word, in ag te neem by die afbakening van die streek. n Voorbeeld in Suid-Afrika sal dus wees om die provinsiale grense in aanmerking te neem by die afbakening van n gebied, waar die uitvoering van sekere aspekte alleen deur n besondere provinsie onderneem kan word. Die jurisdiksie van die administratiewe eenheid bv. regering of plaaslike owerheid wat in die navorsing belang het, moet dus in aanmerking geneem word.

(d) Algemene beginsel van afbakening in hierdie studie gevolg

In die praktyk word oor die algemeen al drie bogenoemde beginsels in aanmerking geneem by die afbakening van n besondere gebied. Die verskil kom gewoonlik alleen voor in die mate van beklemtoning van n besondere beginsel. J.R. Meyer kom dan ook in die verband tot die volgende gevolgtrekking: „Strictly speaking, moreover, the three traditional definitions of regional type area are not mutually exclusive. In fact, all regional classification/.....

classification schemes are simply variations on the homogeneity criterion and it is somewhat misleading to suggest otherwise. The only real question is what kind of homogeneity is sought".⁵⁾ n Programmeringsstreek is volgens dié sienswyse essensieel homogeen omdat dit as n geheel onder die jurisdiksie van een of n groep administratiewe eenhede val. Aan die ander kant is n streek wat afgebaken is volgens die beginsel van funksionele integrasie homogeen omdat dit in een of ander funksionele sin van n spesifieke sentrum afhanklik is.

Benewens die algemene beginsels is die vorm waarin statistiese data voorkom ook n bepalende faktor by die afbakening van gebiede. Die statistiese faktore word in die volgende afdeling breedvoeriger bespreek. Die basiese beginsel waarvolgens die afbakening van die ondersoekgebied in hierdie studie uitgevoer is bestaan daaruit dat die moontlike invloedssfeer van die Cranjerivierontwikkelingsprojek eerstens bepaal is, en die breë indeling is vervolgens opgedeel in kleiner geografiese gebiede aan die hand van die vorm van beskikbare statistiese data en n aantal vorms van homogeniteit.

3. Statistiese oorwegings by die afbakening van n gebied

Benewens die algemene beginsels wat by die afbakening van geografiese eenhede kleiner as die nasionale grense gevolg moet word, is daar sekere statistiese oorwegings wat ook by die bepaling van streeksgrense in aanmerking geneem moet word. Opsommend kan die statistiese oorwegings soos volg saamgevat word, nl.:

(1)/.....

(5) Meyer, J.R. Regional Economics; A Survey, The American Economic Review, Volume LIII, Maart 1963, p.22.

- (1) 'n Dinamiese benadering moet gevolg word.
 - (2) Beskikbaarheid en vorm van statistiese data moet in aanmerking geneem word.
 - (3) Die bepaalbaarheid en permanentheid van grense moet in ag geneem word.
 - (4) Die aaneenloopenheid van die gebied is in besondere gevalle van belang.
 - (5) Die aantal en grootte van die gebiede is afhanklik van die mate van detail wat benodig word.
- (a) 'n Dinamiese benadering by streeksafbakening

By die afbakening van 'n gebied is een van die vereistes dat 'n dinamiese benadering gevolg moet word. Met 'n dinamiese benadering word hier bedoel 'n bepaling van die grense wat in die verlede toegepas is en in die toekoms ook toegepas sal kan word. Dit is dus afhanklik van die vorm waarin statistiese gegewens in die verlede voorgekom het, sowel as verwagtings aangaande die toekomstige vorm waarin dit moontlik sal verskyn. Die probleem wat hieruit ontstaan is dus of die berekening van byvoorbeeld ekonomiese maatstawwe in die toekoms ook vir die afgebakende geografiese eenheid moontlik sal wees?

Daarbenewens moet die streek ook as 'n veranderlike faktor gesien word. Daar bestaan naamlik die moontlikheid dat die ekonomiese, maatskaplike, fisiese of ander aspekte wat by die afbakening in aanmerking geneem is, sodanig mag verander dat die huidige streeksindeling totaal onvanpas kan word. By die bepaling van streeks-grense moet enige moontlike radikale veranderings wat die grense mag beïnvloed, dus ook sover as moontlik in ag geneem word.

(b) Beskikbaarheid van data

Waar statistiese data deur die navorser self ingesamel word, kan die veldwerk in ooreenstemming met

voorafbepaalde/.....

voorafbepaalde streeksgrense gedoen word. Indien die navorser egter gebruik maak van statistiese gegewens wat deur amptelike organisasies of ander liggame ingesamel word, is dit noodsaaklik om die streke wat deur sodanige organisasies gevolg word by die afbakening van die ondersoekgebied in ag te neem. Die geografiese eenhede waarvoor statistiek ingesamel word, kan naamlik beskou word as die boustene waaruit 'n groter gebied opgebou word. Waar die ondersoekgebied kleiner is as die streke waarvoor statistiek ingesamel word sal dit noodwendig 'n beperking op die grootte van die ondersoekgebied hê, of die inligting sal vir die navorser ongeskik wees. Daarom is dit ook noodsaaklik dat die liggame wat vir die insameling van gegewens verantwoordelik is, nie van te groot geografiese eenhede gebruik maak nie.

Landdrosdistrikte is gewoonlik die geografiese eenhede waarin amptelike statistiek in Suid-Afrika beskikbaar kom. Die eenheid hou sekere nadele in ten opsigte van meer verfynde berekenings, soos byvoorbeeld vir markgebiede waar sommige landdrosdistrikte meer as een stedelike of dorpsgebied mag insluit. In die besondere geval van hierdie studie het die eenheid ook die nadeel ingehou, dat die invloedssfeer van die Oranjerivierontwikkelingsprojek wyer aangetoon moes word as wat die geval werklik sal wees. Ondanks die beperking is die statistiese inligting volgens landdrosdistrik as 'n geskikte grondslag vir die berekenings van die ondersoekgebied beskou.

(c) Bepaalbaarheid en permanentheid van grense

Grense moet duidelik bepaalbaar, algemeen bekend en maklik identifiseerbaar wees. Indien dit nie aan die vereiste voldoen nie is 'n akkurate toedeling van data onmoontlik en bemoeilik dit ook die interpretasie van

die/.....

die inligting. Daarbenewens is die permanentheid van die grense ook van die allergrootste belang. Indien dit nie redelik permanent bly nie ontstaan die probleem dat die vergelykbaarheid van die berekende maatstawwe daaronder lei. Hiermee word nie bedoel dat die grense van streke ad infinitum neergelê word nie. Waar strukturele veranderings oor 'n tydsverloop plaasvind moet die dinamiese element van homogeniteit ondanks die beswaar van vergelykbaarheid van data, 'n alternatiewe afbakening van streeks-grense tot gevolg hê. Waar grense egter onderhewig is aan gereelde veranderings is dit noodwendig vir navorsing ongeskik.

(d) Aaneenlopendheid van die gebied

Vir praktiese doeleindes is dit in sommige gevalle van belang dat 'n homogene gebied nie opgedeel word in dele wat heeltemal van mekaar geskei word deur ander streke nie. Dit geld veral in die geval waar die doel van die navorsing is om as grondslag te dien vir verdere fisiese beplanning. In sekere gevalle is dit egter wenslik om so 'n verdeling te maak, soos in die geval van die Bantoegebiede in Suid-Afrika.

(e) Die aantal en grootte van die gebiede

Die aantal en grootte van statistiese gebiede is afhanklik van die hoeveelheid detail wat deur die navorsing benodig word. Waar alleen wye veralgemenings deur die navorsers gemaak moet word sal groter streke van meer nut wees as kleiner gebiede, wat in die geval waar meer detail benodig word die doeltreffendste is. Uniformiteit ten opsigte van die grootte en aantal streke word vir die meeste probleme nie benodig nie. Waar die verskille tussen streke besonder groot is kan dit die interpretasie van die resultate bemoeilik. Die probleem kan egter voorkom word deur van per kapita, digtheid en ander verhoudings, gebruik te maak.

4. Bestaande streekindelings in Suid-Afrika

In die afdeling word stilgestaan by n paar van die belangrikste vorms van streekindelings wat in Suid-Afrika onderskei kan word, naamlik:

- (1) Landdrosdistriksverdeling;
 - (2) verdeling volgens ekonomiese streke;
 - (3) verdeling volgens provinsies;
 - (4) Agro-ekonomiese streeksverdeling;
 - (5) nie-blanke-teenoor blankegebiede;
 - (6) beheerde teenoor onbeheerde gebiede;
 - (7) verdeling volgens die grense van streek-ontwikkelingsverenigings; en
 - (8) ander verdelings.
- (a) Landdrosdistriksverdeling

Landdrosdistrikte het ontstaan as administratiewe eenhede van die Department van Justisie. Die Departement is aan ook verantwoordelik vir alle nuwe landdrosdistrikte wat geskep word of enige veranderinge wat in die distrikgrense mag voorkom. By die proklamering van n nuwe distrik is die prosedure om eers die plaaslike bevolking te raadpleeg waarna n landdrostak in die gebied opgerig word, indien dit nodig gevind word. Eers as die opeenhoping van werk dit daarna regverdig word n nuwe distrik ge-proklameer.

Die Buro vir Statistiek asook enkele ander amptelike organisasies gebruik die landdrosdistriksverdeling vir die publikasie van statistiese data vir geografiese gebiede kleiner as die nasionale grense. Die insameling van statistiek volgens die verdeling hou onder andere die voordeel in dat die grense bepaalbaar en redelik permanent bly en dat dit betreklik klein gebiede beslaan. Die nadeel daaraan verbonde is egter dat wetgewing geheimhouding ten opsigte van statistiese inligting vereis,

waar/.....

waar gegewens alleen betrekking het op drie of minder inrigtings in 'n landdrosdistrik en dit dus nie altyd geredelik beskikbaar is nie.

(b) Verdeling volgens ekonomiese streke

Die Buro vir Marknavorsing van die Universiteit van Suid-Afrika het, met die hulp van 'n paar ander liggame, die land in een-en-vyftig ekonomiese streke verdeel, deur die 278 landdrosdistrikte wat in 1960 in die land bestaan het volgens die homogeniteitsbeginsel, groothandelsmarkgebiede asook amptelike en semi-amptelike streke, saam te groepeer.⁶⁾

Hierdie indeling word in 'n toenemende mate deur die Buro vir Statistiek gebruik waar data as gevolg van die geheimhoudingsklousule nie volgens landdrosdistrikte gepubliseer kan word nie. Daarbenewens hou dit die voordeel in dat grense maklik identifiseerbaar en redelik permanent is, aangesien dit ooreenkom met landdrosdistriksgrense. 'n Nadeel wat dié publikasie van statistieke volgens ekonomiese streke inhou, is dat dit in die geval van sommige streke betreklik groot geografiese eenhede vorm terwyl kleiner streke soms deur navorsers benodig word.

(c) Verdeling volgens provinsies

Die vier provinsies vorm in Suid-Afrika die grootste administratiewe onderverdelings van die land. Die grense van die provinsies is nie volgens enige wetenskaplike beginsels bepaal nie, maar het deur die geskiedkundige verloop van die land ontstaan. Basies vanuit 'n ekonomiese oogpunt gesien, hou so 'n verdeling min sin in.

Omdat/.....

6) Winkle, F.F. Economic Regions of the Republic of South Africa, Buro vir Marknavorsing van die Universiteit van Suid-Afrika, Navorsingsverslag Nr. 2, Pretoria, 1961.

Omdat die administrasie van die provinsies egter afsonderlik uitgevoer word deur die onderskeie provinsiale administrasies kan so 'n verdeling van belang wees, afhange van die doelstellings van die navorser.

(d) Agro-ekonomiese streeksverdeling

Die Afdeling Landbou-ekonomiese Navorsing van die Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking bygestaan deur beamptes van ander tegniese afdelings, het 'n agro-ekonomiese opname van die land onderneem met die doel om dit in min of meer gelyksoortige boerderystreke in te deel. By die afbakening is provinsiale- en landdrosdistriksgrense nie in ag geneem nie. Die vernaamste oorwegings wat in aanmerking geneem is, is naamlik:

- (1) natuurkundige toestande soos ligging, aard van die gebied, grond, klimaat en reënval;
- (2) biologiese aspekte soos siektes en plae;
- (3) ekonomiese aspekte soos vervoer- en bemarkingsgeriewe, pryse en onkoste; en
- (4) historiese aspekte, dit wil sê die ingewortelde gebruike.

Die land is in elf hoof agro-ekonomiese streke, sewe-en-tagtig substreke en honderd-vier-en-veertig kleiner streke ingedeel.

(e) Nie-blanke- teenoor blankegebiede

Weens die aard van Suid-Afrika se besondere volkstruktuur kan die land verdeel word volgens die volksgroep aan wie besondere gebiede toegewys is. Sodoende ontstaan dus 'n onderskeid tussen Bantoe-, Kleurling-, Indiër- en blankegebiede. 'n Verdere verdeling van die blankegebiede is ook moontlik deur grensgebiede ⁷⁾ en ander blankegebiede/....

7) Flekke of streke binne 'n redelike afstand van die Bantoe-tuisland waar nywerheidsontwikkeling deur middel van blanke onderneming en beheer plaasvind en wat so geleë is dat Bantoe-werkers in volle gesinsverband in die Bantoegebiede kan woon en redelik maklik heen en weer na hulle werkplekke kan reis, word as grensgebiede beskou.

blankegebiede van mekaar te onderskei.

(f) Beheerde teenoor onbeheerde gebiede

Kragtens die Wet op die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne (Wet No. 51 van 1947 soos gewysig), is die Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne geregtig om 'n streek as 'n beheerde gebied te verklaar. Die beplanning en beheer van so 'n beheerde gebied se natuurlike hulpbronne berus dan by die organisasie. Hiervolgens kan die land dus verdeel word in beheerde en onbeheerde gebiede. So 'n verdeling sal egter by 'n ekonomiese analise weinig sin hê, behalwe waar dit natuurlik die doel van die navorser is om so 'n besondere gebied te analiseer.

(g) Verdeling volgens die grense van streekontwikkelingsverenigings

Die grense van streekontwikkelingsverenigings is in die verlede op 'n betreklik arbitrêre grondslag bepaal. Die belanghebbendes in 'n besondere gemeenskap gaan naamlik oor tot die stigting van so 'n streekvereniging en besluit wat die grense van die gebied sal wees. So 'n verdeling hou weinig sin in aangesien dit nie op 'n wetenskaplike grondslag uitgevoer word nie. Sommige van sodanige belanghebbendes besit wel gemeenskaplike belange, maar by ander staan die belange soms direk teenoor mekaar. Daar is selfs die verskynsel dat van die streekontwikkelingsverenigings se grense mekaar kruis en sodoende oorvleueling in werksaamhede veroorsaak.

Die Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne, wat ten nouste met die verenigings saamwerk, het as gevolg van die gebreke in bestaande streekontwikkelingsverenigings se grense onderneem om 'n nuwe indeling van die grense te maak vir beplanningsdoeleindes. 'n Voorlopige indeling van die land in ontwikkelingsstreke is

reeds/.....

reeds voltooi. Die verdeling is gedoen aan die hand van per kapita inkomesyfers en die invloedssfeer van die ver- naamste stede en dorpe.

(h) Ander verdelings

Benewens bogenoemde verdelings van die land is daar natuurlik ook nog verskeie ander verdelings wat onderskei kan word, soos byvoorbeeld reënvalstreke, klimaatstreke, n verdeling volgens topografie, mineraalbronne, indus- triëlegebiede, kragverspreiding, vervoernetwerk, kom- munikasienetwerk, onderwysdistrikte en ander amptelike en semi-amptelike verdelings.

5. Die afbakening en streeksverdeling van die ondersoek- gebied.

Vervolgens word die afbakening en streeksverdeling van die ondersoekgebied, in hierdie afdeling bespreek. Soos reeds hierbo aangetoon is die doelstellings van die navorsing die oorwegende beginsel waarvolgens die probleem van afbakening en streeksverdeling opgelos moet word. n Gebiedsverdeling vir algemene doeleindes, soos byvoorbeeld vir die versameling van statistiese gegewens, sal dus noodwendig verskil van n verdeling wat vir besondere doel- eindes gemaak word. H.S. Perloff dui dan ook aan dat: „A specialized division is to be expected, of course, when a study focuses on a particular problem, e.g. the development of a river basin, or when the boundary is defined by administrative consideration, e.g. the Tennes- see Valley Authority".⁸⁾

Die doel van hierdie studie, naamlik om as agtergrond te dien vir die verdere beplanning van die Oranjerivier- gebied, moet dus as die basiese beginsel van afbakening en/.....

8) Perloff, H.S. Problems of Assessing Regional Economic Progress, Studies in Income and Wealth, Regional Income, Volume 21, Princeton, 1957, p.37.

en verdeling van geografiese eenhede beskou word. Dit het die probleem na vore gebring dat daar nie van bestaande streekindelings sonder meer gebruik gemaak kan word nie. Aan die anderkant kan die streekindelings ook nie heeltemal buite rekening gelaat word nie, aangesien bestaande statistiese data gewoonlik daarvolgens gepubliseer word. n Spesiale verdeling van die ondersoekgebied in ooreenstemming met die doel van hierdie studie was dus n vereiste.

Die eerste stap by die afbakening en streeksverdeling van die ondersoekgebied was om te bepaal watter areas deur die Oranjerivierontwikkelingsprojek beïnvloed sal word. Uit gegewens verstrek in die Witpapier van 1962/63⁽⁹⁾ is die gebiede wat deur die projek op een of ander wyse geraak word, bepaal. Om die ondersoekgebied egter af te baken moes die vorm waarin die statistiese gegewens vir gebiede kleiner as die nasionale grense in Suid-Afrika verskyn, ook in aanmerking geneem word sodat van reeds bestaande inligting in hierdie studie gebruik gemaak kon word. Daar is gevolglik by die afbakening uitgegaan van die kleinste geografiese eenhede waarvoor statistiese data normaalweg gepubliseer word, naamlik landdrosdistrikte. Dit het noodwendig tot gevolg dat areas ingesluit word wat nie deur die projek regstreeks geraak word nie. So n afbakening hou egter die voordeel in dat die grense wat so bepaal is, wyd is en die gevaar dat n sekere invloedsg gebied oor die hoof gesien sal word, verminder.

Deur die afbakening op bogenoemde wyse uit te voer is die grense van die ondersoekgebied in sy geheel, soos aangetoon in Kaart Nr. 1, verkry. Na dié ondersoekgebied

in/.....

9) Witskrif van 1962/63, op.cit.

in sy geheel sal in hierdie studie in die vervolg verwys word as die Oranjeriviergebied. Die Oranjeriviergebied soos hierbo afgebaken, beslaan 'n groot oppervlakte en is wydversprei oor die Republiek sodat die ekonomiese struktuur binne die gebied van plek tot plek grootliks kan verskil. Dit het tot gevolg dat nasionale rekeningkundige maatstawwe wat alleen betrekking het op die gebied in sy geheel, van weinig waarde sal wees vir verdere beplanningsdoeleindes tensy dit nie verder onderverdeel word nie.

By die onderverdeling van die Oranjeriviergebied is dit noodsaaklik gevind om dit eerstens so te verdeel dat die area waarin die vernaamste konstruksiebedrywighede plaasvind, van die res van die gebied geskei word. Volgens die oorweging is die Oranjeriviergebied verdeel in vier hoofstreke, naamlik:

- (1) Die Sentrale Streek, waarin die vernaamste konstruksiebedrywighede soos die oprigting van die drie vernaamste damme en die Visriviertunnel sal geskied.
- (2) Die Suidelike Streek, wat hoofsaaklik bestaan uit die gebied wat algemeen bekend staan as die Visriviersektor.
- (3) Die Westelike Streek wat bestaan uit die aktiwiteite wat in Noordwes-Kaapland gaan plaasvind.
- (4) Die Oostelike Streek wat die bedrywighede in die suidelike en suid-oostelike gedeeltes van die Oranje-Vrystaat en 'n klein gedeelte van die Kaapprovinsie, dek.

Die vier hoofstreke is verder verdeel in substreke. By die onderverdeling van die hoofstreke in substreke was die vernaamste oorwegings wat in aanmerking geneem is, die volgende:

- (1) Die geografiese klassifikasie wat deur amptelike en semi-amptelike organisasies gevolg word by die

publikasie/.....

publikasie van statistiese gegewens. Landdrosdistrikte wat oor die algemeen gebruik word as grondslag vir die geografiese klassifikasie, is hier gebruik om die groter substreke uit op te bou.

- (2) Homogene aktiwiteite van die Oranjerivierontwikkelingsprojek wat logies bymekaar hoort, is sover as moontlik in een streek gegroepeer, terwyl heterogene aktiwiteite van mekaar geskei is. Die fisiese verskille tussen besproeiingsgebiede wat voorsien word en die aktiwiteite ten opsigte van afsonderlike konstruksiebedrywighede, is hier in hoofsaak as algemene oorweging in aanmerking geneem.
- (3) Aangesien die administrasie van sekere aspekte van die projek deur die onderskeie provinsiale administrasies waarin dit geleë is, onderneem word, moes die provinsiale grense noodwendig by die onderverdeling in ag geneem word. Dit word besef dat die grense deur die historiese verloop ontstaan het, en gevolglik weinig sin vir 'n geografiese verdeling inhou. Ondanks die beswaar moes dit weens die administratiewe aspekte van die projek in aanmerking geneem word.
- (4) Die ekonomiese streeksverdeling van die Buro vir Marknavorsing van die Universiteit van Suid-Afrika en die agro-ekonomiese verdeling van die landboudepartemente, is ook in ag geneem by die onderverdeling in substreke. Alhoewel Kleurling-¹⁰⁾ en Bantoegebiede/.....

10) Die Kleurlinggebiede in die ondersoekgebied bestaan uit Concordia, Komaggas, Leliefontein, Richtersveld, Rietpoort en Steinkopf in die landdrosdistrik van Namakwaland, Mier en Eksteenskuil in die landdrosdistrik van Gordonia, Enon in die landdrosdistrik van Uitenhage en Thaba Patchoa in die landdrosdistrik van Thaba'Nchu.

Bantoegebiede¹¹⁾ ook in die ondersoekgebied voorkom, is geen geografiese verdeling volgens die volksgroep aan wie die grond toegewys is, nodig geag nie.

- (5) Die fisiese kenmerke soos klimaat, geografie, topografie, ensovoorts, was ook onder die faktore wat by die onderverdeling van die substreke gebruik is.

Die onderverdeling van die hoofstreke in substreke, die landdrosdistrikte waaruit laasgenoemde bestaan en die vernaamste stede en dorpe in die landdrosdistrikte word ten slotte kortliks uiteengesit, terwyl Kaart Nr. 1 die gebied grafies aantoon. In die uiteensetting sowel as in die kaart word veranderinge wat in landdrosdistriks-grense plaasgevind het sedert 1962 buite rekening gelaat,¹²⁾ omdat die berekenings in die latere afdelings met die grense ooreenkom weens die vorm waarin die statistiese data gepulbiseer is.

DIE ONDERVERDELING/.....

- 11) Die Bantoegebiede in die ondersoekgebied bestaan hoofsaaklik uit die Tswanagebiede in Noord-Kaapland en Thaba'Nchu en uit die landdrosdistrik van Herschel in die Oiskei.
- 12) Die veranderinge wat sedert 1962 in die landdrosdistriks-grense aangebring is, is soos volg:
- (a) 'n Nuwe landdrosdistrik Jagersfontein is geskep en 495 vk. myl is van Fauresmith daarheen oorgedra.
 - (b) Vanaf Kuruman is 184 vk. myl oorgedra na Gordonia en 276 vk. myl na Postmasburg.
 - (c) 'n Nuwe landdrosdistrik Koffiefontein is geproklameer en 541 vk. myl is vanaf Fauresmith en 195 vk. myl vanaf Koffiefontein, oorgedra.
 - (d) 'n Nuwe landdrosdistrik Petrusburg is geskep en 525 vk. myl van Fauresmith, 432 vk. myl van Bloemfontein, 158 vk. myl van Boshoff en 31 vk. myl van Jacobsdal, is daarheen oorgedra.
 - (e) Die landdrosdistriks-grense van Fort Elizabeth is verander, deur 134 vk. myl oor te dra na Hankey.

- 34 -
DIE ONDERVERDELING VAN DIE ORANJE-
RIVIERGEBIED

HOOFSTREEK	SUBSTREEK (*)	LANDDROSDISTRIK	STEDE EN DORPE
Suidelike Streek	1. Benede-Sondagsriviergebied	Kirkwood Port Elizabeth Uitenhage	Kirkwood Bethelsdorp Colchester Port Elizabeth Redhouse Wolmer Despatch Uitenhage
	2. Visriviergebied	Bedford Cradock Graaff-Reinet Jansenville Maraisburg Middelburg Molteno Pearston Somerset-Oos	Bedford Cradock Adendorp Graaff-Reinet Nieu-Bethesda Jansenville Klipplaat Waterford Hofmeyer Middelburg Rosmead Molteno Pearston Cookhouse Somerset-Oos
Oostelike Streek	3. Lady Grey - Herschelgebied	Herschel Lady Grey	Sterkspruit Lady Grey
	4. Wepener - Zastrongebied	Wepener Zastron	Wepener Vanstadensrus Boesmanskop Zastron
	5. Suidoos-Vrystaatgebied	Edenburg Rouxville Smithfield Trompsburg	Edenburg Goedemoed Rouxville Smithfield Trompsburg
	6. Kafferriviergebied	Bloemfontein Dewetsdorp Thaba 'Nchu	Bloemfontein Dewetsdorp Thaba 'Nchu Tweespruit
Sentrale Streek	7. Linkeroewer-Hendrik Verwoerdgebied	Albert Aliwal Noord Colesberg Steynsburg Venterstad	Burgersdorp Aliwal Noord Jamestown Colesberg Steynsburg Venterstad
	8. Regteroewer-Hendrik Verwoerdgebied	Bethulie Philippolis	Bethulie Springfontein Philippolis Waterkloof

Sentrale Streek (vervolg)/...

HOOFSTREEK	SUBSTREEK (*)	LANDDROSDISTRIK	STEDE EN DORPE
Sentrale Streek (vervolg)	9. Regteroewer- Vanderkloofge- bied	Fauresmith Jacobsdal	Fauresmith Jagersfontein Koffiefontein Luckhoff Petrusburg Jacobsdal
	10. Kaap - Riet- riviergebied	Barkley-Wes Herbert Kimberley	Barkley-Wes Delportshoop Windsorton Ulco Douglas Campbell Die Erwe Kimberley Ritchie Modderrivier
	11. Linkeroewer- Vanderkloofge- bied.	Britstown De Aar Hopetown Philipstown	Britstown Giesenskraal De Aar Hopetown Strydenburg Petrusville Philipstown
Westelike Streek	12. Suid-Kala- harigebied	Gordonia Kuruman Postmasburg Vryburg	Kakamas Keimoes Upington Dibeng Kuruman Daniëlskuil Olifantshoek Postmasburg Sishen Reivilo Stella Vryburg
	13. Boesmanland- gebied	Hay Kenhardt Prieska	Griekwastad Niekerkshoop Kenhardt Onseepkans Pofadder Marydale Prieska
	14. Sakrivier- gebied	Calvinia Carnarvon Williston	Brandvlei Calvinia Loeriesfontein Nieuwoudtville Carnarvon Vanwyksvlei Williston

Westelike Streek (vervolg)

HOOFSTREEK	SUBSTREEK ^(*)	LANDDROSDISTRIK	STEDE EN DORPE
Westelike Streek (vervolg)	15. Namakwaland- gebied	Namakwaland	Alexanderbaai Garies Hondeklipbaai Kamieskroon Kleinsee Nababiep C'okiep Port Nolloth Springbok.

(*) Die nommer wat teenoor die substreek aangetoon word, word gerieflikheidshalwe in Kaart Nr. 1 gebruik om die substreke aan te toon.

ORANJERIVIERONTWIK-
KELINGSPROJEK.

Kaart Nr 1

VOORGESTELDE
STREKSINDELING VIR
BEPLANNINGSDOELEINDES

TOTALE ONDERSOEKGEBIED —



HOOFSTUK III. FISIËSE KENMERKE EN BEVOLKING VAN DIE ORANJERIVIERGEBIED

Die Oranjeriviergebied, soos afgebaken in die voorgaande hoofstuk, beslaan 'n oppervlakte van 175,867 vierkante myl wat ongeveer 37.3 persent van die totale oppervlakte van die Republiek van Suid-Afrika uitmaak. Soos verwag kan word is daar dan ook groot verskille in die fisiese kenmerke en die bevolking in die gebied. Vervolgens word in hierdie hoofstuk kortliks stilgestaan by die vernaamste fisiese kenmerke en bevolking van die Oranjeriviergebied. Daar word nie gepoog om 'n volledige uiteensetting van die fisiese kenmerke en bevolkingsaspekte te gee nie. Die doel met die bespreking is alleen om as agtergrond te dien vir die verdere ekonomiese beskrywing van die Oranjeriviergebied. In afdeling 1 word eerstens aandag geskenk aan die topografie van die gebied, waarna in afdeling 2 die klimaat en reënval en in afdeling 3 die bevolking in oënskou geneem word.

1. Die topografie

Suid-Afrika is 'n deel van die grootste plato op die aarde wat onafgebroke vanaf die Republiek tot aan die suidelike grense van die Sahara-woestyn strek. In Suid-Afrika wissel die hoogte van hierdie plato van 3,000 tot omtrent 11,500 vt. bo seespieël. Oor die algemeen vorm die rand van die plato die hoogste gebiede en dien so as waterskeiding tussen die hoofriviere van die plato en kleiner riviere wat die kusgebied dreineer. Die rand van die plato, (ook genoem die eskarp), het vroeër waarskynlik die kus van die kontinent gevorm. Soos die riviere egter in die platorand ingevreet en landsverheffing plaasgevind het, het 'n gedeelte van die seabodem land geword, sodat die platorand nie meer die kuslyn was nie. Die eskarp het dus nou die plato van die kusgebied geskei. Met verloop van tyd is nog dele van die seabodem blootgelê met 'n gevolglike terugtrekking van die eskarp. Die

kusgebied het as gevolg hiervan in sommige dele so ekstensief geword, dat dit nie meer n kuskarakter gehad het nie, maar eerder die eienskappe van n gebied aangrensend aan n plato.

Die fisiografiese eienskappe van die suidelike subkontinent van Afrika kan dus soos volg opgesom word:¹⁾

(1) Die plato.

(a) Die hooglande van die plato.

(b) Die periferie (randgebiede van die plato-hooglande;

(2) Die gebied grensende aan die plato, dit wil sê die landskap tussen die eskarp en die kus.

Elkeen van hierdie indelings kan weer verder onderverdeel word op grond van plaaslike fisiografiese verskille soos hoogte bo seespieël en oppervlakte vorm.

Die Oranjeriviergebied loop met n halfmaanvormige boog deur Suid-Afrika vanaf Fort Elizabeth tot by die monding van die Oranjerivier. Omdat die gebied met so n wye boog loop en n groot oppervlakte beslaan, kom al bogenoemde fisiografiese streke in die gebied voor. Die grootste gedeelte van die ondersoekgebied is egter op die plato en wel op die periferie van die hoër liggende plato geleë.

In ooreenstemming met die hoofindelings van die land en plaaslike fisiografiese verskille is die Oranjeriviergebied soos volg ingedeel:

A/.....

1) Dit is n ooreenstemming met Wellington, J.H. Southern Africa, Volume 1, Cambridge University Press, 1955, pp. 11 tot 143.

- A. Die hoërliggende plato-streke.
 - A1. Die suidelike Kalaharikom.
- B. Die periferie van die plato.
 - B1. Klein Namakwaland en Boesmanlandvlakte.
 - B2. Oranjerivierkloof.
 - B3. Middelveld van Suid-Kaapland.
 - B4. Hoëveld (Formasie Karoo).
 - B5. Hoëveld (Formasie Pre-Karoo).
 - B6. Kaapse plato.
- C. Streke grensende aan die plato.
 - C1. Westelike plathelling.
 - C2. Oos-Kaapse Hooglande.
 - C3. Groot Karoo.
 - C4. Kaapse Plooiingsgordel.
 - C5. Suidelike kusgebied.

Die indeling word op Kaart Nr. 2 aangetoon.

(a) Streek A1. Die hoërliggende plato-streke


Slegs een streek in hierdie kategorie maak deel uit van die Oranjeriviergebied, naamlik die suidelike Kalaharikom.


Streek A1. Die suidelike Kalaharikom: Hierdie streek bestaan min of meer uit die noordelike gedeelte van die distrikte Gordonia, Kuruman, Postmasburg, Hay en Vryburg. Kenmerkend van die streek is sy sanderige voorkoms met sandduine wat met gras en bossies bedek is, en selfs op plekke met groot bome. Onder die sand is n laag Kalahari-kalksteen wat wydversprei in die streek voorkom. Tussen die sandduine word dikwels panne op die kalksteenbasis gevorm. Hierdie panne is gewoonlik droog, alhoewel hulle water bevat indien somerreëns voorkom. Die Malopo- en Kurumanrivier wat hierdie streek dreincer, ontspring juis in n gebied met sulke kalksteenpanne. Genoemde riviere is nie standhoudend


nie/.....


Kaart Nr 2

FISIOGRAFIESE STREKE — ORANJERIVIERGEBIED

 (A-gebied)
Hooglande van Plato.

 (B-gebied)
Periferie (randgebied)
van Plato.

 (C-gebied)
Gebied grensende
aan die Plato.



UNIE VAN SUID-AFRIKA
LANDDROSDISTRIKTEKAART
UNION OF SOUTH AFRICA
MAGISTERIAL DISTRICT MAP

APRIL 1960

1:5,000,000

Myl 50 40 30 20 10 0 50 100 Miles

SKAAL SCALE

Landdrostdistriksgrense ————— Magisterial District Boundaries
Internasionale Grense - - - - - International Boundaries
Provinsiale Grense - - - - - Provincial Boundaries
Hoofdistriksdorpe Principal District Towns

nie, maar het 'n waterryke bedding en boorgate lewer gewoonlik goeie resultate.

Noord van Upington lê 'n panyryke gebied wat bekend staan as die „Mierland“. Hierdie gebied wat die grens van die duine-sone vorm, kom veral voor tussen die Oranjerivier en Rietfontein in die noorde.

(b) Streek B. Die periferie van die plato

Die grootste gedeelte van die Oranjeriviergebied lê op die periferie van die plato.

Streek B1. Klein Namakwaland en Boesmanlandvlakte: Klein Namakwaland en Boesmanlandvlakte val feitlik geheel en al binne die Oranjeriviergebied en beslaan die landstreek weerskante van die Oranjerivier onderkant Prieska tot by die grens van Suidwes-Afrika, en dan verder suid van die Oranjekloof tot by Sendelingsdrift, suid van Springbok. Kenmerkend van die streek is die gelyke reliëf wat dit besit. Die grootste gedeelte van die streek vorm 'n skiervlakte waar verweerde graniet en ander gesteentes volop is om deur die wind versprei te word. Die Boesmanlandgedeelte het 'n sanderige oppervlakte, maar in die weste is Klein Namakwaland rotsagtig.

Streek B2. Die Oranjerivierkloof: Die Oranjerivierkloof is die smal gedeelte langs die rivier vanaf die Aughrabiesvalle tot by die boog van die rivier 40 myl vanaf sy uitmonding. Die landskap is ru met klein stukkie besproeibare grond op enkele plekke langs die rivier. Hier en daar word digte bosse langs die rivier aangetref, maar die oorblywende gedeelte van die oppervlakte is met rotse en sand bedek.

Streek B3. Die Middelveld van Suid-Kaapland: Die Middelveld van Suid-Kaapland se grens strek weswaarts vanaf suid van Prieska, noord van De Aar-Carnarvon tot in Calvinia. Verder lê die noordelike helfte van Britstown en ongeveer

die/.....

die hele distrikte van Hopetown, Kimberley, Herbert en Barkley-Wes in die streek, terwyl slegs die suidoostelike hoek van Vryburg ook daarin val.

Die oppervlakte van die landstreek bestaan uit die Sisteem Karoo en gevolglik het dit min sandakkumulasies met 'n gelyke reliëf. As gevolg van die gelykheid van die oppervlakte toon rivierlope 'n geringe gradiënt sodat ook hier as gevolg van die droë klimaat volop panne gevorm word, waarvan Groot Vloer en Verneukpan die grootste is, het 'n baie wisselvallige vloei en hulle vloedwaters neig om by rotsvernouings in sy loop oor die aangrensende vlaktes te versprei. Dit is dan ook die hooforsaak vir die vorming van Verneukpan, asook die ander panne wat in die streek voorkom.

Die grond in hierdie streek is kleiagtig en word maklik brak. Dit bemoeilik die verbouing van landbouprodukte en het tot gevolg dat die saaidam-metode groten-deels toegepas word. Volgens die saaidam-metode word vloedwaters toegelaat om die grond eers deeglik te deurweek voordat die gewasse geplant word.

Streek B4. Die Hoëveld (Formasie Karoo): Daar bestaan geen vaste grens tussen die Kaapse Middelveld en die Hoëveld nie. Die Hoëveld word beskou as dié deel van die plato wat bo 4,000 vt. lê. Die streek grens in die noorde aan die Kaapse Middelveld en in die weste vorm die platorand die grens. Die volgende landdrostdistrikte van die Cranjeriviergebied val binne hierdie grens, naamlik: die suidelike gedeeltes van Calvinia, Williston, Carnarvon en Britstown, alle Vrystaatse distrikte, asook alle distrikte wat oos van Hopetown en Britstown en noord van Steynsburg en Molteno, lê.

Die/.....

Die oppervlakte van hierdie streek is gevorm deur byna horisontale beddeings van die Sisteem Karoo, waarin sandsteen en skalie mekaar afwissel met volop intrusiewe doleriet. Die gevolg is n buitengewone gelyk oppervlakte met die kenmerkende en alomteenwoordige tafelberge, tabelkoppe en spitskoppe, dit wil sê Karoo-koppies. Die vernaamste riviere wat hierdie streek dreineer is die Oranje- en Caledonrivier. Oor die algemeen het hierdie riviere n klein gradiënt.

Die plantegroei van hierdie streek bestaan hoofsaaklik uit grasveld in die noordelike dele en Karoo-bossies in die suidweste. Die fisiografiese karakter van die streek is egter homogeen en alle plantegroeiverskille in die streek moet toegeskryf word aan die verskil in reënval.

Streek B5. Die Hoëveld (Formasie Pre-Karoo): Slegs die noord-oostelike punt van Vryburg val binne die Formasie Pre-Karoo van die Hoëveld, wat ook gekenmerk word deur algemene gelykheid soos streek B4., maar die tafelagtige landskap ontbreek. Hier is die Karoo-beddings verwyder om die Pre-Karoo bloot te lê, sodat genoemde deel van Vryburg deel vorm van n skiervlakte, naamlik die Pre-Karoo Skiervlakte van Suidwes-Transvaal.

Streek B6. Die Kaapse plato: Die Kaapse Flato kom ooreen met die vorige streek in soverre dit ook n Pre-Karoo oppervlakte het. Fisiografies bestaan die hele Kaapse plato egter uit die dolemiete van die Campell Rand, wat n kalksteengebied vorm. Hierdie kalksteengebiede beslaan die suid-westelike helfte van die distrik Vryburg, die suidelike helftes van die distrikte Kuruman en Postmasburg asook die noordelike dele van die distrik Hay. In die omgewing van Kuruman en Griekwastad is fonteine in die kalksteenformasies van groot waarde, bv. by Kuruman is so

n fontein wat 5 miljoen gellings water per dag lewer. Daarbenewens word ondergrondse water aangetref, wat die voordeel besit dat dit oor die algemeen vlak voorkom.

Die Asbesberge nab. Griekwastad is op hierdie plato geleë waar asbes gedelf word. Op die Postmasburg-vlakte word die lae Gamagara-berge aangetref, waar ryk yster- en mangaanerts voorkom.

(c) Streek C. Streke grensende aan die plato

Streek C1. Die westelike plathelling: Die westelike helfte van Namakwaland val binne hierdie streek, wat die suidelike of oorgangs-Namib genoem word. Dit is hoofsaaklik 'n woestynagtige kusstreek wat strek vanaf die kus tot teen die platorand. Langs die kus lê 'n strook land van 20 tot 50 myl wyd wat met sand bedek is en bekend staan as die Sandveld. Verder na die binneland tot by die platorand strek die sogenaamde hardeveld wat uit talle rotsdagsome bestaane.

Die sandveld is yl bedek met vetplante wat hulle vogtigheid kry uit die mistige weer wat dikwels oor hierdie kusgebied voorkom. Op die hardeveld met sy yl plantegroei word nomadiese kleinveeboere aangetref.

Streek C2. Die Oos-Kaapse Hooglande: Die landdrostdistrikte van Middelburg, Cradock en Maraisburg lê in die Oos-Kaapse Hooglande. Die oppervlakte van hierdie gebied bestaan uit die bekende horisontale Karoo-beddings met dolerietintrusies. Slegs die westelike punt van die Oos-Kaapse Hooglande val binne die Oranjeriviergebied. Hierdie gebied se oppervlakte verskynsels hang baie nou saam met sy struktuur en daarom word die kenmerkende tafelberge en tafelkoppe ook aangetref.

Streek C3. Die Groot Karoo: Die Groot Karoo streek lê tussen die plooiingsgordels in die suide en die rand van die plato in die noorde. Slegs die landdrostdistrikte van/.....

van Graaf-Reinet, die noordelike helfte van Jansenville en die westelike helfte van Pearston in die Oranjeriviergebied, is binne die streek geleë. Na hierdie gebied, die bo-kom van die Groot- en Sondagsrivier, word ook soms verwys as die Oostelike Karoo. Gewoonlik word na die waterskeiding tussen die Sondags- en die Visrivier verwys as die oosgrens van die Groot Karoo.

Fisiografies is die gebied onder bespreking dus n... groot kom met die bo-lope van riviere wat na die plooiingsberge dreineer. Die noordelike deel van die streek bestaan uit die Sisteem Karoo met talryke doleriet-intrusies, sodat doleriet bedekte koppies en plato's oral voorkom. Meer na die suide word n sandsteenskalic topografie aangetref. Daarbenewens kom in die dolerietgebied ryk onderaardse waterbronne voor.

Streek C4. Die Kaapse Plooiingsgordel: Slegs n klein area van die Oranjeriviergebied val binne die Kaapse Plooiingsgordel wat die hele Suid-Kaapland oorheers. Hierdie gebied is net noord van Port Elizabeth geleë, naamlik die noordelike helftes van die distrikte van Uitenhage en Kirkwood en die suidelike dele van Somerset-Oos en Jansenville.

Die Klein Winterberge en Suurberge kom voor in die noorde van die afgebakende gebied. In die suide lê die Groot Winterhoekberge en die Elandsberge wat ooswaarts strek uit die Baviaansberge. Laasgenoemde val egter nie binne die Oranjeriviergebied nie. Bogenoemde berge lê ongeveer op die oostelike grens van die plooiingsgordel.

Streek C5. Die suidelike kusgebied: Die suidelike kusgebied is suid van die plooiingsgordel geleë en beslaan

die/.....

die distrikte van Port Elizabeth, die suidoostelike helfte van Uitenhage en die suidelike helfte van Kirkwood. Hier kom die verskynsel egter ook voor dat n deel van die kusgebied noord van die plooingsgordel lê. Die rede is eenvoudig dat hierdie gebied die oostelike grens van die plooingsgordel is en dat n punt van die plooingsberge die kusgebied in twee sny. Oos van Grahamstad, wat nie in die Oranjeriviergebied val nie, word die kusvlakte wyd en n punt van die kusvlakte gaan noordweswaarts om die plooiberge om ook noord daarvan te verskyn. Hierdie kusgebied noord van die plooiberge lê binne die distrikte van Bedford, suidelike deel van Cradock en die grootste gedeelte van Somerset-Oos.

Die suidelike kusgebied vorm groot vloedvlaktes en besproeiing kan hier intensief toegepas word, veral in die vallei van die Sondagsrivier. Die kusgebied noord van die plooiberge word gedreineer deur die Bo-Visrivier, hier bied die vrugbare valleie ook uitstekende besproeiingsmoontlikhede.

2. Klimaat en reënval

Die Oranjeriviergebied kan, in ooreenstemming met die Suid-Afrikaanse Weerburo, onder die volgende klimaatstreke ingedeel word, naamlik:

- (1) Woestynklimaat, (W).
- (2) Noordelike steppe klimaat, (Sn).
- (3) Suidelike steppe klimaat, (Ss).
- (4) Karoo-klimaat, (K).
- (5) Gematigde klimaat, (A).



Die ligging van die klimaatstreke word aangetoon op Kaart N^o. 3. Op die kaart word die simbole wat hierbo agter die klimaatstreke aangegee word, gebruik om die klimaatstreek aan te toon.

(a)/.....

Kaart Nr. 3

KLIMAATSTREKE — ORANJERIVIERGEBIED


- W — Woestynklimaat
- Sn — Noordelike Steppe
- Ss — Suidelike Steppe
- K — Karoo-Klimaat
- A — Gematig



UNIE VAN SUID-AFRIKA
LANDDROSDISTRIKTEKAART
UNION OF SOUTH AFRICA
MAGISTERIAL DISTRICT MAP

APRIL 1960

1:5,000,000



- Landdrostdistriksgrense — Magisterial District Boundaries
- Internasionale Grense — International Boundaries
- Provinsiale Grense — Provincial Boundaries
- Hoofdistriksdorpe — Principal District Towns

(a) Woestynklimaat (W)

Die Woestynklimaatstreek word in die Oranjeriviergebied ten weste van Prieska en Postmasburg distrikte tot teen aan die Atlantiese kus, aangetref.

Die reënval in die gebied is uiters skraal en onbestendig. Die kusgebied kry hoofsaaklik winterreëns, terwyl reënneerslae in die binneland hoofsaaklik in die somer- en herfsmaande voorkom. Die gemiddelde jaarlikse reënval varieer van ongeveer 25 mm (1") langs die weskus tot omtrent 250 mm (10") in die binneland. As gevolg van die teenwoordigheid van die koue Benguella seestroom langs die kus is die kusgebied aan mistigheid onderhewig.

Die temperatuurwaardes in die gebied toon groot seisoens- en daaglikse skommeling. By die weerstasie by Port Nolloth is die uiterste daaglikse minimum temperatuur -0.6°C teenoor n uiterste daaglikse maksimum temperatuur van 41.8°C . By Calvinia en Upington is die ooreenstemmende temperatuurwaardes -7.2°C tot 40.0°C en -4.7°C tot 42.1°C , respektiewelik.

(b) Die Noordelike Steppe Klimaat (Sn)

Die hele gebied ten noorde van die Oranjerivier wat nie deel van die Woestynklimaatstreek (W) is nie, ressorteer in sy geheel onder die Noordelike Steppe Klimaatstreek.

Die klimaat van dié streek is halfdor, met n gemiddelde reënval wat wissel van 254 mm. (10") in die weste tot ongeveer 500 mm (20") in die ooste. Die reënneerslae kom hoofsaaklik in die somermaande voor. Die reënseisoen bereik egter n hoogtepunt gedurende die laat somer, naamlik in Februarie en Maart.

In ooreenstemming met die Woestynklimaatstreek is daar groot seisoens- en daaglikse temperatuurspelings.

By/.....

By die weerstasies te Kuruman, Kimberley, Bloemfontein en Bethulie is die uiterste daaglikse minimum temperatuurwaardes -5.7°C , -6.8°C , -8.8°C en -9.3°C respektiewelik, teenoor n uiterste daaglikse maksimum temperatuurwaardes van 40.0°C , 39.6°C , 37.6°C en 38.3°C , onderskeidelik.

(c) Suidelike Steppe Klimaatstreek (Ss)

Die hele gebied suid van die Oranjerivier tot in die omgewing van Cradock en Somerset-Oos word onder die Suidelike Steppe Klimaatstreek geklassifiseer.

Net soos die noordelike steppe het die suidelike steppe ook n halfdor klimaat. Oor die algemeen kom somerreëns voor met n maksimum reënneerslag in Maart. Die gemiddelde reënval wissel vanaf 250 mm (10") in die weste tot ongeveer 635 mm (25") in die ooste. Sneeu kom in die winter dikwels op die suidelike bergreekse voor.

Groot seisoens- en daaglikse temperatuurskommeling word oor die algemeen aangetref. By die weerstasies te De Aar, Steynsburg en Cradock wissel die uiterste daaglikse minimum en maksimum temperatuurwaardes tussen -10.0°C tot 40.7°C , -10.2°C tot 37.1°C en -7.2°C tot 41.7°C , respektiewelik.

(d) Karoo-klimaatstreek (K)

Dele van die landdrosdistrikte van Graaff-Reinet, Pearston en Jansenville wat in die Groot Karoo val, word onder die Karoo-klimaatstreek geklassifiseer. Die gebied word gekenmerk deur swak steppe en vorm ook n oorgangsg gebied tussen somer- en winterreëns. Die streek grens aan die platorand en gevolglik kom warm bergwinde dikwels voor.

Die gemiddelde jaarlikse reënval wissel oor die gebied van ongeveer 200 tot 250 mm (8 tot 10") op die vlakte/.....

vlakke, tot omtrent 350 mm (14") in die berge. Die reënneerslae kom in die winter- en somerseisoen voor en die onderskeie maksima maande is November en Maart. Die temperatuurwaardes toon n geringer mate van skommeling as in die bogenoemde klimaatstreke. By die weerstasie te Graaff-Reinet is die uiterste daaglikse minimum temperatuur -2.2°C , teenoor 43.4°C wat die uiterste daaglikse maksimum verteenwoordig.

(e) Gematigde klimaatstreek (A)

Die hele suidelike kusgebied van die Oranjeriviergebied besit die klimaatseienskappe, gematig, warm en vogtig. Reën kom in alle seisoene voor, maar die meeste val in Maart en Oktober. Die jaarlikse reënval is in die omgewing van 625 mm (25").

Hierdie streek word soms baie warm en lastige droë bergwinde kom dikwels voor. Kleiner temperatuurskommeling as in bogenoemde klimaatstreek, kom in dié klimaatstreek voor. By die weerstasie te Port Elizabeth is die uiterste daaglikse minimum temperatuur ongeveer -0.3°C teenoor n uiterste daaglikse maksimum temperatuur van 40.2°C .

3. Bevolking

Ten slotte word in die hoofstuk enkele opmerkings met betrekking tot die bevolking van die Oranjeriviergebied gemaak, onder die volgende hoofde:

- (1) die algemene verspreiding van die bevolking woonagtig in die Oranjeriviergebied;
- (2) bevolkingsverdeling tussen stedelike en plattelandse gebiede; en
- (3) die bevolkingsgroei in die na-oorlogse tydperk.

(a) Algemene verspreiding van die bevolking

In 1960 het die Oranjeriviergebied n totale bevolking van/.....

van ongeveer 1.6 miljoen persone gehad, wat omtrent eenagste van Suid-Afrika se totale bevolking uitgemaak het. Die aantal persone per vierkante myl in dié gebied was ongeveer 9, teenoor 'n gemiddelde van 34 persone in die Republiek as 'n geheel. Relatief tot die res van die land is die gebied dus betreklik dun bevolk. Die bevolkingsverspreiding in en bevolkingsdigtheid van die Oranjeriviergebied word verder toegelig in tabel 1.

Sowat 'n derde van die bevolking in die Oranjeriviergebied is gekonsentreerd in die drie vernaamste stedelike gebiede, te wete Fort Elizabeth, Kimberley en Bloemfontein. Met die uitsondering van die drie stedelike gebiede is die oorblywende gedeelte van die bevolking betreklik eweredig versprei, met 'n vermindering in die bevolkingsdigtheid na die weste. Die Suidelike Streek het dan ook 33 persone gemiddeld per vierkante myl, teenoor 31 in die Oostelike Streek, 10 in die Sentrale Streek en 3 in die Westelike Streek. Die Benede-Sondagsriviergebied wat die stede Fort Elizabeth en Uitenhage bevat, maak soos verwag kan word die digstbevolkte gedeelte van die Oranjeriviergebied uit, met 162 persone per vierkante myl in 1960.

Die verhouding tussen die blankes, Bantoes en ander volksgroepe, wat hoofsaaklik uit Kleurlinge bestaan, is ongeveer 2 tot 5 tot 2 respektiewelik vir die Oranjeriviergebied as 'n geheel. In die gebied het 'n totaal van 376,700 blankes in 1960 voorgekom, wat ongeveer 12 persent van die Republiek se totale blankebevolking uitgemaak het. Die blankes is tot 'n veel groter mate in die stedelike komplekse gekonsentreerd as die nie-blankes. In die gebiede wat oorwegend platteland is, is hulle egter betreklik eweredig versprei. In ooreenstemming

met/.....

TABEL 1. DIE BEVOLKINGVERSPREIDING EN BEVOLKINGSDIGTHEID IN DIE ORANJERIVIERGEBIED IN 1960.

Streek of gebied	Bevolking (1,000 persone)				Aantal persone per vierkante myl			
	Totaal	Blankes	Bantoes	Kleurlinge en Asiate	Totaal	Blankes	Bantoes	Kleurlinge en Asiate
Oranjeriviergebied	1576.2	376.7	839.1	360.4	9	2	5	2
Suidelike Streek	566.5	157.7	265.3	143.5	33	9	15	9
Oostelike Streek	354.5	82.7	258.4	13.4	31	7	23	1
Sentrale Streek	293.6	65.0	158.5	70.1	10	2	6	2
Westelike Streek	361.6	71.1	157.0	133.4	3	1	1	1
1. Benede-Sondagsrivier	405.7	129.0	181.3	95.4	162	51	72	39
2. Visrivier	160.8	28.7	84.0	48.1	11	2	6	3
3. Lady Grey - Henschel	64.3	1.3	60.9	2.1	54	1	51	2
4. Wepener - Zastron	25.2	4.2	20.3	.7	18	3	15	*
5. Suidoos-Vrystaat	34.1	5.6	26.5	2.0	9	2	7	*
6. Kafferrivier	230.9	71.6	150.7	8.6	46	14	30	2
7. Linkeroewer - Hendrik Verwoerd	64.6	11.2	42.7	10.7	10	2	7	1
8. Regteroewer - Hendrik Verwoerd	17.2	3.5	11.3	2.4	7	2	4	1
9. Regteroewer - Vanderkloof	35.4	7.3	22.7	5.4	8	2	5	1
10. Kaap - Rietrivier	135.7	33.1	70.5	32.1	24	6	12	6
11. Linkeroewer - Vanderkloof	40.7	9.9	11.3	19.5	4	1	1	2
12. Suid-Kalahari	238.9	41.4	140.2	57.3	5	1	3	1
13. Boesmanland	42.4	8.6	10.4	23.4	2	*	*	2
14. Sakrivier	36.5	10.3	1.3	24.9	1	*	*	1
15. Namakwaland	43.8	10.8	5.2	27.8	2	*	*	2

Bron: Buro vir Statistiek, Bevolkingsensus, 6 September 1960.

* Die benaderde verhouding is kleiner as een.

met die tendens van die totale bevolking, neem die digtheid van die blanke bevolking ook van oos na wes af. In die Sentrale Streek was daar 9 persone per vierkante myl in 1960 gewees, teencor 7 in die Oostelike Streek, 2 in die Sentrale Streek en 1 in die Westelike Streek.

Die Bantoes met 'n totaal van 839,000 persone, maak ongeveer die helfte van die totale bevolking in die gebied uit. Die Bantoes is grotendeels in die Suidelike en Oostelike Streke van die gebied saamgetrek, met 'n afname in relatiewe belangrikheid na die weste. 'n Duidelike neiging tot groter verstedeliking en 'n westwaartse verskuiwing is opmerklik by die Bantoe volksgroep.

Van die ander volksgroepe, wat hoofsaaklik uit Kleurlinge bestaan, was daar in 1960 360,000 persone in die Oranjeriviergebied woonagtig. Die gekleurde bevolkingsgroepe het dus ongeveer een-kwart van die totale bevolking in die gebied uitgemaak. Die Kleurlingese tradisionele tuiste is in Noordwes-Kaapland, waar daar ook die grootste konsentrasie van die volksgroep voorkom. In die Suidelike Streek is die Kleurlinge egter ook goed verteenwoordig, alhoewel hulle in verhouding met die Bantoes en blankes relatief onbelangrik is. In die deel van die Oranjeriviergebied wat in die Vrystaat val, is hulle bevolkingsdigtheid oor die algemeen die laagste.

(b) Bevolkingsverdeling tussen stedelike en plattelandse gebiede

Die Oranjeriviergebied is 'n landstreek wat aan die een kant 'n grootstedelike karakter besit, terwyl daar aan die anderkant uitgestrekte areas is met 'n oorwegend landelike inslag. Uit 'n totaal van 130 stedelike gebiede wat onderskei kan word, is daar drie met 'n

bevolking/.....

bevolking bo 50,000, nl. Port Elizabeth, Bloemfontein en Kimberley, terwyl nege stedelike gebiede n bevolking tussen 10,000 en 50,000 en sewe tussen 5,000 en 10,000 besit. Hieruit volg dat alleen negentien van die 130 stedelike gebiede n bevolking van groter as 5,000 het. Daarbenewens is tien van dié negentien stedelike gebiede gekonsentreerd in die Suidelike Streek, waarvan ses in die Benede-Sondagsriviergebied geleë is. Van die oorblywende nege stedelike gebiede met bevolkings groter as 5,000 persone, kom een in die Oostelike Streek, drie in die Sentrale en vyf in die Westelike Streek, voor.

Die algemene patroon van die dorpe of stedelike gebiede word deur C.J. Jooste as volg beskryf: „Meeste van hulle verloor blankes en wen nie-blankes in aansienlike getalle. Hulle verloor mense met tegniese vaardigheid, in die produktiewe ouderdom, en met n relatief hoë lewensstandaard, en wen mense met n lae lewensstandaard wat groot laste op die plaaslike gemeenskap plaas. Verder het hulle te make met n lae koers van deelname in die ekonomiese bedrywigheid, met onderindiensneming, en met n ouderdomstruktuur wat n hoë afhanklikheidslas op die gemeenskappe plaas²⁾. Daarteenoor kom daar egter ook vooruitstrewende stedelike gebiede soos Port Elizabeth, Bloemfontein en Kimberley, in die Oranjeriviergebied voor.

In tabel 2 word die verdeling van die bevolking volgens stedelike en plattelandse gebiede verder toegelig. Hieruit volg dat die blankes die mees verstedelike groep van die/.....

2) Jooste, C.J. Sosiologiese Aspekte van die Oranjerivierprojek, Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Wetenskap, Deel 59, Nr. 10, Oktober 1963, p. 474.

Tabel 2.1 Die bevolking volgens stedelike en plattelandse gebiede in die Oranjeriviergebied vir 1960
(1,000 persone)

Streek of gebied	Blankes			Bantoes			Kleurlinge & Asiate			Totale bevolking		
	Stedelik	Platteland	Totaal	Stedelik	Platteland	Totaal	Stedelik	Platteland	Totaal	Stedelik	Platteland	Totaal
Oranjeriviergebied	301.4	75.1	376.7	393.8	445.5	839.1	203.7	156.7	360.4	898.9	677.3	576.2
Suidelike Streek	141.6	16.1	157.7	185.7	79.6	265.3	107.6	35.9	143.5	434.9	131.6	566.5
Oostelike Streek	72.3	10.4	82.7	95.6	162.8	258.4	8.6	4.8	13.4	176.5	178.0	354.5
Sentrale Streek	50.7	14.3	65.0	82.8	75.7	158.5	40.7	29.4	70.1	174.2	119.4	293.6
Westelike Streek	36.8	34.3	71.1	29.7	127.4	157.0	46.8	86.6	133.4	113.3	248.3	361.6
1. Benede-Sondagsrivier	121.1	7.9	129.0	149.7	31.6	181.3	84.2	11.2	95.4	355.0	50.7	405.7
2. Visrivier	20.5	8.2	28.7	36.0	48.0	84.0	23.4	24.7	48.1	79.9	80.9	160.8
3. Lady Grey - Herschel	.7	.6	1.3	1.4	59.5	60.9	.5	1.6	2.1	2.6	61.7	64.3
4. Wepener - Zastron	3.0	1.2	4.2	5.5	14.8	20.3	.5	.2	.7	9.0	16.2	25.2
5. Suidoos-Vrystaat	3.3	2.3	5.6	6.9	19.6	26.5	1.0	1.0	2.0	11.2	22.9	34.1
6. Kafferrivier	65.3	6.3	71.6	81.8	68.9	150.7	6.6	2.0	8.6	153.7	77.2	230.9
7. Linkeroewer - Hendrik Verwoerd	7.5	3.7	11.2	15.8	26.9	42.7	5.3	5.4	10.7	28.6	36.0	64.6
8. Regteroeewer - Hendrik Verwoerd	2.5	1.0	3.5	5.1	6.2	11.3	.8	1.6	2.4	8.4	8.8	17.2
9. Regteroeewer - Vanderkloof	4.5	2.8	7.3	9.4	13.3	22.7	1.5	3.9	5.4	15.4	20.0	35.4
10. Kaap - Rietrivier	28.5	4.6	33.1	45.2	25.3	70.5	23.5	8.6	32.1	97.2	38.5	135.7
11. Linkeroewer - Vanderkloof	7.7	2.2	9.9	7.3	4.0	11.3	9.6	9.9	19.5	24.6	16.1	40.7
12. Suid-Kalahari	18.9	22.5	41.4	23.2	117.0	140.2	16.4	40.9	57.3	58.5	180.4	238.9
13. Boesmanland	4.5	4.1	8.6	2.5	7.9	10.4	9.7	13.7	23.4	16.7	25.7	42.4
14. Sakrivier	6.1	4.2	10.3	.5	.8	1.3	11.0	13.9	24.9	17.6	18.9	36.5
15. Namakwaland	7.3	3.5	10.8	3.5	1.7	5.2	9.7	18.1	27.8	20.5	23.3	43.8

Tabel 2.2 Die persentasie-verdeling van die bevolking tussen plattelandse en stedelike gebiede in die Oranjeriviergebied vir 1960.

Streek of Gebied	Blankes			Bantoes			Kleurlinge en Asiate			Totale bevolking		
	Stedelik	Platteland	Totaal	Stedelik	Platteland	Totaal	Stedelik	Platteland	Totaal	Stedelik	Platteland	Totaal
Oranjeriviergebied	80.0	20.0	100.0	46.9	53.1	100.0	56.5	43.5	100.0	57.0	43.0	100.0
Suidelike Streek	89.8	10.2	100.0	70.0	30.0	100.0	75.0	25.0	100.0	76.8	23.2	100.0
Oostelike Streek	87.4	12.6	100.0	37.0	63.0	100.0	64.2	35.8	100.0	49.8	50.2	100.0
Sentrale Streek	78.0	22.0	100.0	52.2	47.8	100.0	58.1	41.9	100.0	59.3	40.7	100.0
Westelike Streek	51.8	48.2	100.0	18.9	81.1	100.0	35.1	64.9	100.0	31.3	68.7	100.0
1. Benede-Sondagsrivier	93.9	6.1	100.0	82.6	18.4	100.0	88.3	11.7	100.0	87.5	12.5	100.0
2. Visrivier	71.4	28.6	100.0	42.9	47.1	100.0	48.6	51.4	100.0	49.7	50.3	100.0
3. Lady Grey - Herschel	53.8	46.2	100.0	2.3	97.7	100.0	23.8	76.2	100.0	4.0	96.0	100.0
4. Wepener - Zastron	71.4	28.6	100.0	27.1	72.9	100.0	71.4	28.6	100.0	35.7	64.3	100.0
5. Suidoos-Vrystaat	58.9	41.1	100.0	26.0	74.0	100.0	50.0	50.0	100.0	32.8	67.2	100.0
6. Kafferrivier	91.2	8.8	100.0	54.3	45.7	100.0	76.7	23.3	100.0	66.6	33.4	100.0
7. Linkeroewer - Hendrik Verwoerd	67.0	33.0	100.0	37.0	63.0	100.0	49.5	50.5	100.0	44.3	55.7	100.0
8. Regteroeewer - Hendrik Verwoerd	71.4	28.6	100.0	45.1	54.9	100.0	33.3	66.7	100.0	48.8	51.2	100.0
9. Regteroeewer - Vanderkloof	61.6	38.4	100.0	41.4	58.6	100.0	27.8	72.2	100.0	43.5	56.5	100.0
10. Kaap-Rietrivier	86.1	13.9	100.0	64.1	35.9	100.0	73.2	26.8	100.0	71.6	28.4	100.0
11. Linkeroewer - Vanderkloof	77.8	22.2	100.0	64.6	35.4	100.0	49.2	50.8	100.0	60.4	39.6	100.0
12. Suid-Kalahari	45.7	54.3	100.0	16.5	83.5	100.0	28.6	71.4	100.0	24.5	75.5	100.0
13. Boesmanland	52.3	47.7	100.0	24.0	76.0	100.0	41.5	58.5	100.0	39.4	60.6	100.0
14. Sakrivier	59.2	40.8	100.0	38.5	61.5	100.0	44.2	55.8	100.0	48.2	51.8	100.0
15. Namakwaland	67.6	32.4	100.0	67.3	32.7	100.0	34.9	65.1	100.0	46.8	53.2	100.0

van die bevolking uitmaak en dat daar feitlik sonder uitsondering meer van hulle in stedelike gebiede woonagtig is as op plase. Daar is ook 'n neiging vir die stedelike blankes om toe te neem in getalle, en die neiging is die sterkste waar daar reeds groot stede of dorpe in die distrik is. Die Kleurlinge en Bantoes is ongeveer gelykop tussen stad en platteland verdeel, met 'n groter konsentrasie in gebiede waar groot stede voorkom en 'n kleiner same-trekking in die dorpe in oorwegend landelike gebiede. Daarbenewens toon die Bantoes 'n sterker neiging tot verstedeliking as die ander volksgroepe.

(c) Die Bevolkingsgroei in die na-oorlogse tydperk

Ter afsluiting word in die afdeling kortliks by die bevolkingsgroei in die Oranjeriviergebied sedert die Tweede Wêreldoorlog, stilgestaan. Die gemiddelde jaarlikse toe-of afname in die bevolking van die Oranjeriviergebied vir die tydperk 1946 tot 1960 word in tabel 3, uiteengesit. In die tabel word aangetoon dat die gemiddelde jaarlikse toename in die bevolking van die Oranjeriviergebied vir die betrokke tydperk 3.2 persent was, wat gelykstaande is aan 'n toename van ongeveer 34,600 persone per jaar. Daarteenoor was die ooreenstemmende toename in die bevolking van die Republiek 2.9 persent gewees. Die totale bevolkingsaanwas in die Oranjeriviergebied vergelyk dus gunstig met die res van die land.

Sedert die Tweede Wêreldoorlog styg die stedelike bevolking nog steeds teen 'n vinniger tempo as die plattelandse bevolking, naamlik met 'n jaarlikse gemiddelde van 4.8 persent teenoor 1.6 persent respektiewelik. Daarteenoor blyk uit tabel 3, dat die totale bevolkingstoename in streke met groter stedelike sentrums hoofsaaklik verantwoordelik was vir die toename in die bevolking van die Oranjeriviergebied, byvoorbeeld die Benede-Sondagsriviergebied wat die Fort Elizabeth-kompleks bevat, het jaarliks/.....

TABEL 3. DIE GEMIDDELTE JAARLIKSE TOE- OF AFNAME IN DIE BEVOLKING VAN DIE ORANJERIVIERGEBIED, 1946 TOT 1960.

(%)

	Totale bevolking				Stedelike bevolking				Plattelandse bevolking			
	Blankes	Bantoes	Kleurlinge & Asiate	Totaal	Blankes	Bantoes	Kleurlinge & Asiate	Totaal	Blankes	Bantoes	Kleurlinge & Asiate	Totaal
Oranjeriviergebied	1.4	3.8	4.0	3.2	2.8	6.3	5.6	4.8	-2.1	2.3	2.5	1.6
Suidelike Streek	2.3	5.6	4.7	4.3	3.0	8.1	5.3	8.3	-1.6	2.0	3.3	1.7
Oostelike Streek	2.1	2.6	5.6	2.6	3.7	5.3	10.4	4.8	-4.1	1.5	1.4	1.0
Sentrale Streek	.2	1.3	2.3	2.1	1.0	3.9	4.0	2.9	-2.1	1.6	2.7	1.2
Westelike Streek	.3	3.0	2.5	3.2	3.4	8.2	7.3	5.9	-1.8	4.3	2.2	2.3
1. Benede- Sondagsrivier	3.3	8.1	3.5	5.8	3.6	9.4	6.4	6.2	- .1	4.0	4.8	3.2
2. Visrivier	- .5	2.3	2.6	2.0	.4	4.5	2.4	2.5	-3.0	1.1	2.8	1.0
3. Lady Grey-Hersche	- .5	1.4	1.2	1.3	1.0	2.9	10.7	2.1	■	1.4	■	1.3
4. Wepener-Zastron	- .9	1.4	5.4	.9	-.7	2.9	4.8	1.4	-4.2	1.0	7.1	.6
5. Suidoos-Vrystaat	-1.3	2.8	4.8	1.8	-.9	3.5	4.8	1.8	-2.8	2.6	4.8	1.8
6. Kafferrivier	3.0	3.3	3.8	3.3	4.6	5.8	12.5	5.4	-4.9	1.4	1.3	.7
7. Linkeroewer-Hendrik Verwoerd	-.6	3.3	2.0	2.1	-.2	3.6	2.1	2.0	-1.5	3.1	1.8	2.2
8. Regteroewer-Hendrik Verwoerd	-1.6	2.6	6.0	1.6	-.4	2.7	7.1	1.1	-2.1	2.5	5.6	2.1
9. Regteroewer-Vanderkloof	.3	4.4	7.1	3.5	.9	6.6	6.3	4.2	- .5	3.2	7.5	3.0
10. Kaap-Rietrivier	.7	1.7	3.6	1.9	1.9	3.4	4.4	3.1	-3.0	- .3	1.9	-.2
11. Linkeroewer-Vanderkloof	.1	4.4	3.0	2.3	.7	6.2	3.7	3.1	-2.9	2.1	2.4	1.3
12. Suid-Kalahari	.6	5.0	5.1	3.9	4.1	2.2	8.1	6.9	-1.1	4.4	4.2	3.2
13. Boesmanland	- .8	2.6	3.5	2.0	.9	4.0	7.0	4.2	-2.8	2.3	1.9	1.0
14. Sakrivier	-.9	1.3	1.4	.6	.9	1.8	4.1	2.7	-3.6	1.0	.1	-.7
15. Namakwaland	1.9	9.7	3.1	3.2	7.8	6.7	12.7	9.5	-3.1	23.2	1.4	.7

■ Toe- of afname gering

jaarliks toegeneem met sowat 12,900 persone, wat meer as een-derde van die gemiddelde toename in die Oranjeriviergebied uitmaak.

Die blankes het in die na-oorlogse tydperk die kleinste gemiddelde toename in die Oranjeriviergebied van al die bevolkingsgroepe getoon, nl. 1.4 persent of ongeveer 4,600 persone. Die blanke bevolking het bowendien alleen in die stedelike gebiede vermeerder, terwyl dit in streke met hoofsaaklik kleiner dorpe oor die algemeen afgeneem het. Die plattelandse blanke bevolking het sonder uitsondering vir al die onderskeie streke gedaal, en die daling het ongeveer gelykmatig oor die hele gebied voorgekom.

Die gemiddelde jaarlikse persentasie toename van die Kleurlinge en Asiëse in die betrokke periode was 4.0 persent, wat gelykstaande is aan ongeveer 9,200 persone per jaar. Die neiging tot verstedeliking by die gekleurde volksgroepe is oor die algemeen swakker as die van die Bantoes maar hoër as die van die blankes. Verder wil dit ook voorkom asof daar 'n tendens bestaan dat die Kleurlinge eerder verskuif na die kleiner landelike dorpe as groter stedelike komplekse. Daarbenewens neig die Kleurlinge blykbaar om ooswaarts te verskuif, veral na streke met 'n oorwegend landelike karakter, aangesien die groot bevolkingstoenames in die gebiede nie alleen toegeskryf kan word aan 'n hoër geboorte en 'n laer sterftesyfer nie.

Die Bantoe met 'n gemiddelde jaarlikse toename van 3.8 persent of ongeveer 20,800 persone in die na-oorlogse tydperk, toon die grootste absolute toename van al die

bevolkingsgroepe/.....

bevolkingsgroepe aan. Daarbenewens het dié volksgroep ook die grootste neiging tot verstedeliking, terwyl die plattelandse Bantoe bevolking gemiddeld met 2.3 persent aangewas het in die Oranjeriviergebied. By die verstedeliking van die Bantoes wil dit voorkom asof die groter stedelike sentrums voorkeur bo die kleiner plattelandse dorpe, geniet.

Na die afbakening, fisiese kenmerke en bevolking van die Oranjeriviergebied in hierdie deel bespreek is, word n beskrywing van die ekonomiese struktuur en enkele dinamiese kenmerke van die gebied aan die hand van nasionale rekeninge syfers, vervolgens in deel TWEE uiteengesit.

DEEL TWEE

DIE BESKRYWING VAN DIE EKONOMIESE STRUKTUUR EN ENKLE
DINAMIESE KENMERKE VAN DIE ORANJERIVIERGEBIED AAN DIE
HAND VAN NASIONALE REKENINGE SYFERS.

HOOFSTUK IV. DIE BEREKENING VAN DIE BRUTO GEOGRAFIESE PRODUK

Die doel van die deel in hierdie studie, is om die ekonomiese struktuur en enkele dinamiese kenmerke van die Oranjeriviergebied aan die hand van nasionale rekeninge syfers te beskryf. Die eerste stap in so 'n beskrywing is dus die bepaling van die nasionale rekeninge syfers. In hierdie hoofstuk word dus aandag gegee aan die berekening van die bruto geografiese produk; terwyl die berekening van persoonlike inkome en bruto kapitaalvorming in hoofstuk V en VI onderskeidelik bespreek sal word; waarna die ekonomiese struktuur en enkele dinamiese kenmerke van die Oranjeriviergebied in hoofstuk VII beskryf word.

In hierdie hoofstuk word nou vervolgens eers die begrip bruto geografiese produk omskryf, waarna die berekeningsmetodes en die klassifikasie van die resultate aange-
toon word. Daarna word die statistiese bronne en metodes wat gebruik is weergegee. Die hoofstuk word dan afgesluit met 'n samevatting van die resultate in afdeling 5.

1. Die begrip bruto geografiese produk

Die bruto geografiese produk kan omskryf word as die waarde van alle finale goedere en dienste wat gedurende 'n rekenperiode binne die grense van 'n gebied geproduseer word, voordat vir waardevermindering van kapitaalbronsvoorsiening gemaak is. Dit is dus die ekwivalent van die bekende bruto binnelandse produk, maar het alleen betrekking op 'n kleiner geografiese eenheid binne die nasionale grense¹⁾.

Gesien/....

1) Vgl. United Nations, A System of National Accounts and Supporting Tables, Series F. No. 2, New York, 1960 pp.

Gesien van die inkomekant verteenwoordig hierdie waarde van finale goedere en dienste die som van die ontvangstes van produksiefaktore uit hoofde van hulle deelname aan die lopende produksie van goedere en dienste binne die grense van die gebied, dit wil sê die som van arbeidsvergoeding, netto huur, rente en wins voordat voorsiening gemaak is vir depresiasie van kapitaalbates.

Uit die omskrywing van die bruto geografiese produk kom 'n aantal begripsprobleme sonder meer na vore, naamlik:

- (1) Wat word onder finale goedere en dienste ingesluit?
- (2) Hoe moet die finale goedere en dienste gewaardeer word?
- (3) Wat word bedoel met rekenperiode?
- (4) Wat word bedoel met die grense van 'n gebied?

Die grense van die gebied wat hier ondersoek word, is reeds in die voorafgaande hoofstukke afgebaken en omskryf. Geen verdere bespreking oor die probleem word dus nodig gevind nie. Aangesien die oorblywende probleme, met besondere verwysing na toestande in Suid-Afrika, reeds breedvoerig bespreek is,²⁾ word net kortliks aange-
toon hoe dit in hierdie studie behandel word.

(a) Die produksiegrens

Volgens die omskrywing van die bruto geografiese produk behoort alle finale goedere en dienste wat binne die grense van 'n gebied geproduseer word, of dit verkoop word of nie, in die berekening van die maatstaf ingesluit te word.

Die/.....

2) Vgl. Stadler, J.J. Die Bruto Binnelandse Produk van Suid-Afrika 1911-1959, D.Comm-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1962, pp.26 tot 59.

Die konvensionele praktyk in die ontwikkelde Westerse lande is om alle produksie binne die familie en/of gemeenskap en nie-primêre produksie wat deur produsente buite hul eie produksietakke onderneem en deur hulle self verbruik word, uit te sluit by produksie³⁾. Hierdie konvensionele benadering word ook by die berekening van die geografiese produk van Suid-Afrika toegepas.

Waar afsonderlike berekenings van die bruto geografiese produk van die Bantoegebiede in Suid-Afrika gemaak word, word onderhoudsproduksie in berekening gebring.⁴⁾ Die onderhoudsproduksie word in dié berekenings ingesluit, ten einde 'n maatstaf van produksie in die Bantoegebiede te verkry wat meer vergelykbaar is met die van ontwikkelde lande en wat 'n beter aanduiding van die lewenstandaard in die gebiede sal gee.

Aangesien die Oranjeriviergebied hoofsaaklik die tradisionele tuislande van die blankes en Kleurlinge uitmaak, is onderhoudsproduksie in die gebied relatief onbelangrik. Gevolglik is in hierdie studie gehou by die konvensionele benadering wat in Suid-Afrika gevolg word by die berekening van die bruto geografiese produk.

(b) Die waardering van produksie

Die bruto geografiese produk word in hierdie studie in ooreenstemming met die konvensionele praktyk, teen faktorkoste waardeer, dit wil sê markpryse plus subsidies min indirekte belasting. Gesien van die inkomekant is

die/.....

3) Vgl. A System of National Accounts and Supporting Tables, op.cit., pp. 4 en 5.

4) Vgl. Verslag van die Kommissie vir Sosio-Ekonomiese ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika, U.G. 61/1955, Staatsdrukker, Pretoria, 1955, Hoofstuk 24.

die bydrae van sake-ondernemings tot die bruto geografiese produk gelyk aan die som van arbeidsvergoeding, wins voor voorsiening vir depresiasie van kapitaalbates, rente en netto huur. In die geval van huishoudings, private nie-winssoekende organisasies en openbare owerhede word dié bydrae beperk tot arbeidsvergoeding en huur (met inbegrip van toegerekende huur) op geboue.

In die geval waar onverkoopte goedere en dienste wat nie op die mark geplaas word nie in berekening gebring word, is dit waardeer teen dieselfde pryse wat deur produsente vir dieselfde of vergelykbare produkte onder min of meer dieselfde omstandighede behaal word. Wat onverkoopte voorrade betref, is landbou- en mynbouvoorrade waardeer deur die fisiese hoeveelhede te vermenigvuldig met 'n gemiddelde prys wat deur die produsent in die rekenperiode ontvang is. Geen verdere aansuiwering om prysveranderinge uit te sluit, was dus nodig nie. Wanneer egter slegs die boekwaarde van voorrade gebaseer op een of meer van die aanvaarde boekhoukundige voorraadwaarderingmetodes beskikbaar is, is dit nodig om 'n aansuiwering vir prysveranderinge te maak aangesien ondernemings selde lopende vervangingskoste by die waardering van voorrade gebruik.⁵⁾ Weens 'n gebrek aan data was dit nie moontlik om die aansuiwering in hierdie studie in aanmerking te neem nie. In die geval van die ander produksietakke is die aangesuiwerde landstotale gevolglik na die streke aan die hand van een of ander geskikte verhoudingsbasis toegedeel.

(c) Die rekenperiode

Die rekenperiode wat in hierdie studie gebruik is by die berekening van die bruto geografiese produk is 'n jaar,
wat/.....

5) Vergelyk Stadler, J.J. op.cit., pp.45 tot 50.

wat strek vanaf 1 Julie tot 30 Junie. Die berekenings is vir die Julie-Junie jare vanaf 1954/55 tot 1961/62, gemaak.

Na die kort omskrywing van die begrip bruto geografiese produk, sal vervolgens aandag gegee word aan die berekeningsmetodes wat by die bepaling van die bruto geografiese produk gebruik word.

2. Berekeningsmetodes

Die bruto geografiese produk kan óf regstreeks óf op 'n indirekte wyse bereken word. By die direkte berekening van die bruto geografiese produk kan daar drie verskillende benaderingswyses onderskei word, naamlik die produksie-, inkome- en uitgawebenadering.

Volgens die produksiemetode word die bruto geografiese produk as die verskil tussen die totale waarde van produksie en die waarde van intermediêre goedere en dienste bereken. Na aanleiding van die beskikbare statistiek in Suid-Afrika is die produksiemetode in hierdie studie alleen by die primêre en sekondêre produksietakke toegepas.

Volgens die inkomemetode word die bruto geografiese produk bereken as die som van die vergoeding van die produksiefaktore, uit hoofde van hulle deelname aan die lopende produksie van goedere en dienste, dit wil sê as die som van:

- (1) Arbeidsvergoeding waarby ingesluit is werklike gereelde kontant salarisse en lone aan werknemers, direkteursvergoeding, vergoeding in natura en werkgewers bydrae tot pensioen-, voorsienings- en bestaansveiligheidsfondse.
- (2) Winste soos verkry deur individuele sake, voordat vir waardevermindering en direkte belastings voorsiening gemaak is.

(3)/.....

- (3) Rente met uitsluiting van rente op staatskuld en verbruikerslenings.
- (4) Netto huur op grond en geboue, dit wil sê die totale huur minus sulke uitgawes soos eiendomsbelasting.

Die faktorinkome kan by die punt van ontvangste of by die punt van betaling in die onderskeie gebiede bereken word, afhangende van die besondere doelstellings met die navorsing. Aangesien die mate van ekonomiese aktiwiteit in die Cranjeriviergebied bepaal wil word, is van die inkome-betaal-metode in hierdie studie gebruik gemaak. Laasgenoemde metode is, waar regstreekse berekenings moontlik was, by die tersiêre produksietakke toegepas.

Die waarde van finale goedere en dienste gewaardeer teen markpryse, is volgens definisie ook gelyk aan die besteding op die bruto geografiese produk. Gesien van die uitgawe kant is die bruto geografiese produk teen markpryse dus gelyk aan die som van die verbruiksuitgawes van private persone en die regering, bruto kapitaalvorming en die uitvoer minus invoer van goedere en nie-faktordienste. Die bruto geografiese produk teen faktorkoste kan hieruit bepaal word deur indirekte belasting van bogenoemde items af te trek en subsidies by te voeg. Die metode is nie in hierdie studie gevolg nie, aangesien dit nie toegepas kan word waar data vir afsonderlike produksietakke benodig word nie en weens 'n gebrek aan statistiese inligting met betrekking tot bogenoemde gegewens vir geografiese eenhede kleiner as die landsgrense.

Waar statistiese data nie voldoen aan die vereistes vir regstreekse berekenings van die bruto geografiese produk nie, word gewoonlik van een of ander toedelingsmetode gebruik gemaak. Die toedelingsmetode bestaan hoofsaaklik daaruit om maatstawwe wat verband hou met die onderskeie/.....

onderskeie groothede te vind, wat dan as verhouding by die verdeling van lands- en/of ander totale na kleiner regionale gebiede, gebruik word. Weens 'n gebrek aan voldoende regionale data in Suid-Afrika, moes die metode dikwels in hierdie studie gevolg word.

3. Die klassifikasie van die bruto geografiese produk

Die bruto geografiese produk word in hierdie studie volgens produksietak, tipe inkome en tipe organisasie, geklassifiseer. Daarbenewens word die bydrae van die onderskeie volksgroepe tot die bruto geografiese produk ook afsonderlik aangetoon. Die resultate ten opsigte van die Asiate word egter saam met die van die Kleurlinge gegroeper, aangesien betreklik min Asiate in die Oranjeriviergebied voorkom.

Die ekonomiese bedrywighede in die Oranjeriviergebied is verdeel volgens tien produksietakke, naamlik:

- (1) Landbou, bosbou en visserye.
- (2) Mynbou en steengroewe.
- (3) Fabriekswese en konstruksies.
- (4) Elektrisiteit, gas en water.
- (5) Vervoer, opberging en kommunikasie.
- (6) Handel.
- (7) Finansiële instellings en vaste eiendom.
- (8) Besit van wonings.
- (9) Algemene regeringsdienste.
- (10) Ander dienste.

Met geringe wysigings en aanpassings in ooreenstemming met die beskikbare gegewens, kom die inhoud van hierdie produksietakke ooreen met die standaardklassifikasie wat vir Suid-Afrika opgestel is, deur die Sub-komitee oor Nasionale Rekeningne en Finansies. Die ekonomiese aktiwiteite wat onder elke produksietak ingedeel is, sal

in/.....

in die volgende afdeling by die bespreking van die statistiese bronne en toeligting van berekeningsmetodes, kortliks aangetoon word.

By die klassifikasie volgens tipe inkome word onderskei tussen arbeidsvergoeding en ander inkome. Die ander inkome bestaan dus uit wins, rente en netto huur. Daarbenewens word die tipe inkome ook onderskei by die verdeling volgens organisaasie en produksietak.

Die ekonomiese bedrywighede in die Oranjeriviergebied is ook onderverdeel volgens die bydrae van die private sektor, openbare owerhede en owerheidsondernemings en openbare korporasies tot die bruto geografiese produk. Openbare korporasies word saam met owerheidsondernemings gegroeper, aangesien die bydrae van dié korporasies tot die bruto geografiese produk van die Oranjeriviergebied gering is.

Onder openbare owerhede is alle algemene afdelings van die sentrale regering, die afdelings van die provinsiale administrasies en die nie-handelsafdelings van plaaslike owerhede gegroeper. Owerheidsondernemings en openbare korporasies omvat in die Oranjeriviergebied die werksaamhede van die Alluviale Staatsdelwerye, staatsaagmeulens, die handelsafdelings van plaaslike owerhede, Elektrisiteitsvoorsieningskommissie, Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens, burgerlike lughawens, Staatsgarage, Suid-Afrikaanse Uitsaai-korporasie, die Departement van Pos-, telegraaf- en telefoonwese, Suid-Afrikaanse Reserwebank en die Land- en Landboubank.

4. Statistiese bronne en toeligting van berekeningsmetodes

In hierdie afdeling word die statistiese bronne, berekeningsmetodes en betroubaarheid van die resultate volgens produksietak uiteengesit. Met geringe wysigings

is/.....

is die berekeningsmetodes dieselfde as die wat deur die Kantoor van die Ekonomiese Raadgewer vir die jare 1954/55 tot 1959/60, toegepas is. Gevolglik is die bruto geografiese produk in hierdie studie alleen vir twee addisionele jare bereken, naamlik 1960/61 en 1961/62, terwyl die klassifikasie volgens tipe inkome, organisasie en die bydrae van die onderskeie volksgroepe vir 1954/55 tot 1961/62 bepaal is. As gevolg van beter statistiese inligting, is sekere aansuiwerings in die oorspronklike berekenings van die Kantoor van die Ekonomiese Raadgewer aangebring.

Aangesien die statistiese bronne en metodes wat deur die Kantoor van die Ekonomiese Raadgewer gebruik is, reeds breedvoerig bespreek is⁶⁾, word dit hier slegs kortliks uiteengesit.

(a) Landbou, bosbou en visserye

Onder hierdie produksietak is gepoog om alle produksie op die plase van blankes, Kleurlinge, Asiate en in die Bantoegebiede, ongeag die besit en bestuursvermoë en afgesien van die uiteindelige bestemming van die produksie, in berekening te bring. Origens word visserye op 'n kommersiële grondslag ook hier ingesluit. Benewens bogenoemde aktiwiteite behoort konstruksiewerk wat in die landbou uitgevoer is, landboudienste en aanverwante bedrywighede soos skeer, dors, pluk en verspreiding van vrugte, ook onder die produksietak geklassifiseer te word.

Weens/.....

6) Vir 'n volledige uiteensetting van die berekeningsmetodes, sien Nel, P.A. Die Berekening en Gebruik van Streeksinkomesyfers met spesiale verwysing na die Oranje-Vrystaat, ongepubliseerde M.Comm-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1964; en Van der Merwe, E.J. Berekening van die Streeksinkome vir Transvaal op grondslag van landdrosdistrikte, 1954/55 tot 1958/59, ongepubliseerde M.Comm-skripsie, P.U. vir C.H.O., 1963. Vir die ekwivalente berekening van die bruto binnelandse produk, sien

Weens n gebrek aan gegewens is dié bedrywighede nie in berekening gebring nie. Die bedrag is egter relatief onbelangrik en behoort nie die eindresultate noemenswaardig te beïnvloed nie.

(i) Inligtingsbronne

Die basiese bron van inligting is die Verslae oor Landbou- en Veeteeltproduksie van die Buro vir Statistiek vir die jare 1954/55 tot 1960/61. Die voorlopige resultate ten opsigte van die jaar 1961/62 is regstreeks van die Buro vir Statistiek verkry. In die jaarlikse landbousensusverslae word gegewens vir die onderskeie landdrosdistrikte in die Republiek aangetoon. Die statistiese inligting word gewoonlik vir die blankes, Kleurlinge en Asiate saam aangegee, terwyl dit vir die Bantoes op blanke plase en in Bantoegebiede afsonderlik aangetoon word. In die 1957/58 landbousensusverslag word die data egter vir die Kleurlinge en Asiate afsonderlik verstrekk.

Benewens die bron is ook gebruik gemaak van 1) ongepubliseerde gegewens van die Afdeling Landbou-ekonomiese Navorsing verkry; 2) n Kortbegrip van Landboustatistiek van die Republiek van Suid-Afrika, asook aanvullende verslae deur die Afdeling Landbou-ekonomiese Navorsing gepubliseer; 3) gegewens met betrekking tot die hoeveelheid wol verkoop volgens landdrosdistrik, uit die jaarlikse verslae van die Suid-Afrikaanse Wolraad, naamlik Statistical Analysis of the South African Woolclip according to Province, Area and Magisterial district, verkry; 4) ongepubliseerde inligting ten opsigte van slagvee van die Vleisraad verkry; 5) syfers ten opsigte van die waarde van bruto opbrengs, waarde van intermediêre goedere en dienste en die toegevoegde bruto waarde volgens

landdrosdistrik/.....

landdrosdistrik vir die jare 1954/55 tot 1959/60 van die Afdeling Landbou-ekonomiese Navorsing en die Kantoor van die Ekonomiese Raadgewer, verkry; 6) die resultate van die Sensus van die Visvangnywerheid, 1960/61 - Suid-Afrika en Suidwes-Afrika, wat deur die Buro vir Statistiek gepubliseer is.

(ii) Berekeningsmetodes

Aangesien visserye onafhanklik van die res van die produksietak bereken is, word dit hier eers bespreek nadat landbou- en bosbouprodukte se berekeningsmetodes toegelig is.

Landbou en bosbou: Met inagneming van die beskikbare statistiese gegewens is die bydrae tot die toegevoegde bruto waarde van die onderskeie volksgroepe wat uit landbou en bosbou aktiwiteite voortspruit, as volg bereken:

Totale waarde van landbou- en bosbouproduksie,
minus waarde van intermediêre goedere en dienste,
plus arbeidsvergoeding van ander volksgroepe ontvang,
minus arbeidsvergoeding aan ander volksgroepe betaal,
= bydrae tot die toegevoegde bruto waarde van die volksgroep.

Die totale toegevoegde bruto waarde van landbou en bosbou is bepaal as die som van die onderskeie volksgroepe se bydrae.

Die eerste stap, by die bepaling van die bydrae van die toegevoegde bruto waarde van die onderskeie volksgroepe, is dus die berekening van die totale waarde van landbou- en bosbouproduksie van die volksgroepe. By die berekening van die Bantoes se waarde van landbou- en bosbouproduksie is onderskei tussen onafhanklike boere en plaasarbeiders wat grond vir eie gebruik op plase verkry, aangesien die waarde van intermediêre goedere en dienste later in die afdeling op verskillende wyses vir

die/.....

die twee groepe bepaal word.⁷⁾ Omdat die berekening van die waarde van landbou- en bosbouproduksie vir die twee groepe dieselfde is in hierdie studie, word in die verdere bespreking nie n onderskeid tussen hulle gemaak nie.

Die totale waarde van landbouproduksie is waar moontlik bereken deur die fisiese produksie van elke produk te waardeer teen die plaaspryse (d.w.s. markpryse aangesuiwer vir subsidies min vervoer- en bemarkingskoste). Waar daar nie gegewens beskikbaar was met betrekking tot die fisiese produksie nie, is die landstotale soos bereken deur die Afdeling Landbou-ekonomiese Navorsing na die landdrosdistrikte toegedeel aan die hand van n geskikte basis.

Die fisiese produksiesyfers van akkerbouprodukte soos koring, mielies, wintergrane, hooi, droë bone en erte, tabak, katoen, grondbone en aartappels, is uit die landbousensusverslae verkry, vir die blankes, Kleurlinge en Asiate gesamentlik en vir die Bantoes op blanke plase en in Bantoegebiede afsonderlik gegroepeer. Waar gegewens nie vir sekere produkte vir al die jare in die betrokke periode beskikbaar is nie, is dit vir die ontbrekende jare deur inter- en ekstrapolasie geraam. In die 1957/58 landbousensusverslag word die inligting met betrekking tot bogenoemde produkte daarbenewens vir die Kleurlinge en Asiate afsonderlik aangetoon. Om die Kleurlinge en Asiate se produksie van die blankes in die ander jare te skei, is dit bereken op die aanname dat dit in dieselfde verhouding sal staan as die produksie van die produkte in 1957/58, tot die gesamentlike produksie van die volksgroepe.

Om die waarde van die onderskeie volksgroepe se akkerbouproduksie te bereken, is die fisiese hoeveelhede vermenigvuldig met die gemiddelde plaaspryse, soos van
die/.....

7) Vergelyk p. 79.

die Afdeling Landbou-ekonomiese Navorsing verkry.

Om die waarde van die onderskeie volksgroepe se tuinbouproduksie te bereken, is die totale waarde van vrugte en groente vir al die volksgroepe gesamentlik bepaal, waarna die Bantoes, Kleurlinge en Asiate se tuinbouproduksie afsonderlik geraam is en van die totaal afgetrek is, om die blankes se opbrengswaarde te bepaal

Die waarde van tuinbouproduksie van die onderskeie volksgroepe gesamentlik gegroeper is bereken, deur die land se totale vir elke individuele produk na die streke te verdeel aan die hand van die oppervlakte beplant of die getal bome, afhangende van die beskikbare statistiek. Om die nie-blanke volksgroepe se waarde van tuinbouprodukte te bereken, is die gemiddelde vrugte- en groenteproduksie per persoon vermenigvuldig met die aantal persone om die fisiese hoeveelhede te verkry. Die gemiddelde produksie per persoon vir die Bantoes is deur die Hulpkomitee van die Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne vir die Bepaling van die Hulpbronne in die Bantoegebiede geraam. In die geval van die Kleurlinge en Asiate het uit samesprekings geblyk dat dit 10 persent hoër behoort te wees vir die Kleurlinge as vir die Bantoes, en 20 persent hoër vir die Asiate.

Die fisiese produksie is vermenigvuldig met die plaaspryse, soos bereken deur die Afdeling Landbou-ekonomiese Navorsing, om die waarde van tuinbouproduksie vir die onderskeie volksgroepe te bepaal. Vervolgens is die waarde van die blankes se tuinbouproduksie bereken as die verskil tussen die opbrengswaarde van al die volksgroepe gesamentlik geneem en dié van die nie-blanke volksgroepe.

Addisioneel/.....

Addisioneel moes n voorsiening vir die verbouing van dadels in die Kleurlingreservaat Lksteenskuil nog gemaak word, aangesien dit nie in die landbousensus opgeneem word nie en dit die vernaamste vorm van landbouproduksie in Lksteenskuil is. Die dadelverbouing is in ooreenstemming met inligting ingewin van die Departement van Kleurlingsake, in aanmerking geneem.

Die blankes se waarde van bosbouproduksie, met die uitsondering van brandhout, is vervolgens bepaal deur die totaal vir die land na die onderskeie landdrosdistrikte toe te deel aan die hand van die waarde van hout gekap in die distrikte, soos aangetoon in die landbousensusverslag van 1958/59. Wat die gekommersialiseerde gedeelte van brandhout betref, is inligting slegs beskikbaar uit die landbousensusse van 1955/56 en 1958/59. Die hoeveelhede vir die tussenjare is geraam deur inter- en ekstrapolasie aan die hand van die stedelike blanke bevolking. Die jaarlikse verbruik van brandhout op die platteland is in ooreenstemming met J.J. Stadler⁽⁸⁾ geraam as n halfton per plaas en vermenigvuldig met pryse soos verkry uit die landbousensusverslae en kleinhandelspryse van brandhout, soos van die Buro vir Statistiek verkry.

Kommeriële bosbouproduksie deur die nie-blanke volksgroepe kom nie in die ondersoekgebied voor nie en is gevolglik buite rekening gelaat. Die nie-kommeriële produksie van brandhout is as een ton per gesin van ses vir die Bantoes en Kleurlinge geraam en vermenigvuldig met pryse, soos verkry uit die landbousensusverslae en kleinhandelspryse van brandhout, soos van die Buro vir Statistiek verkry.

Die waarde van veeteeltproduksie is in meeste gevalle op n betreklik indirekte wyse verkry, weens n gebrek aan inligting/.....

8) Vgl. Stadler, J.J. op.cit. p.158.

inligting. Die hoeveelheid wol, bokhaar en karakoelpelse wat deur al die volksgroepe verkoop is, is uit die Analysis of the South African Woolclip according to Province, Area and Magisterial district en die landbousensusverslae respektiewelik verkry. Vervolgens is die hoeveelheid wol en bokhaar wat deur die Bantoes verkoop is, uit die landbousensusverslae van 1954/55 en 1959/60 verkry en vir die ander jare deur inter- en ekstrapolasie aan die hand van die totale verkope van al die volksgroepe geraam. Die produksie van wol, bokhaar en karakoelpelse van die Kleurlinge is geraam deur die gemiddelde produksie per wolskaap, angorabok en karakoelskaap in elke streek te bereken en 'n arbitrêre vermindering van 25 persent, vir 'n swakker kwaliteit, daarop toe te pas. Om die fisiese hoeveelhede te bepaal is dié gemiddelde produksie met die betrokke aantal vee vermenigvuldig. Daarna is die produksie van die nie-blankes waardeer teen plaaspryse, soos deur die Afdeling Landbou-ekonomiese Navorsing bereken, en van die totale produksiewaardes in elke streek afgetrek om die blankes se opbrengswaarde te verkry.

Die waarde van vleisproduksie van die onderskeie volksgroepe is bepaal deur eers die waarde van produksie vir al die volksgroepe te bereken, waarna die bydraes van die Bantoes, Kleurlinge en Asiate tot die totaal geraam is en daarvan afgetrek is, om die blankes se waarde van opbrengs te bepaal.

Gegewens met betrekking tot die aantal slagvee van al die volksgroepe gesamentlik gegroeper, is van die Vleisraad verkry en waardeer teen gemiddelde plaaspryse, soos deur die Afdeling Landbou-ekonomiese Navorsing bereken. Plaasslagtings is na die streke toegedeel aan die hand van die getal beeste, skape en bokke van die onderskeie volksgroepe, terwyl die landstotaal ten opsigte van gevrekte vee deur die nie-blankes verbruik, volgens die getalle gevrek toegedeel is soos in die landbousensusverslae aangedui is.

Cm. .

Om die vleisproduksie van die Bantoes te bepaal is vee geslag vir eie gebruik, as 5 persent van die vee in besit van Bantoes geraam. Die slagvee van Bantoes op vendusies en slagtings is as die gemiddelde verhouding tot die totale aantal vee wat van toepassing is in die Bantoegebiede bereken, soos geraam uit gegewens in die jaarverslae van die Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling verkry. Die fisiese hoeveelhede is waardeur deur die beeste, skape en bokke geslag teen twee-derdes en varke teen die helfte van die plaaspryse te vermenigvuldig, soos van die Afdeling Landbou-ekonomiese Navorsing verkry. By die totaal is die waarde van vee wat gevrek en deur Bantoes verbruik is (soos hierbo bereken), bygetel, om die waarde van vleisproduksie van die Bantoes te bepaal.

Die aantal vee geslag deur Asiate en Kleurlinge vir eie gebruik, is uit die landbousensusverslag van 1957/58 verkry. Vir die ander jare is dit geraam op basis van die totale aantal vee in besit van die Kleurlinge en Asiate. Die aantal vee verkoop op slagpale en vendusies is geraam, in ooreenstemming met die verhouding van dié vee van die volksgroepe gesamentlik geneem tot hulle totale aantal vee. Die fisiese hoeveelhede is waardeur teen plaaspryse soos deur die Afdeling Landbou-ekonomiese Navorsing bereken.

Die waarde van suiwel- en pluimveeprodukte van die onderskeie volksgroepe is bepaal deur eers die waarde van produksie vir al die volksgroepe te bereken, waarna die bydraes van die Bantoe, Kleurlinge en Asiate tot die totaal geraam is en daarvan afgetrek is, om die blankes se waarde van opbrengs te bepaal.

Die waarde van suiwel- en pluimveeprodukte vir die land as 'n geheel, is na die streke toegedeel aan die hand van die hoeveelhede verkoop, soos uit die landbousensusverslae verkry. Die melk verbruik deur die afsonderlike

nie-blanke/....

nie-blanke volksgroepe is in ooreenstemming met die Afdeling Landbou-ekonomiese Navorsing as sewe gellings per persoon per jaar bereken. Wat die pluimveeprodukte van die nie-blanke volksgroepe betref, is die pluimvee wat jaarliks geslag word as 10 persent van die totale getal pluimvee gestel. Die produksie van eiers is geraam op die aanname dat slegs die helfte van die pluimvee bestaan uit henne in produksie en dat elke hen een dosyn eiers per jaar lê.⁹⁾ Die fisiese hoeveelhede is waardeer teen plaaspryse soos van die Afdeling Landbou-ekonomiese Navorsing verkry.

Aangesien by die berekening van die waarde van vee-teeltproduksie merendeels uitgegaan is van die hoeveelhede verkoop, is dit noodsaaklik om die verandering in vee-inventarisse ook in die berekenings in aanmerking te neem. Die veestapels van die Bantoes word vir die onderskeie jare in die landbousensusverslae aangetoon, terwyl dit vir die blankes, Kleurlinge en Asiate gesamentlik weergegee word. In 1957/58, 1959/60 en 1960/61 is die getal vee van die Kleurlinge en Asiate egter ook afsonderlik in die sensusse aangevra. Vervolgens is dit vir die ander jare bepaal deur middel van inter- en ekstrapolasie aan die hand van die totale aantal vee van die blankes, Kleurlinge en Asiate gesamentlik. Die jaar-tot-jaar verskille in die veestapels van die onderskeie volksgroepe is vervolgens bereken en waardeer teen kuddewaardes, soos van die Afdeling Landbou-ekonomiese Navorsing verkry.

Die tweede stap by die berekening van die toegevoegde bruto waarde van die onderskeie volksgroepe, is die bepaling van die waarde van intermediêre goedere en dienste.

Die uitgawes aangegaan ten opsigte van pakmateriaal,
boumateriaal/....

9) Die berekenings is in ooreenstemming met die Hulpkomitee van die Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne vir die Bepaling van die Hulpbronne in die Bantoegebiede.

boumateriaal en omheiningsmateriaal vir onderhoud en herstelwerk, misstowwe, bestrydingsmiddels en die onderhoud en herstel van masjinerie en implemente is vir die blankes, Kleurlinge en Asiate uit die landbousensusverslae verkry. Hooi en mielies as voer, is respektiewelik volgens die hoeveelhede geoes en die aantal beeste en skape toegedeel. Die totale uitgawes aangegaan deur bogenoemde volksgroepe ten opsigte van saad vir die onderskeie produkte, is na die streke toegedeel op grond van die aantal morge gesaai of geplant.

In die 1957/58 landbousensusverslag word bogenoemde gegewens vir die Kleurlinge en Asiate afsonderlik aange-
toon. Om die waarde van intermediêre goedere en dienste van die Kleurlinge en Asiate van die totaal vir die ander jare te skei, is die verhouding wat dit in 1957/58 tot die totaal uitgemaak het op die oorblywende jare toegepas, weens 'n gebrek aan doeltreffender data.

Die waarde van intermediêre goedere en dienste van die Bantoes in die Bantoegebiede is as 10 persent in die geval van akkerbouproduksie en 5 persent in die geval van veeteeltproduksie, geraam.¹⁰⁾ Die persentasies is in ooreenstemming met S.F. Thirion verhoog na 20 persent en 15 persent respektiewelik, vir die Bantoe plaasarbeiders op blanke plase, aangesien die uitgawes van die Bantoes heelwaarskynlik hoër sal wees as die wat in die Bantoegebiede woonagtig is¹¹⁾.

Die/.....

-
- 10) Die verhoudings is deur die Hulpkomitee van die Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne vir die bepaling van die Hulpbronne in die Bantoegebiede, bepaal.
- 11) Thirion, S.F. Die Indeling van die Volksinkome van die Unie volgens Rassegroep vir die jaar 1946/47, 'n metodiese studie, M.Comm-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1955, p.29.

Die laaste stap in die berekening van die toegevoegde-bruto waarde was om die arbeidsvergoeding wat deur die onderskeie volksgroepe van die ander volksgroepe ontvang is, by te tel, en die wat aan die ander volksgroepe betaal is, af te trek. Die berekening van arbeidsvergoeding is tot arbeiders op die plase van blankes, Kleurlinge en Asiate beperk. Die landboubedrywigheide in die Bantoegebiede berus hoofsaaklik op familie-arbeid, dus kan aangeneem word dat hierdie weglating weinig invloed op die finale resultate sal hê.¹²⁾

Die vergoeding van die arbeiders op plase bestaan hoofsaaklik uit kontant salarisse en lone; vergoeding in natura; vrye behuising; vrye gebruik van water en hout; mediese bystand; gratis vervoer van die arbeider en sy familie tussen die plaas en die naaste winkels; en kle-rasie wat meestal as geskenke aan die werknemers gegee word. Weens die beskikbare statistiese inligting was dit nie moontlik om al die elemente van vergoeding in berekening te bring nie. Die volgende elemente van arbeidsvergoeding is nietemin in berekening gebring, naamlik:

- (1) kontantlone aan gereelde plaaswerknemers;
- (2) kontantlone aan los plaaswerknemers;
- (3) betalings in natura;
- (4) geraamde geldwaarde van bonusse;
- (5) geraamde geldwaarde van gratis weiding; en
- (6) geraamde huurwaarde van grond opsygesit vir gebruik deur werknemers.

Die inligting met betrekking tot die elemente van vergoeding word in die jaarlikse landbousensusverslae aangetoon, verdeel volgens die volksgroepe aan wie dit betaal/.....

12) Vgl. Stadler, J.J. op. cit., p.114.

betaal is. Waar n spesifieke element van vergoeding nie opgeneem is vir n besondere jaar nie, is dit geraam op die veronderstelling dat dit dieselfde verhouding tot die totale arbeidsvergoeding sal uitmaak, as wat van toepassing was in die naaste jaar waarvoor daar wel gegewens beskikbaar was.

Visserye: Die visvangnywerheid bestaan alleen uit blanke ondernemings in die Oranjeriviergebied, met die uitsondering van vier Asiate in Port Elizabeth wat onafhanklike ondernemers is. Die toegevoegde bruto waarde van die onderskeie volksgroepe bedrywig in visserye, is bepaal deur eers die totale toegevoegde bruto waarde vir al die volksgroepe gesamentlik te bereken en daarvan die arbeidsvergoeding wat aan die verskillende nie-blanke volksgroepe betaal is en die ander inkome van die Asiate af te trek. Die ramings ten opsigte van 1960/61 berus op die Sensus van die Visvangnywerheid van 1960/61, waarin die gegewens volgens vishawens aangegee word. Die toegevoegde bruto waarde vir die land as n geheel vir 1960/61 is volgens die hoeveelheid vis gevang volgens vishawe na die streke toegedeel. Dié verhoudings soos verkry uit hierdie sensus is sonder meer gebruik om die landstotale vir die ander jare aan die streke in die Oranjeriviergebied toe te deel, as gevolg van n gebrek aan data.

Die salarisse en lone en vergoeding in natura wat aan die werknemers in die visvangnywerheid betaal word, word ook in die sensus vir 1960/61 volgens vishawens en volksgroep aan wie dit betaal is, aangetoon. Uit die data was dit dus moontlik om die totale arbeidsvergoeding in 1960/61 na die streke in die Oranjeriviergebied toe te deel en die onderskeie volksgroepe se arbeidsvergoeding te bepaal. Dié verhoudings soos verkry uit hierdie

sensus/.....

sensus vir die verdeling van arbeidsvergoeding in 1960/61, is ook gebruik om die landstotale vir die ander jare toe te deel, weens n gebrek aan data.

Die ander inkome van die vier Asiate wat onafhanklike ondernemers in Port Elizabeth is, is vir 1960/61 geraam deur die gemiddelde ander inkome van die streek met die aantal ondernemers te vermenigvuldig. Vir die ander jare is van die veronderstelling uitgegaan dat die Asiate se ander inkome in dieselfde verhouding tot die totaal van die streek sal bly.

(iii) Betroubaarheid van die resultate

Uit die berekeningsmetodes soos hierbo uiteengesit kan die volgende gevolgtrekkings met betrekking tot die betroubaarheid van die resultate gemaak word:

(1) Die resultate ten opsigte van die totale toegevoegde bruto waarde vir al die volksgroepe gesamentlik geneem, kan as die betroubaarste reeks aanvaar word, weens meer volledige statistiese gegewens. Alhoewel die waarde van eie konstruksie en boerderydienste buite rekening gelaat is as gevolg van n gebrek aan data, behoort dit nie die eindresultate noemenswaardig te beïnvloed nie, aangesien dit relatief onbelangrik is.

(2) Die bepaling van die toegevoegde bruto waarde van die onderskeie volksgroepe het in baie gevalle op ietwat arbitrêre veronderstellings berus, wat n betreklik groot foutegrens tot gevolg mag hê. Die resultate ten opsigte van die Bantoes kan egter as meer betroubaar aanvaar word as die ten opsigte van die Kleurlinge en Asiate, as gevolg van doeltreffender data. Daarbenewens moet gemeld word dat n deel van die Kleurlinge en Asiate se bydrae tot die toegevoegde bruto waarde by die blankes ingesluit mag wees, aangesien geen voorsiening gemaak is vir plaasarbeiders wat vir eie rekening boerderyaktiwiteite

uitvoer/.....

uitvoer nie. Vir sover vasgestel kan word het geblyk dat dié bedrywighede relatief onbelangrik is.

(3) Die verdeling volgens tipe inkome sal vir die latere jare meer betroubaar wees as die vir die vroeër jare, aangesien die data in die landbousensusse ten opsigte van arbeidsvergoeding aansienlik oor die verloop van die periode verbeter het.

(4) In die geval van die visvangnywerheid is die gegewens alleen in 1960/61 redelik betroubaar. Vir die ander jare is van arbitrêre veronderstellings by die berekenings uitgegaan, wat n aansienlike foutegrens tot gevolg mag hê.

(5) As n geheel gesien behoort die resultate van die produksietak egter n redelike goeie weergawe van die orde van grootte in die onderskeie streke weer te gee.

(b) Mynbou en steengroewe

Onder hierdie produksietak is alle ondernemings wat die ontginning van metale, minerale en steengroefprodukte onderneem, ingesluit. Bykomstige bedrywighede, wat deur die onderneming self verrig word soos prospekteerwerk, opwekking van elektrisiteit, herstelwerk, maal, was, gradering, raffinering en konstruksiewerk is ook as deel van die produksietak beskou. Klipbrekerye en steengroewe, wat verband hou met die bou van paaie deur die provinsiale administrasies, afdelingsrade en plaaslike owerhede, is onder regeringsdienste in berekening gebring, aangesien die bedrywighede nie afsonderlik georganiseer of te boek gestel word nie.

(i) Inligtingsbronne

Die basiese bron van inligting is ongepubliseerde gegewens regstreeks van die Statistiese afdeling van die Kantoor van die Staatsmyningenieur ingewin. Verdere inligting is ook uit die Jaarverslae insluitende Verslae van

die/....

die Staatsmyningenieur en die Geologiese Opname van die Departement van Mynwese vir die jare 1954 tot 1962 verkry. Die Suid-Afrikaanse Spoorweë het inligting met betrekking tot die spoorweginkomste per eenheid metaal en mineraal uit die vervoer van die stowwe verstrekk. Dit was noodsaaklik om die data te verkry sodat die resultate op 'n v.o.s.-basis aangedui kon word. Syfers ten opsigte van die waarde van bruto opbrengs, waarde van intermediêre goedere en dienste en die toegevoegde bruto waarde volgens landdrosdistrik vir die jare 1954/55 tot 1959/60, is van die Kantoor van die Ekonomiese Raadgewer verkry.

(ii) Berekeningsmetodes

Die produksiemetode is by die berekenings toegepas, alhoewel dit ook moontlik is om die inkome-betaal-metode te gebruik. Daar is egter met eersgenoemde volstaan weens die omvang wat die werk andersins sou aanneem. Die toegevoegde bruto waarde is dus as die verskil tussen die totale waarde van produksie en die waarde van intermediêre goedere en dienste bereken.

Om die totale jaarlikse waarde van mynbouproduksie te verkry, moet benewens die totale waarde van werklike verkope ook die waarde van die jaar-tot-jaar veranderings in voorrade, die waarde van eie konstruksie en die waarde van dienste wat deur die myne aan hul werknemers gelewer word, in berekening gebring word. In die studie is die waarde van eie konstruksie en dienste wat die myne aan hulle werknemers verskaf buite rekening gelaat, weens 'n gebrek aan gegewens. Dit behoort die resultate nie noemenswaardig te beïnvloed nie, weens die relatiewe onbelangrikheid van hierdie items in die betrokke streke.

Die waarde van werklike verkope, verdeel tussen plaaslike verkope en uitvoer, is van die Statistiese afdeling van die Kantoor van die Staatsmyningenieur verkry.

Aangesien/.....

Aangesien die syfers ten opsigte van uitvoer op 'n v.a.b.-basis aangegee word, is dit reggestel om in ooreenstemming met plaaslike verkope op 'n v.o.s.-basis, aan die hand van gegewens soos deur die Suid-Afrikaanse Spoorweë se hoofkantoor verstrek.

Die waardes van die veranderings in voorrade is verkry as die verskil tussen die fisiese produksiesyfers en die fisiese verkope vir elke individuele onderneming en waardeer teen die gemiddelde verkoopprijs van die betrokke metaal of mineraal wat deur die onderneming gerealiseer word.

Die waarde van intermediêre goedere en dienste is bereken aan die hand van gegewens uit bestedingsopnames wat by die Kantoor van die Staatsmyningenieur ingedien word. As gevolg van die vorm waarin die gegewens gevra word, was dit egter nodig om sekere aansuiwering te maak. In die bestedingsopnames word, onder andere, items ingesluit ten opsigte van uitgawes aangegaan vir voedsel wat gratis aan die werknemers verskaf word, soos vis, kafferkoring, vleis en groente. Dit is as arbeidsvergoeding in natura beskou en van die waarde van die totale uitgawes afgetrek.

'n Verdere aansuiwering was ook nodig vir items wat as kapitaaluitgawes beskou word.¹³⁾ Die kapitaaluitgawes is in ooreenstemming met die Verenigde Volkere Organisasie beskou, as die uitgawes wat vir items met 'n leeftyd van langer as 'n jaar, aangegaan word.¹⁴⁾

n/.....

13) Vir 'n volledige uiteensetting van die items wat as kapitaaluitgawes beskou is, Vgl. Groenewald, B.P. Die Reële Volksproduk en -besteding van Suid-Afrika, 1946-1960, ongepubliseerde D.Comm-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1964, pp. 228 tot 230.

14) Vgl. United Nations, Concepts and Definitions of Capital Formation, New York, 1953, p.7.

n Verdere aansuiwering ten opsigte van uitgawes wat nie in die bestedingsopnames ingesluit is nie, naamlik onkoste verbonde aan professionele- en finansiële dienste, drukwerk, advertensies en indirekte belasting, moes gemaak word. Laasgenoemde aansuiwering is in ooreenstemming met J.J. Stadler as 14persent van die totale uitgawes, soos aangetoon in die bestedingsopnames, geraam.¹⁵⁾

Die toegevoegde bruto waarde is bereken as die verskil tussen die totale waarde van produksie en die waarde van intermediêre goedere en dienste. Om die toegevoegde bruto waarde volgens tipe inkome te verdeel, is die arbeidsvergoeding regstreeks bereken en van die toegevoegde bruto waarde afgetrek om ander inkome te bepaal.

Die arbeidsvergoeding van die produksietak is bereken deur die salarisse en lone ten opsigte van elke individuele myn of steengroef uit state van die Statistiese afdeling van die Kantoor van die Staatsmyningenieur te verkry en in sekere opsigte aan te suiwer.

n Aansuiwering moes naamlik aangebring word ten opsigte van alluviale diamantdelwerye waarvoor daar geen inligting met betrekking tot salarisse en lone betaal, beskikbaar is nie. Dit is bereken deur die gemiddelde aantal persone soos vir elke individuele diamantdelwery verkry, te vermenigvuldig met n gemiddelde loon. Die gemiddelde jaarlikse vergoeding van die blanke en nie-blanke werkers is geneem as 50 persent en $66\frac{2}{3}$ persent van die gemiddelde jaarlikse vergoeding wat deur die werknemers onderskeidelik in diamantmyne verdien is.¹⁶⁾

n/.....

15) Vgl. Stadler, J.J. op.cit., p.220.

16) Dit is n ooreenstemming met Stadler, J.J. op.cit., p.228.

n Verdere regstelling is aangebring ten opsigte van gratis voedsel aan werknemers verskaf, soos in die bestedingsopnames van die Kantoor van die Staatsmyningenieur verkry. Vervolgens is 'n aansuiwering gemaak om die bydraes van die werkgewer tot pensioen- en bestaanveiligheidsfondse in aanmerking te neem. Dit is gedoen deur die persentasie van die bydraes tot die ander arbeidsvergoeding vir die land, op al die streke toe te pas. Geen voorsiening vir die verskaffing van dienste aan werknemers soos mediese-ontspannings- en opvoedkundige dienste kon in berekening gebring word nie, weens 'n gebrek aan inligting.

Die ander inkome is as die verskil tussen die toegevoegde bruto waarde en arbeidsvergoeding bereken. Om vervolgens 'n verdeling van die toegevoegde bruto waarde volgens volksgroep te verkry, is die arbeidsvergoeding, soos hierbo bereken, vir elke volksgroep bepaal, aangesien die inligting vir die onderskeie volksgroepe apart aange-
toon word. Die ander inkome is as 'n geheel na die blankes toegedeel, omdat daar sover as wat vasgestel kan word geen onafhanklike bedrywigheede deur die nie-blanke volksgroepe in die Oranjeriviergebied onderneem word nie.

(iii) Betroubaarheid van die resultate

Uit die berekeningsmetodes soos hierbo uiteengesit, kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word met betrekking tot die betroubaarheid van die resultate:

(1) Alhoewel daar by die berekenings ten opsigte van die bruto waarde van opbrengs geen voorsiening gemaak is vir die waarde van eie konstruksie en die waarde van dienste wat myne aan hulle werknemers verskaf nie, behoort dit die resultate nie noemenswaardig te beïnvloed nie weens die relatiewe onbelangriktheid van hierdie bedrywigheede.

(2)/.....

(2) Ten opsigte van myne en steengroewe bestaan daar gedetailleerde gegewens met betrekking tot elke individuele onderneming. Oor die algemeen gesproke behoort die resultate gevolglik redelik betroubaar te wees.

(3) Die waarde van bruto opbrengs behoort n betroubaarder reeks te wees as die ten opsigte van intermediêre goedere en dienste, aangesien daar noodwendig meer aansuiwerings aangebring moes word by die berekening van laasgenoemde.

(4) Ten spyte van enkele arbitrêre veronderstellings wat by die berekening van arbeidsvergoeding gemaak moes word, kan die reeks as betroubaar aanvaar word. Dieselfde geld ook vir die verdeling van die toegevoegde bruto waarde volgens volksgroep.

(5) In sy geheel gesien kan aanvaar word dat die berekende resultate ten opsigte van mynbou een van die betroubaarste reekse behoort te wees.

(c) Fabriekswese en konstruksie

Onder fabriekswese is alle private bedrywighede wat te doen het met die vervaardiging, verwerking, maak voorbereiding of verpakking van goedere ingesluit. Dit word gedoen afgesien daarvan of die aktiwiteite op n fabriekperseel, of by die werker se huis plaasvind; of dit deur middel van met krag aangedrewe masjiene, of met die hand verrig word. Dit omvat ook onafhanklike inrigtings, waarvan die hoofdoel die verrigting van herstelwerk is. Navorsingsinrigtings wat nou verbonde is aan ondernemings wat onder die produksietak tuishoort, is ook hierby ingesluit. Alhoewel die resultate ten opsigte van munisipale bierbrouerye en slagpale ook by die produksietak in berekening gebring is, word die berekeningsmetodes gerieflikheidshalwe saam met die

berekenings/.....

berekenings van die algemene afdelings van plaaslike besture in afdeling (i), bespreek.

Onder konstruksie is alle private ondernemings wat besig is met konstruksiewerk, ingesluit behalwe konstruksie-, herstel- en slopingswerk wat deur ondernemings in ander produksietakke vir hulle uitsluitlike gebruik onderneem word.

(i) Inligtingsbronne

Die basiese inligtingsbron is die Nywerheidsensuusverslae van 1956/57, 1959/60 en 1961/62, wat die belangrikste data op 'n geografiese grondslag aantoon. Verdere inligting is van die Departement van Bosbou met betrekking tot die staatsaagmeulens in die ondersoekgebied verkry. Die toegevoegde bruto waarde volgens tipe inkome vir die jare 1954/55 tot 1959/60, is vanaf die Kantoor van die Ekonomiese Raadgewer verkry. Daarbenewens is inligting met betrekking tot die nie-blanke ondernemings van die onderskeie streeksontwikkelingsverenigings in die gebied ingewin.

(ii) Berekeningsmetodes

By die berekening van die toegevoegde bruto waarde is van die produksiebenadering uitgegaan, dit wil sê dit is as die verskil tussen die waarde van produksie en die waarde van intermediêre goedere en dienste, bereken.

Die bruto waarde van opbrengs, netto waarde van opbrengs en salarisse en lone is uit die Nywerheidsensuusverslae van 1956/57, 1959/60 en 1961/62 verkry. Die netto opbrengssyfers, kan nie sonder meer as die toegevoegde bruto waarde beskou word nie, aangesien dit nie vir sekere onregstreekse onkoste, soos onderhoud van masjinerie en geboue, vervoer-, pos-, telegraaf- en telefoondienste, voorsiening maak nie.

Om die regstelling dus in aanmerking te neem is die toegevoegde bruto waarde volgens tipe inkome soos volg vir die jare 1956/57, 1959/60 en 1961/62, bereken:

Bruto waarde van opbrengs,
minus koste van materiaal gebruik,
= netto waarde van opbrengs;
minus n toelating van 15% vir onregstreekse onkoste in die geval van fabriekswese en 16% in die geval van konstruksies.¹⁷⁾
= toegevoegde bruto waarde;
minus arbeidsvergoeding,
= ander inkome.

n Verdere aansuiwering was nodig om bedrywighede wat deur die Buro vir Statistiek in die nywerheidsensus ingesluit is, maar wat ingevolge die klassifikasie in die studie gevolg, nie daar tuishoort nie, uit te sluit. In die sensusse word gegewens wat betrekking het op soutwerke, kalkbranderye, wassery-, kleur- en skoonmaakondernemings ingesamel. Dit was nodig om die berekende resultate ten opsigte van hierdie bedrywighede in die streke aan te suiwer. Daarbenewens moes n aansuiwering vir staatsaagmeulens wat onder fabriekswese tuishoort maar nie in die sensusse opgeneem is nie, gemaak word. Inligting betreffende die ondernemings se bydrae is vanaf die Departement van Bosbou verkry.

Aangesien/.....

17) Dit is in ooreenstemming met J.J. Stadler, vergelyk op.cit pp.264 tot 266 en 286. Alhoewel daar sedert die berekenings van Stadler in die 1960/61 nywerheidsensus aan die lig gekom het dat die onregstreekse onkoste in die geval van fabriekswese 21.7%, en in die geval van konstruksies 12.8%, uitgemaak het van die netto waarde van opbrengs, is die persentasie aftrekkings van Stadler nog hier toegepas. Dit is om n tweërlei rede gedoen, naamlik aan die een kant om die resultate vergelykbaar met berekende landstotale te hou en aan die anderkant omdat die berekende onregstreekse onkoste vir 1960/61 nie noodwendig dieselfde persentasies vir die ander jare hoef uit te maak nie.

Aangesien die streeksindeling wat in hierdie studie gevolg is nie streng ooreenkom met die ekonomiese streke waarvolgens die resultate van die 1961/62 sensus aangegee word nie, moes 'n aansuiwering vir die jaar aangebring word. Die totale van die individuele landdrosdistrikte is bereken uit die ekonomiese streeksindeling op die veronderstelling dat dit in dieselfde verhouding tot die totaal van die streek sal wees as wat die geval was in 1959/60. Deur 'n sommering van die betrokke individuele landdrosdistrikstotale is die streekstotale verkry.

Die syfers vir die oorblywende jare is deur middel van inter- en ekstrapolasie bereken.

Om 'n verdeling van die toegevoegde bruto waarde volgens volksgroep te verkry, is die arbeidsvergoeding vir elke individuele volksgroep uit die nywerheidsensuusverslae van 1956/57, 1959/60 en 1961/62 bepaal. Die verdelings vir die oorblywende jare is deur middel van inter- en ekstrapolasie aan die hand van die totale arbeidsvergoeding geraam.

Die ander inkome is tussen die volksgroepe verdeel, deur eerstens inligting met betrekking tot die individuele nie-blanke ondernemings van die betrokke streeksontwikkelingsverenigings in te win, wat die tipe onderneming en ligging betref. Hieruit was dit moontlik om die ondernemings te klassifiseer volgens die twintig hoofnywerheids-groepe soos uiteengesit in die nywerheidsensuusverslae. Die gemiddelde ander inkome van die onderskeie hoofgroepe, is verminder na 10 persent in die geval van die Kleurlinge en 5 persent in die geval van die Bantoes en vermenigvuldig met die nie-blanke ondernemings in elke gebied om die ander inkome van die volksgroepe te bepaal. Geen voorsiening is aangebring vir die beleggings van die nie-blanke volksgroepe se verdienste in maatskappye nie,

weens/.....

weens n gebrek aan gegewens. Dit behoort egter relatief onbelangrik te wees vir die ondersoekgebied. Vervolgens is die ander inkome van die blankes as die verskil tussen die totale ander inkome en die ander inkome van die nie-blanke volksgroepe, bereken.

(iii) Betroubaarheid van die resultate

Uit die berekeningsmetodes soos hierbo uiteengesit kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word met betrekking tot die betroubaarheid van die resultate:

- (1) Die berekende resultate vir die jare 1956/57, 1959/60 en 1961/62 behoort die betroubaarste te wees, aangesien hulle berus op regstreekse inligting wat uit die Nywerheidsensusverslae verkry is.
- (2) Die voorsiening vir onregstreekse onkoste het tot gevolg dat die toegevoegde bruto waarde waarskynlik minder betroubaar is as die netto waarde van opbrengs wat uit die sensusverslae verkry is.
- (3) Die resultate ten opsigte van arbeidsvergoeding behoort betroubaarder te wees as die van ander inkome, aangesien dit direk bereken is vir die jare waarvoor inligting beskikbaar was. By inter- en ekstrapolasie voldoen arbeidsvergoeding ook meer aan die basiese stabiliteitsaannames waarvan uitgegaan word by inter- en ekstrapolering, as ander inkome.
- (4) Die verdeling van die arbeidsvergoeding tussen die onderskeie volksgroepe is ook meer betroubaar as die van ander inkome waar van ietwat arbitrêre veronderstelling uitgegaan is.

(d) Elektrisiteit, gas en water

Soos blyk uit die klassifikasie van ekonomiese

aktiwiteite/....

aktiwiteite in Suid-Afrika word alleen bedrywighede van die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie (Evkom), private elektrisiteitsondernemings en die plaaslike owerhede se elektrisiteit-, gas- en waterafdelings onder hierdie produksietak geklassifiseer. Gerieflikheidshalwe word die betrokke afdelings van plaaslike owerhede saam met hul algemene afdelings, onder regeringsdienste bespreek. Weens gebrek aan gegewens was berekenings ten opsigte van private ondernemings nie moontlik nie. Uit samesprekings het egter geblyk dat private ondernemings in die ondersoekgebied relatief onbelangrik is. Die weglating daarvan sal dus nie die resultate noemenswaardig beïnvloed nie. Hier word dus slegs die berekenings ten opsigte van Evkom in die Oranjeriviergebied bespreek. Die nodige inligting is hoofsaaklik uit die Jaarverslae van Evkom en regstreeks van die onderneming verkry.

Vir die jare 1954/55 tot 1959/60 is die resultate van die Kantoor van die Ekonomiese Raadgewer, sonder meer aanvaar. Die arbeidsvergoeding vir die jare 1960/61 en 1961/62 soos van Evkom verkry, is in ooreenstemming met die berekenings van die vorige jare volgens die ligging van die kragstasies toegedeel en wel in verhouding met die aantal eenhede opgewek. Die ander inkome vir 1960/61 en 1961/62 is bereken, deur aan te neem dat dit in dieselfde verhouding as die arbeidsvergoeding vir die twee jaar sal varieer.

Om 'n verdeling van die toegevoegde bruto waarde volgens volksgroep te maak, is die arbeidsvergoeding van die onderskeie volksgroepe vir 1959/60 tot 1961/62 van Evkom verkry. Vir die ander jare is dit bereken deur dit te ekstrapoleer aan die hand van die totale arbeidsvergoeding.

Die ander inkome van Evkom, soos dié van ander openbare korporasies, regeringsondernemings en openbare owerhede, word beskou as inkome wat al die volksgroepe saam toekom, en is in ooreenstemming met die mate van ekonomiese bedrywigheide van die volksgroepe in die onderskeie gebiede, verdeel. Die bruto geografiese produk wat in private ondernemings vir elke volksgroep ontstaan, is as verteenwoordigend vir die mate van ekonomiese aktiwiteite van die onderskeie volksgroepe beskou en by die verdeling van die ander inkome gebruik.¹⁸⁾

As n geheel gesien behoort die resultate, veral die ten opsigte van arbeidsvergoeding, redelik betroubaar te wees. Aangesien die resultate egter alleen toegedeel is volgens die ligging van die kragstasies mag dit n mate van oorwaarderling tot gevolg hê vir die streek waarin die kragstasie geleë is en n onderwaarderling in die streke waar daar wel aktiwiteite in plaasvind, maar wat nie kragstasies het nie.

(e) Vervoer, opberging en kommunikasie

Die ekonomiese aktiwiteite in hierdie produksietak kan in die volgende hoofgroepe verdeel word:

- 1) Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens,
- 2) ander owerheidsondernemings,
- 3) private vervoer en opberging, en
- 4) kommunikasie.

Onder die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens word alle aktiwiteite van hierdie onderneming in die Cranjeriviergebied, met inbegrip van verversings- en bedverskaffing, reklame en boekstalletjies, graansuiers, padmotorvervoer en toeristediens, ingesluit. Ander owerheidsondernemings omvat die bedrywigheide van die Goewermentsgarage, burgerlike lughawens en die vervoerafdeling van Bloemfontein
se/.....

18) Vgl. Thirion, S.F. op.cit., pp.162 tot 165.

se munisipaliteit, terwyl private vervoer en opberging al die ondernemings wat hoofsaaklik vervoerdienste lewer, met ingebrip van private skeeps- en reisagente en koelkamers, insluit. Kommunikasie sluit hoofsaaklik die aktiwiteite van die Departement van Pos-, Telegraaf- en Telefoonwese en radiodienste, in.

(i) Inligtingsbronne

Inligting ten opsigte van die arbeidsvergoeding van die Suid-Afrikaanse Spoorweë, S.A.U.K. en die Pos-, Telegraaf- en Telefoonwese, is regstreeks van hierdie instansies verkry. Die arbeidsvergoeding van die burgerlike lughawens en die Goewermentsgarage is deur die Departement van Vervoer verstrek. Daarbenewens is inligting insake private vervoer uit 'n opname van die Buro vir Statistiek in 1958/59 verkry. Die toegevoegde bruto waarde van die produksietak verdeel volgens tipe inkome en landdrosdistrik vir die jare 1954/55 tot 1959/60 is van die Kantoor van die Ekonomiese Raadgewer verkry.

(ii) Berekeningsmetodes

By hierdie produksietak is van die inkome-betaalmetode uitgegaan. Die salarisse en lone betaal in 1960/61 en 1961/62 is regstreeks van die Spoorwegadministrasie, Goewermentsgarage, burgerlike lughawens, die Hoofposkantoor en die S.A.U.K. verkry. Om die totale arbeidsvergoeding van die S.A.S. en H. te bereken, is die kontant salarisse en lone betaal met 7 persent verhoog om voorsiening vir vergoeding in natura en pensioenfondsbydraes deur die Administrasie te maak.¹⁹⁾ Weens 'n gebrek aan gegewens is die arbeidsvergoeding van private vervoer- en opbergingsondernemings vir/.....

19) Dit is in ooreenstemming met die geramings van hierdie items wat deur die Buro vir Statistiek gemaak is.

vir 1960/61 en 1961/62 geraam, deur ekstrapolering van die vorige jare se resultate soos van die Kantoor van die Ekonomiese Raadgewer verkry.

Die ander inkome van die S.A.S. en H., Goewermentsgarage, die Departement van Pos-, Telegraaf- en Telefoonwese en die S.A.U.K., is geraam aan die hand van die veronderstelling dat die verhouding tussen ander inkome en arbeidsvergoeding wat van toepassing was in 1954/55 tot 1959/60, ook vir die latere jare sal geld. Die ander inkome van die burgerlike lughawens is bereken op basis van gegewens wat in die Kontroleur- en Ouditeur-generaal se verslae verstrekkend word, terwyl die ander inkome van die private ondernemings verkry is deur ekstrapolasie van die vorige jare se resultate.

Vervolgens is die toegevoegde bruto waarde aan die onderskeie volksgroepe toegedeel. Die verdeling van arbeidsvergoeding tussen die volksgroepe vir die jare 1960/61 en 1961/62 is regstreeks van die S.A.S. en H., Goewermentsgarage, S.A.U.K. en die Departement van Pos-, en Telegraaf- en Telefoonwese, verkry. Die arbeidsvergoeding van private vervoer vir 1958/59 volgens volksgroep, word in die betrokke sensus aangetoon. Vir die ander jare is die vergoeding van arbeid vir die onderskeie volksgroepe geraam, deur middel van ekstrapolasie aan die hand van die totale arbeidsvergoeding.

Die ander inkome van private vervoer is as n geheel na die blankes toegedeel, aangesien die nie-blanke volksgroepe in die ondersoekgebied geen onafhanklike ondernemings besit nie. By die owerheidsondernemings is van die veronderstelling uitgegaan, dat die ander inkome al die volksgroepe toekom in ooreenstemming met die mate van ekonomiese aktiwiteite van die volksgroepe in die gebiede. Gevolglik is die ander inkome van die
onderskeie/....

onderskeie volksgroepe bepaal op basis van die toegevoegde bruto waarde ten opsigte van alle private aktiwiteite van die onderskeie volksgroepe.

(iii) Betroubaarheid van die resultate

Weens die aard van statistiese gegewens behoort die toegevoegde bruto waarde van openbare owerhede meer betroubaar as dié van private vervoer te wees. Die arbeidsvergoeding van private vervoer behoort weer meer betroubaar as ander inkome te wees. Wat die verdeling van die toegevoegde bruto waarde volgens volksgroep betref, behoort die resultate ten opsigte van arbeidsvergoeding meer betroubaar as die van ander inkome te wees.

(f) Handel

Onder hierdie produksietak word alle groothandelaars en kleinhandelaars geklassifiseer, asook agente en afslaers wat funksies in verband met die handel beoefen, en ondernemings bedrywig in die motorhandel. Die lewendehawen en produktemarkte van plaaslike owerhede wat ook onder die produksietak se resultate ingesluit is, word gerieflikheidshalwe onder algemene regeringsdienste bespreek.

(i) Inligtingsbronne

Statistiese data ten opsigte van die kleinhandel en groothandel asook agente en afslaers is uit die Distribusie- en Diensinrigtingsensus van 1946/47 en 1952, en die Sensus van Groot- en Kleindistribusiehandel - 1960/61, verkry. Inligting aangaande die motorhandel word in die Motorhandelsensus van 1956/57 en 1960/61 aangetoon. Syfers ten opsigte van die toegevoegde bruto waarde volgens landrosdistrik vir die jare 1954/55 tot 1959/60 is van die Kantoor van die Ekonomiese Raadgewer verkry.

(ii) Berekeningsmetodes

Net soos in die geval van die ander tersiêre produksietakke is die berekenings ten opsigte van

die/.....

handel op die inkome-betaal-metode gebaseer. Die resultate vir 1954/55 tot 1959/60, soos deur die Kantoor van die Ekonomiese Raadgewer bereken, is sonder meer in hierdie studie aanvaar. Vir 1960/61 is die toegevoegde bruto waarde as die som van arbeidsvergoeding, netto wins, waardevermindering, netto rente en netto huur bereken, uit data in die sensus van die groot- en klein-distribusiehandel en die motorhandel vir 1960/61, verstrek. Vir 1961/62 is die toegevoegde bruto waarde, in ooreenstemming met die Kantoor van die Ekonomiese Raadgewer se berekenings vir die vroeëre jare, bepaal aan die hand van die aanname dat daar 'n korrelasie bestaan tussen die groeikoers van landbou, mynbou en fabriekswese aan die een kant en handel aan die anderkant.

Om die toegevoegde bruto waarde volgens tipe inkome te verdeel, is die arbeidsvergoeding uit die betrokke sensusverslae van 1946/47, 1952 en 1960/61 met betrekking tot die groot- en kleinhandel en agente en afslaaers verkry. terwyl die arbeidsvergoeding van die motorhandel uit die sensusse van 1956/57 en 1960/61 verkry is. Die resultate vir 1954/55 en 1961/62 is deur middel van inter- en ekstrapolasie bepaal. Ander inkome is as die verskil tussen die toegevoegde bruto waarde en arbeidsvergoeding bereken.

Die data ten opsigte van arbeidsvergoeding wat in die sensusverslae aangegee word, toon ook 'n verdeling volgens volksgroep aan. Om die ooreenstemmende syfers vir die ander jare te bereken, is die arbeidsvergoeding volgens volksgroep vir die sensusjare aan die hand van die totale arbeidsvergoeding inter- en ekstrapoleer.

Om die ander inkome volgens volksgroep te bepaal,

is/.....

is die gemiddelde ander inkome per onderneming van groot-handelaars, kleinhandelaars, agente en afslaers en die motorhandel, uit die betrokke sensusverslae bereken.

Die aantal en tipe Bantoe-, Asiaat- en Kleurlingonderneming is vanaf die Departement van Bantoe-administrasie en Ontwikkeling, die Departement van Kleurlingsake en die Departement van Indiërsake verkry. Die gemiddelde ander inkome per onderneming van Bantoes is as 5 persent en die van Kleurling as 10 persent van die gemiddelde van al die volksgroepe gesamentlik, geneem. Vervolgens is die aantal ondernemings vermenigvuldig met die onderskeie gemiddelde inkomes per onderneming, ten einde die ander inkome van die volksgroepe te bepaal.

(iii) Betroubaarheid van die resultate

Uit die bespreking oor die berekeningsmetodes kan die volgende afleidings gemaak word met betrekking tot die betroubaarheid van die resultate:

- (1) Die resultate ten opsigte van 1960/61 sal die betroubaarste wees aangesien dit gebaseer is op sensusgegewens.
- (2) Die resultate ten opsigte van arbeidsvergoeding is meer betroubaar as die van ander inkome, aangesien die basiese stabiliteitsaannames by die inter- en ekstrapolasie eerder in die geval van arbeidsvergoeding van toepassing sal wees.
- (3) Die verdeling van die toegevoegde bruto waarde volgens volksgroep sal waarskynlik nie baie betroubaar wees nie; die verdeling van arbeidsvergoeding sal egter meer betroubaar as dié van ander inkome wees.

(g) Finansiële instellings en vaste eiendom

Onder hierdie produksjetak word alle handelsbanke, bouverenigings/,...

bouverenigings, volksbanke en leningsbanke, verdiskonterings- en aksephuisse en ander depositonemende instellings wat onder die Bankwet van 1965²⁰⁾ ressorteer, versekeringsmaatskappye, beleggingsmaatskappye, eksekuteurskamers, huurkoopfinansieringsmaatskappye en mynhuisse, ingesluit. Daarbenewens kom werkzaamhede van die Suid-Afrikaanse Reserwebank en die Land- en Landboubank, ook in die Oranjeriviergebied voor.

Onder vaste eiendom word alleen die beheer, opdeling, uitlê, beplanning, ontwikkeling en verkoop van dorpsgebiede en ander vaste eiendom deur eiendomsagente en ander ondernemings, besit en verhuur van toesluit-garages en huurinvorderingsagentskappe, gedek.

(i) Inligtingsbronne

Inligting is regstreeks van die Buro vir Statistiek, Barclays-, Volkskas- en Standardbank, Sanlam, Old Mutual, Land en Landboubank, die Suid-Afrikaanse Reserwebank en individuele aandelemakelaars, ingewin. Daarbenewens is die toegevoegde bruto waarde soos vir die jare 1954/55 tot 1959/60 bereken, van die Kantoor van die Ekonomiese Raadgewer verkry.

(ii) Berekeningsmetodes

Die berekende resultate van die Kantoor van die Ekonomiese Raadgewer vir 1954/55 tot 1959/60, is sonder meer in hierdie studie aanvaar. Met die uitsondering van openbare korporasies, was geen direkte berekenings
in/.....

20) Republiek van Suid-Afrika, Wet tot Samevatting van die wetsbepalings met betrekking tot bankinstelling, Nr. 23 van 1965, Staatsdrukker, Pretoria, 1965.

in 1960/61 en 1961/62 by die bepaling van die toegevoegde bruto waarde moontlik nie.

In die geval van private ondernemings is inligting van die vernaamste ondernemings in verband met arbeidsvergoeding vir die drie jaar van 1959/60 tot 1961/62, regstreeks ingewin. Uit die inligting is 'n indeks saamgestel wat die groei oor die betrokke periode aantoon. Die indeks is vervolgens toegepas by die ekstrapolering van die arbeidsvergoeding en ander inkome van die betrokke streke.

Wat openbare korporasies betref is die arbeidsvergoeding volgens takkantore deur hulle uitbetaal vir die jare 1960/61 en 1961/62 verkry. Die ander inkome is aan die hand van die arbeidsvergoeding ge-ekstrapoleer.

Inligting betreffende die verdeling van die arbeidsvergoeding volgens volksgroep vir 1959/60 tot 1961/62 is van die vernaamste ondernemings verkry. Hierdie verhoudings is in die ander jare toegepas in die onderskeie streke. Die ander inkome is as 'n geheel na die blanke volksgroep toegedeel.

(iii) Betroubaarheid van die resultate

Uit die berekeningsmetodes soos hierbo uiteengesit kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word met betrekking tot die betroubaarheid van die resultate:

- (1) Die berekenings ten opsigte van die produksietak behoort een van die onbetroubaarste reekse te wees, weens die gebrek aan doeltreffende data.
- (2) Aangesien die berekenings ten opsigte van arbeidsvergoeding meer regstreeks as die van ander inkome was, behoort die resultate ten opsigte van eersgenoemde ook meer betroubaar te wees.

(3) Die verdeling van arbeidsvergoeding volgens volksgroep behoort redelik betroubaar te wees aangesien inligting regstreeks van die grootste ondernemings verkry is.

(h) Besit van Wonings

Hierdie produksietak sluit die inkome wat ontstaan uit die besit van woonhuise, woonstelle en woonkamers, in. In die plattelandse gebiede is egter alleen die wonings van blankes, Asiate en Kleurlinge in ag geneem. Dit word aanvaar dat die wonings wat deur Bantoes in die plattelandse gebiede bewoon word, hoofsaaklik van takke en klei gemaak is. Weens die relatiewe kort leeftyd van sulke wonings word dit as duursame verbruiks-goedere beskou en gevolglik is geen huur daarop toegereken nie.

(i) Inligtingsbronne

Gegewens soos verkry uit die Bevolkingsensus van 1951 en 1960 is gebruik om die aantal woonhuise en woonstelle te bepaal. Daarbenewens word nuttige inligting oor die wonings, woonstelle en woonkamers, in die vernaamste stedelike gebiede, in Uniestatistiek oor Vyftig Jaar aangetoon. Addisionele data is ook uit die Opname van Gesinsuitgawe, November 1955, Verslae No. 4 en 5 en die Landbousensusverslae van 1954/55 tot 1961/62, asook uit die D.Comm.-proefskrif van J.J. Stadler, Die Bruto Binnelandse Produk van Suid-Afrika, 1911-1959, verkry. Syfers ten opsigte van die toegevoegde bruto waarde vir die jare 1954/55 tot 1959/60, is van die Kantoor van die Ekonomiese Raadgewer verkry.

(ii) Berekeningsmetodes

Weens onvolledige statistiese gegewens was dit alleen moontlik om 'n indirekte metode van berekening

te/.....

te volg. Om die aantal woonhuise, woonstelle en woonkamers in die stedelike gebiede te bepaal is die gesinsgrootte van elke volksgroep ten opsigte van die grootte van die stedelike bevolking in die streke in aanmerking geneem. Dieselfde prosedure is by die Kleurlinge en Asiate wat in die plattelandse gebiede woonagtig is, gevolg. Wat die blankes in die plattelandse gebiede betref, is die aantal boerdery-eenhede as verteenwoordigend vir die aantal blanke plattelandse woonhuise beskou. Die aantal woonhuise en woonstelle is vermenigvuldig met gemiddelde huursyfers, om die totale huur te verkry. Uit die totale huursyfers is die toegevoegde bruto waarde vir die onderskeie streke bepaal deur voorsiening vir sekere kostes, soos byvoorbeeld riolering, vuilgoedverwydering, enosvoorts, te maak. Die uitgawes is in ooreenstemming met J.J. Stadler geraam as 30 persent van die totale huur in die geval van stedelike woonhuise en 15 persent in die geval van plattelandse woonhuise en woonstelle.²¹⁾

Weens die relatiewe onbelangrikheid van arbeidsvergoeding is geen verdeling tussen arbeidsvergoeding en ander inkome gemaak nie.

(iii) Betroubaarheid van die resultate

Alhoewel daar by die berekeningsmetodes van veronderstellings uitgegaan is, wat nie noodwendig in die praktyk hoof te geld nie, kan die resultate as redelik betroubaar aanvaar word.

(i)/.....

21) Vgl. Stadler, J.J. op.cit., pp. 398 en 399.

(i) Algemene regeringsdienste

Alle algemene afdelings van die sentrale regering, en alle afdeling van die Kaapse en Oranje-Vrystaatse Provinsiale Administrasies, soos algemene administrasie, natuurbewaring, plaaslike bestuur en hospitaaldienste, werkedepartemente en die Departement van hospitaaldienste, is onder dié produksietak ingesluit. Onder die produksietak ressorteer ook munisipaliteite, met inbegrip van stadsrade, en afdelingsrade, plaaslike gebiede en klein-hoewegebiede. Alhoewel alleen die nie-handelsafdelings van die plaaslike owerhede hieronder ingesluit is, terwyl die handelsafdelings by die ander toepaslike produksietakke ingesluit is, word die berekeningsmetodes van laasgenoemde gerieflikheidshalwe hier bespreek.

(i) Inligtingsbronne

Inligting met betrekking tot die verspreiding van arbeidsvergoeding tussen die onderskeie streke, is regstreeks van die staatsdepartemente en die betrokke provinsiale administrasies, verkry. Wat plaaslike owerhede betref, is die nodige gegewens direk van die Buro vir Statistiek verkry. Verdere inligting is uit die Jaarverslae van die Kontroleur en Ouditeur-generaal, die Jaarverslae van die Provinsiale Ouditeur van die Kaapprovinsie/en O.V.S., vir die betrokke periode, en uit die D.Comm-proefskrif van J.J. Stadler, Die Bruto Binnelandse Produk van Suid-Afrika, 1911-1-59, verkry. Die toegevoegde bruto waarde volgens tipe inkome vir die periode 1954/55 tot 1959/60 is deur die Kantoor van die Ekonomiese Raadgewer verstrekk.

(ii) Berekeningsmetodes

Die arbeidsvergoeding van die sentrale regering, is bereken deur inligting regstreeks van die staatsdepartemente en uit die verslae van die Kontroleur en Ouditeur-generaal, te verkry. Ander inkome is vir

die/.....

die tydperk 1954/55 tot 1959/60 bereken deur die landstotale soos aangetoon in J.J. Stadler se D.Comm.-Proefskrif na die onderskeie streke, volgens die verspreiding van arbeidsvergoeding, toe te deel. Vir die jare 1960/61 en 1961/62 is dit geraam op die veronderstelling dat die verhouding tussen arbeidsvergoeding en ander inkome onveranderd vanaf 1959/60 sal bly.

Inligting met betrekking tot die arbeidsvergoeding van die provinsiale administrasies volgens streke, is regstreeks van die betrokke instansies verkry. Die ander inkome vir die periode 1954/55 tot 1959/60 is geraam deur die landstotale na die onderskeie streke toe te deel aan die hand van die verdeling van arbeidsvergoeding. Vir 1960/61 en 1961/62 is dit op die veronderstelling dat die verhouding tussen arbeidsvergoeding en ander inkome vir 1959/60 onveranderd sal bly, geraam.

Net soos in die geval van die sentrale regering en provinsiale administrasies, is by plaaslike owerhede ook van die inkome-betaal-metode uitgegaan. Arbeidsvergoeding is bepaal uit die jaarlikse opnames by die Buro vir Statistiek. Dit was moontlik om hieruit n onderskeid tussen die verskillende handelsafdelings van die owerhede te maak. Die ander inkome is vir die tydperk 1954/55 tot 1959/60 bereken deur die landstotale soos aangetoon in J.J. Stadler se D.Comm.-proefskrif na die onderskeie streke, volgens die verspreiding van arbeidsvergoeding, toe te deel. Vir die jare 1960/61 en 1961/62 is dit geraam op die veronderstelling dat die verhouding tussen arbeidsvergoeding en ander inkome onveranderd vanaf 1959/60 sal bly.

Die verdeling van die arbeidsvergoeding volgens volksgroep vir die sentrale regering en provinsiale administrasies/.....

administrasies is regstreeks van die verskillende staatsdepartemente en die betrokke administrasies vir die jare 1960/61 en 1961/62 verkry. Vir die ander jare is hierdie groothede ge-ekstrapoleer aan die hand van die totale arbeidsvergoeding soos hierbo bereken. Wat die plaaslike owerhede betref is die verdeling van die arbeidsvergoeding volgens volksgroep, by die Buro vir Statistiek verkry.

Die ander inkome van die bedrywigheide is in hierdie studie beskou as die inkome wat al die volksgroepe toekom in ooreenstemming met die mate van ekonomiese aktiwiteite van die onderskeie volksgroepe. Dit is dan ook vervolgens toegedeel na die verskillende volksgroepe in dieselfde verhouding as hul bydrae tot die totale bruto geografiese produk wat in die private sektor ontstaan.

(iii) Betroubaarheid van die resultate

Met inagneming van die berekeningsmetodes gevolg, kan die volgende gevolgtrekkings met betrekking tot die betroubaarheid van die resultate gemaak word:

- (1) Die toegevoegde bruto waarde van die produksietak behoort redelik betroubaar te wees. Die resultate ten opsigte van arbeidsvergoeding is meer betroubaar as die ten opsigte van ander inkome aangesien dit meer regstreeks bereken is.
- (2) Die toegevoegde bruto waarde van die handelsafdelings van plaaslike owerhede is meer betroubaar vir die latere jare as die vir die vroeëre jare, aangesien dit ook meer regstreeks bereken is.
- (1) Maatskaplike pensioene en bystand, waaronder ingesluit is ouderdomspensioene, toelaes vir blindes, oudstryders-, siviele- en oorlogs-pensioene, ongeskiktheids-, gesins- en onder-houdstoelae.

- (2) Rente op staatskuld aan individue betaal.
- (3) Pensioene uit inkomstefonds deur plaaslike owerhede betaal.
- (4) Pensioene deur provinsiale administrasies en die Suid-Afrikaanse Spoorweë betaal.
- (5) Ongevallebetalings deur die Kommissaris van Ongevalle.
- (6) Vergoeding ingevolge werkloosheidversekering.
- (7) Betalings ten opsigte van Pneumokoniose.

Vervolgens word die statistiese bronne en berekeningsmetodes wat by die onderskeie oordragbetalings gevolg is, kortliks uiteengesit.

(i) Maatskaplike pensioene en bystand

Die totale betalings ten opsigte van ouderdomspensioene, toelaes vir blindes, oudstryders-, siviele- en oorlogspensioene, ongeskiktheids-, gesins- en onderhoudstoelae vir die land as n geheel, is uit die Statistiese Jaarboek 1964 verkry. Ongepubliseerde inligting met betrekking tot die betalings wat deur die poskantoor aan blankes, Kleurlinge en Asiate volgens poskantoor gemaak word, is van die Hoofposkantoor vir die jare 1959/60 tot 1961/62 verkry. Vir die ander jare is die betalings ook as toedelingsbasis gebruik, weens n gebrek aan statistiese data. Die ooreenstemmende betalings aan Bantoes volgens landdrosdistrik is van die Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling van 1954/55 tot 1961/62 verkry.

(ii) Rente op staatskuld aan individue betaal

Die totale rente op staatskuld wat aan individue betaal is, is uit die verslae van die Kontroleur- en Ouditeur-generaal vir die betrokke periode vir die land as n geheel geraam. Weens n gebrek aan doeltreffender data

is/.....

is die landstotale, in ooreenstemming met die Buro vir Marknavorsing van die Universiteit van Suid-Afrika,⁹⁾ na die streke volgens die geografiese verspreiding van die blanke bevolking toegedeel. Aangesien die rente op staatskuld aan individue betaal relatief klein is, behoort die ietwat arbitrêre streeksverdeling nie die eindresultate noemenswaardig te beïnvloed nie.

(iii) Pensioene uit inkomstefondse deur plaaslike owerhede betaal

Die betalings deur plaaslike owerhede uit inkomstefondse aan aftredende amptenare is bereken uit ongepubliseerde gegewens met betrekking tot die owerhede, wat van die Buro vir Statistiek verkry is.

(iv) Pensioene deur die provinsiale administrasies en die S.A.S. en H. betaal

Die totale uitbetalings van pensioene deur die provinsiale administrasies en die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens vir die land as n geheel, is regstreeks van die betrokke instansies verkry. Weens n gebrek aan data vir geografiese gebiede kleiner as die land, is die landstotale in ooreenstemming met die Buro vir Marknavorsing van die Universiteit van Suid-Afrika,¹⁰⁾ na die onderskeie streke toegedeel aan die hand van die geografiese verspreiding van maatskaplike pensioene wat deur die verskillende poskantore uitbetaal word.

(v) Ongevallebetalings deur die Kommissaris van Ongevalle

Die betalings ten opsigte van ongevalle is uit die jaarverslae van die Ongevallekommissaris verkry, volgens n streeksindeling wat vir statistiese doeleindes deur dié Kommissaris gebruik word, en vir blankes, Kleurlinge en Asiate gesamentlik en Bantoes afsonderlik aangetoon word/.....

9) Idem, p.72.

10) Idem. p. 71.

word. Die streekstotale van die Kommissaris is vervolgens na die onderskeie streke van die ondersoekgebied aan die hand van die bevolkingsverspreiding van die betrokke volksgroepe in die streke, toegedeel.

(vi) Betalings ingevolge die Werkloosheidsversekeringswet

Die werksaamhede van die Kommissaris van Werkloosheidsversekering word in tien inspektorate verdeel om besondere streke te bedien. Die bedrae in elke streek betaal, is van dié Kommissaris verkry. Aangesien dit hoofsaaklik aan persone werksaam in die primêre en sekondêre produksietakke betaal word, is dit in ooreenstemming met die indiensnamesyfers van hierdie produksietakke soos uit die Bevolkingsensus van 1960 verkry, na die streke van die ondersoekgebied toegedeel.

(vii) Betalings ten opsigte van pneumokoniose

Die betalings ten opsigte van pneumokoniose is vir die land as n geheel uit die Kontroleur en Ouditeur-generaal se verslae verkry. Die betalings aan Bantoes volgens landdrosdistrik is van die Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling verkry. Weens n gebrek aan n geskikter toedelingsbasis is die betalings aan blankes, Kleurlinge en Asiate vir die land as n geheel na die streke verdeel, aan die hand van die geografiese verspreiding van maatskaplike pensioene en bystand aan die volksgroepe betaal.¹¹⁾

5. Betroubaarheid van die resultate

Aangesien persoonlike inkome van die bruto geografiese produk afgelei is deur sekere aansuiwering aan te bring, is die betroubaarheid van eersgenoemde afhanklik van

laasgenoemde/.....

11) Dit is in ooreenstemming met die berekenings van die Buro vir Marknavorsing, Idem. p. 72.

laasgenoemde se mate van akkuraatheid. Met inagneming van die berekeningsmetodes soos hierbo uiteengesit en dié wat by die bruto geografiese produk gevolg is, kan die betroubaarheid van die resultate soos volg opgesom word:

(1) Arbeidsvergoeding kan as redelik betroubaar aanvaar word, aangesien die berekende arbeidsvergoeding by die bruto geografiese produk sonder meer aanvaar is en dit oor die algemeen direk uit beskikbare statistiek bepaal is.

(2) Om die ander inkome aan te suiwer sodat dit n deel van die persoonlike inkome uitmaak, moes van onregstreekse berekeningsmetodes uitgegaan word. Daarbenewens is die ander inkome by die berekening van die bruto geografiese produk ook in die geval van sommige produksietakke op n indirekte wyse bepaal. Gevolglik mag die ander faktorinkome aan n betreklike groot foutegrens onderhewig wees.

(3) Die berekende oordragbetalings kan as redelik betroubaar aanvaar word, want dit is sover as moontlik verkry vir die kleinste streke waarvoor uitbetalings gemaak is. n Mate van onbetroubaarheid sal egter ook as gevolg van onregstreekse toedelingsmetodes wat noodsaaklikerwys in sekere gevalle gebruik moes word as gevolg van n gebrek aan gegewens, ingetree het.

(4) As n geheel gesien behoort die berekende persoonlike inkome die orde van grootte in die onderskeie streke aan te toon.

6. Resultate

Ten slotte word die berekende persoonlike inkome in tabel 12 aangetoon. In die tabel word onderskei tussen arbeidsvergoeding, ander faktorinkome wat die inkome van nie-geïnkorporeerde ondernemings, dividende, rente en netto huur insluit, en oordragbetalings.

TABEL 12 DIE PERSOONLIKE INKOME VAN DIE ORANJERIVIERGEBIED VOLGENS TYPTE INKOME, 1954/55 TOT 1961/62
(R1,000)

Streek of gebied	1954/55				1955/56				1956/57				1957/58			
	Arbeidsver-goeding	Ander faktor-inkome	Oordrag-betalings	Totaal	Arbeidsver-goeding	Ander faktor-inkome	Oordrag-betalings	Totaal	Arbeidsver-goeding	Ander faktor-inkome	Oordrag-betalings	Totaal	Arbeidsver-goeding	Ander faktor-inkome	Oordrag-betalings	Totaal
Oranjeriviergebied	207989	140812	9343	358144	218836	141514	10076	370426	232062	259683	10704	402449	243743	146867	11021	401631
Suidelike Streek	104281	66577	3846	174704	108799	65225	4147	178171	115669	68971	4496	189136	120929	65022	4748	190699
Oostelike Streek	40361	19710	1691	61762	42548	19879	1807	64234	45492	27160	1891	74543	48294	22063	1910	72267
Sentrale Streek	34776	19214	1887	55877	36524	14362	2020	52906	38382	21742	2136	62260	40335	22228	2173	64736
Westelike Streek	28571	35311	1919	65801	30965	42048	2102	75115	32519	41810	2181	76510	34185	2190	73929	
1 Benede-Sondagarivier	91716	51724	2932	146372	96146	52586	3166	151898	102253	52017	3450	157720	107244	52684	3672	163600
2 Visrivier	12565	14853	914	28332	12653	12639	981	26273	13416	16954	1046	31416	12338	12338	1076	27099
3 Lady Grey-Herschel	651	988	166	1805	638	1397	172	2207	691	1989	174	2854	740	1221	175	2136
4 Wepener-Zastron	1548	1529	76	3153	1602	2418	82	4102	1695	2926	87	4708	1713	2422	88	4223
5 Suidoos-Vrystaat	2000	4173	164	6337	1866	2461	176	4503	1955	4723	185	6863	1970	2760	185	4915
6 Kafferrivier	36162	13020	1285	50467	38442	13603	1377	53422	41151	17522	1445	60118	43871	15660	1462	60993
7 Linkeroewer-Hendrik Verwoerd	4522	4740	336	9598	4570	4130	305	9005	4745	7306	376	12427	5000	4976	389	10365
8 Regteroewer-Hendrik Verwoerd	1339	1426	122	2887	1331	1179	134	2644	1359	1725	139	3223	1380	1362	140	2882
9 Regteroewer-Vanderkloof	3122	2212	199	5533	3280	1229	217	4726	3192	2534	222	5948	3229	1657	5112	
10 Knaap-Rietrivier	21408	6721	963	29092	22780	3937	1067	27784	24285	5767	1093	31145	25640	9746	1108	36494
11 Linkeroewer-Vanderkloof	4385	4115	267	8767	4563	3887	297	8747	4801	4410	306	9517	5086	4487	310	9883
12 Suid-Kalahari	14430	13488	1114	29032	15132	17183	1217	33532	16200	20236	1255	37691	17220	24005	1249	42474
13 Boesmanland	3718	7197	209	11124	4595	7113	231	11939	4165	7954	239	12358	4270	6892	240	11402
14 Sakrivier	3367	5955	300	9622	3447	6807	327	10581	3636	8191	342	12169	3686	6129	348	10163
15 Namakwaland	7056	8671	296	16023	7791	10945	327	19063	8518	5429	345	14292	9009	528	353	9890

Streek of gebied	1958/59				1959/60				1960/61				1961/62			
	Arbeidsver-goeding	Ander faktor-inkome	Oordrag-betalings	Totaal	Arbeidsver-goeding	Ander faktor-inkome	Oordrag-betalings	Totaal	Arbeidsver-goeding	Ander faktor-inkome	Oordrag-betalings	Totaal	Arbeidsver-goeding	Ander faktor-inkome	Oordrag-betalings	Totaal
Oranjeriviergebied	252608	122913	11563	387084	259408	153550	12297	425255	270361	143772	13019	427152	283354	166628	13471	463453
Suidelike Streek	124577	53082	5068	182727	127776	61788	5422	194986	132336	66888	5828	205052	136784	75143	5924	217851
Oostelike Streek	50443	19050	1959	71452	51711	22145	2056	75912	54018	20094	2131	76243	56607	21515	2215	80337
Sentrale Streek	41585	20520	2252	64357	41985	27176	2376	71537	43983	22358	2489	68830	46143	22788	2619	71550
Westelike Streek	36003	30261	2284	68548	37936	42441	2443	82820	40024	34432	2571	77027	43820	47182	2713	93715
1 Benede-Sondagarivier	110235	43408	3957	157600	113384	48630	4228	166242	117830	54597	4577	177004	122094	62024	4626	188744
2 Visrivier	14342	1111	1111	25127	14392	13158	1194	28744	14506	12291	1251	28048	14690	13119	1298	29107
3 Lady Grey-Herschel	772	1314	184	2270	783	998	184	1967	806	1814	187	2807	845	1340	197	2382
4 Wepener-Zastron	1718	1727	90	3535	1670	2018	90	3778	1675	2040	99	3814	1734	1878	102	3714
5 Suidoos-Vrystaat	1968	1912	202	4082	2073	3495	201	5769	2053	1961	209	4223	2143	3956	220	6319
6 Kafferrivier	45985	14097	1483	61565	47183	15634	1581	64398	49484	14279	1636	63999	51885	14341	1696	67922
7 Linkeroewer-Hendrik Verwoerd	5078	2943	394	8415	5124	4619	426	10169	5285	3806	446	9537	5539	3714	463	9716
8 Regteroewer-Hendrik Verwoerd	1430	505	144	2079	1434	1634	151	3219	1447	1225	158	2830	1320	1318	166	3004
9 Regteroewer-Vanderkloof	3332	2134	227	5693	3311	2669	239	6219	3543	1706	256	5505	3697	2513	264	6474
10 Knaap-Rietrivier	26342	10930	1161	38433	26742	14680	1217	42639	28022	11706	1269	40997	29381	11889	1343	42613
11 Linkeroewer-Vanderkloof	5405	4008	326	9737	5374	3574	343	9291	5686	3915	360	9961	6006	3354	383	9743
12 Suid-Kalahari	18319	20573	1312	40004	19281	25915	1393	46589	20601	22639	1454	44694	23335	26087	1542	50964
13 Boesmanland	4413	5993	248	10654	4462	6576	280	11318	5027	5188	294	10509	5317	6068	295	11680
14 Sakrivier	3722	2331	363	6416	4015	3485	381	7881	3718	1054	406	5178	4066	6076	430	10572
15 Namakwaland	9549	1564	361	11474	10178	6465	389	17032	10678	5551	417	16646	11102	8951	446	20499

HOOFSTUK VI. DIE BEREKENING VAN BRUTO KAPITAALVORMING.

In hierdie hoofstuk word die laaste nasionale rekeningkundige maatstaf wat gebruik word in die beskrywing van die ekonomiese struktuur van die Oranjeriviergebied, naamlik bruto kapitaalsvorming, bespreek. Eerstens word die begrip bruto kapitaalsvorming omskryf, waarna die berekeningsmetodes en klassifikasie van die resultate aangetoon word. Daarna word die statistiese bronne en metodes verder toegelig, waarna die hoofstuk afgesluit word met 'n samevatting van die resultate in afdeling 5.

1. Die begrip bruto kapitaalsvorming

Die bruto kapitaalsvorming van 'n gebied kan omskryf word as die waarde van die gebied se produksie en invoer wat nie verbruik of uitgevoer word nie, maar opsy gesit word as 'n toevoeging tot die voorraad kapitaalgoedere, voordat vir die gedeelte van die kapitaalgoedere wat gedurende die rekenperiode in die produksieproses opverbruik word, voorsiening gemaak word.

Uit die omskrywing van bruto kapitaalsvorming kom 'n aantal definisieprobleme sonder meer na vore, naamlik:

- (1) Hoe gaan die bruto kapitaalsvorming gewaardeer word?
- (2) Hoe gaan 'n onderskeid gemaak word tussen die streek se produksie en invoer wat nie verbruik word nie en die wat wel verbruik word, dit wil sê 'n onderskeid tussen lopende en kapitaalsuitgawes?
- (3) Wat word met 'n rekenperiode bedoel?
- (4) Wat word met 'n toevoeging tot die voorraad kapitaalgoedere bedoel?

Die rekenperiode is reeds by die bespreking van die bruto geografiese produk in hierdie studie gedefinieer as die tydperk wat strek vanaf 1 Julie tot 30 Junie.

In die volgende onderafdelings word alleen die behandeling van die ander definisieprobleme in hierdie studie, dus bespreek.

(a) Die waardering van bruto kapitaalvorming

Bruto kapitaalvorming word gewoonlik teen markpryse gewaardeer, aangesien dit n onderdeel van die bruto binne-landse besteding teen markpryse in die volksrekeninge uitmaak. Konstruksie vir eie rekening, dit wil sê deur die ondernemer se eie werknemers, word egter gerieflikheidshalwe teen koste in berekening gebring.

Wat onverkoopte voorrade betref, is landbou- en mynbouvoorrade in hierdie studiewaardeer deur die fisiese hoeveelhede te vermenigvuldig met n gemiddelde prys wat deur die produsent in die rekenperiode ontvang is. Geen verdere aansuiwering om prysveranderinge uit te sluit, was dus nodig nie. Wanneer egter slegs die boekwaarde van voorrade gebaseer op een of meer van die aanvaarde boekhoukundige voorraadwaarderingmetodes beskikbaar is, is dit nodig om n aansuiwering vir prysveranderinge te maak, aangesien ondernemings selde lopende vervangingskoste by die waardering van voorrade gebruik. Weens n gebrek aan data was dit nie moontlik om die aansuiwering in hierdie studie in aanmerking te neem nie. In die geval van die ander produksietakke is die aangesuiwerde landstotale gevolglik na die streke aan die hand van een of ander geskikte verhoudingsbasis toegedeel.

Daarbenewens gaan enige transaksie ten opsigte van kapitaalvorming gewoonlik verskillende stadiums deur, byvoorbeeld die plasing en aanname van n bestelling, die versending en ontvangs van n faktuur en die installering. Gevolglik moet besluit word in watter stadium die transaksie as kapitaalvorming aangeteken gaan word, omdat dit die totaal vir n besondere rekenperiode mag beïnvloed. Die Statistiese Kommissie van die Verenigde Volkere organisasie,¹⁾ stel in

1) Vgl. Concepts and Definitions of Capital Formation, op.cit., p.12.

die verband voor dat transaksies aangeteken moet word, wanneer die transaksie as n las of bate aangegee word, en nie wanneer betaling gemaak word nie. By konstruksiewerk, wat oor lang periodes strek, word die waarde van onvoltooide werk gemeet in terme van die waarde van werk gedoen, of in die geval van kontrakwerk, die waarde van paaiemente wat betaalbaar is. Dié voorstel van die Verenigde Volkere Organisasie, is in hierdie studie gevolg,

(b) n Onderskeid tussen lopende en kapitaaluitgawes

n Verdere probleem wat na vore kom by die omskrywing van die begrip bruto kapitaalvorming, is om tussen lopende en kapitaaluitgawes te onderskei. Die Statistiese Kommissie van die Verenigde Volkere Organisasie verklaar in dié verband, dat „conceptually, expenditures for physical assets having an economic life exceeding the length of the accounting period, should be classed as capital formation.²⁾ In die praktyk is dit egter moeilik om streng by hierdie aanbeveling te hou.

Soos later in hierdie hoofstuk aangetoon sal word³⁾ is bruto kapitaalvorming in hierdie studie bereken deur die uitgawemetode as uitgangspunt te neem. By die benadering is die verdeling tussen lopende en kapitaaluitgawes reeds deur die sakeman vir boekhoukundige doeleindes, gedoen. Dit sou onprakties wees om n herklassifikasie te probeer maak, alhoewel besef word dat sekere kleiner kapitaaluitgawes nie deur die ondernemings gekapitaliseer word nie. Alleen in die geval van groter uitgawes, soos by myne waar sekere ontwikkelingsuitgawes uit inkomsterekening gedoen word, is n aansuiwering hiervoor aangebring.

2) Idem, p.12.

3) Vgl. afdeling 2, p. 181.

Die probleem ontstaan ook of die uitgawes aan herstel en onderhoud - wat die leeftyd van kapitaalgoedere mag verleng - as lopende of kapitaaluitgawes beskou sal word. In ooreenstemming met 'n aanbeveling van die Verenigde Volkere Organisasie⁴⁾ en die algemene praktyk in Suid-Afrika,⁵⁾ word die uitgawe aan herstel en onderhoud as lopende uitgawes in hierdie studie beskou. Daarbenewens wil daarop gewys word dat alle uitgawes vir militêre doeleindes as lopende uitgawes beskou is,⁶⁾ alhoewel die Verenigde Volkere Organisasie aanbeveel dat militêre uitgawe aan grond en permanente woongeboue as kapitaaluitgawes gereken moet word.⁷⁾ Die uitgawe aan grond deur militêre owerhede is buite rekening gelaat, omdat die aankoop van grond nie in hierdie studie as 'n toevoeging tot die voorraad kapitaalgoedere beskou word nie, terwyl die uitgawe aan permanente woongebou nie by bruto kapitaalvorming ingereken is nie, omdat sulke uitgawes nie in Suid-Afrika onderskei kan word nie en heelwaarskynlik minimaal sal wees.

(c) Die begrip kapitaalgoedere

Onder kapitaalgoedere word gereken „all goods produced for use in future productive processes - machinery, equipment, plants, buildings, other construction and works and producers' stocks of raw materials, semi-finished and finished goods.”⁸⁾ Dus goedere wat nie beskikbaar is om in die onmiddellike behoeftes van verbruikers te voorsien nie, maar opsy gesit word vir die produksie van ander goedere en dienste, word as 'n toevoeging tot die voorraad kapitaalgoedere beskou. Die

4) Vgl. Concepts and Definitions of Capital Formation, op.cit., p.13.

5) Vgl. Willers, J.J.D. Kapitaalvorming en Kapitaalbesit in die Unie, 1910 tot 1953, ongepubliseerde D.Comm-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1955, pp. 34 tot 36.

6) D.i. in ooreenstemming met Willers, J.J.D. op.cit., pp.21 en 22.

7) Vgl. Concepts and Definitions of Capital Formation, op.cit., p.14.

8) Idem. p.7.

aankoop van grond en reedsbestaande bates maak dus ingevolge die omskrywing nie deel uit van bruto kapitaalvorming nie. Die aankoop van sulke bates behoort egter vir die onderskeie sektore van die streekshuishouding as positiewe kapitaalvorming aangetoon word, terwyl dit by die verkoop as negatiewe kapitaalvorming beskou moet word. Weens n gebrek aan gegewens was dit nie moontlik om die kontra-inskrywings in hierdie studie in berekening te bring nie. Daar moet ook net op gewys word dat die begrip grond ook ondergrondse minerale rykdomme omvat, die ontdekking hiervan word dus ook nie as kapitaalvorming gereken nie. Uitgawes aan die verbetering van grond soos grondbewarings- en besproeiingsprojekte, word egter wel as kapitaalvorming, beskou.

Benewens die uitgawes ten opsigte van fisiese kapitaal-goedere wat toekomstige produksie sal stimuleer, is daar ook ander faktore wat dieselfde uitwerking sal hê, soos n toename in tegniese kennis, uitgawes op navorsing en opleiding en verbeterde lewensomstandighede. In ooreenstemming met die algemene praktyk word sulke uitgawes nie by kapitaalvorming ingesluit nie, aangesien dit feitlik onmoontlik is om n beduidende waarde op sulke toenames te plaas. In ooreenstemming hiermee word ontasbare bates soos klandisie-waarde en patentregte, ook nie as kapitaalvorming beskou nie.

2. Berekeningsmetodes

Na die omskrywing en omlýning van die begrip bruto kapitaalvorming, ontstaan die vraag hoe gaan die maatstaf bereken word?

Daar is basies twee benaderingswyse om die bruto kapitaalvorming te bepaal, naamlik die finansiële en fisiese benadering. Volgens die finansiële benadering word die omvang van kapitaalvorming bepaal deur die fondse wat vir belegging beskikbaar is, te bereken. Die inligting lewer geen besonderhede oor die wyse van kapitaalbesteding nie, met die gevolg dat die bruto kapitaalvorming nie volgens

tipe bate of status van die eienaar ingedeel kan word nie. Om dié rede is dit dan ook nie in hierdie studie gebruik nie.

In die geval van die fisiese benadering word die omvang van kapitaalvorming aan die hand van die koste van die goedere wat deel van kapitaalvorming uitmaak, gemeet. Vir die bepaling van die koste van sulke goedere bestaan daar twee metodes, naamlik die produksie- of goederevloei-metode en die uitgawe- of balansstaatmetode.

Vaste kapitaalvorming word volgens die produksie- of goederevloei-metode gemeet as die som van die geografiese produksie van kapitaalgoedere in 'n streek of gebied, plus invoer van kapitaalgoedere, plus die waarde van onvoltoeide werke in die geval van konstruksiewerke en ander groot werke, minus die kapitaalgoedere wat aan huishoudings verkoop word, met die uitsondering van woongeboue, minus die uitvoer van kapitaalgoedere uit die streek of gebied. Die berekende vaste kapitaalvorming wat sodoende verkry word, is teen kosprys gewaardeer. Dus moet die koste om die goedere by die ondernemings te verkry, ook nog in aanmerking geneem word.

Data sal dus benodig word met betrekking tot produksie, interregionale handel, voorrade, vervoerkoste en winsmarges van handelaars. Daarbenewens sal heelwat probleme ten opsigte van klassifikasie teëgekomp word, byvoorbeeld daar sal 'n onderskeid gemaak moet word tussen halfverwerkte en afverwerkte goedere, tussen duursame en nie-duursame goedere, tussen produksie- en verbruiksgoedere en tussen goedere by hulle bestemming en goedere wat in sirkulasie is. Weens 'n gebrek aan gegewens wat deur die metode vereis word, is dit nie in hierdie studie gebruik nie.

Volgens die uitgawe- of balansstaatmetode word vaste kapitaaluitgawes bereken as die uitgawe aan geboue en ander konstruksie deur sake-ondernemings, huiseienaars en die

openbare owerhede, plus die uitgawe aan masjinerie en toerusting deur sake-ondernemings aangegaan. Kapitaaluitgawes word gedefinieer om ook koste soos vervoer, installasie, regs en ander fooie en indirekte belasting, in te sluit. By die installering van kapitaalgoedere behoort die koste verbonde aan installasie wat deur die koper aangegaan word, ook as kapitaalvorming in berekening gebring te word. Weens n gebrek aan gegewens word dit gewoonlik buite rekening gelaat, behalwe waar die kostes deur die onderneming wat dit aangaan, gekapitaliseer word.

In hierdie studie is deurgaans van die uitgawemetode gebruik gemaak, om die bruto kapitaalvorming te bereken. Weens n gebrek aan data vir gebiede kleiner as die landsgrense, is sekere produksietakke se berekenings egter noodwendig gegrond op arbitrêre veronderstellings.

3. Die klassifikasie van bruto kapitaalvorming

Die Statistiese Kommissie van die Verenigde Volkere Organisasie stel voor dat bruto kapitaalvorming volgens tipe kapitaalgoedere, tipe organisasie en volgens die industriële gebruik van die kapitaalgoedere geklassifiseer word.⁹⁾ In hierdie studie is basies dié voorgestelde klassifikasie gevolg, alhoewel dit nie in soveel detail gedoen is nie. Die indeling van die bruto kapitaalvorming word vir die Oranjeriviergebied, as volg gedoen:

(a) Volgens tipe bate.

(i) Bruto vaste kapitaalvorming.

(ii) Veranderings in voorrade.

(i) + (ii) = bruto kapitaalvorming.

(b) Volgens tipe organisasie.

(i) Private sake-ondernemings, waaronder huishoudings en nie winssoekende instellings ingesluit is.

9) Idem, p.17.

- (ii) Owerheidsondernemings en openbare korporasies.
- (iii) Openbare owerhede.
 - (i) + (ii) + (iii) = bruto kapitaalvorming.
- (c) Volgens industriële gebruik van kapitaalgoedere.
 - (i) Landbou, bosbou en visserye.
 - (ii) Mynbou en steengroewe.
 - (iii) Fabriekswese en konstruksie.
 - (iv) Elektrisiteit, gas en water.
 - (v) Vervoer, opberging en kommunikasie.
 - (vi) Handel.
 - (vii) Finansiële instellings en vaste eiendom.
 - (viii) Besit van wonings.
 - (ix) Algemene regeringsdienste.
 - (x) Ander dienste.
 - (i) tot (x) = bruto kapitaalvorming.

Die ekonomiese aktiwiteite wat by (c) onder die verskillende produksietakke ingesluit is, is in ooreenstemming met die bruto geografiese produk en word gevolglik nie by herhaling omskryf nie.

4. Statistiese bronne en toeligting van berekeningsmetodes

In hierdie afdeling word die inligtingsbronne, berekeningsmetodes en betroubaarheid van die resultate, ten opsigte van bruto kapitaalvorming uiteengesit. Sover as moontlik is 'n indeling volgens die klassifikasie van die ekonomiese aktiwiteite by die verdere bespreking gevolg.

(a) Landbou en bosbou

Visserye word nie hier saam met landbou en bosbou bespreek nie, alhoewel die resultate saam aangetoon word, aangesien die berekeningsmetodes van die onderskeie aktiwiteite verskil.

By die berekening van die bruto kapitaalvorming by landbou en bosbou is die inligting uit die jaarlikse Landbousensusverslae verkry. Die volgende uitgawe-items

is by die berekening van bruto kapitaalvorming in aggeneem:

(i) Uitgawes aangegaan vir nuwe geboue en konstruksiewerke:

Onder die item is alle uitgawes ingesluit wat aangegaan is ten opsigte van:

- (1) die oprigting van plaasgeboue en bygeboue soos stalle, voerkuile, hoenderhokke, ensovoorts, asook die waarde van nuwe woongeboue vir die boer en sy werknemers. (Streng gesproke behoort laasgenoemde uitgawes onder woongeboue in berekening gebring te word. Gerieflikheids- halwe, weens die vorm waarin statistieke beskikbaar was, is dit hier in berekening gebring);
- (2) damme, besproeiingswerke, gronderosiewerke en boorgate;
- (3) die oprigting van nuwe heinings;
- (4) die aanlê van paaie en brûe wat in verband met boerderyaangeleenthede gebruik word;
- (5) die oprigting van elektriese kragtoestelle vir die ontwikkeling van elektrisiteit op die boerderyeenheid; en
- (6) die oprigting van elektriese kraglyne van die hoofnetwerk na die plaastoestel.

(ii) Uitgawes aangegaan vir die aanplant van boorde en wingerde: Hieronder is ingesluit die uitgawes

wat ten opsigte van die aanplant van nuwe boorde en wingerde aangegaan is. Volgens definisie maak die koste van bestaande boorde en wingerde wat nog nie die produksiestadium bereik het nie, ook deel van die bruto kapitaalvorming uit. Weens 'n gebrek aan gegewens en die geringe omvang wat sulke bedrywighede in die ondersoekgebied uitmaak, is dit in hierdie studie buite rekening gelaat.

(iii) Aankoop van nuwe uitrusting: Onder die item is ingesluit:

- (1) uitgawes aangegaan vir nuwe uitrusting vir die pomp van water;
- (2) die volle aankoopprys van nuwe trekkers, motorkarre, vragmotors en ander voertuie gekoop; en
- (3) die volle aankoopprys van nuwe masjinerie, los gereedskap en landbouwerktuie gekoop.

Geen tweedehandse items word in die poste ingesluit nie, aangesien dit volgens definisie n oordragbetaling inhou.

(iv) Veranderings in voorrade: Die berekende resultate ten opsigte van die bruto geografiese produk vir die item, is sonder meer vir die bepaling van bruto kapitaalvorming gebruik.

Aangesien die berekening van die resultate gebaseer is op inligting soos in die jaarlikse landbousensusverslae aangegee, behoort dit redelik betroubaar te wees. Die weglating van uitgawes ten opsigte van nuwe boorde en wingerde wat nog nie die produksiestadium bereik het nie, het n mate van onbetroubaarheid tot gevolg.

(b) Visserye

In die Sensus van die Visvangnywerheid vir 1960/61 word onderskei tussen die volgende items wat onder bruto kapitaalvorming ingesluit is, naamlik nuwe en herboude treilers, motorbote, roei- en seilbote, die koste van herbouing of opknapping van voertuie, visgereedskap en ander uitrusting aangekoop en die koste van geboue en ander werke.

Weens n gebrek aan gegewens is die bruto kapitaalvorming vir die oorblywende jare bereken op die veronderstelling dat daar n regstreekse verband tussen die bruto kapitaalvorming en ander inkome sal bestaan. Die arbitrêre basis behoort die totale bruto kapitaalvorming nie noemenswaardig te beïnvloed nie, weens die relatiewe onbelangrikheid van

visserye in die Oranjeriviergebied.

Oor die algemeen gesproke kan alleen die resultate vir 1960/61 as redelik betroubaar aanvaar word. Die resultate ten opsigte van die ander jare is gebaseer op 'n arbitrêre veronderstelling wat nie noodwendig in die praktyk gerealiseer sal word nie.

(c) Mynbou en steengroewe

Die inligting met betrekking tot die aktiwiteite van elke individuele myn en steengroef is uit ongepubliseerde bestedingsopnames, wat jaarliks aan die Kantoor van die Staatsmyningenieur gestuur word, verkry. In die bestedingsopnames word nie tussen lopende en kapitaaluitgawes onderskei nie. Daar is gepoog om in ooreenstemming met die Verenigde Volkere Organisasie, alleen items as kapitaaluitgawes in te sluit met 'n leeftyd langer as 'n jaar.¹⁰⁾ Die volgende items is in die bestedingsopnames as kapitaaluitgawes beskou, naamlik:

- (i) Boute, moere, klinknaels en wasters.
- (ii) Bou- en padmateriaal.
- (iii) Sement en beton.
- (iv) Elektriese masjinerie.
- (v) Elektriese kables en drade.
- (vi) Meubels en kantoortoerusting.
- (vii) Yster en staal waaronder ingesluit is uitgawes ten opsigte van plaat en blad, spoorstaaftoebehore, toutoebehore, seksies, spesiale onderdele en ander.
- (viii) Slotte, skarniere en algemene ysterware.
- (ix) Masjinerie en installasies.
- (x) Pype, buise, pyptoebehore, krane en kleppe.

10) Vgl. Concepts and Definitions of Capital Formation, op.cit., p.7.

- (xi) Sand, klippe en mineraalrotse.
- (xii) Stalle, diere en benedigdihede.
- (xiii) Timmerhout en gereedskap.
- (xiv) Draadheininge.
- (xv) Geboue, spoorweë en paaie.¹¹⁾

Waar by die uitgawes tussen volledige eenhede en reserwedele en instandhouding onderskei word, is alleen die volledige eenhede as kapitaaluitgawes beskou.

Benewens die items is die waarde van die veranderings in voorrade, wat by die bruto geografiese produk in berekening gebring is, ook hier in aanmerking geneem.

Alhoewel sommige van die items wat as kapitaaluitgawes ingesluit is, elemente van lopende uitgawes mag bevat, behoort hulle ondanks die leemte n redelike betroubare weergawe van die kapitaaluitgawes te gee. Die berekenings ten opsigte van voorraadveranderinge kan ook as redelik betroubaar aanvaar word.

(d) Fabriekswese en konstruksie

Alhoewel die bruto kapitaalvorming van die slagpale en bierbrouerye van plaaslike owerhede ook by die resultate van die produksietak ingesluit is, word die berekeningsmetodes gerieflikheidshalwe onder algemene regeringsdienste bespreek.

Die resultate ten opsigte van 1956/57 en 1959/60 is uit die betrokke nywerheidsensuverslae bereken. In die verslae word n onderskeid tussen konstruksiewerke en masjinerie en uitrusting gemaak. Die waarde van geboue en konstruksiewerke in die oorblywende jare opgerig, is uit die opnames van plaaslike besture by die Buro vir Statistiek bereken. Die waarde van kapitaalvorming wat uit masjinerie en uitrusting bestaan, is vir die ander jare geraam aan die hand van

11) Dit is alleen n beknopte uiteensetting van die kapitaaluitgawes. Vir n meer volledige uiteensetting vergelyk Groenewald, B.P. op.cit., pp.228 tot 230.

die tendens in die kapitaalvormingsyfers van die ander produksietakke. Die betreklik arbitrêre metode moes noodwendig weens n gebrek aan statistiese data, toegepas word. Alhoewel die veranderings in nywerheidsvoorrade by die resultate van fabriekswese en konstruksie ingesluit is, word dit gerieflikheidshalwe saam met die veranderings in handelsvoorrade bespreek.

Uit die berekeningsmetodes volg sonder meer dat die resultate ten opsigte van die produksietak se bruto kapitaalvorming soos vir 1956/57, en 1959/60 bereken, meer betrcubaar sal wees as die vir die oorblywende jare, as gevolg van die arbitrêre veronderstellings waarvan noodwendig uitgegaan moes word.

(e) Elektrisiteit, gas en water

Net soos in die geval van die berekening van die bruto geografiese produk kan geen berekenings vir private elektrisiteitsondernemings gemaak word nie, weens n algehele gebrek aan gegewens. Gerieflikheidshalwe word die elektrisiteit-, gas- en waterafdelings van plaaslike owerhede tesame met die ander aktiwiteite van die owerhede, onder algemene regeringsdienste bespreek. Die verdere bespreking het dus alleen op Evkom betrekking.

Die kapitaaluitgawes vir die betrokke periode is regstreeks van dié onderneming verkry. Alleen nuwe aankope van motorvoertuie, masjinerie, ensovoorts, is aangevra, terwyl tweedehandse aankope uitgesluit is. Geen akkurate verdeling volgens streke was moontlik nie weens n gebrek aan gegewens. Al die besondere kapitaaluitgawes aangegaan ten opsigte van kragstasies en die besondere kragstasie se netwerk van transmissielyne, is na die streke in ooreenstemming met die ligging van die kragstasies toegedeel. Weens die betreklike groot streeksverdeling gevolg, behoort dit nie die resultate noemenswaardig te beïnvloed nie.

Die veranderinge in voorrade van die ondernemings in die Oranjeriviergebied is regstreeks vanaf Evkom verkry.

As n geheel gesien kan die resultate as redelik betroubaar aanvaar word. Weens die toedeling volgens kragstasie, mag die bruto kapitaalvormingsyfers van sekere substreke egter onderwaardeer wees, terwyl die streke waarin kragstasies geleë is, se kapitaalvorming oorwaardeer mag wees.

(f) Vervoer, opberging en kommunikasie

Gerieflikheidshalwe word die berekeningsmetodes wat by die vervoerafdelings van plaaslike owerhede gevolg is, saam met die ander aktiwiteite van die owerhede bespreek alhoewel dit by die resultate van die produksietak ingesluit is. In die verdere bespreking word die berekeningsmetodes wat by:

- (1) die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens,
 - (2) die Departement van Pos-, Telegraaf- en Telefoonwese,
 - (3) die Goewermentsgarage, burgerlike lughawens en die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie en
 - (4) private vervoer gevolg is,
- afsonderlike aangetoon.

(i) Die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens

Die inligting met betrekking tot die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens is uit die Begroting van uitgawes aan Kapitaal- en Verbeteringswerke, van die onderneming verkry. Die kapitaaluitgawes word in die verslae onder n aantal items aangegee, naamlik:

- (1) aanleg van spoorweë,
- (2) nuwe werke aan oopgestelde lyne,
- (3) rollende materiaal,
- (4) padvervoerdiens,
- (5) hawens,

- (6) stoomskepe,
- (7) lugdiens en
- (8) bedryfskapitaal.

Alleen die uitgawes met betrekking tot rollende materiaal en bedryfskapitaal word nie volgens ligging aangetoon nie. Weens n gebrek aan geskikter data is die landstotale ten opsigte van laasgenoemde items aan die hand van die ander kapitaaluitgawes, wat volgens ligging aangetoon word, toegedeel.

Alhoewel die aankoop van grond in die verslae by kapitaaluitgawes aangegee word, word dit ook apart aangetoon. Gevolglik was dit moontlik om dié aankope in ooreenstemming met die definisie gevolg, buite rekening te laat. Wat die aankoop van reedsbestaende bates betref, was dit alleen moontlik om dié ten opsigte van bestaende spoorlyne uit te sluit. Daar mag dus in die resultate uitgawes aan reedsbestaende bates ingesluit wees. Sover as wat vasgestel kon word, behoort dié bedrag egter minimaal te wees.

Die waarde van voorrade vir die onderneming is nie beskikbaar vir kleiner geografiese eenhede in die land nie. Volgens inligting ingewin behoort daar egter n korrelasie te bestaan tussen die grootte van voorrade en die kapitaal-bates van die onderneming in die onderskeie streke. Die verandering in voorrade is dus in ooreenstemming met die verspreiding van kapitaal-bates na die onderskeie streke verdeel.

(ii) Departement van Pos-, Telegraaf- en Telefoonwese

Inligting met betrekking tot die kapitaaluitgawes wat deur die Departement van Pos-, Telegraaf- en Telefoonwese in 1959/60 tot 1961/62 aangegaan is, is volgens ligging van die instansie verkry. Om die oorblywende jare se vaste kapitaalvorming te bereken is die waarde van nuwe geboue en konstruksiewerke uit die jaarverslae van die Kontroleur-

en Ouditeur-generaal verkry. Uit samesprekings met die personeel van die Hoofposkantoor het geblyk dat die ander kapitaaluitgawes hoofsaaklik by die aanleg van nuwe sentrale aansluitings aangegaan word. Die nuwe sentrale aansluitings vir elke individuele poskantoor, is vervolgens van die Telekommunikasieafdeling van die Hoofposkantoor verkry. Uit die gegewens is 'n indeks saamgestel vir elke streek wat die nuwe sentrale aansluiting met die mylafstand as gewig aantoon. Deur middel van die indeks is die kapitaaluitgawes met die uitsondering van geboue, vir die oorblywende jare bepaal.

Die veranderings in voorrade van die Departement, Pos-, Telegraaf- en Telefoonwese is buite rekening gelaat, as gevolg van 'n gebrek aan statistiese data. Volgens amptenare van die Hoofposkantoor sal daar egter geen noemenswaardige verskil tussen begin- en eindvoorrade vir die grootste gedeelte van die Oranjeriviergebied wees nie, aangesien die prosedure wat deur die Poskantoor gevolg word, hoofsaaklik neerkom op 'n vervanging van die voorrade wat gedurende 'n boekjaar gebruik is.

(iii) Goewermentsgarage, burgerlike lughawens en die Suid-Afrikaanse Uitsaai-korporasie

Die vaste kapitaaluitgawes en veranderings in voorrade van die Goewermentsgarage, burgerlike lughawens en die S.A.U.K. is van die betrokke instansies, vir die besondere periode en volgens die streke waarin dit aangegaan word, verkry. Nuwe masjinerie en toerusting wat deur die Goewermentsgarage aangekoop word, kan egter alleen vir die land as 'n geheel aangetoon word. Dit is na die streke in die Oranjeriviergebied verdeel op basis van die veronderstelling dat daar 'n korrelasie behoort te bestaan tussen die masjinerie en toerusting en die voertuigsterkte, soos van die Departement van Vervoer verkry.

(iv) Private vervoer

Die bruto kapitaalvorming van private vervoer-ondernemings is uit die ongepubliseerde sensus van die Buro vir Statistiek vir die jaar 1958/59, bereken. In die verslag word die kapitaaluitgawes verdeel tussen:

- (1) Nuwe uitrusting en voertuie aangekoop, waaronder ingedeel is die aankoop van nuwe motorvoertuie, sleepwaens, vliegtuie, skepe en enige ander vorm van vervoeruitrusting, meublement en masjinerie.
- (2) Nuwe konstruksiewerke en verbeterings aangegaan, waaronder die aanbou van nuwe geboue en ander konstruksiewerke ingesluit is.

Om die bruto kapitaalvorming vir die oorblywende jare te bereken is gebruik gemaak van fisiese hoeveelheidsyfers met betrekking tot nuwe handelsvoertuie en busse, soos uit die publikasie van die Buro vir Statistiek, Statistiek van Motorvoertuie vir die jare 1954 tot 1962, verkry. Uit die gegewens is n indeks saamgestel waarin die aantal nuwe handelsvoertuie en busse vir 1958/59 as basisjaar geneem is. Deur middel van die indeks is die tctale vir die oorblywende jare geraam.

Weens n gebrek aan voldoende data is ietwat arbitrêre veronderstellings by die berekenings van die produksietak gemaak. Die eindresultate mag gevolglik aan n aansienlike foutegrens onderhewig wees, veral in die jare waarvoor direkte berekenings nie moontlik was nie. As n geheel gesien behoort die resultate egter die orde van grootte van die bruto kapitaalvorming in die onderskeie streke aan te toon.

(g) Handel

Alhoewel die lewende hawe- en produktemarkte van plaaslike owerhede onder hierdie produksietak geklassifiseer is, word dit gerieflikheidshalwe saam met die ander aktiwiteite van plaaslike owerhede bespreek. Om dieselfde rede

word die berekening van handelsvoorrade saam met nywerheidsvoorrade in 'n latere onderafdeling uiteengesit.

Inligting met betrekking tot die kapitaaluitgawes van die produksietak is uit die sensusverslae met betrekking tot die groot- en kleindistribusiehandel en die motorhandel van die Buro vir Statistiek vir 1960/61, verkry. In die verslae word die kapitaaluitgawes verdeel tussen:

- (1) Konstruksie, waaronder verstaan word die koste ten opsigte van die oprigting van nuwe geboue en siviele ingenieurswerke, sowel as uitbreidings van en verbeterings aan bestaande werke op eie of gehuurde eiendom. Die aankoopprys van grond en geboue en werke van ander gekoop, is uitgesluit.
- (2) Vervoer- en ander uitrusting, waaronder alle uitrusting, ongeag die doel waarvoor dit gebruik word, ingesluit is. Die koste van gebruikte items van ander verkry, is uitgesluit.

Vir die oorblywende jare is die waarde van nuwe geboue en konstruksiewerke bepaal uit die ongepubliseerde opnames van plaaslike besture wat jaarliks deur die Buro vir Statistiek opgeneem word. Aangesien dit nie plattelandse gebiede insluit nie, is 'n aansuiwering vir die gebiede aangebring in dieselfde verhouding as wat van toepassing was tussen die plattelandse gebiede se waarde van nuwe geboue en konstruksiewerke tot die stedelike gebied s'n, vir die jaar 1960/61.

Wat die waarde van vervoer en ander uitrusting betref, is daar geen regstreekse gegewens op 'n geografiese grondslag vir die ander jare beskikbaar nie. Die syfers vir die ander jare is vervolgens geraam op die breë veronderstelling dat die waarde van die nuwe voertuie en ander toerusting van die handelsondernemings, regstreks verband sal hou met die kapitaalvormingsyfers van landbou, mynbou, fabriekswese

en konstruksies.¹²⁾

Dit word besef dat die resultate uit bogenoemde berekenings verkry, net 'n algemene tendens kan aandui. Weens 'n gebrek aan beter statistiese data moes egter daarmee volstaan word. Alleen die resultate vir 1960/61 kan dan ook as redelik betroubaar aanvaar word.

(h) Finansiële instellings en vaste eiendom

Wat private finansiële instellings betref, bestaan daar nog geen volledige gegewens vir geografiese gebiede kleiner as die landsgrense nie. By die berekening van die ondernemings se bruto kapitaalvorming in 1959/60 tot 1961/62, is gebruik gemaak van 'n steekproef. Die kapitaalvorming van vyf van die grootste finansiële instellings in Suid-Afrika, by name Sanlam, Old Mutual, Barclays-, Volkskas- en Standardbank, is naamlik volgens landdrosdistrik van die Ondernemings verkry. Ander private finansiële instellings is nie in die steekproef in ag geneem nie, as gevolg van die relatiewe onbelangrikheid van die ondernemings in die ondersoekgebied. Om die bruto kapitaalvorming in die produksietak as 'n geheel te bepaal, is die steekproefsyfers aangesuiwer met die verhouding van die steekproefondernemings se toegevoegde bruto waarde tot die totale toegevoegde bruto waarde van die produksietak, in die onderskeie streke.

Vir die oorblywende jare is die uitgawe aan nuwe geboue en konstruksiewerke van die ondernemings in die produksietak, uit die ongepubliseerde opnames ten opsigte van plaaslike owerhede van die Buro vir Statistiek, bepaal. Om die waarde van voertuie en ander uitrusting te raam, is van die veronderstelling uitgegaan dat dit regstreeks verband sal hou met die kapitaalvormingsyfers van landbou-,

12) Die metode kom ooreen met die gevolg deur J.J.D. Willers vir die jare 1910 tot 1947. Vergelyk op.cit., p. 261.

mynbou, vervaardiging en konstruksie.¹³⁾

Die bruto kapitaalvorming van die Suid-Afrikaanse Reserwebank en die Land- en Landboubank, is bereken aan die hand van gegewens wat deur die instellings verstrekk is.

Uit die berekeningsmetodes kan gesien word dat die resultate ten opsigte van die produksietak op 'n betreklik arbitrêre wyse geraam is. Opsommenderwyse kan gestel word dat die resultate vir die latere jare meer betroubaar behoort te wees as die vir die vroeëre jare.

(i) Besit van wonings

Die data met betrekking tot die berekenings in die produksietak is uit opnames ten opsigte van plaaslike besture, wat vanaf 1920 jaarliks aan die Buro vir Statistiek gestuur word, verkry. In die opnames word die waarde van nuwe woongeboue en verbeteringswerke aan bestaande geboue vir die gebied wat onder die jurisdiksie van die plaaslike bestuur val, aangevra.

Die waarde van finale koste aan nuwe woonhuise en woonstelle, asook die aan- en verbouings aan die woongeboue, is sonder meer aanvaar as verteenwoordigend vir die bruto kapitaalvorming in die produksietak. Aangesien die gegewens beskikbaar is vir elke individuele plaaslike owerheid, was dit moontlik om 'n verdeling volgens streek te verkry. Geen verdere voorsiening was nodig vir woongeboue in plattelandse gebiede wat nie in die opnames van die Buro vir Statistiek gedek word nie, omdat dit reeds onder landbou en bosbou in berekening gebring is.

Die resultate ten opsigte van die produksietak kan as redelik betroubaar vir die hele periode aanvaar word,

13) Die metode kom ooreen met die gevolg deur J.J.D. Willers vir die jare 1910 tot 1947, Idem, p. 261.

aangesien dit gebaseer is op data wat regstreeks vir elke streek beskikbaar is.

(j) Algemene regeringsdienste

In hierdie onderafdeling word die berekeningsmetodes wat by die sentrale regering, provinsiale administrasies en plaaslike owerhede gevolg is, afsonderlik bespreek.

(i) Sentrale regering

Die kapitaaluitgawes van die sentrale regering is hoofsaaklik aan die hand van inligting uit die Kontroleur- en Ouditeur-generaal se verslae bereken, en wel met inagneming van die volgende uitgawe-items:

- (1) Nuwe geboue, brûe en verbeteringswerke wat hoofsaaklik onder die leningspos Publieke Werke aangetoon word. Die uitgawes word aangegee volgens die plek waarvoor dit aangegaan word en gevolglik kon die resultate op 'n streeksbasis bereken word. Die geboue en verbeteringswerke vir die Departement van Verdediging opgerig, is volgens definisie nie in die bruto kapitaalvorming ingesluit nie.
- (2) Besproeiingswerke wat in die verslae onder die leningspos Waterwese aangetoon word. Die uitgawes wat aangegaan word, word apart vir elke besproeiingskema aangetoon, gevolglik kon 'n streeksverdeling verkry word.
- (3) Die ontwikkeling van nedersettingsgebiede en besproeiingskemas wat onder die Departement van Lande sorteer. Gegewens word onder die leningspos Lande en Nedersettings op 'n streeksbasis weergegee.
- (4) Daarbenewens is uitgawes ten opsigte van bebossing, kantooruitrusting en meubels, motore en ander voertuie en gereedskap, van die onderskeie departemente op 'n streeksgrondslag verkry.

(ii) Provinsiale administrasies

Die volgende items is onder die bruto kapitaalvorming van die instansies ingesluit:

(1) Nuwe konstruksiewerke en verbeterings aangegaan, waaronder die bou van hospitale, skole, administratiewe geboue, paaie en brûe, asook enige verbeterings wat aan bestaande geboue aangebring is, ingesluit is; en

(2) Nuwe uitrusting en voertuie aangekoop.

Om die bruto kapitaalvorming van die algemene administrasie, brûe, hospitale en onderwysdienste van die provinsiale administrasies op 'n streekbasis te bereken, het geen noemenswaardige probleme meegebring nie. In die onderskeie verslae van die Provinsiale Ouditeurs word naamlik aangetoon waar die verskillende kapitaalwerke aangegaan is. Wat die bou van paaie deur die Kaapse Provinsiale Administrasie betref, was die afdelingsrade voor 1960 daarvoor verantwoordelik. Gevolglik is die kapitaalvorming wat sodoende ontstaan het, by die plaaslike owerhede in berekening gebring. Kragtens Ordonnansie 28 van 1960 is die funksie deur die provinsiale administrasies oorgeneem. Vir die latere jare is dit in berekening gebring by die bruto kapitaalvorming van die provinsiale administrasie in ooreenstemming met inligting regstreeks van die betrokke instansie verkry. In die geval van die bou van paaie deur die Oranje-Vrystaatse Provinsiale Administrasie is die verdeling tussen streke vir die hele tydperk gedoen, aan die hand van inligting uit die Begroting van Inkomste en Uitgawe van die Provinsiale Ouditeur verkry. Nuwe uitrusting en voertuie aangekoop, is tussen die streke verdeel aan die hand van inligting van die betrokke instansies ingewin.

(iii) Plaaslike owerhede

By die bespreking oor die berekeningsmetodes wat by plaaslike owerhede gevolg is, word tussen die handels- en nie-handelsafdelings van die plaaslike owerhede onderskei. Die kapitaaluitgawes van albei die afdelings word hoofsaaklik gefinansier uit die belasting-, behuising-, hernuwings- en Bantoe-administrasiefondse.

(1) Nie-handelsafdelings

Die kapitaaluitgawes van die nie-handelsafdelings bestaan hoofsaaklik uit die oprigting van nuwe woongeboue soos kantore, sale en hospitale; die konstruksie van paaie, strate, brûe en aanverwante konstruksiewerke; riolering en suiweringswerke; vloedwaterafvoer en ander konstruksie soos ontspanningsterreine; parke; bosaanplanting, masjinerie, meubels en toerusting.

Die gegewens met betrekking tot die uitgawes in 'n besondere jaar aangegaan, is verkry uit ongepubliseerde opnames by die Buro vir Statistiek ten opsigte van elke individuele plaaslike owerheid. Die verdeling van die bruto kapitaalvorming in streke het dus geen noemenswaardige probleme ingehou nie.

(2) Handelsafdelings

Die data wat vir die berekening van die bruto kapitaalvorming van die handelsafdelings benodig is, is uit ongepubliseerde opnames by die Buro vir Statistiek verkry. Die gegewens word apart vir die onderskeie handelsafdelings aangetoon, naamlik, elektrisiteit-, water en gasafdelings, slagpale, lewendehawe- en produktemarkte en vervoerafdelings. Die verdeling van die onderskeie afdelings na die produksietakke waar hulle tuishoort, het dus geen probleme meegebring nie.

By die handelsafdelings is hoofsaaklik items soos die uitgawes aangegaan ten opsigte van nuwe geboue, hooflyne en diensaansluitings in die geval van elektrisiteit en gas; transformasies by elektrisiteit; hoof- en verspreidingspype, reservoirs, filtreerinstallasies, boorgate, damme en pompwerk, in die geval van water; die aanbou van nuwe slagpale en markte; asook die aankoop van motorvoertuie, meubels, masjinerie en ander toerusting; ingesluit.

Uit die berekeningsmetodes soos hierbo uiteengesit kan sonder meer aanvaar word dat die resultate ten opsigte van die produksietak, met die uitsondering van die provinsiale administrasies redelik betroubaar is. n Mate van onbetroubaarheid word in die resultate van die provinsiale administrasies verkry, as gevolg van die bepaling van die kapitaaluitgawes ten opsigte van die aanleg van nuwe paaie volgens streke. As n geheel gesien kan die resultate van die produksietak beskou word as een van die betroubaarste reekse in die berekening van die bruto kapitaalvorming.

(k) Ander dienste

Die waarde van nuwe geboue en konstruksiewerke deur ondernemings in die produksietak opgerig, is uit die opnames van die Buro vir Statistiek met betrekking tot plaaslike owerhede verkry. In ooreenstemming met die aanname dat die ondernemings in die produksietak hoofsaaklik in die stedelike gebiede sal voorkom, is geen voorsiening vir sodanige uitgawes in die platteland aangebring nie.

Uit die betrokke sensusverslae met betrekking tot die regsdiens, algemene besigheidsdienste, akkommodasie- en verversingsdiens en die wassery, kleur en skoonmaak van klere, is die uitgawes aangegaan ten opsigte van masjinerie en toerusting vir n aantal jare verkry. Vir die oorblywende jare is dit bepaal deur van die veronderstelling uit te gaan, dat die uitgawes vir masjinerie en toerusting verband sal hou.

met die bruto kapitaalvorming wat in landbou, mynbou en fabriekswese en konstruksie ontstaan. Die ietwat arbitrêre berekening behoort nie die bruto kapitaalvormingsyfers noemenswaardig te beïnvloed nie, weens die relatiewe onbelangrikheid van die aankope van masjinerie en toerusting in die produksietak. Veranderings in voorrade vir die produksietak is nie in berekening gebring nie, as gevolg van 'n gebrek aan gegewens. Die veranderings in voorrade van die produksietak behoort egter baie klein te wees.

Dit word besef dat die resultate onderhewig kan wees aan 'n baie groot foutegrens, weens die arbitrêre veronderstellings waarop die berekenings gebaseer is. Dit kan dan ook beskou word as die onbetroubaarste reeks in die berekening van die bruto kapitaalvorming.

(1) Nywerheids- en handelsvoorrade

Al data met betrekking tot nywerheids- en handelsvoorrade vir geografiese streke kleiner as die nasionale grense in Suid-Afrika, is die Nywerheidsensus van 1959/60 volgens landdrostdistrik en die sensusverslag ten opsigte van handelsaktiwiteite van 1960/61 volgens ekonomiese streke. Aangesien die streeksindeling van hierdie studie, nie streng ooreenkom met die ekonomiese streeksindeling wat deur die Buro vir Statistiek gevolg word nie, kon die gegewens met betrekking tot handel nie sonder meer gebruik word nie. Uit die nywerheidsensus van 1959/60 was dit egter moontlik om die veranderings in voorrade te bereken as die verskil tussen die begin- en eindvoorrade vir die betrokke jaar. Die probleem het dus ontstaan om 'n metode te vind waarvolgens soortgelyke gegewens vir die oorblywende jare afgelei kon word.

J.J.D. Willers het die totale veranderings in voorrade vir die land bepaal as 40 persent van die totale volksinkome vir die jare 1919 tot 1938, met inagneming van aansuiwerings

in ooreenstemming met die tendens wat invoersyfers toon.¹⁴⁾ Willers het egter gevind dat die verhouding vir die periode na Wêreld Oorlog 11 ongeveer 45 persent is. Ondanks enige feitlike bewys dat die verhouding van 45 persent ook van toepassing sal wees vir kleiner geografiese eenhede binne n land, is dit weens n gebrek aan gegewens in hierdie studie toegepas. Daarbenewens kan die metode gekritiseer word as gevolg van die sloeringsverskynsel wat by die veranderings in voorrade waarneembaar is, naamlik dat voorrade gedurende die eerste 6 - 12 maande van ekonomiese uitbreiding nog steeds verminder, alhoewel teen n stadiger tempo as in die voorafgaande periode van ekonomiese inkringing. Soortgelyk neem voorrade stadiger af in die eerste jaar na ekonomiese verslapping ingetree het, waarna dit weer teen n vinniger tempo afneem.¹⁵⁾ Weens n gebrek aan data om n doeltreffender metode toe te pas, moes met die metode volstaan word.

Die syfers vir die veranderings in voorrade aldus verkry, is vervolgens verminder met die syfers vir die veranderings in voorrade van die myne, openbare korporasies en ander sake-ondernemings van openbare owerhede, en die reeks wat oorbly word as die veranderings in voorrade van alle nywerheids- en handelondernemings beskou. Voorrade wat deur die landbouproduksietak gehou word, word buite rekening gelaat omdat hulle as gevolg van natuurfaktore heeltemal onafhanklike fluktuasies vertoon. Om n verdeling tussen handels- en nywerheidsvoorrade te maak, is van die veronderstelling uitgegaan dat die verhouding van die berekende veranderings in nywerheidsvoorrade van

14) Vgl. Willers, J.J.D. op.cit., pp. 262 tot 268. Die metode is gebaseer op n metode aangewend deur Phelps-Brown. Vgl. Phelps-Brown, E.H. with Handfield Jones, S.J. The Climaterics of the 1890's; A Study in the Expanding Economy, Oxford Economic Papers, Oktober 1952, p.304.

15) Vgl. Willers, J.J.D. op.cit., p.264

1959/60, ook vir die oorblywende jare van toepassing sal wees.

Dit word besef dat die reeks bereken is op grond van arbitrêre veronderstellings wat nie noodwendig in die praktyk hoef te geld nie. Gevolglik mag dit ook onderhewig wees aan n groot foutegrens. Weens n gebrek aan geskikter data moes egter met die berekenings volstaan word.

(m) Oordragbetalings.

Die Statistiese Kommissie van die V.V.O. verklaar dat indien alleen die kapitaalvorming ten opsigte van nuwe bates getoon word, soos in hierdie studie gedoen is, die oordragkoste van bestaande bates soos vervoer- en regskoste, installasiefooie en indirekte belasting ingesluit moet word by die kapitaalvorming van die sektor wat dit aankoop.¹⁶⁾ Weens n gebrek aan gegewens kon alleen die totale vir elke streek geraam word, dit word dus nie volgens produksietak aangetoon nie.

Die belangrikste oordragbetaling in die geval van Suid-Afrika is hereregte wat betaalbaar is op oordragte van vaste eiendom. n Verspreiding van die betalings volgens landdrosdistrik word in die Jaarverslae van die Sekretaris van Binnelandse Inkomste vir n aantal jare aangetoon. Die ontbrekende syfers vir die ander jare is geraam deur die land se totale toe te deel na die streke aan die hand van die waarde van vaste eiendom waarop hereregte betaal is, soos verkry uit dieselfde verslae.

By die item moet nog regskoste en seëlregte gevoeg word. Die regskoste en ander koste is in ooreenstemming met J.J.D. Willers as n drie-kwart persent van die waarde van eiendom oorgedra, bereken.¹⁷⁾ Geen voorsiening is vir

16) Vgl. Concepts and Definitions of Capital Formation, op.cit., p.11

17) Vgl. Willers, J.J.D. op.cit., pp. 276 en 277.

moontlike oordragkoste, hoofsaaklik seëlregte en regskoste op ander bates, dit wil sê uitgesonderd vaste eiendom, gemaak nie, maar die syfers sal heelwaarskynlik nie noemenswaardig groot wees nie.

Die resultate soos hierbo bereken behoort redelik betroubaar te wees. Noodwendig sal dit onderhewig wees aan n geringe foutegrens weens sekere arbitrêre aannames waarvan uitgegaan moes word. Die weglating van oordragkoste op ander bates, uitgesonderd vaste bates, behoort egter nie die resultate noemenswaardig te beïnvloed nie.

5. Resultate

Ten slotte word die resultate van die berekeningsmetodes in hierdie afdeling saamgevat. Tabelle 14, 15 en 16, toon die bruto kapitaalvorming volgens tipe bate, organisasie en industriële gebruik aan.

TABEL 13 DIE BRUTO KAPITAALVORMING VAN DIE ORANJERIVIERGEBIED VOLGENS TIFE BATE, 1954/55 TOT 1961/62
(R1,000)

Streek of gebied	1954/55				1955/56				1956/57				1957/58			
	Vaste kapi- taalvorming	Belegging in Voorrade	Oordrag- betalings	Bruto kapitaal- vorming	Vaste kapi- taalvorming	Belegging in Voorrade	Oordrag- betalings	Bruto kapitaal- vorming	Vaste kapi- taalvorming	Belegging in Voorrade	Oordrag- betalings	Bruto kapitaal- vorming	Vaste kapi- taalvorming	Belegging in Voorrade	Oordrag- betalings	Bruto kapitaal- vorming
Oranjeriviergebied	77706	6632	2040	86378	77702	6076	1861	85639	84853	7952	1758	94563	92075	3398	1844	97317
Suidelike Streek	29895	1253	852	32000	31504	796	775	33075	30602	1199	679	32480	34990	-150	757	35597
Oostelike Streek	15443	984	428	16855	16809	1505	389	18701	20486	2072	306	22864	20831	493	377	21701
Sentrale Streek	15609	1599	349	17557	14034	1012	318	15364	15580	2643	470	18693	16714	2584	351	19649
Westelike Streek	16759	2796	411	19966	15355	2765	379	18499	18185	2038	303	20526	19540	471	359	20370
1 Benede-Sondagarivier	20707	1091	600	22398	21170	732	546	22448	20151	747	478	21376	25813	-216	531	26128
2 Visrivier	9188	162	252	9602	10534	64	229	10627	10451	432	201	11104	9177	66	226	9469
3 Lady Grey-Herschel	354	-269	12	97	351	-2	11	360	366	335	18	719	308	-169	5	144
4 Wepener-Zastron	878	-180	32	730	916	233	29	1178	909	-171	11	749	1024	-78	20	966
5 Suidoos-Vrystaat	1432	-13	55	1474	1171	-	50	1221	1520	469	26	2015	1414	-279	40	1175
6 Kafferrivier	12779	1446	329	14554	14371	1272	299	15942	17691	1439	251	19381	18085	1019	312	19416
7 Linkeroewer-Hendrik Verwoerd	4127	25	110	4262	2765	-39	100	2826	2961	329	85	3375	3065	333	100	3498
8 Regteroewer-Hendrik Verwoerd	985	28	38	1051	929	103	35	1067	1034	-36	22	1020	882	129	27	1038
9 Regteroewer-Vanderkloof	1657	72	37	1766	1560	-50	33	1543	1850	326	37	2213	1813	-149	52	1716
10 Kaap-Rietrivier	6460	1350	94	7904	6324	1028	86	7438	7362	1502	127	8991	8458	1868	110	10436
11 Linkeroewer-Vanderkloof	2380	124	70	2574	2456	-30	64	2490	2373	522	199	3094	2496	403	62	2961
12 Suid-Kalahari	7715	1576	269	9560	7349	1311	250	8910	8103	788	176	9067	9099	1985	217	11301
13 Boesmanland	3181	276	58	3515	2983	584	53	3620	3262	-109	57	3210	3292	-169	54	3177
14 Sakrivier	4070	516	70	4656	2946	698	63	3707	4271	550	55	4876	4184	-306	74	3932
15 Namakwaland	1793	428	14	2235	2077	172	13	2262	2549	809	15	3373	2965	-1039	14	1940

Streek of gebied	1958/59				1959/60				1960/61				1961/62			
	Vaste kapi- taalvorming	Belegging in Voorrade	Oordrag- betalings	Bruto kapitaal- vorming	Vaste kapi- taalvorming	Belegging in Voorrade	Oordrag- betalings	Bruto kapitaal- vorming	Vaste kapi- taalvorming	Belegging in Voorrade	Oordrag- betalings	Bruto kapitaal- vorming	Vaste kapi- taalvorming	Belegging in Voorrade	Oordrag- betalings	Bruto kapitaal- vorming
Oranjeriviergebied	86844	1599	1698	90141	92628	8245	1772	102645	89190	4778	1906	95874	84290	6095	1571	91956
Suidelike Streek	34925	591	618	36134	34830	1309	693	36832	30568	1784	657	33009	26790	1554	449	28793
Oostelike Streek	18951	1099	370	20400	22208	2298	403	24909	20973	2481	405	23859	19159	1275	354	20788
Sentrale Streek	15179	1056	370	16605	14800	1924	315	17039	16020	1726	415	18161	18146	438	320	18904
Westelike Streek	17809	-1147	340	17002	20790	2714	361	23865	21629	-1213	429	20845	20195	2828	448	23471
1 Benede-Sondagarivier	27589	1086	498	29173	25883	1279	555	27717	24783	815	471	26069	20783	924	324	22031
2 Visrivier	7336	-495	120	6961	8947	30	138	9115	5785	969	186	6940	6007	630	125	6762
3 Lady Grey-Herschel	284	69	4	357	283	-345	5	-57	253	577	5	835	217	142	9	368
4 Wepener-Zastron	717	8	13	738	895	368	16	1279	787	6	16	809	688	191	31	910
5 Suidoos-Vrystaat	976	339	39	1354	1437	1265	44	2746	2468	-138	50	2380	2228	378	41	2647
6 Kafferrivier	16954	683	314	17951	19593	1010	338	20941	17465	2036	334	19835	16026	564	273	16863
7 Linkeroewer-Hendrik Verwoerd	2214	-402	62	1874	2369	363	72	2804	2863	332	91	3286	2832	45	82	2959
8 Regteroewer-Hendrik Verwoerd	609	-199	23	433	763	118	27	908	1013	64	30	1107	1066	-9	25	1082
9 Regteroewer-Vanderkloof	1413	519	33	1965	1858	493	41	2392	1222	-586	71	707	1573	-199	48	1462
10 Kaap-Rietrivier	8602	500	106	9208	7451	1262	125	8838	8449	1198	134	9781	10325	709	95	11129
11 Linkeroewer-Vanderkloof	2341	638	146	3125	2359	-312	50	2097	2473	718	89	3280	2350	-148	70	2272
12 Suid-Kalahari	9606	-186	239	9659	12454	3129	248	15831	14123	-431	288	13980	11859	1401	304	13564
13 Boesmanland	3062	-292	43	2813	3002	-1432	52	1622	2875	199	83	3157	2363	-829	80	1614
14 Sakrivier	2157	-540	50	1667	2226	-378	50	1898	1749	-538	43	1254	2633	1611	49	4293
15 Namakwaland	2984	-129	8	2863	3108	1395	11	4514	2882	-443	15	2454	3340	645	15	4000

TABEL 14 DIE BRUTO KAPITAALVORMING VAN DIE ORANJERIVIERGEBIED VOLGENS TYPISIE ORGANISASIE, 1954/55 TOT 1961/62
(R1,000)

Streek of gebied	1954/55				1955/56				1956/57				1957/58			
	Private onder-nemings	Owerheids-onderne-mings en openbare korporasies	Openbare Owerhede	Totaal	Private onder-nemings	Owerheids-onderne-mings en openbare korporasies	Openbare Owerhede	Totaal	Private onder-nemings	Owerheids-onderne-mings en openbare korporasies	Openbare Owerhede	Totaal	Private onder-nemings	Owerheids-onderne-mings en openbare korporasies	Openbare Owerhede	Totaal
Oranjeriviergebied	56413	19276	10689	86378	48714	26779	10146	85639	55946	24558	14059	94563	53136	28335	15846	97317
Suidelike Streek	19583	7906	4511	32000	17290	11727	4058	33075	18000	9486	4994	32480	18270	11528	5799	35597
Oostelike Streek	9232	5273	2350	16855	9088	7364	2249	18701	11492	7554	3818	22864	8443	9269	3989	21701
Sentrale Streek	11646	3832	2079	17557	8217	5304	1843	15364	11202	5128	2363	18693	11741	5203	2705	19649
Westelike Streek	15952	2265	1749	19966	14119	2384	1996	18499	15252	2390	2884	20526	14682	2335	3353	20370
1 Benede-Sondagsrivier	14360	4576	3462	22398	13370	6447	2631	22448	13369	4444	3563	21376	14144	7633	4351	26128
2 Visrivier	5223	3330	1049	9602	3920	5280	1427	10627	4631	5042	1431	11104	4126	3895	1448	9469
3 Lady Grey-Herschel	-27	111	13	97	163	190	7	360	598	107	14	719	33	96	15	144
4 Wepener-Zastron	554	89	87	730	985	144	49	1178	542	22	185	749	715	144	107	966
5 Suidoos-Vrystaat	1308	56	110	1474	1032	114	75	1221	1766	77	172	2015	1096	61	58	1175
6 Kafferrivier	7397	5017	2140	14554	6908	6916	2118	15942	8586	7348	3447	19381	6639	8968	3809	19416
7 Linkeroewer-Hendrik Verwoerd	2934	846	682	4262	1268	1217	341	2826	2060	781	534	3375	1998	713	787	3498
8 Regteroewer-Hendrik Verwoerd	747	239	45	1051	614	420	33	1067	501	469	50	1020	768	237	33	1038
9 Regteroewer-Vanderkloof	1369	131	266	1766	1146	202	195	1543	1694	145	374	2213	1318	74	324	1716
10 Kaap-Bietrivier	4878	1910	1116	7904	4056	2331	1051	7438	4871	2954	1166	8991	5708	3460	1268	10436
11 Linkeroewer-Vanderkloof	1718	706	150	2574	1133	1134	223	2490	2076	779	239	3094	1949	719	293	2961
12 Suid-Kalahari	7213	1097	1250	9560	6751	1017	1142	8910	6310	1061	1696	9067	8461	1029	1811	11301
13 Boesmanland	2644	568	305	3515	2528	706	386	3620	2021	700	489	3210	2143	448	586	3177
14 Sakrivier	4206	303	147	4656	3207	335	165	3707	4262	242	372	4876	2949	293	710	3952
15 Namakwaland	1889	297	49	2235	1633	326	305	2262	2659	387	327	3373	1129	565	246	1940

Streek of gebied	1958/59				1959/60				1960/61				1961/62			
	Private onder-nemings	Owerheids-onderne-mings en korporasies	Openbare Owerhede	Totaal	Private onder-nemings	Owerheids-onderne-mings en korporasies	Openbare Owerhede	Totaal	Private onder-nemings	Owerheids-onderne-mings en korporasies	Openbare Owerhede	Totaal	Private onder-nemings	Owerheids-onderne-mings en korporasies	Openbare Owerhede	Totaal
Oranjeriviergebied	47287	27957	14897	90141	58104	30051	14490	102645	48989	31257	15628	95874	50286	26554	15116	91956
Suidelike Streek	18556	12057	5521	36134	19274	12715	4843	36832	17705	10616	4688	33009	15423	8147	5223	28793
Oostelike Streek	8809	8590	3001	20400	12812	9606	2491	24909	11489	9466	2904	23859	8480	9441	2867	20788
Sentrale Streek	9419	4306	2880	16605	10323	3546	3170	17059	9022	5326	3813	18161	8618	6545	3741	18904
Westelike Streek	10503	3004	3495	17002	15695	4184	3986	23865	10773	5849	4223	20845	17765	2421	3285	23471
1 Benede-Sondagsrivier	16100	8853	4220	29173	16032	8036	3649	27717	14178	8339	3552	26069	11810	6302	3919	22031
2 Visrivier	2456	3204	1301	6961	3242	4679	1194	9115	3527	1136	6940	3613	1845	1304	7	6762
3 Lady Grey-Herschel	284	63	10	357	-139	67	15	-57	800	26	9	835	354	7	7	368
4 Wepener-Zastron	463	93	182	738	915	322	42	1279	538	208	63	809	795	42	73	910
5 Suidoos-Vrystaat	1123	125	106	1354	2255	410	81	2746	696	1547	137	2380	1151	1356	140	2647
6 Kafferrivier	6939	8309	2703	17951	9781	8807	2333	20941	9455	7685	2695	19835	6180	8036	2647	16863
7 Linkeroewer-Hendrik Verwoerd	746	381	747	1874	1744	364	696	2804	1782	631	873	3286	1402	624	933	2959
8 Regteroewer-Hendrik Verwoerd	168	208	57	433	518	352	38	908	400	679	28	1107	403	618	61	1082
9 Regteroewer-Vanderkloof	1659	46	260	1965	1860	166	366	2392	454	30	223	707	1013	159	290	1462
10 Kaap-Bietrivier	4874	2903	1431	9208	5294	1898	1646	8838	4419	3134	2208	9781	4894	4546	1689	11129
11 Linkeroewer-Vanderkloof	1972	768	385	3125	907	766	424	2097	1967	832	481	3280	906	598	768	2272
12 Suid-Kalahari	5974	1658	2027	9659	10688	2815	2328	15831	7016	4681	2283	13980	10063	1491	2010	13564
13 Boesmanland	1524	487	802	2813	214	405	1003	1622	1726	355	1076	3157	815	276	523	1614
14 Sakrivier	971	197	499	1667	1116	307	475	1898	506	250	498	1254	3873	35	385	4293
15 Namakwaland	2034	662	167	2863	3677	657	180	4514	1525	563	366	2454	3014	619	367	4000

TABEL 15. DIE BRUTO KAPITAALVORMING VAN DIE ORANJERIVIERGEBIED VOLGENS PRODUKSIETAK, 1954/55 TOT 1961/62

(R1,000)

Streek of Gebied	1954/55											
	Landbou, Bosbou en Visserye	Mynbou en Steengroewe	Fabriekswese en Konstruksies.	Elektrisiteit, gas en water	Vervoer, Opberging en Kommunikasie	Handel	Finansiële instellings en vaste eiendom	Besit van wonings	Algemene Regeringsdienste	Ander dienste	Oordragbetalings	Bruto Kapitaalvorming
Oranjeriviergebied	25465	4527	4512	3918	15360	7656	2289	7653	10689	2269	2040	86378
Suidelike Streek	5805	111	3497	1607	6527	2691	1461	3681	4511	1257	852	32000
Oostelike Streek	3152	1	383	1243	3976	2247	231	2273	2350	571	428	16855
Sentrale Streek	6259	1215	401	842	2988	1791	136	1305	2079	192	349	17557
Westelike Streek	10249	3200	231	226	1869	927	461	394	1749	249	411	19966
1 Benede-Sondagsrivier	1505	83	3416	1398	3392	2460	1381	3544	3462	1157	600	22398
2 Visrivier	4300	28	81	209	3135	231	80	137	1049	100	252	9602
3 Lady Grey-Herschel	-76	-	4	-	115	20	-	9	13	-	12	97
4 Wepener-Zastron	396	-	27	16	83	69	1	18	87	1	32	730
5 Suidoos-Vrystaat	1081	-	2	13	52	40	76	34	110	11	55	1474
6 Kafferrivier	1751	1	350	1214	3726	2118	154	2212	2140	559	329	14554
7 Linkeroewer-Hendrik Verwoerd	2384	-	51	40	803	271	33	70	482	18	110	4262
8 Regteroewer-Hendrik Verwoerd	574	-	7	4	237	86	6	23	65	11	38	1051
9 Regteroewer-Vanderkloof	793	179	48	2	137	190	17	65	266	32	37	1766
10 Kaap-Rietrivier	1301	1074	281	783	1103	984	42	1010	1116	116	94	7904
11 Linkeroewer-Vanderkloof	1207	-38	14	13	708	260	38	137	150	15	70	2574
12 Suid-Kalahari	4076	1862	198	149	1018	260	85	224	1250	169	269	9560
13 Boesmanland	1999	222	18	19	580	212	37	46	302	21	58	3515
14 Sakrivier	3388	-	4	53	256	330	335	47	147	26	70	4656
15 Namakwaland	786	1116	11	5	15	125	4	77	49	33	14	2235

Streek of Gebied	1955/56											
	Landbou, Bosbou en Visserye	Mynbou en Steengroewe	Fabriekswese en Konstruksies	Elektrisiteit, gas en water	Vervoer, Opberging en Kommunikasie	Handel	Finansiële instellings en vaste eiendom	Besit van wonings	Algemene Regeringsdienste	Ander dienste	Oordragbetalings	Bruto kapitaalvorming
Oranjeriviergebied	19337	4494	4938	4896	21815	6375	1732	8295	10146	1750	1861	85639
Suidelike Streek	4129	98	3782	2608	9347	2379	1073	3911	4058	915	775	33075
Oostelike Streek	2956	2	513	862	6366	2437	199	2281	2249	447	389	18701
Sentrale Streek	3759	1463	381	1186	4147	450	93	1555	1843	169	318	15364
Westelike Streek	8493	2931	262	240	1955	1109	367	548	1996	219	379	18499
1 Benede-Sondagsrivier	1053	70	3680	2275	4397	2233	1010	3722	2631	831	546	22448
2 Visrivier	3076	28	102	333	4950	146	63	189	1427	84	229	10627
3 Lady Grey-Herschel	93	-	2	-	195	46	-	6	7	-	11	360
4 Wepener-Zastron	802	-	38	53	96	77	2	28	49	4	29	1178
5 Suidoos-Vrystaat	816	-	6	30	92	19	57	69	75	7	50	1221
6 Kafferrivier	1245	2	467	779	5983	2295	140	2178	2118	436	299	15942
7 Linkeroewer-Hendrik Verwoerd	1018	-	34	66	1152	14	14	78	341	9	100	2826
8 Regteroewer-Hendrik Verwoerd	520	-	9	4	417	-1	5	34	33	11	35	1067
9 Regteroewer-Vanderkloof	675	215	53	6	201	44	16	74	195	31	33	1543
10 Kaap-Rietrivier	739	1252	268	1073	1267	359	32	1203	1051	108	86	7438
11 Linkeroewer-Vanderkloof	807	4	17	37	1110	34	26	166	223	10	64	2490
12 Suid-Kalahari	3700	1505	223	156	933	496	74	282	1142	149	250	8910
13 Boesmanland	1975	250	23	23	708	66	51	62	386	23	53	3620
14 Sakrivier	2405	-	8	53	288	388	238	86	165	13	63	3707
15 Namakwaland	413	1176	8	8	26	159	4	118	303	34	13	2262

TABEL 15 VERVOLG

Streek of gebied	1956/57											
	Landbou, Bosbou en Viesserye	Mynbou en Steengroewe	Fabriekswese en Konstruksies	Elektrisiteit, gas en water	Vervoer, Opberging en Kommunikasie	Handel	Finansiële instellings en vaste eiendom	Besit van wonings	Algemene Regeringsdienste	Ander dienste	Oordrag-betalings	Bruto Kapitaalvorming
Oyanjeriviergebied	24366	4897	4611	4861	19765	7777	1842	8593	14059	2034	1758	94563
Suidelike Streek	4672	124	3695	2129	7692	2405	972	4233	4994	885	679	32480
Oostelike Streek	4672	-	460	1035	6462	2534	274	2571	3818	732	306	22864
Sentrale Streek	5223	1694	383	1367	3778	1802	144	1280	2363	189	470	18693
Westelike Streek	9799	3079	73	330	1833	1036	452	509	2884	228	303	20526
1 Benede-Sondagerivier	1013	74	3557	1489	3318	2180	904	4031	3563	769	478	21376
2 Visrivier	3659	50	138	640	4374	225	68	202	1431	116	201	11104
3 Lady Grey-Herschel	564	-	2	-	112	4	2	2	14	1	18	719
4 Wepener-Zastron	402	-	-2	8	23	51	1	65	185	5	11	749
5 Suidoos-Vrystaat	1472	-	3	15	76	54	103	80	172	14	26	2015
6 Kafferrivier	2234	-	457	1012	6251	2425	168	2424	3447	712	251	19381
7 Linkeroewer-Hendrik Verwoerd	1602	-	40	69	712	156	22	144	534	11	85	3375
8 Regteroewer-Hendrik Verwoerd	382	-	12	7	460	29	13	37	50	8	22	1020
9 Regteroewer-Vandarkloof	1004	388	17	4	149	92	26	96	374	26	37	2213
10 Kaap-Rietrivier	946	1302	265	1248	1738	1192	41	845	1166	121	127	8991
11 Linkeroewer-Vandarkloof	1289	4	49	39	719	333	42	158	239	23	199	3094
12 Suid-Kalahari	3612	1434	65	237	708	522	71	202	1696	144	176	9067
13 Boesmanland	1515	264	12	36	699	-2	49	79	489	12	57	3210
14 Sakrivier	3302	-	-1	51	207	449	326	98	372	17	55	4876
15 Namakwaland	1370	1381	-3	6	19	67	6	130	327	55	15	3373

Streek of gebied	1957/58											
	Landbou, Bosbou en Viesserye	Mynbou en Steengroewe	Fabriekswese en Konstruksies	Elektrisiteit, gas en water	Vervoer, Opberging en Kommunikasie	Handel	Finansiële instellings en vaste eiendom	Besit van wonings	Algemene Regeringsdienste	Ander dienste	Oordrag-betalings	Bruto Kapitaalvorming
Oranjeriviergebied	22939	5146	3979	8227	19812	6643	2060	8670	15846	2151	1844	97317
Suidelike Streek	4558	-3	3014	3865	7769	2918	1212	4693	5799	1015	757	35597
Oostelike Streek	3469	4	417	1663	7567	1503	302	1745	3989	665	377	21701
Sentrale Streek	6017	1590	409	2228	2980	1478	156	1512	2705	223	351	19649
Westelike Streek	8895	3555	139	471	1496	744	390	720	3353	248	359	20370
1 Benede-Sondagerivier	1125	73	2936	3107	4613	2833	1150	4488	4351	921	531	26128
2 Visrivier	3433	-76	78	758	3156	85	62	205	1448	94	226	9469
3 Lady Grey-Herschel	-2	-	4	-	102	18	-	1	15	1	5	144
4 Wepener-Zastron	624	-	4	20	131	31	1	27	107	1	20	966
5 Suidoos-Vrystaat	829	-	5	4	67	21	58	85	58	8	40	1175
6 Kafferrivier	2018	4	404	1639	7267	1433	243	1632	3809	655	312	9416
7 Linkeroewer-Hendrik Verwoerd	1737	-	28	103	620	21	24	67	787	11	100	3498
8 Regteroewer-Hendrik Verwoerd	643	-	9	5	231	34	6	37	33	13	27	1038
9 Regteroewer-Vandarkloof	801	272	9	7	75	93	20	43	324	20	52	1716
10 Kaap-Rietrivier	1418	1290	344	1973	1462	1114	58	1239	1268	160	110	10436
11 Linkeroewer-Vandarkloof	1418	28	19	140	592	216	48	126	293	19	62	2961
12 Suid-Kalahari	5474	1493	101	350	779	463	101	311	1811	201	217	11301
13 Boesmanland	1470	315	12	39	449	109	30	101	586	12	54	3177
14 Sakrivier	2259	10	7	77	226	181	256	141	710	11	74	3952
15 Namakwaland	-308	1737	19	5	42	-9	3	167	246	24	14	1940

TABEL 15 VEEVOLG

Streek of gebied	1958/59											
	Landbou, Bosbou en Visserye	Mynbou en Steengroewe	Fabriekswese en Konstruksies	Elektrisiteit, gas en water	Vervoer, Opberging en Kommunikasie	Handel	Finansiële instellings en vaste eiendom	Besit van wonings	Algemene Regeringsdienste	Ander dienste	Oordragbetalings	Bruto Kapitaalvorming
Oranjeriviergebied	14333	6167	6471	8517	19307	4157	2047	10250	14897	2297	1698	90141
Suidelike Streek	2705	147	5543	5087	7224	1788	1407	5201	5521	893	618	36134
Oostelike Streek	3131	10	408	1411	7188	1084	228	2693	3001	876	370	20400
Sentrale Streek	3987	1578	375	1568	2795	825	218	1804	2880	205	370	16605
Westelike Streek	4510	4432	145	451	2100	460	194	552	3495	323	340	17002
1 Benede-Sondagarivier	916	114	5468	4864	4235	1670	1373	4956	4220	859	498	29173
2 Visrivier	1789	33	75	223	2989	118	34	245	1301	34	120	6961
3 Lady Grey-Herschel	270	-	1	10	59	-1	1	2	10	1	4	357
4 Wepener-Zastron	406	-	-1	39	60	2	1	28	182	8	13	738
5 Suidoos-Vrystaat	805	-	4	2	129	101	57	82	106	29	39	1354
6 Kafferrivier	1650	10	404	1360	6940	982	169	2581	2703	838	314	17951
7 Linkeroewer-Hendrik Verwoerd	551	-	22	113	272	19	8	70	747	10	62	1874
8 Regteroewer-Hendrik Verwoerd	92	-	4	14	196	10	1	35	57	1	23	433
9 Regteroewer-Vanderkloof	1070	281	11	4	46	121	25	89	260	25	33	1965
10 Kaap-Rietrivier	797	1233	317	1201	1737	652	133	1478	1431	123	106	9208
11 Linkeroewer-Vanderkloof	1477	64	21	236	544	23	51	132	385	46	146	3125
12 Suid-Kalahari	3089	1382	118	347	1411	349	95	379	2027	223	239	9659
13 Boesmanland	928	357	10	63	460	50	21	58	802	21	43	2813
14 Sakrivier	735	4	-	29	181	15	73	75	499	6	50	1667
15 Namakwaland	-242	2689	17	12	48	46	5	40	167	73	8	2863

Streek of gebied	1959/60											
	Landbou, Bosbou en Visserye	Mynbou en Steengroewe	Fabriekswese en Konstruksies	Elektrisiteit, gas en water	Vervoer, Opberging en Kommunikasie	Handel	Finansiële instellings en vaste eiendom	Besit van wonings	Algemene Regeringsdienste	Ander dienste	Oordragbetalings	Bruto Kapitaalvorming
Oranjeriviergebied	18305	7665	6943	7555	22194	8720	2017	9606	14490	3378	1772	102645
Suidelike Streek	3526	285	5572	4204	8717	2245	1424	3740	4843	1583	693	36832
Oostelike Streek	3829	6	656	1855	7714	3234	277	3413	2491	1031	403	24909
Sentrale Streek	4295	1746	343	935	2620	1623	101	1663	3170	228	315	17039
Westelike Streek	6655	5628	372	561	3143	1618	215	790	3986	536	361	23865
1 Benede-Sondagarivier	994	172	5495	4013	4224	2175	1375	3574	3649	1491	555	27717
2 Visrivier	2532	113	77	191	4493	70	49	166	1194	92	138	9115
3 Lady Grey-Herschel	-153	-	2	32	42	-	-	2	15	-	5	-57
4 Wepener-Zastron	774	-	7	48	281	73	2	34	42	2	16	1279
5 Suidoos-Vrystaat	1674	-	6	4	417	360	120	22	81	18	44	2746
6 Kafferrivier	1534	6	641	1771	6974	2803	155	3355	2353	1011	338	20941
7 Linkeroewer-Hendrik Verwoerd	1476	-	50	60	312	12	21	91	696	14	72	2804
8 Regteroewer-Hendrik Verwoerd	438	-	13	6	342	-1	4	34	38	7	27	908
9 Regteroewer-Vanderkloof	1102	287	24	1	168	216	26	77	366	84	41	2392
10 Kaap-Rietrivier	1006	1383	218	698	1197	1173	38	1236	1646	118	125	8838
11 Linkeroewer-Vanderkloof	273	76	38	170	601	223	12	225	424	5	50	2097
12 Suid-Kalahari	5211	2562	334	452	2452	1154	134	629	2328	327	248	15831
13 Boesmanland	-264	233	14	39	399	30	-	42	1003	74	52	1622
14 Sakrivier	736	4	2	60	253	93	72	97	475	56	50	1898
15 Namakwaland	972	2829	22	10	39	341	9	22	180	79	11	4514

TABEL 15 VERVOLG

Streek of gebied	1960/61											
	Landbou, Bosbou en Visserye	Mynbou en Steengroewe	Fabriekswese en Konstruksies	Elektrisiteit, gas en water	Vervoer, Opberging en Kommunikasie	Handel	Finansiële instellings en vaste eiendom	Besit van wonings	Algemene Regeringsdienste	Ander dienste	Oordrag-betalings	Bruto Kapitaalvorming
Oranjeriviergebied	13580	6613	6680	6883	24068	9002	1602	8502	15628	1410	1906	95874
Suidelike Streek	3340	210	5706	3376	7233	3307	1197	2651	4688	644	657	33009
Oostelike Streek	3115	5	390	868	8677	3289	175	3577	2904	454	405	23859
Sentrale Streek	3424	1454	373	1721	3613	1711	112	1411	3813	114	415	18161
Weselike Streek	3701	4944	211	918	4545	695	118	863	4223	198	429	20845
1 Benede-Sondagarivier	734	149	5521	3231	5213	2850	1148	2599	3552	601	471	26069
2 Visrivier	2606	61	185	145	2020	457	49	52	1136	43	186	6940
3 Lady Grey-Herschel	747	-	26	-	34	7	2	4	9	1	5	835
4 Wepener-Zastron	481	2	5	2	204	1	1	33	63	1	16	809
5 Suidoos-Vrystaat	313	-	3	-	1560	243	22	49	137	3	50	2380
6 Kafferivier	1574	3	356	866	6879	3038	150	3491	2695	449	334	19835
7 Linkeroewer-Hendrik Verwoerd	1213	-	43	36	600	160	32	230	873	8	91	3286
8 Regteroewer-Hendrik Verwoerd	202	-	6	2	679	123	2	32	28	3	30	1107
9 Regteroewer-Vanderkloof	169	47	18	13	26	89	4	43	223	4	71	707
10 Kaap-Rietrivier	576	1362	278	1594	1538	1083	31	895	2208	82	134	9781
11 Linkeroewer-Vanderkloof	1264	45	28	76	770	256	43	211	481	17	89	3280
12 Suid-Kalahari	2316	2996	187	876	3921	360	75	533	2283	145	288	13980
13 Boesmanland	975	353	21	29	361	57	22	171	1076	9	83	3157
14 Sakrivier	168	4	3	12	250	171	17	75	498	13	43	1254
15 Namakwaland	242	1591	-	1	13	107	4	84	366	31	15	2454

208.

Streek of gebied	1961/62											
	Landbou, Bosbou en Visserye	Mynbou en Steengroewe	Fabriekswese en Konstruksies	Elektrisiteit, gas en water	Vervoer, Opberging en Kommunikasie	Handel	Finansiële instellings en vaste eiendom	Besit van wonings	Algemene Regeringsdienste	Ander dienste	Oordrag-betalings	Bruto Kapitaalvorming
Oranjeriviergebied	18901	7379	7067	5466	20154	3929	1664	8307	15116	2502	1571	91956
Suidelike Streek	2903	153	5599	2002	6192	1538	961	2363	5223	1410	449	28793
Oostelike Streek	3251	3	484	1082	8141	730	173	3241	2867	462	354	20788
Sentrale Streek	3919	1375	748	1937	4299	431	216	1706	3741	212	320	18904
Weselike Streek	8828	5848	236	445	1522	1230	214	997	3285	418	448	23471
1 Benede-Sondagarivier	291	122	5413	1919	4556	1070	925	2184	3919	1315	324	22031
2 Visrivier	2612	31	186	90	1636	468	36	179	1304	95	125	6762
3 Lady Grey-Herschel	312	-	11	-	19	2	1	6	7	1	9	368
4 Wepener-Zastron	704	1	4	11	46	16	2	24	73	6	31	910
5 Suidoos-Vrystaat	997	-	103	187	1081	34	3	51	140	10	41	2647
6 Kafferivier	1238	2	374	884	6995	678	167	3160	2647	445	273	16863
7 Linkeroewer-Hendrik Verwoerd	971	-	175	55	434	140	33	114	933	22	82	2959
8 Regteroewer-Hendrik Verwoerd	301	-	8	4	616	13	6	39	61	9	25	1082
9 Regteroewer-Vanderkloof	660	5	26	54	108	179	27	53	290	12	48	1462
10 Kaap-Rietrivier	1391	1350	502	1756	2616	71	136	1362	1689	161	95	11129
11 Linkeroewer-Vanderkloof	596	20	37	68	525	28	14	138	768	8	70	2272
12 Suid-Kalahari	4188	3369	210	379	1190	755	109	800	2010	250	304	13564
13 Boesmanland	195	221	19	59	247	31	79	77	523	83	80	1614
14 Sakrivier	3396	4	5	4	43	318	10	61	385	18	49	4293
15 Namakwaland	1049	2254	2	3	42	126	16	59	367	67	15	4000

HOOFSTUK VII. DIE EKONOMIESE STRUKTUUR EN ENKELE DINAMIESE EIENSKAPPE VAN DIE ORANJERIVIERGEBIED.

Voordat tot die bespreking van die ekonomiese strukturele kenmerke van die Oranjeriviergebied oorgegaan word, is dit van pas om weereens melding te maak van die feit dat verskeie van die reekse wat behandel gaan word aan redelike groot foutegrense onderhewig is. Die betroubaarheid van die resultate is reeds in die voorafgaande drie hoofstukke bespreek en gevolglik word dit hier net kortliks saamgevat, omdat die verdere analise daarvan afhanklik is.

By die ontleding van die bruto geografiese produk moet in aanmerking geneem word dat die berekenings ten opsigte van arbeidsvergoeding oor die algemeen meer betroubaar behoort te wees as die berekenings ten opsigte van ander inkome, wat soms op 'n betreklik indirekte wyse bepaal is. Daarbenewens is die foutegrens van die resultate van ander dienste, finansiële instellings, private vervoer, elektrisiteit, gas en water en handel, in die volgorde, heelwaarskynlik groter as die resultate van die ander produksietakke. Weens die arbitrêre veronderstelling waarvan soms uitgegaan is, is die bydrae van die onderskeie volksgroepe tot die totale bruto geografiese produk waarskynlik ook aan 'n betreklik groot foutegrens onderhewig. As 'n geheel gesien kan die bruto geografiese produk egter as die betroubaarste van die berekende maatstawwe aanvaar word.

Persoonlike inkome is bereken deur van die bruto geografiese produk, waardeverminderingtoelaes, regeringsinkome uit eiendom en entrepreneurskap, maatskappybelastinge en onverdeelde winste af te trek, en deur oordragbetalings by te tel. Die betroubaarheid van die berekende
persoonlike/.....

persoonlike inkome is dus afhanklik van die akkuraatheid van die bruto geografiese produk en van bogenoemde aansuiwerings. Aangesien die berekenings ten opsigte van depresiasie, maatskappybelastings en onverdeelde winste en oordragbetalings, noodwendig soms op 'n indirekte wyse uitgevoer moes word, is die berekende persoonlike inkome onderhewig aan 'n groter foutegrens as die bruto geografiese produk.

By die berekening van bruto kapitaalvorming is veral die ramings van die veranderings in voorrade op betreklik arbitrêre aannames gebaseer en kan gevolglik aan 'n groot foutegrens onderhewig wees. Weens 'n gebrek aan data kan by die berekening van die bruto vaste kapitaalvorming in fabriekswese en konstruksie, private vervoer, handel, finansiële instellings en vaste eiendom en ander dienste, ook nie op 'n hoë betroubaarheidsgrens aanspraak gemaak word nie. As 'n geheel gesien moet die reekse met betrekking tot bruto kapitaalvorming as die onbetroubaarste van al die reekse beskou word, as gevolg van onvollediger statistiese data ten opsigte van die bruto kapitaalvorming vir geografiese eenhede kleiner as die landsgrense.

Al die berekende resultate word teen heersende pryse aangedui. Reële reekse is nie bereken nie, weens die gebrek aan prysindekse vir kleiner geografiese eenhede in die land en die omvang wat die studie sou moes aanneem om dergelike prysindekse op te stel. In die verdere ontleding kan fluktuasies in die berekende maatstawwe dus voorkom, wat as gevolg van prysverskille in die onderskeie rekenperiodes ontstaan.

Die vraag ontstaan nou of, inagnemende die tekortkominge in die resultate, dit geregverdig is om die berekende reekse vir die beskrywing van die ekonomiese strukturele kenmerke van die Oranjeriviergebied te

gebruik/.....

gebruik? Kuznets, wat 'n sorgvuldige studie in verband met die groei van die Amerikaanse ekonomiese stelsel gemaak het, noem veral twee redes waarom so 'n ontleding geregverdig is, al is dit bekend dat die syfers in sommige gevalle aan taamlike groot foutegrense onderhewig is. "The first is the assumption ... that the biases are not so large as to invalidate complete differences in the rate of change over time when these differences are truly conspicuous. The second reason is that such measurements seems to me the only way or perhaps one among very few ways of building up empirical knowledge in our field in a consistently cumulative fashion. It is an inestimable advantage of quantitative measures of the type used here that they can be tested; and despite continuous revisions, retained as a basis of ever increasing stock of knowledge. It is, therefore, an indispensable part of long term strategy in the development of accepted knowledge in the field that we proceed with the measurement, in full cognisance of the limitations to which the results are subject."¹⁾

Die vraag ontstaan nou aan watter vereistes moet so 'n analise voldoen? Volgens 'n publikasie van die Resources for the Future Inc. van die V.S.A., moet 'n analise op 'n regionale basis die volgende punte in aanmerking neem, naamlik: "1) to relate the region's development to developments in the nation as a whole; 2) to 'weight' its growth in relative terms - that is, in terms of
departure/.....

1) Kuznets, S. Long-term changes in the National Income of the U.S.A. since 1870, Income and Wealth Series, Volume 11, New York, 1938, pp. 48 en 49.

departure from the national norm; 3) to examine the characteristics of its growth pattern; 4) to evaluate its changing position with regard to its ability to hold and attract persons and industries; and in general, 5) to study how it reacts to changes in the national 'parameters' that influence supply and demand conditions for the major industries".²⁾

Met inagneming van die basiese vereistes waaraan 'n regionale analise moet voldoen, word in hierdie hoofstuk 'n ontleding van die grootte, samestelling en enkele dinamiese kenmerke van die bruto geografiese produk, persoonlike inkome en bruto kapitaalvorming van die Oranjeriviergebied gemaak. Die ontleding vir die hoofstreke en die gebied as 'n geheel word in meer detail as die vir die substreke gedoen, om onnodige herhaling te voorkom. Daarbenewens moet net op gewys word dat geen afsonderlike ontledings van nasionale totale gemaak word nie, aangesien sodanige ontledings gereeld in 'n aantal publikasies gedoen word.³⁾ Om afwykings vanaf die nasionale norm egter aan te toon, word die resultate in die bespreking vergelyk met nasionale totale, indien dit vergelykbaar is.

1. Die grootte van die bruto geografiese produk

Die bruto geografiese produk kan beskou word as die beste enkele samevattende maatstaf van die waarde van
finale/....

2) Perloff, H.S. e.a. Regions, Resources and Economic Growth, Published for Resources for the Future Inc., Baltimore, 1960, p.63.

3) Vgl. onder andere, Suid-Afrikaanse Reserwebank, Jaarlikste Ekonomiese Oorsig, waarin 'n oorsig van die ekonomiese en finansiële toestand in die Republiek van Suid-Afrika aangegee word. Die Buro vir Ekonomiese Onderzoek van die Universiteit van Stellenbosch publiseer daarbenewens kwartaallikse en jaarlikse vooruitskattings gebaseer op die ekonomiese toestande in die land.

finale goedere en dienste, wat binne 'n besondere rekenperiode in 'n streek geproduseer is. Om dus 'n aanduiding van die relatiewe omvang van ekonomiese aktiwiteite in die Oranjeriviergebied en die hoofstreke in die gebied te verkry, word die grootte van die bruto geografiese produk in die streke in tabel 16 met dié van enkele ander regionale streke in Suid-Afrika, vergelyk. Die totale oppervlakte van die gebiede, die verhouding van die oppervlakte tot landstotale en die bruto geografiese produk per capita word ook in die tabel aangetoon, ten einde waninterpretasie as gevolg van oppervlakte- en bevolkingsverskille te voorkom.

Die keuse van die geografiese gebiede waarmee die Oranjeriviergebied en die hoofstreke van die gebied in die tabel vergelyk word, is beperk tot twee van die vernaamste nywerheidsgebiede, naamlik Suid-Transvaal en Wes-Kaapland, twee oorwegend landelike gebiede waar goudproduksie oor die afgelope aantal jare verantwoordelik was vir groot uitbreidings en akkerbouproduksie die grootste gedeelte van landbouproduksie uitmaak, naamlik Noord-Vrystaat en Wes-Transvaal; en twee oorwegend landelike streke waar veeteeltproduksie die vernaamste vorm van landbouproduksie is, waar die ontginning van metale en minerale ook 'n vername rol in die ontwikkeling van die streekshuishouding vervul en wat tradisionele tuislande van die Bantoes bevat, naamlik Noord-Transvaal en Noord-Natal.

Uit die tabel volg sonder meer dat die omvang van ekonomiese aktiwiteite in die Oranjeriviergebied relatief klein is in vergelyking met die twee nywerheidsgebiede, veral as die groot verskil in oppervlakte ook in aggeneem word. Die Oranjeriviergebied met 'n oppervlakte van 37.3 persent van die landstotaal, het naamlik 10.4 persent tot die/.....

TABEL 16. DIE RELATIEWE GROOTTE VAN DIE BRUTO GEOGRAFIESE PRODUK EN OPPERVLAKTE VAN ENKELE STREKE IN SUID-AFRIKA, 1954/55 EN 1958/59.

Streek	Oppervlakte		Jare ^{h)}	Bruto geografiese produk		
	vk. myl	Persentasie van landstotaal		R miljoen	Persentasie van landstotaal	Per capita (R)
Oranjeriviergebied ^{a)}	175867	37.3	1954/55	423.0	11.6	305
			1958/59	461.8	10.4	300
Suidelike Streek ^{a)}	17227	3.7	1954/55	196.0	5.4	402
			1958/59	208.8	4.7	379
Oostelike Streek ^{a)}	11335	2.4	1954/55	72.3	2.0	228
			1958/59	83.7	1.9	241
Sentrale Streek ^{a)}	28470	6.0	1954/55	74.6	2.0	277
			1958/59	83.5	1.9	289
Westelike Streek ^{a)}	118835	25.2	1954/55	80.1	2.2	255
			1958/59	85.9	1.9	244
Suid-Transvaal ^{b)}	4723	1.0	1954/55	1339.0	36.7	514
			1958/59	1625.4	36.5	561
Wes-Kaapland ^{c)}	20611	4.4	1954/55	506.7	13.9	431
			1958/59	630.3	14.2	486
Noord-Vrystaat ^{d)}	20808	4.4	1954/55	169.9	4.7	250
			1958/59	281.3	6.3	353
Wes-Transvaal ^{e)}	27560	5.8	1954/55	147.3	4.0	213
			1958/59	267.0	6.0	333
Noord-Transvaal ^{f)}	32549	6.9	1954/55	59.4	1.6	77
			1958/59	70.1	1.6	80
Noord-Natal ^{g)}	18124	3.8	1954/55	65.3	1.8	80
			1958/59	82.4	1.8	93

Bronne: Berekenings van die Kantoor van die Ekonomiese Raadgewer.

- a) Streke soos omskryf in hierdie studie.
- b) Die streek bevat die landdrostdistrikte van Johannesburg, Benoni, Boksburg, Brakpan, Germiston, Kemptonpark, Springs, Krugersdorp, Oberholzer, Randfontein, Roodepoort, Pretoria, Vanderbijlpark en Vereeniging.
- c) Wes-Kaapland bevat die landdrostdistrikte van Belville, Kaap, Simonstad, Wynberg, Ceres, Montagu, Paarl, Robertson, Somerset-Wes, Stellenbosch, Tulbach, Wellington, Worcester, Hopefield, Malmesbury, Piketberg, Vredenburg, Bredasdorp, Caledon, Heidelberg, Riversdal en Swellendam.
- d) Noord-Vrystaat bevat die landdrostdistrikte van Odendaalsrus, Virginia, Welkom, Bothaville, Frankfort, Heilbron, Koppies, Kroonstad, Lindley, Marquard, Parys, Reitz, Senekal, Ventersburg, Viljoenskroon, Vredefort, Wesselsbron, Sasolburg, Bethlehem, Harrismith en Vrede.
- e) Wes-Transvaal bevat die landdrostdistrikte van Bloemhof, Christiana, Delareyville, Klerksdorp, Lichtenburg, Potchefstroom, Schweizer-Reneke, Ventersdorp, Wolmaransstad, Brits, Marico, en Rustenburg.
- f) Noord-Transvaal bevat die landdrostdistrikte van Pietersburg, Potgietersrus, Sibasa, Soutpansberg, Warmbad en Waterberg.
- g) Noord-Natal bevat die landdrostdistrikte van Eshowe, Mtunzini, Babanango, Dundee, Newcastle, Ngotshe, Paulpietersburg, Utrecht, Vryheid, Mahlabatini, Mtonjaneni, Ingwavumu, Nkandla, Nongomo, Nqutu, Ubombo, Hlabisa, en Lower Umfolozi.
- h) 1954/55 en 1958/59 word hier as vergelykende jare gebruik aangesien 1958/59 op hierdie stadium die laaste beskikbare vergelykende landstotaal is.

tot die bruto binnelandse bruto produk in 1958/59 bygedra, teenoor Suid-Transvaal met 'n oppervlakte van 1.0 persent van die landstotaal en bydrae tot die bruto binnelandse produk van 36.5 persent en Wes-Kaapland met 'n oppervlakte van 4.4 persent en bydrae van 14.2 persent. Die Suidelike Streek, wat die Port Elizabeth-Uitenhage nywerheidskompleks bevat, vergelyk die beste met die nywerheidsgebiede. Die bruto geografiese produk van die Suidelike Streek, sonder inagneming van bevolkingsverskille, is egter ook relatief klein in vergelyking met die nywerheidsgebiede. In 1958/59 het dit naamlik in dié streek R208.8 miljoen beloop, teenoor R1625.4 miljoen en R630.3 miljoen in Suid-Transvaal en Wes-Kaapland respektiewelik. Die omvang van ekonomiese aktiwiteite in die ander hoofstreke wat in die Oranjeriviergebied onderskei word, is baie klein in vergelyking met dié van die nywerheidsgebiede.

Die bruto geografiese produk van die Oranjeriviergebied is aansienlik groter as dié van die Noord-Vrystaat en Wes-Transvaal. Daarteenoor vergelyk die bruto geografiese produk per capita in die Oranjeriviergebied egter swak met bogenoemde gebiede, veral in 1958/59. Vergeleke met die Noord-Vrystaat, en Wes-Transvaal is die omvang van ekonomiese bedrywigheede in al vier die hoofstreke van die Oranjeriviergebied betreklik klein, met die uitsondering van die Suidelike Streek wat taamlik goed vergelyk, as bevolking- en oppervlakteverskille in aanmerking geneem word. Alhoewel die bruto geografiese produk van die Suidelike Streek in 1958/59 maar R208.8 miljoen beloop het, teenoor R281.3 miljoen en R267.0 miljoen in die geval van Noord-Vrystaat en Wes-Transvaal respektiewelik, was die bruto geografiese produk per capita van die streek R379 teenoor die ooreenstemmende waardes van R353 en R333 vir Noord-Vrystaat en Wes-Transvaal onderskeidelik.

Aan die anderkant is die omvang van ekonomiese aktiwiteite in die Oranjeriviergebied as n geheel gesien, veel groter as die van Noord-Transvaal en Noord-Natal. Met inagneming van nie-kommersiële produksie wat in Bantoegebiede nog relatief belangrik is en nie by die data in tabel 16 ingesluit word nie, is die omvang van ekonomiese aktiwiteite in die Oostelike, Sentrale en Westelike Streek heelwaarskynlik nie veel groter as in bogenoemde streke nie.

Uit die gegewens in tabel 16 blyk dus dat die omvang van ekonomiese aktiwiteite in die Oranjeriviergebied relatief tot die ander streke wat onderskei is, betreklik klein is.

Uit die tabel blyk verder dat die bruto geografiese produk van die Oranjeriviergebied in al vier hoofstreke, uitgedruk as n persentasie van die bruto binnelandse produk, vanaf 1954/55 tot 1958/59 afgeneem het. Die persentasieafname toon aan dat die omvang van die ekonomiese bedrywig-hede in dié gebiede relatief stadiger as in die res van die land uitgebrei het. Daarteenoor het die bruto geografiese produk van die ander gebiede wat in die tabel aangetoon word òf min of meer teen dieselfde tempo òf teen n vinniger tempo toegeneem as die res van die land. Die afname in die tempo van ontwikkeling in die Oranjeriviergebied in vergelyking met die res van die land, mag toegeskryf word aan prysdalings, veral wolpryse, aangesien die data in heersende pryse bereken is.

Die relatiewe grootte van die streekshuishouding bring ook sekere strukturele kenmerke van die gebied na vore. "Thus it may be expected that international trade plays an important rôle in die relatively small economies in view of their limited domestic markets and the advantages which flow from international specialization and

trade/.....

trade".⁴⁾ Geen feitlike bewys in die vorm van kwantitatiewe data, bestaan op hierdie stadium om aan te toon in hoe mate die Oranjeriviergebied van interregionale en -nasionale handel afhanklik is nie. Kwalitatief wil dit egter voorkom asof die bewering wel vir die gebied geld, veral as die groot hoeveelhede wol, koper, asbes, mangaan en yster in gedagte gehou word, wat byvoorbeeld uit die Oranjeriviergebied na ander gebiede vervoer word vir verdere verwerking.

2. Die geografiese verspreiding van die bruto geografiese produk.

Om 'n aanduiding van die inwoners se lewenspeil te verkry, word die persoonlike inkome per capita van die Oranjeriviergebied volgens hoof- en substreek in tabel 32, vir die jare 1954/55, 1959/60 en 1961/62, weergegee. Uit die tabel blyk dit dat die persoonlike inkome per capita in breë trekke met die bruto geografiese produk per capita ooreenkom, met die uitsondering dat dit vir al die streke in die Oranjeriviergebied, laer is. Samevattend kan dus gestel word dat die lewenspeil van die inwoners in streke wat groot stedelike gebiede insluit en die streke waarin mynbou relatief van belang is, hoër is as die streke in die Oranjeriviergebied wat hoofsaaklik van landbou vir ekonomiese vooruitgang afhanklik is. Die landboustreke se ekonomiese welsyn is waarskynlik laer as dié van ander gebiede, omdat die nie-blanke volksgroepe se inkome in eersgenoemde gebiede gewoonlik nie besonder hoog is nie.

Veranderings in die ekonomiese welsyn van die inwoners van 'n geografiese gebied kan bepaal word deur die reële persoonlike inkome per capita, oor 'n besondere tydspanne te vergelyk. Soos reeds hierbo aangetoon, is geen berekenings in hierdie studie teen konstante pryse gemaak nie, as gevolg van die omvang wat die werk sou aanneem om prysindekse vir elke geografiese gebied op te stel. Om egter 'n aanduiding van die verandering in die lewenspeil van die inwoners in die Oranjeriviergebied te verkry, word die groeikoerse in persoonlike inkome en die bevolking in tabel 33 vergelyk. As by die ontleding van die data
nog/.....

TABEL 32. DIE PERSOONLIKE INKOME PER CAPITA VAN DIE ORANJE-RIVIERGEBIED VOLGENS HOOF- EN SUBSTREEK, 1954/55, 1959/60 EN 1961/62.

Streek of gebied	(Rand)		
	1954/55	1959/60	1961/62
Oranjeriviergebied	258	270	281
Suidelike Streek	358	344	364
Oostelike Streek	195	214	217
Sentrale Streek	207	244	236
Westelike Streek	209	229	253
1. Benede-Sondagsrivier	429	410	437
2. Visrivier	193	179	175
3. Lady Grey-Herschel	30	31	36
4. Wepener-Zastron	134	150	143
5. Suidoos-Vrystaat	206	169	182
6. Kafferrivier	249	279	280
7. Linkeroewer-Hendrik Verwoerd	162	157	146
8. Regteroewer-Hendrik Verwoerd	177	187	171
9. Regteroewer-Vanderkloof	174	176	175
10. Kaap-Rietrivier	232	314	305
11. Linkeroewer-Vanderkloof	238	228	235
12. Suid-Kalahari	143	195	201
13. Boesmanland	279	267	269
14. Sakrivier	276	216	284
15. Namakwaland	426	389	443

TABEL 33. DIE GEMIDDELDE JAARLIKSE GROEIKOERS VAN DIE PERSOONLIKE INKOME EN BEVOLKING VAN DIE ORANJERIVIERGEBIED VOLGENS HOOF- EN SUBSTREEK, 1954/55 TOT 1961/62.

	Groeikoers		Verskil tussen (1) en (2)
	Persoonlike Inkome	Bevolking	
	(1)	(2)	(3)
Oranjeriviergebied	3.8	3.5	0.3
Suidelike Streek	3.2	4.2	-1.0
Oostelike Streek	3.9	3.0	0.9
Sentrale Streek	3.6	2.3	1.3
Westelike Streek	5.2	3.9	1.3
1. Benede-Sondagsrivier	3.7	5.0	-1.3
2. Visrivier	0.3	2.4	-2.1
3. Lady Grey-Herschel	4.0	2.0	2.0
4. Wepener-Zastron	2.3	2.0	0.3
5. Suidoos-Vrystaat	-0.1	2.8	-2.9
6. Kafferrivier	4.3	3.6	0.7
7. Linkeroewer-Hendrik Verwoerd	0.2	2.3	-2.1
8. Regteroewer-Hendrik Verwoerd	0.6	1.4	-0.8
9. Regteroewer-Vanderkloof	2.3	3.0	-0.7
10. Kaap-Rietrivier	5.6	2.1	3.5
11. Linkeroewer-Vanderkloof	1.5	2.8	-1.3
12. Suid-Kalahari	8.3	4.7	3.6
13. Boesmanland	2.8	1.6	1.2
14. Sakrivier	1.4	1.3	0.1
15. Namakwaland	3.5	4.3	-0.8

nog in aanmerking geneem word dat die verbruikersprysindeks in Suid-Afrika ongeveer met 'n jaarlikse gemiddelde van 2.0 persent oor die periode 1954/55 tot 1961/62 gestyg het, dan kan 'n aanduiding van reële veranderings in die ekonomiese welsyn van die inwoners in die Oranjeriviergebied verkry word. Dit word besef dat die verbruikersprysindeks alleen vir die land as 'n geheel opgestel is en geen geografiese verskille dus daarin tot uitdrukking kom nie, en dat dit nie noodwendig verteenwoordigend vir alle prysstygings is nie. Weens 'n gebrek aan 'n geskikter maatstaf word dit hier alleen gebruik om 'n aanduiding van die veranderings teen konstante pryse te gee.

Uit die tabelle kom sonder meer na vore dat die bevolking in groot dele van die Oranjeriviergebied teen 'n vinniger tempo as die persoonlike inkome gestyg het. Die verskynsel het veral in die Suidelike en Sentrale Streek voorgekom. As die gemiddelde jaarlikse styging van 2 persent in die verbruikersprysindeks in aanmerking geneem word, is dit alleen die Suid-Kalaharigebied met 1.6 persent jaarliks en die Kaap-Rietriviergebied met 1.5 persent jaarliks, waar die ekonomiese welsyn van die inwoners oor die periode 1954/55 tot 1961/62, toegeneem het.

8. Die grootte en geografiese verspreiding van bruto kapitaalvorming.

Vervolgens word stilgestaan by die ontleding van die berekende bruto kapitaalvormingsyfers. In die afdeling word eerstens die grootte en geografiese verspreiding van die bruto kapitaalvorming in die Oranjeriviergebied bespreek, waarna die samestelling en groeikoers van die maatstaf in oënskoue geneem word. Ten slotte word die verhouding wat die bruto kapitaalvorming van die bruto geografiese produk in die Oranjeriviergebied uitmaak, uiteengesit.

Die bruto kapitaalvorming in die Oranjeriviergebied as 'n geheel, het in 1954/55 ongeveer R86.4 miljoen of 8.8 persent van die bruto kapitaalvorming van Suid-Afrika¹³⁾, beloop, wat toeneem het na R91.9 miljoen of 8.1 persent van die totaal vir Suid-Afrika in 1961/62. Met die uitsondering van 1958/59 was daar elke jaar 'n styging in die kapitaalvorming van die Oranjeriviergebied vanaf 1954/55 tot 1959/60, waarna dit weer geleidelik daal tot in 1961/62.

Om 'n aanduiding van die relatiewe grootte van die bruto kapitaalvorming in die onderskeie geografiese streke in die Oranjeriviergebied te verkry, word die geografiese verspreiding van die bruto kapitaalvorming van die gebied in tabel 34 volgens hoof- en substreek vanaf 1954/55 tot 1961/62, aangetoon.

Uit die tabel blyk dit dat die Suidelike Streek die grootste bydrae tot die bruto kapitaalvorming in die Oranjeriviergebied, gelewer het. Sedert 1958/59 is daar egter 'n afnemende neiging in die verhouding van dié hoofstreek se bruto kapitaalvorming tot die totaal te bespeur. Dié verhouding het naamlik van 40.1 persent in 1958/59 tot 31.3 persent in 1961/62 gedaal. In teenstelling met die afname in die streek, het die verhouding in die geval van die Sentrale en veral die Westelike Streek, sedert 1958/59 gestyg.

Waar die substreke ook in aanmerking geneem word, kan waargeneem word dat die bruto kapitaalvorming in die Benede-Sondagsriviergebied en die Kafferriviergebied die
grootste/.....

13) In die bespreking oor die bruto kapitaalvorming word Suidwes-Afrika, Basoetoland, Swaziland en Betsjoeanaland by die Republiek se totale ingesluit.

TABEL 34. DIE GEOGRAFIESE VERSPREIDING VAN DIE BRUTO KAPITAALVORMING IN DIE ORANJERIVIERGEBIED VOLGENS HOOF- EN SUBSTREEK, 1954/55 TOT 1961/62.

Streek of gebied	1954/55	1955/56	1956/57	1957/58	1958/59	1959/60	1960/61	1961/62
	%	%	%	%	%	%	%	%
Oranjeriviergebied	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0	100.0
Suidelike Streek	37.0	38.6	34.3	36.5	40.1	35.9	34.4	31.3
Oostelike Streek	19.5	21.9	24.2	22.3	22.6	24.2	24.9	22.6
Sentrale Streek	20.3	17.9	19.8	20.2	18.5	16.6	18.9	20.6
Westelike Streek	23.2	21.6	21.7	21.0	18.8	23.3	21.8	25.5
1. Benede-Sondagsrivier	25.9	26.2	22.6	26.8	32.4	27.0	27.2	24.0
2. Visrivier	11.1	12.4	11.7	9.7	7.7	8.9	7.2	7.3
3. Lady Grey-Herschel	0.1	0.4	0.8	0.1	0.4	-0.1	0.9	0.4
4. Wepener-Zastron	0.8	1.4	0.8	1.0	0.8	1.2	0.8	1.0
5. Suidoos-Vrystaat	1.8	1.5	2.1	1.2	1.5	2.7	2.5	2.9
6. Kafferrivier	16.8	18.6	20.5	20.0	19.9	20.4	20.7	18.3
7. Linkeroewer-Hendrik Verwoerd	4.9	3.3	3.6	3.6	2.1	2.7	3.4	3.2
8. Regteroewer-Hendrik Verwoerd	1.2	1.2	1.1	1.1	0.5	0.9	1.2	1.2
9. Regteroewer-Vanderkloof	2.0	1.8	2.3	1.8	2.2	2.3	0.7	1.6
10. Kaap-Rietrivier	9.2	8.7	9.5	10.7	10.2	8.7	10.2	12.1
11. Linkeroewer-Vanderkloof	3.0	2.9	3.3	3.0	3.5	2.0	3.4	2.5
12. Suid-Kalahari	11.1	10.4	9.5	11.6	10.7	15.5	14.6	14.7
13. Boesmanland	4.1	4.2	3.4	3.3	3.1	1.6	3.3	1.8
14. Sakrivier	5.4	4.4	5.2	4.1	1.8	1.8	1.3	4.7
15. Namakwaland	2.6	2.6	3.6	2.0	3.2	4.4	2.6	4.3

grootste was. Daarbenewens het die kapitaalvorming in die Suid-Kalaharigebied in vergelyking met die ander substreke, vanaf 1954/55 tot 1961/62 toegeneem, terwyl die persentasie-aandeel van die Visriviergebied weer gedaal het. Oor die algemeen is die bruto kapitaalvorming laer in die gebiede wat hoofsaaklik van landbou afhanklik is, as in gebiede wat groot stedelike sentrums en/of groot myne bevat.

9. Die samestelling en groeikoers van bruto kapitaalvorming.

Ten einde die rol wat die onderskeie produksietakke in die bruto kapitaalvorming van die Oranjeriviergebied vervul te bepaal, word die persentasie-verdeling van die bruto kapitaalvorming van die Oranjeriviergebied volgens produksietak, in tabel 35.1 vir die hoofstreke en in tabel 35.2 vir die substreke, aangetoon.

Uit tabel 35.1 blyk dit dat die persentasie-aandeel van landbou in die bruto kapitaalvorming van die Oranjeriviergebied oor die periode 1954/55 tot 1961/62 gedaal het, terwyl die aandeel van vervoer, opberging en kommunikasie daarenteen gestyg het. Daarbenewens het daar ook 'n aanmerklike styging in die persentasie-aandeel van algemene regeringsdienste ingetree, naamlik van 12.4 persent van die totale bruto kapitaalvorming in 1954/55 tot 16.4 persent in 1961/62. Die relatiewe belangrikheid van mynbou en steengroewe en fabriekswese en konstruksie in die bruto kapitaalvorming van die Oranjeriviergebied, het ook gedurende die betrokke periode toegeneem.

In die Suidelike Streek was landbou in 1954/55 vir 18.2 persent van die bruto kapitaalvorming in die streek verantwoordelik, teenoor 10.1 persent in 1961/62. In teenstelling hiermee het die persentasie-aandeel van fabriekswese en konstruksie van 10.9 persent in 1954/55

tot/.....

TABEL 35.1. DIE PERSENTASIE-VERDELING VAN DIE BRUTO KAPITAALVOORMING IN DIE ORANJERIVIERGEBIED VOLGENS HOOFSTREEK EN PRODUKSIETAK.

1954/55 TOT 1961/62

Streek	Jare	Landbou, Bosbou en Visserye	Mynbou en Steengroewe	Fabriekswese en konstruksie	Elektrisiteit, gas en water	Vervoer, opberging en kommunikasie	Handel	Finansiële instellings en vaste eiendom	Besit van wonings	Algemene regeringsdienste	Ander dienste	Oordragbetalings	Bruto kapitaalvoorming
		%	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%
Oranjeriviergebied	1954/55	29.5	5.2	5.2	4.5	17.8	8.9	2.6	8.9	12.4	2.6	2.4	100.0
	1955/56	22.7	5.2	5.8	5.7	25.5	7.4	2.0	9.7	11.8	2.0	2.2	100.0
	1956/57	25.8	5.2	4.9	5.1	20.9	8.2	1.9	9.1	14.9	2.2	1.8	100.0
	1957/58	23.6	5.3	4.1	8.5	20.4	6.8	2.1	8.9	16.3	2.2	1.8	100.0
	1958/59	15.9	6.9	7.2	9.4	21.4	4.6	2.3	11.4	16.5	2.5	1.9	100.0
	1959/60	17.8	7.5	6.8	7.4	21.6	8.5	1.9	9.4	14.1	3.3	1.7	100.0
	1960/61	14.2	6.9	7.0	7.2	25.0	9.4	1.7	8.8	16.3	1.5	2.0	100.0
	1961/62	20.7	8.0	7.7	5.9	21.9	4.3	1.7	9.0	16.4	2.7	1.7	100.0
Suidelike Streek	1954/55	18.2	0.3	10.9	5.0	20.3	8.4	4.6	11.6	14.1	3.9	2.7	100.0
	1955/56	12.5	0.3	11.4	7.9	28.3	7.2	3.2	11.8	12.3	2.8	2.3	100.0
	1956/57	14.4	0.4	11.4	6.5	23.7	7.4	3.0	13.0	15.4	2.7	2.1	100.0
	1957/58	12.8	■	8.5	10.9	21.8	8.2	3.4	13.2	16.2	2.9	2.1	100.0
	1958/59	7.5	0.4	15.3	14.1	20.0	4.9	3.9	14.4	15.3	2.5	1.7	100.0
	1959/60	9.6	0.8	15.1	11.4	23.7	6.1	3.9	10.1	13.1	4.3	1.9	100.0
	1960/61	10.1	0.6	17.3	10.2	21.9	10.0	3.6	8.0	14.2	2.0	2.1	100.0
	1961/62	10.1	0.5	19.4	7.0	21.5	5.3	3.3	8.2	18.2	4.9	1.6	100.0
Oostelike Streek	1954/55	18.7	■	2.3	7.4	23.6	13.3	1.4	13.5	13.9	3.4	2.5	100.0
	1955/56	15.8	■	2.7	4.6	34.0	13.0	1.1	12.2	12.0	2.4	2.2	100.0
	1956/57	20.5	-	2.0	4.5	28.3	11.1	1.2	11.2	16.7	3.2	1.3	100.0
	1957/58	16.0	■	1.9	7.7	34.9	6.9	1.4	8.0	18.4	3.1	1.7	100.0
	1958/59	15.4	■	2.0	6.9	35.2	5.3	1.1	13.3	14.7	4.3	1.8	100.0
	1959/60	15.4	■	2.6	7.5	31.0	13.0	1.1	13.7	10.0	4.1	1.6	100.0
	1960/61	13.1	■	1.6	3.6	36.4	13.8	0.7	15.0	12.2	1.9	1.7	100.0
	1961/62	15.7	■	2.3	5.2	39.2	3.5	0.8	15.6	13.8	2.2	1.7	100.0
Sentrale Streek	1954/55	35.7	6.9	2.3	4.8	17.0	10.2	0.8	7.4	11.8	1.1	2.0	100.0
	1955/56	24.5	9.5	2.5	7.7	27.0	2.9	0.6	10.1	12.0	1.1	2.1	100.0
	1956/57	28.0	9.1	2.1	7.3	20.2	9.6	0.8	6.8	12.6	1.0	2.5	100.0
	1957/58	30.6	8.1	2.1	11.3	15.2	7.5	0.8	7.7	13.8	1.1	1.8	100.0
	1958/59	24.0	9.5	2.3	9.5	16.8	5.0	1.3	10.9	17.3	1.2	2.2	100.0
	1959/60	25.2	10.2	2.0	5.5	15.4	9.5	0.6	9.8	18.6	1.4	1.8	100.0
	1960/61	18.8	8.0	2.1	9.5	19.9	9.4	0.6	7.8	21.0	0.6	2.3	100.0
	1961/62	20.7	7.3	4.0	10.3	22.7	2.3	1.1	9.0	19.8	1.1	1.7	100.0
Westelike Streek	1954/55	51.3	16.0	1.2	1.1	9.4	4.6	2.3	2.0	8.8	1.2	2.1	100.0
	1955/56	45.9	15.8	1.4	1.3	10.6	6.0	2.0	3.0	10.8	1.2	2.0	100.0
	1956/57	47.7	15.0	0.4	1.6	8.9	5.0	2.2	2.5	14.1	1.1	1.5	100.0
	1957/58	43.7	17.5	0.7	2.3	7.3	3.7	1.9	3.5	16.4	1.2	1.8	100.0
	1958/59	26.5	26.1	0.9	2.7	12.4	2.7	1.1	3.2	20.5	1.9	2.0	100.0
	1959/60	27.9	23.6	1.6	2.4	13.2	6.8	0.9	3.3	16.6	2.2	1.5	100.0
	1960/61	17.8	23.7	1.0	4.4	21.8	3.3	0.6	4.1	20.3	0.9	2.1	100.0
	1961/62	37.6	24.9	1.0	1.9	6.5	5.2	0.9	4.2	14.0	1.8	1.9	100.0

■ Minder as 0.1

TABEL 35.2. DIE PERSENTASIE-VERDELING VAN DIE BRUTO KAPITAALFORMING IN DIE SUBSTREKE VAN DIE GRANJERIVIERGEBIED VOLGENS PRODUKSIEKAT

1954/55, 1958/59 EN 1961/62

Gebied	Jare	Landbou, Bosbou en Visserye	Mynbou en Steengroewe	Fabriekswese en konstruksie	Elektrisiteit gas en water	Vervoer, opberging en kommunikasie	Handel	Finansiële instellings en vaste eiendoms	Besit van wonings	Algemene regeringsdienste	Ander dienste	Oordrag-betalings	Brute kapitaalvorming
		%	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%	%
1. Benede-Sondagsrivier	1954/55	6.7	0.3	15.3	6.2	15.1	11.0	6.2	15.8	15.5	5.2	2.7	100.0
	1958/59	3.1	0.4	18.8	16.7	14.5	5.7	4.7	17.0	14.5	2.9	1.7	100.0
	1961/62	1.3	0.6	24.5	8.7	20.7	4.8	4.2	9.9	17.8	6.0	1.5	100.0
2. Visrivier	1954/55	44.8	0.3	0.8	2.2	32.7	2.4	0.8	1.4	10.9	1.1	2.6	100.0
	1958/59	25.7	0.5	1.1	3.2	42.9	1.7	0.5	3.5	18.7	0.5	1.7	100.0
	1961/62	38.6	0.5	2.8	1.3	24.2	6.9	0.5	2.7	19.3	1.4	1.8	100.0
3. Lady Grey-Herschel	1954/55	-78.4	-	4.1	-	118.6	20.6	-	9.3	13.4	-	12.4	100.0
	1958/59	75.6	-	0.3	2.8	16.5	-0.3	0.3	0.6	2.8	0.3	1.1	100.0
	1961/62	84.8	-	3.0	-	5.2	0.5	0.3	1.6	1.9	0.3	2.4	100.0
4. Wepener-Zastron	1954/55	54.2	-	3.7	2.2	11.4	9.5	0.1	2.5	11.9	0.1	4.4	100.0
	1954/59	55.0	-	-0.1	5.3	8.1	0.2	0.1	3.8	24.7	1.1	1.8	100.0
	1961/62	77.4	0.1	-0.4	1.1	5.1	1.8	0.2	2.6	8.0	0.7	3.4	100.0
5. Suidoos-Vrystaat	1954/55	73.3	-	0.1	0.9	3.5	2.7	5.2	2.3	7.5	0.8	3.7	100.0
	1958/59	59.5	-	0.3	0.1	9.5	7.5	4.2	6.1	7.8	2.1	2.9	100.0
	1961/62	37.7	-	3.9	7.1	40.8	1.3	0.1	1.9	5.3	0.4	1.5	100.0
6. Kafferrivier	1954/55	12.0	n	2.4	8.3	25.6	14.6	1.1	15.2	14.7	3.8	2.3	100.0
	1958/59	9.2	0.1	2.3	7.6	38.6	5.5	0.9	14.4	15.0	4.7	1.7	100.0
	1961/62	7.4	n	2.2	5.2	41.6	4.0	1.0	18.7	15.7	2.6	1.6	100.0
7. Linkeroewer-Hendrik-Verwoerd	1954/55	55.9	-	1.2	0.9	18.9	6.4	0.8	1.6	11.3	0.4	2.6	100.0
	1958/59	29.3	-	1.2	6.1	14.5	1.0	0.4	3.8	39.9	0.5	3.3	100.0
	1961/62	32.8	-	5.9	1.9	14.7	4.7	1.1	3.9	31.5	0.7	2.8	100.0
8. Regteroewer-Hendrik-Verwoerd	1954/55	54.6	-	0.7	0.4	22.5	8.2	0.6	2.2	6.2	1.0	3.6	100.0
	1958/59	21.3	-	0.9	3.2	45.3	2.3	0.2	8.1	13.2	0.2	5.3	100.0
	1961/62	27.8	-	0.8	0.4	56.9	1.1	0.6	3.7	5.6	0.8	2.3	100.0
9. Regteroewer-Vanderkloof	1954/55	44.9	10.1	2.7	0.1	7.8	10.8	1.0	3.7	15.0	1.8	2.1	100.0
	1958/59	54.4	14.3	0.6	0.2	2.3	6.2	1.3	4.5	13.2	1.3	1.7	100.0
	1961/62	45.2	0.3	1.8	3.7	7.5	12.2	1.8	3.6	19.8	0.8	3.3	100.0
10. Kaap-Rietrivier	1954/55	16.5	13.6	3.6	9.9	13.9	12.4	0.5	12.8	14.1	1.5	1.2	100.0
	1958/59	8.7	13.4	3.4	13.0	18.9	7.1	1.4	16.1	15.5	1.3	1.2	100.0
	1961/62	12.5	12.1	4.5	15.8	23.5	0.6	1.2	12.2	15.2	1.5	0.9	100.0
11. Linkeroewer-Vanderkloof	1954/55	46.9	-1.5	0.6	0.5	27.5	10.1	1.5	5.3	5.8	0.6	2.7	100.0
	1958/59	47.3	2.0	0.7	7.6	17.4	0.7	1.6	4.2	12.3	1.5	4.7	100.0
	1961/62	26.2	0.9	1.6	3.0	23.1	1.2	0.6	6.1	33.8	0.4	3.1	100.0
12. Suid-Kalahari	1954/55	42.6	19.5	2.1	1.6	10.6	2.7	0.9	2.3	13.1	1.8	2.8	100.0
	1958/59	32.0	14.3	1.2	3.6	14.6	3.6	1.0	3.9	21.0	2.3	2.5	100.0
	1961/62	30.9	24.9	1.5	2.8	8.8	5.6	0.8	5.9	14.8	1.8	2.2	100.0
13. Boesmanland	1954/55	56.9	6.3	0.5	0.6	16.5	6.0	1.1	1.3	8.6	0.6	1.6	100.0
	1958/59	33.0	12.7	0.4	2.2	16.4	1.8	0.7	2.1	28.5	0.7	1.5	100.0
	1961/62	12.1	13.7	1.2	3.7	15.3	1.9	4.9	4.8	32.4	5.1	4.9	100.0
14. Sakrivier	1954/55	72.7	-	0.1	1.1	5.5	7.1	7.2	1.0	3.2	0.6	1.5	100.0
	1958/59	44.1	0.2	-	1.7	10.9	0.9	4.4	4.5	29.9	0.4	3.0	100.0
	1961/62	79.1	0.1	0.1	0.1	1.0	7.4	0.2	1.4	9.0	0.4	1.2	100.0
15. Namakwaland	1954/55	35.2	49.9	0.5	0.2	0.6	5.6	0.2	3.5	2.2	1.5	0.6	100.0
	1958/59	-8.5	93.8	0.6	0.4	1.7	1.6	0.2	1.4	5.8	2.5	0.5	100.0
	1961/62	26.2	56.3	0.1	0.1	0.1	3.1	0.4	1.5	9.2	1.6	0.4	100.0

n Kleiner as 0.1

tot 19.4 persent in 1961/62, toegeneem. Die bruto kapitaalvorming in fabriekswese en konstruksie het hoofsaaklik in die Benede-Sondagsriviergebied voorgekom, terwyl die relatiewe afname in die kapitaalvorming van landbou weer in die Visriviergebied aangetref word. Benewens hierdie produksietakke was die kapitaalvorming in vervoer, opberging en kommunikasie en algemene regeringsdienste, die grootste in die streek.

In die Oostelike Streek het vervoer, opberging en kommunikasie 39.2 persent van die totale bruto kapitaalvorming in 1961/62 uitgemaak, teenoor 23.6 persent in 1954/55. Die merkwaardige toename in die kapitaalvorming van die produksietak in vergelyking met die ander, het veral in die Suidoos-Vrystaat- en die Kafferriviergebied, plaasgevind. Daarteenoor het die verhouding van landbou in die streek oor die tydsperiode afgeneem. Dieselfde tendens is ook in die Sentrale Streek merkbaar waar die kapitaalvorming in landbou afgeneem het van 35.7 persent in 1954/55 tot 20.7 persent in 1961/62, gesien in vergelyking met die totale kapitaalvorming in die gebied. Hierdie daling in die relatiewe belangrikheid van die kapitaalvorming in die landbou het in al die substreke wat in dié hoofstreek geleë is, voorgekom. Benewens landbou was die kapitaalvorming in vervoer, opberging en kommunikasie en algemene regeringsdienste ook relatief belangrik.

In die Westelike Streek het die bruto kapitaalvorming in landbou en mynbou 6.5 persent van die totaal vir die gebied in 1961/62, uitgemaak. Die persentasie-aandeel van die bruto kapitaalvorming in die tersiêre produksietakke van dié hoofstreek, is dus laag in vergelyking met dié van die ander hoofstreke. Veral in die geval van vervoer, opberging en kommunikasie, wat 'n aandeel van 6.5 persent

in/.....

in die bruto kapitaalvorming van die Westelike Streek in 1961/62 gehad het, vergelyk die hoofstreek swak met byvoorbeeld die Suidelike Streek, waar die produksietak vir 21.5 persent van die bruto kapitaalvorming in 1961/62 verantwoordelik was.

Verdere detail in verband met die samestelling van die bruto kapitaalvorming in die Oranjeriviergebied word in tabel 36.1 aangetoon, waar die persentasie-verdeling van bruto kapitaalvorming volgens tipe organisasie en hoofstreek uiteengesit word, terwyl tabel 36.2 dieselfde gewens vir die substreke in die Oranjeriviergebied weergee.

Die persentasie-aandeel van private ondernemings in die bruto kapitaalvorming van die Oranjeriviergebied was gedurende die periode onder bespreking, met die uitsondering van 1954/55, kleiner as in die land as n geheel. In 1961/62 was die private sektor byvoorbeeld vir 54.7 persent van die bruto kapitaalvorming in die Oranjeriviergebied verantwoordelik, vergeleke met 60.2 persent vir die land as n geheel. In tabel 36.1 word ook aangetoon dat die toename in die bruto kapitaalvorming van die Oranjeriviergebied hoofsaaklik veroorsaak is deur n styging in die kapitaalvorming van owerheidsondernemings en openbare korporasies, terwyl openbare owerhede ook n geringe bydrae daartoe gelewer het. Hierdie neiging was ook in teenstelling met die algemene tendens in die land, waar die groeikoers in die kapitaalvorming veroorsaak is deur investering in die private sektor.

Weens die groot verhouding wat die bruto kapitaalvorming in die Suidelike Streek van die totale kapitaalvorming in die Oranjeriviergebied uitmaak, kom die verdeling volgens tipe organisasie ooreen met dié soos hierbo aange-
toon. Dieselfde patroon van ontwikkeling word ook in

die/.....

TABEL 36.1. DIE PERSENTASIE-VERDELING VAN DIE BRUTO KAPITAAL-
VORMING IN DIE ORANJERIVIERGEBIED VOLGENS HOOF-
STREEK EN TIPE ORGANISASIE 1954/55 TOT 1961/62

Streek	Jare	Private	Owerheids-	Open-	Bruto
		onder- nemings	ondernemings en openbare korporasies	bare Ower- hede	
		%	%	%	%
Oranjeriviergebied	1954/55	65.3	22.3	12.4	100.0
	1955/56	56.9	31.3	11.8	100.0
	1956/57	59.2	25.9	14.9	100.0
	1957/58	54.6	29.1	16.3	100.0
	1958/59	52.5	31.0	16.5	100.0
	1959/60	56.6	29.3	14.1	100.0
	1960/61	51.1	32.6	16.3	100.0
	1961/62	54.7	28.9	16.4	100.0
Suidelike Streek	1954/55	61.2	24.7	14.1	100.0
	1955/56	52.3	35.4	12.3	100.0
	1956/57	55.4	29.2	15.4	100.0
	1957/58	51.3	32.5	16.2	100.0
	1958/59	51.4	33.3	15.3	100.0
	1959/60	52.3	34.6	13.1	100.0
	1960/61	53.6	32.2	14.2	100.0
	1961/62	53.6	28.2	18.2	100.0
Oostelike Streek	1954/55	54.8	31.3	13.9	100.0
	1955/56	48.6	39.4	12.0	100.0
	1956/57	50.3	33.0	16.7	100.0
	1957/58	38.9	42.7	18.4	100.0
	1958/59	43.2	42.1	14.7	100.0
	1959/60	51.4	38.6	10.0	100.0
	1960/61	48.2	39.6	12.2	100.0
	1961/62	40.8	45.4	13.8	100.0
Sentrale Streek	1954/55	66.3	21.9	11.8	100.0
	1955/56	53.5	34.5	12.0	100.0
	1956/57	59.9	27.5	12.6	100.0
	1957/58	59.8	26.4	13.8	100.0
	1958/59	56.7	26.0	17.3	100.0
	1959/60	60.6	20.8	18.6	100.0
	1960/61	49.7	29.3	21.0	100.0
	1961/62	45.6	34.6	19.8	100.0
Westelike Streek	1954/55	79.9	11.3	8.8	100.0
	1955/56	76.3	12.9	10.8	100.0
	1956/57	74.3	11.6	14.1	100.0
	1957/58	72.1	11.5	16.4	100.0
	1958/59	61.8	17.7	20.5	100.0
	1959/60	65.8	17.6	16.6	100.0
	1960/61	51.7	28.0	20.3	100.0
	1961/62	75.6	10.4	14.0	100.0

TABEL 36.2. DIE PERSENTASIE-VERDELING VAN DIE BRUTO KAPITAAL-
VORMING IN DIE SUBSTREKE VAN DIE GRANJERIVIER-
GEBIED VOLGENS TIFE ORGANISASIE, 1954/55, 1958/59
EN 1961/62.

Gebied	Jare	Private onder- nemings	Owerheids- ondernemings en openbare korporasies	Open- bare Ower- hede	Bruto Kapi- taal- vorming
		%	%	%	%
1. Benede-Sondagsrivier	1954/55	64.1	20.4	15.5	100.0
	1958/59	55.2	30.3	14.5	100.0
	1961/62	53.6	28.6	17.8	100.0
2. Visrivier	1954/55	54.4	34.7	10.9	100.0
	1958/59	35.3	46.0	18.7	100.0
	1961/62	53.4	27.3	19.3	100.0
3. Lady Grey-Herschel	1954/55	-27.8	114.4	13.4	100.0
	1958/59	79.6	17.6	2.8	100.0
	1961/62	96.2	1.9	1.9	100.0
4. Wepener-Zastron	1954/55	75.8	12.2	11.9	100.0
	1958/49	62.7	12.6	24.7	100.0
	1961/62	87.4	4.6	8.0	100.0
5. Suidoos-Vrystaat	1954/55	88.7	3.8	7.5	100.0
	1958/59	82.9	9.2	7.9	100.0
	1961/62	43.5	51.2	5.3	100.0
6. Kafferrivier	1954/55	50.8	34.5	14.7	100.0
	1958/59	38.7	46.3	15.0	100.0
	1961/62	36.6	47.7	15.7	100.0
7. Linkeroewer-Hendrik Verwoerd	1954/55	68.8	19.9	11.3	100.0
	1958/59	39.8	20.3	39.9	100.0
	1961/62	47.4	21.1	31.5	100.0
8. Regteroewer-Hendrik	1954/55	71.1	22.7	6.2	100.0
	1958/59	38.8	48.0	13.2	100.0
	1961/62	37.2	57.2	5.6	100.0
9. Regteroewer-Vanderkloof	1954/55	77.5	7.5	15.0	100.0
	1958/59	84.4	2.3	13.3	100.0
	1961/62	69.3	10.9	19.8	100.0
10. Kaap-Rietrivier	1954/55	61.7	24.2	14.1	100.0
	1958/59	52.9	31.5	15.6	100.0
	1961/62	44.0	40.8	15.2	100.0
11. Linkeroewer-Vanderkloof	1954/55	66.7	27.5	5.8	100.0
	1958/59	63.1	24.6	12.3	100.0
	1961/62	39.9	26.3	33.8	100.0
12. Suid-Kalahari	1954/55	75.4	11.5	13.1	100.0
	1958/59	61.8	17.2	21.0	100.0
	1961/62	74.2	11.0	14.8	100.0
13. Boesmanland	1954/55	75.2	16.2	8.6	100.0
	1958/59	54.2	17.3	28.5	100.0
	1961/62	50.5	17.1	32.4	100.0
14. Sakrivier	1954/55	90.3	6.5	3.2	100.0
	1958/59	58.2	11.8	30.0	100.0
	1961/62	90.2	0.8	9.0	100.0
15. Namakwaland	1954/55	84.5	13.3	2.2	100.0
	1958/59	71.0	23.1	5.9	100.0
	1961/62	75.4	15.4	9.2	100.0

die Sentrale en Oostelike Streek aangetref, met die uitsondering dat die verhouding van die kapitaalvorming in die private sektor nog kleiner is. In die Westelike Streek daarenteen was die bruto kapitaalvorming deur die private sektor veel hoër as in die ander hoofstreke. In 1961/62 het private bruto kapitaalvorming naamlik 75.6 persent van die totaal in die Westelike Streek uitgemaak. Hierdie groot bruto kapitaalvorming in die private sektor is veral toe te skryf aan die ontwikkeling van mynwese in hierdie hoofstreek.

Vervolgens word die groeikoers in die bruto kapitaalvorming van die Oranjeriviergebied volgens hoof- en substreek oor die termyn 1954/55 tot 1961/62, in tabel 37 uiteengesit. Uit die tabel blyk dit dat die gemiddelde jaarlikse groeikoers van die Oranjeriviergebied vanaf 1954/55 tot 1961/62, 0.9 persent beloop het. Die gemiddelde jaarlikse groeikoers van die bruto kapitaalvorming in die Suidelike Streek was -1.5 persent, terwyl dit betreklik klein was in die Sentrale Streek. Daarenteen het die bruto kapitaalvorming in die Oostelike en Westelike Streek oor die betrokke tydspanne weer betreklik vinnig toegeneem, naamlik met 3.0 persent en 2.3 persent respektiewelik. Weens die relatiewe belangrikheid van landbou in die grootste gedeelte van die Oranjeriviergebied, kan die groot fluktuasies in die groeikoerse tussen die onderskeie jare soos in die tabel aangetoon word, hoofsaaklik toegeskryf word aan die groot van-jaar-tot-jaar verskille in vee-inventarisse. Alhoewel daar vir sekere substreke ook groot gemiddelde jaarlikse groeikoerse in die tabel aangedui word, was die absolute toename betreklik klein. Die Lady Grey-Herschelgebied het byvoorbeeld 'n gemiddelde jaarlikse groeikoers van 21.0 persent, wat gelykstaande is aan/.....

TABEL 37. DIE GROEIKOERS VAN DIE BRUTO KAPITAALVORMING IN DIE ORANJERIVIERGEBIED VOLGENS HOOF- EN SUBSTREEK, 1954/55 TOT 1961/62

Streek of gebied	1954/55 tot 1955/56	1955/56 tot 1956/57	1956/57 tot 1957/58	1957/58 tot 1958/59	1958/59 tot 1959/60	1959/60 tot 1960/61	1960/61 tot 1961/62	Gemiddelde jaarlikse groeikoers
	%	%	%	%	%	%	%	%
Oranjeriviergebied	-1.0	10.4	2.9	-8.0	13.9	7.1	-4.1	0.9
Suidelike Streek	3.4	-1.8	9.6	1.5	1.9	11.6	-12.8	-1.5
Oostelike Streek	11.0	22.2	5.4	-6.0	22.1	-4.3	-12.9	3.0
Sentrale Streek	-12.5	21.7	5.1	-15.7	2.6	6.6	4.1	1.0
Westelike Streek	-7.4	11.0	0.8	-16.5	40.4	-12.7	12.6	2.3
1. Benede-Sondagsrivier	0.2	-4.8	22.2	11.7	-5.1	-5.9	-15.5	-0.2
2. Visrivier	10.7	4.5	-14.8	-26.6	30.9	-23.9	-2.6	-5.2
3. Lady Grey-Herschel	271.1	99.7	-80.0	147.9	-116.0	1464.9	-55.9	21.0
4. Wepener-Zastron	61.4	-36.5	29.0	-23.6	73.3	-36.7	12.5	3.2
5. Suidoos-Vrystaat	-17.2	65.0	-41.7	15.2	102.8	-13.3	11.2	8.7
6. Kafferrivier	9.5	21.6	0.2	-7.5	16.7	-5.3	-15.0	2.1
7. Linkeroewer-Hendrik Verwoerd	-33.8	19.4	3.6	-46.4	49.6	17.2	-10.0	-5.3
8. Regteroewer-Hendrik Verwoerd	1.5	4.6	1.8	-58.3	109.7	21.9	-2.3	0.4
9. Regteroewer-Vanderkloof	-12.6	43.4	-22.5	14.5	21.7	-70.4	106.8	-2.5
10. Kaap-Rietrivier	-5.9	20.9	16.1	-11.8	-4.0	10.7	13.8	5.0
11. Linkeroewer-Vanderkloof	-3.4	24.3	-4.3	5.5	-32.9	56.4	-30.7	-1.8
12. Suid-Kalahari	-6.8	1.8	24.6	-14.5	63.9	-11.7	-3.0	5.2
13. Boesmanland	3.0	12.8	-1.0	-11.5	-42.3	94.6	-48.9	-11.8
14. Sakrivier	-20.4	31.5	-18.9	-57.8	13.9	-33.9	242.3	-1.2
15. Namakwaland	1.2	49.1	-42.5	47.6	57.7	-45.6	63.0	8.6

is aan slegs R39,000 per jaar. Die grootste absolute gemiddelde jaarlikse toenames het in die Suid-Kalaharigebied met R572,000, die Kaap-Rietriviergebied met R461,000 en die Kafferriviergebied met R330,000, voorgekom.

10. Die verhouding van die bruto kapitaalvorming tot die bruto geografiese produk

Ten slotte word in hierdie hoofstuk die verhouding tussen die bruto kapitaalvorming en die bruto geografiese produk van die Oranjeriviergebied in tabel 38 aangetoon. Uit die tabel blyk dit dat die verhouding vir die Oranjeriviergebied as n geheel betreklik hoog was oor die termyn 1954/55 tot 1961/62, waar dit gewissel het tussen 16.4 persent tot 20.4 persent. Wat die substreke betref, is die verhouding van die bruto kapitaalvorming tot die bruto geografiese produk in die Benede-Sondagsriviergebied en in Namakwaland die laagste, terwyl dit weer baie hoog was in die Suidoos-Vrystaat en Regteroewer-Hendrik Verwoerdgebied.

Na die uiteensetting van die ekonomiese struktuur en enkele dinamiese kenmerke van die Oranjeriviergebied aan die hand van nasionale rekeninge syfers, word die moontlike ekonomiese invloed van die Oranjerivierontwikkelingsprojek in deel DRIE bespreek. n Samevatting van die vernaamste strukturele kenmerke van die Oranjeriviergebied word in deel VIER weergegee.

TABEL 38. DIE VERHOUDING VAN DIE BRUTO KAPITAALVORMING TOT DIE BRUTO GEOGRAFIESE PRODUK VAN DIE ORANJERIVIERGEBIED VOLGENS HOOF- EN SUBSTREEK, 1954/55 TOT 1961/62.

Streek of gebied	1954/55	1955/56	1956/57	1957/58	1958/59	1959/60	1960/61	1961, 62
	%	%	%	%	%	%	%	%
Oranjeriviergebied	20.4	19.6	19.9	20.4	19.5	20.2	18.4	16.4
Suidelike Streek	16.3	16.5	15.3	16.5	17.3	16.5	13.9	11.4
Oostelike Streek	23.2	24.9	26.7	25.8	24.4	27.6	25.9	21.4
Sentrale Streek	23.5	21.5	22.9	23.1	19.9	18.6	19.3	19.3
Westelike Streek	24.9	20.5	21.6	22.1	19.8	23.5	21.2	20.6
1. Benede-Sondagsrivier	13.6	13.1	12.0	14.1	16.2	14.5	12.7	10.1
2. Visrivier	30.8	36.3	32.2	31.2	24.4	27.9	21.5	20.2
3. Lady Grey-Herschel	5.2	15.9	24.6	6.5	15.2	-2.8	28.6	14.7
4. Wepener-Zastron	19.5	24.9	13.9	19.6	17.4	28.1	17.4	19.9
5. Suidoos-Vrystaat	22.0	24.8	27.6	21.8	29.7	43.2	49.2	38.1
6. Kafferrivier	24.3	25.3	27.7	27.1	24.8	27.1	22.3	20.3
7. Linkeroewer-Hendrik Verwoerd	39.5	27.4	24.6	29.9	19.1	23.8	29.1	25.7
8. Regteroewer-Hendrik Verwoerd	33.8	37.2	29.5	33.2	18.5	25.6	34.9	32.2
9. Regteroewer-Vanderkloof	27.3	27.3	33.0	29.4	30.9	34.4	11.1	19.6
10. Kaap-Rietrivier	17.9	17.4	19.2	19.7	17.1	15.2	16.0	17.5
11. Linkeroewer-Vanderkloof	25.3	24.5	28.4	26.2	27.7	18.9	27.3	19.0
12. Suid-Kalahari	28.6	23.3	21.1	23.4	21.0	29.7	26.1	22.3
13. Boesmanland	29.5	28.3	24.0	25.7	24.2	13.2	27.2	12.6
14. Sakrivier	43.6	31.7	36.5	34.6	21.6	20.3	18.7	35.4
15. Namakwaland	9.3	8.3	13.3	9.6	14.0	16.9	9.3	14.0

DEEL DRIE

DIE MOONTLIKE EKONOMIESE INVLOED VAN DIE ORANJERIVIERONT-
WIKKELINGSPROJEK.

HOOFSTUK VIII. BESPROEING EN NEDERSLTTINGSMOONTLIKHEDE

Nadat die ekonomiese struktuur van die Oranjeriviergebied in deel TWEL van hierdie studie bespreek is, word vervolgens in hierdie deel aandag gegee aan die moontlike invloed wat die Oranjerivierontwikkelingsprojek, uit n ekonomiese oogpunt gesien, mag hê. Soos reeds in die inleidende gedeelte uiteengesit sal die bespreking n uiters tentatiewe en n kwalitatiewe vorm aanneem, weens onvoldoende statistiese data om alternatiewe ekonomiese modelle op te stel.

Die besproeiing- en nedersettingsmoontlikhede wat die projek inhou, is die onderwerp van hierdie hoofstuk. Vooraf moet egter uitdruklik gestel word dat dié moontlikhede van die projek nie uit die oogpunt van individuele boere of boeregemeenskappe gesien sal word nie, maar dat dit alleen vanuit n nasionale en regionale oogpunt beoordeel word. In die opeenvolgende afdelings van hierdie hoofstuk word die potensiele besproeiingsgrond en nedersettingsmoontlikhede bespreek, waarna die besproeiing uit n nasionale en regionale oogpunt beskou sal word.

1. Potensiele besproeiingsgrond

As gevolg van die lae en wisselvallige reënval in Suid-Afrika, is die vermeerdering in besproeiingsgrond van die allergrootste belang in die landbou-ontwikkeling van die land. Dit sal beteken dat landbou tot n groter mate onafhanklik van natuurlike reënneerslae raak, terwyl besproeiing ook meer intensiewe boerderymetodes tot gevolg het, wat n beter benutting van die natuurlike hulpbronne van die land inhou.

Die totale besproeiingsgebiede in die Republiek van Suid-Afrika het in 1963 ongeveer 957,000 morg beslaan, wat soos volg saamgestel was:¹⁾

1) Vgl. Department of Agricultural Technical Services, Agriculture in the Economic Development of South Africa, Pretoria, 1963, p.8.

Owerheidsbesproeiingskemas	244,378 morg,
Besproeiingsdistrikte	245,299 morg,
Ander besproeiingsoutoriteite	8,899 morg,
Private besproeiing	215,275 morg,
Vloedbesproeiing (laagliggende gebiede)	122,979 morg,
Besproeiing uit ondergrondse bronne ..	120,146 morg,

Totaal 956,976 morg.

Die Oranjerivierontwikkelingsprojek maak voorsiening om 360,000 morg grond te besproei, wat dus n toename van 34.8 persent op die totale besproeiingsgrond van die land in 1963, uitmaak. Van die gemelde 360,000 morg, is 247,000 binne die waterskeiding van die Oranjerivier geleë, terwyl die oorblywende 113,000 morg in die Vis- en Sondagsrivier se opvanggebied voorkom. Na voltooiing van die onderskeie konstruksiefases ²⁾ van die projek sal die volgende aantal morg vir besproeiing beskikbaar kom, naamlik:

Konstruksiefase Nr. 1	83,000 morg,
Konstruksiefase Nr. 2	78,000 morg,
Konstruksiefase Nr. 3	60,000 morg,
Konstruksiefase Nr. 4	60,000 morg,
Konstruksiefase Nr. 5	40,000 morg,
Konstruksiefase Nr. 6	39,000 morg,

In die 360,000 morg potensiële besproeiingsgrond is die bestaande [±]25,000 morg grond tussen Boegoebergdam en die Aughrabies-waterval, wat tans vir besproeiingswater van periodieke loslatings uit Vaaldam afhanklik is, egter ingesluit. Die ontwikkeling in die Vaalrivieropvanggebied kan meebring dat water uit hierdie oord in die nabye toekoms nie meer beskikbaar sal wees nie, en gevolglik word die besproeiingsgrond deur die projek onafhanklik van die water van die Vaaldam gemaak. Daarbenewens benodig n oppervlakte van 4,000 morg by die Riet- en Benede-Rietrivier/....

2) Die ontwikkelings wat in elke konstruksiefase in die vooruitsig gestel word, is reeds breedvoerig in Hoofstuk I bespreek. Vgl. pp. 5 tot 9.

Benede-Rietrivier en 2,000 morg tussen die Aughrabies-waterval en Alexanderbaai aanvullende water, en kom gevolglik ook in aanmerking vir besproeiingswater uit die Oranjerivierontwikkelingsprojek.

Daar is tans ook 22,000 morg onder besproeiing in die Groot-Visriviervallei waarvan 13,000 morg deur die projek oorgeneem sal word, aangesien plaaslike waterbronne slegs genoegsaam is vir 9,000 morg. Verder is daar 11,000 morg ingelys onder die Mentzdam, terwyl bestaande plaaslike waterbronne slegs aan die vereistes van 8,000 morg voldoen. n Gebied van 3,000 morg bestaande ontwikkeling sal dus deur die Oranjerivierontwikkelingsprojek oorgeneem moet word. Alleen 332,000 morg nuwe grond sal dus as gevolg van die projek onder besproeiing geplaas word. Van die beplande 83,000 morg besproeiingsgrond na voltooiing van die eerste konstruksiefase, is alleen 55,000 morg nuwe besproeiingsgrond.

Kaart Nr. 4 toon die beplande geografiese verspreiding van die bestaande en nuwe besproeiingsgronde wat deur die Oranjerivierontwikkelingsprojek ontwikkel sal word. Die regionale verdeling is voorlopig aangesien die besproeiingsgrond nog nie duidelik geïdentifiseer en geklassifiseer is aan die hand van volledige bodemopnames nie. Die gegewens op die kaart dui dus alleen die waarskynlike ligging van die areas wat onder besproeiing sal kom, aan.

Om aan te pas by die regionale klassifikasie wat in deel EEN van hierdie studie vir die Oranjeriviergebied onderskei is, word die geografiese verspreiding van die aantal morg wat onder besproeiing geplaas word vir dié onderskeie streke, in tabel 39 aangetoon. Weens n gebrek aan volledige bodemopnames is die besproeiingsoppervlakte in elke streek vanaf die oorspronklike kaarte waarop die projek/.....

S. W. A.

O. V. S.



Bestaande besproeiingskemas
 Voorgestelde. "

Kart Nr 1
**Die Bestaande en Voorgestelde
 Besproeiingsgronde in die Oranjeriviergebied.**

0 50 100 200 Myl

projek in breë trekke beplan is, met behulp van 'n planometer geraam. Die aangeduide oppervlakte in besondere streke mag dus na voltooiing van die bodemopnames aan verandering onderhewig wees.

In tabel 39 word aangetoon dat 44.5 persent van die totale besproeiingsgrond wat deur die eerste konstruksiefasie onder besproeiing gebring sal word, in die Westelike Streek geleë is. Van die 37,000 morg wat egter in die streek water van die Oranjerivierontwikkelingsprojek sal ontvang, is sowat 28,000 morg bestaande besproeiingsgrond. Na voltooiing van die eerste konstruksiefase kom die vernaamste uitbreiding in die oppervlakte wat onder besproeiing geplaas gaan word, dus in die Sentrale Streek en meer in besonder in die Linker- en Regteroewer-Vanderkloofgebied voor. Daarbenewens kom 13,000 morg ook in die Visriviergebied onder besproeiing.

Na voltooiing van die projek in sy geheel, is die besproeiingsgrond betreklik eweredig tussen die Suidelike Sentrale en Westelike Streke versprei. Die Oostelike Streek verkry alleen 'n geringe toename in die Kafferriviergebied. Die Visrivier-, Regter- en Linkeroewer-Vanderkloof-, Suid-Kalahari-, Boesmanland- en die Sakriviergebied, baat die meeste uit die Oranjerivierontwikkelingsprojek gesien in die lig van 'n toename in die besproeiingsgrond.

2. Nederwettingsmoontlikhede.

Volgens die Witskrif met betrekking tot die Oranjerivierontwikkelingsprojek, sal 230,000 morg uit die totale 360,000 morg wat vir besproeiing geskik is, moontlik aan staatsnedersettings toegewys word.³⁾ Die raming berus op/.....

3) Witskrif van 1962/63, op.cit., p.26.

TABEL 39: DIE GEOGRAFIESE VERSPREIDING VAN DIE BESPROEINGSGROND
IN DIE ORANJERIVIERGEBIED.

Streek of gebied	Konstruksiefase Nr. 1		Projek as geheel	
	Oppervlakte (1,000 morg)	Persentasie van totaal	Oppervlakte (1,000 morg)	Persentasie van totaal
Oranjeriviergebied	83.0	100.0	360.0	100.0
Suidelike Streek	16.0	19.3	113.0	31.4
Oostelike Streek	1.0	1.2	1.0	0.3
Sentrale Streek	29.0	35.0	117.5	32.7
Westelike Streek	37.0	44.5	128.5	35.6
1. Benede - Sondags- rivier	3.0	3.6	19.0	5.3
2. Visrivier	13.0	15.7	94.0	26.1
3. Lady Grey - Her- schel	-	-	-	-
4. Wepener - Zastron	-	-	-	-
5. Suidoos-Vrystaat	-	-	-	-
6. Kafferrivier	1.0	1.2	1.0	0.3
7. Linkeroewer - Hen- drik Verwoerd	-	-	-	-
8. Regteroewer - Hen- drik Verwoerd	-	-	-	-
9. Regteroewer - Van- derkloof	14.0	16.9	41.0	11.4
10. Kaap - Rietrivier	-	-	13.5	3.8
11. Linkeroewer - Van- derkloof	15.0	18.1	63.0	17.5
12. Suid-Kalahari	30.0 [⊗]	36.1	60.0	16.7
13. Boesmanland	-	-	31.5	8.8
14. Sakrivier	-	-	30.0	8.3
15. Namakwaland	7.0 ⁺	8.4	7.0	1.8

[⊗] Hierby is 25,000 morg bestaande besproeiingsgrond tussen Boegoeberg-
dam en die Aughrabies-waterval, wat onafhanklik van die Vaaldam
gemaak word, ingesluit.

⁺ Ongeveer 3,000 morg bestaande besproeiing tussen die Aughrabies-
waterval en die Weskus is hierby ingesluit.

op ekstensiewe bodemopnames en mag dus na 'n intensiewe
identifisering en klassifisering van die grond gewysig
word. Aangesien volledige bodemopnames op hierdie stadium
nog nie voltooi is nie, is dit nie moontlik om 'n geografiese
verspreiding van die grond wat vir nedersettingsdoeleindes
geskik is, weer te gee nie. Die verwagte invloed van soda-
nige nedersettings op die streke wat in hierdie studie
onderskei is, is as gevolg van die gebrek in die data,

agterweë/.....

agterweë gelaat. In hierdie afdeling van die hoofstuk sal die nedersettingsmoontlikhede dus alleen as 'n geheel beskou kan word.

Die eerste vraag wat ontstaan met betrekking tot die nedersettingsmoontlikhede wat die projek inhou, is hoeveel addisionele boerdery-eenhede sal as gevolg daarvan ontstaan? Die aantal eenhede kan verkry word deur die totale oppervlakte te verdeel in ekonomiese boerdery-eenhede. 'n Ekonomiese boerdery-eenheid kan omskryf word as: "n eenheid wat aan die ondernemer, met gemiddeld bestuursvermoë, 'n redelike lewenspeil sal verskaf nadat voorsiening gemaak is vir - (a) klimaats- en fisiese beperkings; (b) prys- en kosteverhoudings; (c) kapitaalaflossing en rentekoste; (d) kapitaalvorming in verband met losgoed- en bedryfskapitaal; en (e) 'n veiligheidsgrens om toekomstige veranderinge in kostestruktuur, afset, produktiwiteit, ens., in ag te neem".⁴⁾ Uit die omskrywing kan sonder meer gesien word dat daar net een wetenskaplike metode bestaan om 'n ekonomiese eenheid op 'n vaste grondslag te bepaal, en dit is om dit vir elke individuele geval te bereken.

'n Akkurate bepaling van die aantal boerdery-eenhede is dus inderwaarheid onmoontlik voordat intensiewe bodemopnames van die ontwikkelingsgebied gemaak is. Die verwagting is egter dat die grootte van die boerdery-eenhede tot 'n groot mate sal ooreenkom met die grootte van eenhede in bestaande besproeiingskemas. In ooreenstemming met die grootte van sodanige boerdery-eenhede kan die moontlike grootte van die hoewes geskat word op 25 tot 35 morg. Met inagneming van die grootte kan die addisionele aantal boerdery-eenhede/....

4) Van Wyk, S.P. Bepaling van 'n Ekonomiese Boerdery-eenheid, Agrekon, Volume 2, Nr. 1, Januarie 1963, p.19.

boerdery-eenhede na voltooiing van die omvangryke projek dus tussen 6,500 en 9,200 hoewes gestel word.

In 1961⁵⁾ was daar 105,152 plase in die Republiek, wat 'n oppervlakte van ongeveer 106 miljoen morg beslaan het. Die gemiddelde plaasoppervlakte was dus in die omgewing van 1,000 morg. Die grootste aantal plase kom egter in die klasinterval 500 tot 1,000 morg voor. Hieruit is dit duidelik dat die landbouproduksie van Suid-Afrika nog gegrond is op ekstensiewe boerderymetodes. Alleen 8,636 plase, wat 'n oppervlakte van \pm 270,000 morg beslaan het, was in die klasinterval 20 tot 50 morg geklassifiseer.⁶⁾ Die aantal plase sowel as die oppervlakte in die klasinterval, sal dus as gevolg van die projek verdubbel.

Benewens die aantal huisgesinne wat as gevolg van die addisionele boerdery-eenhede 'n bestaansmiddel sal verkry, sal daar ook nuwe werkgeleentheid op die hoewes ontstaan. Die aantal werknemers wat op die nedersettings gebruik sal word is afhanklik van die bestuursvermoë van die ondernemer, grootte van die boerdery-eenheid, produkte wat geproduseer gaan word, die mate van intensiteit van die aktiwiteite en die aanbod en koste van beskikbare arbeid. Dit kan dus alleen vir elke individuele geval bepaal word.

Om egter 'n aanduiding van die werkgeleentheid wat as gevolg van die staatsnedersettings sal ontstaan,

te/.....

5) 1961 is die laaste jaar waarvoor landbousensusgegevens nog beskikbaar is.

6) Vgl. Buro vir Statistiek, Statistiese Jaarboek 1964, Pretoria, 1965, p.j-3.

te verkry, word aangeneem dat die indiensname op bestaande besproeiingskemas verteenwoordigend vir die ontwikkeling van die projek sal wees. Die gemiddelde ongeskoolde arbeids-eenheid per morg besproeiingsgrond in die land, kan tussen .12 tot .18 eenhede gestel word.⁷⁾ Op basis van die verhouding sal 27,600 tot 31,400 ongeskoolde persone op die besproeiingsgronde van nedersetters benodig word. Weens die mate van onderbesetting van Suid-Afrika se nie-blanke volksgroepe, wat hoofsaaklik in die ongeskoolde arbeidsklas val, hou die projek in die opsig moontlikhede vir die beter benutting van bestaande arbeidsbronne in.

Benewens die nedersettings wat vir blankes in die vooruitsig gestel word, word verwag dat sowat 4,000 morg as besproeiingsnedersettings vir Kleurlinge ontwikkel sal kan word.⁸⁾ Na 'n voorlopige interdepartementele ondersoek wat in die Richtersveld plaasgevind het, is geraam dat ongeveer 1,200 morg besproeiingsplase van 6 morg elk beskikbaar gestel kan word vir Kleurlinge, onder die bestaande Oranjeskema. Hierdie grond is geleë in die Oranjekom en is feitlik alles spoelgrond op die oewers van die Oranjerivier, wat 'n groot moontlikheid vir die plasing van 'n kern van selfstandige besproeiingsboere in die gebied besit.

Na voltooiing van die eerste konstruksiefase word voorsien dat 55,000 morg nuwe grond onder besproeiing sal kom/.....

7) Die gemiddelde is gebaseer op opnames deur die Afdeling Landbou-ekonomiese navorsing, gemaak te Vaalhartz, Boegoeberg en Bo-Upington.

8) Vgl. Witskrif 1962/63, op.cit., p.27.

sal kom, waarvan 14,000 morg met oordeelkundige bewerking vir staatsnedersettings beskikbaar sal wees.⁹⁾ Die 14,000 morg verdeel in ekonomiese boerdery-eenhede van 25 tot 35 morg, maak dus voorsiening vir 400 tot 520 plase. Teen 'n gemiddelde ongeskoolde arbeidseenheid per morg van tussen .12 en .18 eenhede, skep dit dus werkgeleentheid vir ongeveer 1,680 tot 2,520 ongeskoolde persone.

3. Besproeiing in die Oranjeriviergebied gesien uit 'n nasionale oogpunt.

Gedurende die na-oorlogse tydperk het landbou in Suid-Afrika geweldig ontwikkel, sodat die fisiese volume landbouproduksie vanaf 1948 tot 1963 met ⁺72 persent gestyg het. Ondanks die toename in die bydrae van die landbou tot die ekonomiese welvaart van die land, het die aandeel van landbou, bosbou en visserye tot die netto binnelandse produk van 14.2 persent in 1948 tot 10.3 persent in 1963 afgeneem. Die vraag ontstaan nou hoe gaan die besproeiing as gevolg van die Oranjerivierontwikkelingsprojek die algemene posisie van landbou in die ekonomie beïnvloed, of anders gestel watter produkte en hoeveel van elkeen sal onder die besproeiingstoestande geproduseer word, en hoe skakel dit by die algemene landboupatroon in Suid-Afrika, in?

Met inagneming van die wydverspreide gebied wat deur die projek onder besproeiing ontwikkel sal word, volg noodwendig dat die ekologiese toestande ten opsigte van die onderskeie besproeiingsgebiede grootliks van mekaar sal verskil. Weens die groot verskille in die aard van die verskillende gebiede, is bodemopnames 'n voorvereiste vir enige mate van doeltreffende beplanning. Die

grootste/.....

9) Idem, p.35. Op hierdie stadium bestaan daar blykbaar nog onsekerheid of die oorblywende 41,000 morg as staatsnedersettings of as 'n onderdeel van bestaande plase ontwikkel sal word.

grootste struikelblok by die bepaling van die moontlike toekomstige produksiepatroon is dan ook 'n gebrek aan 'n behoorlike en akkurate identifisering en klassifisering van die gronde wat by die skema betrokke is. Dit geld veral vir die 247,000 morg wat binne die waterskeiding van die Oranjerivier geleë is. Van hierdie grond is slegs 22,000 morg intensief en 25,000 morg ekstensief ondersoek. As gevolg van die gebrek aan die nodige opnamegegewens is dit op die huidige tydstip onmoontlik om 'n akkurate geheelbeeld van die aard en potensiaal van die gronde wat by die projek betrokke is, te verkry.

Ramings van die verwagte produksiepatroon op die 360,000 morg besproeiingsgrond van die projek en na voltooiing van die eerste konstruksiefase, is deur die Departement van Landbou-tegniese Dienste gemaak. Die ramings is gebaseer op die klimaatstoestande in die ontwikkelingsgebied en die huidige boerdery-praktyke op besproeiingsgebiede wat na verwagting tot 'n groot mate met die besproeiingsgronde van die projek sal ooreenkom. Daarbenewens is die invloed van 'n verandering in pryse, koste en tegnologiese verbeterings, ook buite rekening gelaat. Met inagneming van die huidige kennis ten opsigte van die grondtipes in die ontwikkelingsgebied, is die ramings van die Departement in hierdie studie as verteenwoordigend vir die moontlike toekomstige produksiepatroon van die besproeiingsgebiede aanvaar.

Tabel 41 toon die verwagte produksiepatroon op die besproeiingsgronde van die Oranjerivierontwikkelingsprojek, na voltooiing van die eerste konstruksiefase en die projek as 'n geheel. In die tabel kan gesien word dat die verwagte landbouproduksie na voltooiing van die eerste konstruksiefase, ongeveer 500,000 ton sal beloop. Na verwagting sal lusernhoed en -saad sowat die helfte van

die/.....

die totale opbrengs uitmaak, terwyl sagtevrugte, aartappels, groente, mielies en koring ook in groot hoeveelhede geproduseer sal word. Na voltooiing van die projek in sy geheel, word verwag dat ± 3.3 miljoen ton landbouprodukte geproduseer sal word, waarvan lusernhooi en -saad ongeveer die helfte sal uitmaak, terwyl sagtevrugte, aartappels, melk, sitrusvrugte en groente, koring en mielies, in die volgorde, die grootste tonnemaat opbrengs sal hê.

TABEL 40. DIE VERWAGTE PRODUKSIEPATRCON OP DIE BESPROEIJINGSGRONDE VAN DIE ORANJERIVIERONTWIKKELINGSPROJEK NA VOLTOOIING VAN KONSTRUKSIEFASE NR. 1 EN DIE PROJEK AS 'N GEHEEL.

Produk	Konstruksiefase Nr. 1 Oppervlakte Produksie		Projek as geheel Oppervlakte Produksie	
	1,000 morg	1,000 ton	1,000 morg	1,000 ton
Lusernhooi en -saad	17	232	114	1504
Katoen	9	12	57	77
Droë erte en -bone	2	2	10	12
Aartappels	3	50	15	224
Grondbone	1	2	13	20
Mielies	6	33	27	150
Koring	\pm	28	7	160
Droë wingerdvrugte	1	2	3	13
Sagtevrugte	3	62	25	482
Sitrusvrugte	1	13	9	193
Groente	2	42	11	193
Wol	1 ϕ	&	4 ϕ	2
Melk	4 ϕ	3	34 ϕ	200
Vleis	5 ϕ	3	39 ϕ	28
Totaal	55	484	361	3258

Bron: Berekenings gemaak deur Departement van Landbou-tegniese Dienste.

- \pm Oppervlakte van ongeveer 14,000 morg dubbelbewaterde grond.
- $\frac{7}{7}$ Oppervlakte van ongeveer 79,000 morg dubbelbewaterde grond.
- ϕ Produksie van voergewasse vir eie gebruik.
- & Die benaderde syfer is minder as n 1,000 ton.

Ondervinding in Suid-Afrika en die buiteland het aangetoon dat n skema van die aard, alleen tot volle landboupotensiaal kan ontwikkel na ongeveer 30 jaar verloop het nadat die vernaamste konstruksiewerke voltooi is.

Dit/.....

Dit het naamlik in die omgewing van 30 jaar vir die Vaalhartzskema geneem, om tot die volle potensiaal van 40,000 morge te ontwikkel. Die verwagte ontwikkeling in die Punjab in Wes-Pakistan, is bowendien na sestig jaar nog nie bereik nie. Selfs in die gemeganiseerde Verenigde State van Amerika ontwikkel soortgelyke skemas relatief stadig.¹⁰⁾ Die verwagte produksie van 3.3 miljoen ton, sal dus heelwaarskynlik nie voor die jaar 2,000 gerealiseer word nie.

Die verbruik van landbouprodukte is aan die een kant afhanklik van bevolkingsvermeerdering en aan die anderkant van 'n styging in die besteebare inkome. As die bevolking in die toekoms teen die huidige 2.3 persent per jaar aanwas, en indien die plaaslike vraag alleen in verhouding tot die bevolking vermeerder, sal die verbruik van landbouprodukte in Suid-Afrika ongeveer verdubbel voor die einde van die eeu. Die per capita verbruik sal egter heelwaarskynlik ook aansienlik toeneem as gevolg van 'n waarneembare stygende tendens in besteebare inkome. Die verwagte vraag na landbouprodukte skakel dus grootliks die moontlike probleem van oorproduksie uit as die skema ten volle ontwikkel is. Daar mag egter wel 'n gevaar van surplusse ten opsigte van individuele produkte wat as gevolg van die projek geproduseer sal word, bestaan.

Die wenslikheid al dan nie van die verwagte produksiestruktuur op die besproeiingsgronde en hoe dit inskakel by die huidige produksie, word verder in die afdeling bespreek aan die hand van die na-oorlogse toestande en toekomsverwagtings vir elke produk. Die na-oorlogse posisie vir elke onderskeie produk, word volgens die produksie,/.....

10) Vgl. Pienaar, S.W. The Orange River Project - Prosperity for all, Farming in South Africa, Volume 39, Nr. 3. Junie 1963, p.25.

produksie, in- en uitvoer en binnelandse verbruik van die produkte uiteengesit. Die data word aangetoon teen 'n jaarlikse gemiddelde, geneem oor 'n tydperk van drie jaar, ten einde seisoenale en sporadiese skommelings uit te skakel. Vooraf moet ook uitdruklik gestel word dat die binnelandse verbruik in baie gevalle fisiese verliese en opgebergte voorrade insluit, aangesien dit bereken is as die som van produksie en invoer minus uitvoer. Waar gegewens egter direk verkrygbaar was met betrekking tot die binnelandse verbruik, word dit so aangetoon.

Logies kan alle fasette van die onderskeie produkte nie volledig in die bespreking uiteengesit word nie, weens die omvang wat hierdie studie andersinds sou aanneem. Daar is dus alleen gepoog om die vernaamste tendense van die onderskeie produkte aan te dui en om aan te toon hoe die verwagte ontwikkeling op die besproeiingsgronde van die Oranjerivierontwikkelingsprojek, hierby sal aanpas.

(a) Lusernhooi en -saad.

Lusern word in Suid-Afrika hoofsaaklik onder besproeiing geproduseer, alhoewel daar ook 'n geringe mate van droëland verbouing voorkom. Die produksie van lusern het, soos in tabel 41 aangetoon, geleidelik toegeneem van 'n gemiddelde jaarlikse opbrengs van 436,600 ton in die jare onmiddellik na die oorlog, tot 802,500 ton in die afgelope jare. Daarteenoor het die opbrengs per morg egter redelik konstant gebly. Dit het naamlik gewissel tussen 2.5 ton per morg tot 3.4 ton per morg in goeie seisoene. Die geleidelike toename in produksie kan dan ook hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n ooreenstemmende vermeerdering in die oppervlakte beplant. In 1946/47 was naamlik ongeveer 146,700 morg onder lusern, teenoor 305,900 morg in 1960/61.

Aangesien/.....

Aangesien die uitvoer van lusernhooi nietig is, is die binnelandse verbruik feitlik gelyk aan die produksie.

TABEL 41. DIE GEMIDDELDE JAARLIKSE PRODUKSIE, UITVOER EN BINNELANDSE VERBRUIK VAN LUSERNHOOI EN -SAAD IN SUID-AFRIKA IN DIE NA-CORLOGSE TYDPERK. (1,000 ton)

Tydperk	Produksie	Uitvoer [∕]	Binnelandse verbruik [*]
1946/47 tot 1948/49	436.6	0.4	436.2
1949/50 tot 1951/52	498.3	0.3	498.0
1952/53 tot 1954/55	592.7	0.5	592.2
1955/56 tot 1957/58	719.7	0.2	719.5
1958/59 tot 1960/61	786.5	-	786.5
1961/62 tot 1963/64 [*]	802.5	-	802.5

Bron: Data verstrek deur die Afdeling Landbou-ekonomiese Navorsing.

* Voorlopige ramings.

∕ Uitvoer het alleen betrekking op lusernsaad. Invoer te gering om in aanmerking te neem.

* Binnelandse verbruik = produksie min uitvoer.

Alhoewel die binnelandse verbruik uitgedruk per lewendehawe-eenheid¹¹⁾ toeneem het vanaf 44lb per eenheid in 1946/47 tot 80 lb per eenheid in 1960/61, is dit vergeleke met die buiteland nog betreklik laag. Veeteeltproduksie in Suid-Afrika is dus nog grotendeels afhanklik van goeie reënneerslae vir voedingsdoeleindes.

Na verwagting sal ongeveer 232,000 ton lusernhooi en -saad na voltooiing van die eerste konstruksiefase van die Oranjerivierontwikkelingsprojek geproduseer word, wat byna 30 persent van die gemiddelde produksie van die afgelepe/.....

11) n Lewendehawe-eenheid = een bees, perd, muil, donkie, sewe skape, sewe bokke, vyf varke, vyf volstruise en een-honderd stuks pluimvee.

afgelope drie jaar uitmaak; terwyl 1.5 miljoen ton na bereiking van die volle landboupotensiaal van die projek voortgebring sal word, wat ongeveer twee-maal soveel is as die afgelope drie jaar se gemiddelde opbrengs. Die noodsaaklikheid vir 'n verhoogde produksie van veevoer in Suid-Afrika is onbetwisbaar as die relatief lae reënval van die land in aanmerking geneem word. Veeteeltproduksie kan sodoende op 'n meer stabiele grondslag geplaas word en daarbenewens is die besproeiingsgronde van die projek in 'n streek waar landbou hoofsaaklik op veeteeltprodukte berus en gevolglik behoort vervoerkoste nie besonder hoog te wees nie.

(b) Katoen

Katoen is op 'n klein skaal voor die Tweede Wêreldoorlog in Suid-Afrika geproduseer. Sedertdien het die produksie egter geweldig toegeneem. Die waarneembare stygende tendens in die opbrengs van die gewas kan grootliks aan 'n toename in die oppervlakte onder bewerking toegeskryf word. In 1946/47 was slegs 1,313 morg onder katoen, teenoor 17,223 morg in 1960/61. Fluktuasies in die opbrengs per morg, wat wissel van 'n minimum van 250 lb per morg tot 'n maksimum van 848 lb per morg in die na-oorlogse tydperk, kan hoofsaaklik aan plantsiektes toegeskryf word.

TABEL 42. DIE GEMIDDELDE JAARLIKSE PRODUKSIE IN- EN UITVOER EN BINNELANDSE VERBRUIK VAN KATOEN IN SUID-AFRIKA IN DIE NA-OORLOGSE TYDPERK. (1,000 TON).

Tydperk	Pro- duksie	Invoer	Uitvoer	Binnelandse verbruik*
1946/47 tot 1948/49	0.6	5.0	-	5.6
1949/50 tot 1951/52	3.8	4.8	-	8.6
1952/53 tot 1954/55	6.2	4.0	-	10.2
1955/56 tot 1957/58	7.0	9.2	1.1	15.1
1958/59 tot 1960/61	6.4	16.7	0.8	22.3
1961/62 tot 1963/64	9.5	20.8	1.0	29.3

Bronne: Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking, Aanvullende gegewens tot kortbegrip van

Landboustatistiek/....

Landboustatistiek van die Republiek van Suid-Afrika, Januarie 1965; Departement van Doeane en Aksyns, Buitelandse Handelstatistiek; en gegewens verstrek deur die Afdeling Landbou-ekonomiese Navorsing.

* Binnelandse verbruik = produksie + invoer - uitvoer.

† Voorlopige ramings.

Soos in tabel 42 aangetoon word, kon die binnelandse produksie van katoen nog nooit in die binnelandse vraag voldoen nie. 'n Skerp styging in die invoer van katoen is ook waarneembaar. Weens die hoë kwaliteit van die Suid-Afrikaanse produk word onbewerkte katoen egter na die buiteland uitgevoer, terwyl 'n swakker kwaliteit ingevoer word.

Na voltooiing van die eerste konstruksiefase van die Oranjerivierontwikkelingsprojek word verwag dat 2,000 ton katoen geproduseer sal word, terwyl 12,000 ton na bereiking van die volle landboupotensiaal van die projek voortgebring sal word. Die verhoging in die produksie van die gewas wat as gevolg van die projek voorsien word, tesame met die huidige produksie, kan nog nie voldoen aan die huidige binnelandse vraag na die produk nie. Die gevaar van oorproduksie is dus gering. Die hoër katoenopbrengs as gevolg van die projek kan dus alleen lei tot 'n groter mate van selfvoorsienendheid in Suid-Afrika.

(c) Droë erte en -bone.

Droë erte en -bone is reeds in die omgewing van die Eerste Wêreldoorlog op 'n kommersiële basis in Suid-Afrika geproduseer. In die na-oorlogse tydperk het die produksie geleidelik toegeneem, soos in tabel 43 aangetoon word. Die toename kan hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n vermeerdering in die oppervlakte ge-oes, nl. van 73,795 morg in 1946/47 tot 93,545 morg in 1960/61, asook in die opbrengs per morg wat oor dieselfde tydperk geleidelik toegeneem het van .76 ton tot .86 ton.

Daarteenoor/.....

Daarteenoor toon die binnelandse verbruik n wisselvallige patroon, terwyl die internasionale handel hoofsaaklik die rol vervul om seisoenale invloede uit te skakel.

TABEL 43. DIE GEMIDDELDE JAARLIKSE PRODUKSIE, IN- EN UITVOER EN BINNELANDSE VERBRUIK VAN DROË ERTE EN BONE IN SUID-AFRIKA IN DIE NA-OORLOGSE TYDPERK. (1,000 TON)

Tydperk	Pro- duksie	Invoer	Uitvoer	Binnelandse verbruik.*
1946/47 tot 1948/49	58.2	1.3	10.6	48.9
1949/50 tot 1951/52	66.0	1.3	3.6	64.7
1952/53 tot 1954/55	69.3	0.9	14.1	56.1
1955/56 tot 1957/58	71.7	1.8	11.2	62.3
1958/59 tot 1960/61	75.6	6.1	5.9	75.8
1961/62 tot 1963/64 [‡]	65.1	6.6	2.4	69.3

Bronne: Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking, Aanvullende gegewens tot Kortbegrip van Landbou-statistiek van die Republiek van Suid-Afrika, Januarie 1965; Departement van Doeane en Aksyns, Buitelandse Handelstatistiek; en gegewens verstrek deur die Afdeling Landbou-ekonomiese Navorsing.

* Binnelandse verbruik = produksie + invoer - uitvoer.

‡ Voorlopige ramings.

Die verwagting is dat produksie sowel as verbruik in die toekoms die na-oorlogse neiging sal volhou.

Die Oranjerivierontwikkelingsprojek voorsien n produksie van 2,000 ton droë erte en -bone na voltooiing van die eerste konstruksiefase. Die 2,000 ton maak ongeveer 3 persent van die gemiddelde produksie wat oor die afgelope drie jaar in die land geproduseer is uit en behoort gevolglik geen afsetprobleme mee te bring nie, mits geen noemenswaardige uitbreiding in die produksie van die res van die land sal plaasvind nie. Nadat die landboupotensiaal van die projek ten volle benut word, sal dit verantwoordelik wees vir sowat 12,000 ton droë erte en -bone, wat nagenoeg 20 persent van die gemiddelde

produksie/.....

produksie oor die afgelope drie jaar uitmaak. Weens die relatiewe lang tydperk waaroor die opbrengs voortgebring sal word, behoort dit ook geen bemerkingsprobleme na vore te bring nie.

(d) Aartappels

Aartappels is een van die produkte in Suid-Afrika wat dwarsdeur die jaar in seisoen is en in omtrent elke deel van die land op 'n groter of kleiner skaal geproduseer word. Die produksie is hoofsaaklik gemik op die voorsiening van die binnelandse mark. Alleen surplusvoorrade of 'n tekort gee aanleiding tot uit- of invoer. Soos in tabel 44 aangetoon word, het die binnelandse produksie en verbruik geleidelik toegeneem in die na-oorlogse tydperk, alhoewel die tempo van toename in die verbruik vinniger was as dié in die produksie.

TABEL 44. DIE GEMIDDELDE JAARLIKSE PRODUKSIE, IN- EN UITVOER EN BINNELANDSE VERBRUIK VAN AARTAPPELS IN SUID-AFRIKA IN DIE NA-OORLOGSE TYDPERK. (1,000TON)

Tydperk	Produksie	Invoer	Uitvoer	Binnelandse verbruik*
1946/47 tot 1948/49	296.6	7.6	27.5	276.7
1949/50 tot 1951/52	250.5	4.2	18.7	236.0
1952/53 tot 1954/55	307.7	5.6	21.7	291.6
1955/56 tot 1957/58	344.8	5.7	22.7	327.8
1958/59 tot 1960/61	393.1	15.0	15.0	393.1
1961/62 tot 1963/64 [†]	443.9	8.0	16.3	435.6

Bronne: Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking, Aanvullende gegewens tot Kortbegrip van Landboustatistiek van die Republiek van Suid-Afrika, Januarie 1965; Departement van Doeane en Aksyns, Buitelandse Handelstatistiek; en gegewens verstrek deur die Afdeling Landbou-ekonomiese Navorsing.

* Binnelandse verbruik = produksie + invoer - uitvoer.

† Voorlopige ramings.

Ten spyte van die geredelike beskikbaarheid van
voorrade/.....

voorrade teen betreklike lae pryse is die verbruik van aartappels in die Republiek egter, in vergelyking met ander Westerse lande, betreklik laag. Die blankes verbruik na skatting sowat 100-110 lb aartappels per persoon per jaar, terwyl die verbruik in die V.S.A. reeds in 1962 op 165 lb per persoon en in Engeland op 195 lb per persoon te staan gekom het.¹²⁾ Die relatiewe lae verbruiksyfers moet blykbaar aan die groot keuse wat die Suid-Afrikaanse verbruiker by die aankoop van voedselware het, toegeskryf word. Geen noemenswaardige uitbreiding in die binnelandse verbruik word egter deur die Aartappelraad voorsien nie. Met 'n toename in die lewenspeil van die Bantoes, kan hulle egter moontlik meer aartappels verbruik.

Na voltooiing van die eerste konstruksiefase van die Oranjerivierontwikkelingsprojek word verwag dat 50,000 ton aartappels op die besproeiingsgronde geproduseer sal word, wat sowat 12 persent van die huidige produksie uitmaak; terwyl 224,000 ton aartappels nadat die volle landboupotensiaal bereik is, voortgebring sal word, wat ±50 persent van die huidige produksie is. Dit moet egter in gedagte gehou word dat hierdie produksie waarskynlik nie voor die einde van hierdie eeu bereik sal word nie, en dan sal die bevolking na skatting byna twee keer die huidige wees. Indien produksie in die huidige produksiegebiede ook verder uitbrei kan hier nietemin 'n oorproduksieprobleem ontwikkel, veral as die binnelandse verbruik per persoon, wat nog nie besonder hoog is nie, nie teen 'n vinniger tempo toeneem nie.

(e)/.....

12) Vgl. Aartappelraad, Verslag vir die Boekjaar geëindig 30 September 1964, 9 Maart 1965, p.1.

(e) Grondbone

Alhoewel grondbone alreeds gedurende die Eerste Wêreldoorlog kommersieël in die Republiek van Suid-Afrika verbou is, was dit eers na die Tweede Wêreldoorlog dat die plaaslike produksie enigszins belangrik geword het. Die toename in die opbrengs van grondbone kan toegeskryf word aan regeringsaanmoediging, veral in die vorm van verhoogde voorskotpryse wat toegepas is. Die optrede van die regering het weer voortgespruit uit die moontlikheid dat die normale toevoer van Oosterse lande sou verdwyn, as gevolg van die nypende voedseltekort wat in die lande ondervind is.

TABEL 45. DIE GEMIDDELDE JAARLIKSE PRODUKSIE, IN- EN UITVOER EN BINNELANDSE VERBRUIK VAN GRONDBONE IN SUID-AFRIKA IN DIE NA-OORLOGSE TYDPERK.& (1,000 TON).

Tydperk	Pro- duksie	Invoer	Uitvoer	Binnelandse verbruik*
1946/47 tot 1948/49	30.7	7.1	1.0	36.8
1949/50 tot 1951/52	69.6	0.1	14.9	54.8
1952/53 tot 1954/55	111.1	-	56.4	54.7
1955/56 tot 1957/58	145.6	-	95.3	50.3
1958/59 tot 1960/61 †	131.2	-	83.6	47.6
1961/62 tot 1963/64 †	175.3	-	106.3	69.0

Bronne: Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking. Aanvullende gegewens tot Kortbegrip van Landbou-statistiek van die Republiek van Suid-Afrika, Januarie 1965; Departement van Doeane en Aksyns, Buitelandse Handelstatistiek; en gegewens verstrek deur die Afdeling Landbou-ekonomiese Navorsing.

& Data weergegee op 'n gedopte basis.

* Binnelandse verbruik = produksie + invoer - uitvoer.

† Voorlopige ramings.

Die verbruik van grondbone is tweërlei van aard, naamlik vir oliepersdoeleindes en eetbone. Die plaaslike oliepersnywerheid gee 'n besliste voorkeur aan die persing van sonneblomsaad, omdat hierdie produk, op 'n oliebasis, relatief goedkoper as grondbone is. Die beleid van

die/.....

die ondernemings om grondbone alleen aanvullend tot sonneblom as grondstof te gebruik, is dan ook verantwoordelik vir die wisselvallige vraag wat in tabel 45 aangetoon word. Oor 'n langtermyn gesien toon die binnelandse verbruik van grondbone 'n reëlmatige styging wat hoofsaaklik toe te skryf is aan die toenemende binnelandse vraag na eetbare olies vir huishoudelike doeleindes en oliekoek vir vee- en pluimveevoer.¹³⁾ Op die gebied van eetbare grondbone is die binnelandse verbruik nog betreklik laag, dit was naamlik in 1964 maar in die omgewing van 14,000 ton.

Deur tegniese ontwikkeling is dit moontlik dat grondstowwe in die oliepersnywerheid onderling vervang kan word in die verwerkingsproses, sonder verlies van die gewenste eienskappe in die finale produk. Dit het tot gevolg dat grondbone met ander oliedraende sade in die wêreldmark moet meeding, wat weer 'n wisselvallige buitelandse mark tot gevolg het. Aan die anderkant behaal Suid-Afrikaanse eetbone 'n goeie gemiddelde prys op die wêreldmark en die Oliesaadbeheerraad beveel dan ook ten sterkste aan dat produsente hulle in die rigting toelê.¹⁴⁾

Die Oranjerivierontwikkelingsprojek voorsien 'n produksie van ongeveer 2,000 ton grondbone na voltooiing van die eerste konstruksiefase en 20,000 ton nadat die volle landboupotensiaal van die projek gerealiseer is. Gesien in die lig van die wisselvallige buitelandse mark vir grondbone vir oliepersdoeleindes sal dit miskien meer gewens wees as eetbare grondbone op die besproeiingsgronde geproduseer word. Alhoewel die projek nie 'n groot toename in die/....

13) Vgl. Oliesaadbeheerraad, Twaalfde Jaarverslag vir die tydperk 1 Julie 1963 tot 30 Junie 1964, Pretoria, Januarie 1965, p.54.

14) Idem, p.75.

in die grondboneproduksie behoort te veroorsaak nie, wil dit egter nogtans voorkom asof die besproeiingsgronde eerder vir die produksie van alternatiewe gewasse- indien daar is- gebruik moet word, veral inagnemende dat sowat drie-vyftdes van die huidige produksie uitgevoer word en dat daar n wisselvallige buitelandse mark bestaan.

(f) Mielies.

Die produksie van mielies verteenwoordig in Suid-Afrika die belangrikste vertakking van die akkerbou en die vernaamste produserende gebied is die Transvaal, Oranje-Vrystaat en die landdrosdistrikte Vryburg en Mafeking. Voor die Tweede Wêreldoorlog het gereelde mielie-surplusse in Suid-Afrika voorgekom, terwyl daar in die jare onmiddellik na die oorlog weer tekorte ontstaan het. Wêreldpryse van mielies was op die stadium op n betreklike hoë peil en aangesien mielies n stapelvoedsel in Suid-Afrika is, het die regering besluit om die produksie daarvan aan te moedig.

Die steeds toenemende produksie wat die regerings-optrede tot gevolg gehad het word in tabel 46 aangetoon, en kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die aantal morg wat daaronder verbou word, wat naamlik toegeneem het van ongeveer 2.6 miljoen morg in 1946/47 tot 4.1 miljoen morg in 1960/61. Daarteenoor het die opbrengs per morg ook n aansienlike toename ondergaan, wat toegeskryf kan word aan meganisasie, in besonder met betrekking tot die plantproses, verbeterings ten opsigte van bemesting en die aanplanting van n bastermielie. Die Afdeling Landbou-ekonomiese Navorsing verwag dat die produksie tot ongeveer 1975 sal toeneem teen n gemiddelde koers van 7 persent per jaar, waarna die koers geleidelik sal daal tot in die omgewing van 4 persent.

Die/.....

Die menslike binnelandse verbruik het volgens die Afdeling Landbou-ekonomiese Navorsing 'n versadigingspunt bereik en die toekomstige binnelandse vraag sal dus grootliks afhanklik wees van bevolkingsvermeerdering. Ten opsigte van die veeverbruik van mielies kom R. Müller tot die gevolgtrekking dat dit met ongeveer 3 persent per jaar tot in 1971 sal toeneem.¹⁵⁾ Met inagneming

TABEL 46. DIE GEMIDDELDE JAARLIKSE PRODUKSIE, IN- EN UITVOER EN BINNELANDSE VERBRUIK VAN MIELIES IN SUID-AFRIKA IN DIE NA-OORLOGSE TYDPERK (1,000TON)

Tydperk	Pro- duksie	Invoer	Uitvoer	Binnelandse verbruik*
1946/47 tot 1948/49	2628.8	139.9	185.3	2352.1
1949/50 tot 1951/52	2936.9	-	135.7	2887.4
1952/53 tot 1954/55	3431.8	84.8	366.3	2865.8
1955/56 tot 1957/58	5680.9	-	1292.8	3155.2
1958/59 tot 1960/61	5658.9	-	982.4	3495.3
1961/62 tot 1963/64	6388.3	-	2561.3	3750.1

Bron: Jaarverslae van die Raad van Beheer oor die Mielie-nywerheid.

* Binnelandse verbruik sluit fisiese verliese in, maar sluit voorrade uit.

van die neigings verwag die Afdeling Landbou-ekonomiese Navorsing dat die binnelandse verbruik van mielies teen 'n gemiddelde van 2.2 tot 2.9 persent per jaar sal toeneem.

Die Republiek sal dus tot 'n toenemende mate op die buiteland toegewys wees vir 'n aasetmark vir die mielie-surplus. Die verkoop van geelmielies op oorsese markte bied geen besondere probleme nie, omdat die hoeveelheid wat uitgevoer word slegs 'n gering persentasie van die benodigdhede van die invoerlande verteenwoordig, wat die mielies/.....

15) Vgl. Müller, R. Waarskynlike neigings by die Veeverbruik van Mielies, Agrekon, Volume 3, Nr. 3, Julie 1964, pp. 42 en 43.

mielies uitsluitlik vir veevoerdoeleindes aanwend. Daar bestaan egter 'n beperkte afset vir witmielies op die tradisionele buitelandse markte, waar die mielies hoofsaaklik vir die vervaardiging van stysel en whiskey gebruik word. Die vraagstuk waarmee die mieliebedryf te kampe het is nie soseer die afset van oorskotte as sodanig nie, maar eerder die aansienlike laer netto realisasie wat in die buiteland verkry word teenoor die verkope op die plaaslike mark.¹⁶⁾

Uit die bespreking wil dit dus voorkom asof die produksie van mielies eerder beperk as uitgebrei moet word. Volgens die huidige ramings van die Departement van Landbou-tegniese Dienste sal ongeveer 150 duisend ton mielies op die besproeiingsgronde van die Oranjerivier-ontwikkelingsprojek geproduseer word. Aangesien die produksie nietig is vergeleke met die huidige produksie in Suid-Afrika, behoort dit nie noemenswaardige probleme na vore te bring nie. Die produksie sal waarskynlik ook as 'n deelytdse gewas aangeplant word en uit geelmielies bestaan. Grootskaalse aanplanting van witmielies moet, met inagneming van die huidige stand van sake, egter ontmoedig word.

(g) Koring.

Die vernaamste produksiegebiede van koring in Suid-Afrika kom in die Suidwestelike Kaapprovinsie en in die Noordoos-Vrystaat voor. Soos in tabel 47 aangetoon word, voldoen die produksie egter nie in die binnelandse verbruik van die land nie. Ondanks die feit dat die gemiddelde opbrengs per morg van 5 sakke in 1946/47 tot 7 sakke in 1963/64 toegeneem het, verwag die Afdeling

Landbou-ekonomiese/....
Navorsing

16) Vgl. Algemeen, Kommentaar en Aankondigings, Uitvoer van mielies, Agrekon, Volume 2, Nr. 1, Januarie 1963, p.49.

Landbou-ekonomiese Navorsing nie noemenswaardige uitbreidings in die opbrengs per morg in die toekoms nie. Dié Afdeling meen egter dat die produksie van koring in die toekoms teen 'n gemiddelde persentasie van 2.5 tot 3.4 persent sal toeneem.

TABEL 47. DIE GEMIDDELDE JAARLIKSE PRODUKSIE, IN- EN UITVOER EN BINNELANDSE VERBRUIK VAN KORING IN SUID-AFRIKA IN DIE NA-OORLOGSE TYDPERK.
(1,000 TON).

Tydperk	Pro- duksie	Invoer	Uitvoer	Binnelandse verbruik*
1946/47 tot 1948/49	447.0	156.0	-	600.8
1949/50 tot 1951/52	619.6	240.4	2.1	837.3
1952/53 tot 1954/55	587.4	257.5	0.7	912.1
1955/56 tot 1957/58	883.0	182.0	0.2	986.7
1958/59 tot 1960/61	785.1	227.1	1.8	1013.8
1961/62 tot 1963/64 [†]	882.3	288.9	0.1	1073.3

Bronne: Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking, Aanvullende gegewens tot Kortbegrip van Landbou-statistiek van die Republiek van Suid-Afrika, Jan. 1965; gegewens verstrek deur die Afdeling Landbou-ekonomiese Navorsing.

* Binnelandse verbruik sluit fisiese verliese in, maar opgebergte voorrade is uitgesluit.

† Voorlopige ramings.

Daarteenoor sal die binnelandse verbruik van koring van die nie-blankes in Suid-Afrika heelwaarskynlik aansienlik styg, as gevolg van 'n verbetering in die lewenspeil en 'n verdere verstedeliking van die volksgroepe. In teenstelling hiermee sal 'n toename in die inkome van die blankes vermoedelik 'n vermindering in hul vraag per capita veroorsaak. Verder mag die voedingskemas van sekere groot ondernemings ook 'n daling in die binnelandse verbruik tot gevolg hê. Volgens die Afdeling Landbou-ekonomiese Navorsing sal bogenoemde faktore mekaar waarskynlik tot 'n groot mate uitskakel en 'n toename in verbruik sal dus noodwendig min of meer ooreenkom met die

bevolkingsvermeerdering/...

bevolkingsvermeerdering. Gevolglik meen die Afdeling dat die toekomstige verbruik van die produk met 2.2 tot 2.9 persent jaarliks sal toeneem.

Om in die toekomstige vraag na koring te voorsien sal dus meer grond onder koringverbouing geplaas moet word. Na bereiking van die volle landboupotensiaal van die Oranjerivierontwikkelingsprojek word verwag dat 79,000 morg jaarliks onder koring geplaas sal word, waarop sowat 160,000 ton geproduseer sal word. Afgesien daarvan dat koringproduksie gevolglik op 'n meer stabiele grondslag geplaas sal word, behoort dit die land ook meer selfvoorsienend te maak.

(h) Droë wingerdvrugte

Die produksie van droë wingerdvrugte in Suid-Afrika was vroeër alleen daarop ingestel om in die plaaslike behoeftes te voorsien. Sedert 1935 het produksie egter sulke afmetings aangeneem dat uitvoermarkte verkry moes word. In die na-oorlogse periode is daar weer 'n afnemende tendens in die opbrengs van hierdie produkte, soos in tabel 48 aangetoon word. Die daling in die produksie van droë wingerdvrugte kan hoofsaaklik aan 'n verlaging in die rosyne-opbrengs toegeskryf word, wat ontstaan het as gevolg van 'n afname in die binnelandse verbruik van rosyne.¹⁷⁾

Die /.....

17) Vgl. Lochner, T.C. en Oorsig van die Droëvrugtebedryf, Agreken, Volume 2, Nr. 2, April 1963, pp. 28 en 29.

TABEL 48. DIE GEMIDDELDE JAARLIKSE PRODUKSIE, UITVOER EN BINNELANDSE VERBRUIK VAN DROË WINGERDVRUGTE IN SUID-AFRIKA IN DIE NA-OORLOGSE TYDPERK. (1,000TON)

Tydperk	Produksie	Uitvoer ^{&}	Binnelandse verbruik [*]
1946/47 tot 1948/49	10.2	5.4	4.8
1949/50 tot 1951/52	9.9	4.2	5.7
1952/53 tot 1954/55	10.9	4.8	6.1
1955/56 tot 1957/58	7.5	3.9	3.6
1958/59 tot 1960/61	7.7	2.8	4.9
1961/62 tot 1963/64	8.5	0.6	7.9

Bron: Jaarverslae van die Raad oor die Beheer van die Droëvrugtebedryf.

& Daar was geen invoer gedurende die periode nie.

* Binnelandse verbruik = produksie + invoer - uitvoer.

Die vraag na sultanas en korente het aan die anderkant egter geleidelik oor die periode toegeneem, terwyl die totale binnelandse verbruik in die jongste jare aansienlik gestyg het. Met stygende reële inkome kan 'n verdere uitbreiding in die binnelandse vraag verwag word.

Onder die huidige beleid word die droë wingerdvrugtebedryf slegs toegelaat om surplusse bo die binnelandse vraag uit te voer. Dit hou die nadeel in dat by onbestendige produksie en die afwesigheid van internasionale samewerking, die mark betreklik spekulatief is. Australië, Griekeland en Turkye het dan ook in 1963 tot 'n ooreenkoms geraak om minimum pryse te handhaaf en nie mekaar in markte te verdring nie. Alhoewel Suid-Afrika nog nie deel van die ooreenkoms uitmaak nie, kan die internasionale samewerking oormatige skommeling in pryse op die wêreldmark uitskakel.

Ongeveer 2,000 ton droë wingerdvrugte sal na verwagting na voltooiing van die eerste konstruksiefase en 13,000 ton nadat die volle landboupotensiaal van die

Oranjerivierontwikkelingsprojek bereik is, geproduseer word. Die aansienlike styging in die opbrengs van droë wingerdvrugte wat vermoedelik as gevolg van die projek sal ontstaan, sal alleen geregverdig wees as die binnelandse verbruik teen dieselfde tempo as in die jongste jare toeneem, of indien n meer bestendige buitelandse mark gevind kan word.

(i) Sagtevrugte

Die produksie van sagtevrugte het sedert die Tweede Wêreldoorlog aansienlik uitgebrei, soos in tabel 49 gesien kan word het dit meer as verdubbel. In ooreenstemming met die toename in produksie het die binnelandse verbruik ook verdubbel, wat grotendeels toegeskryf kan word aan die toename in die hoeveelheid sagtevrugte wat vir inmaakdoeleindes benodig is. Dit het naamlik gestyg van 43,596 ton in 1946/47 tot 138,387 ton in 1962/63. Ondanks die toename in die binnelandse vraag raak die kommoditeit al meer van n uitvoermark afhanklik.

TABEL 49. DIE GEMIDDELDE JAARLIKSE PRODUKSIE IN- EN UITVOER EN BINNELANDSE VERBRUIK VAN SAGTEVRUGTE IN SUID-AFRIKA IN DIE NA-ORLOGSE TYDPERK. (1,000 TON)

Tydperk	Pro- duksie	Invoer	Uitvoer	Binnelandse verbruik*
1946/47 tot 1948/49	196.5	0.6	28.3	168.8
1949/50 tot 1951/52	218.3	-	48.9	169.4
1952/53 tot 1954/55	279.4	-	69.9	209.5
1955/56 tot 1957/58	352.0	0.3	89.2	263.1
1958/59 tot 1960/61	400.6	0.1	108.8	291.9
1961/62 tot 1963/64 [†]	482.3	0.3	137.8	344.8

Bronne: Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking, Aanvullende gegewens tot Kortbegrip van Landbou-statistieke van die Republiek van Suid-Afrika, Januarie 1965; en gegewens verstrek deur die Afdeling van Landbou-ekonomiese Navorsing.

* Binnelandse verbruik = produksie + invoer - uitvoer.

† Voorlopige ramings.

Volgens/.....

Volgens Douglas en Mullins sal die produksie van appels¹⁸⁾ en pere¹⁹⁾ tot 1975 teen dieselfde hoë tempo as in die na-oorlogse jare toeneem, waarna dit geleidelik sal verminder. Daarteenoor sal die produksie van tafeldruive weer teen 'n stadiger tempo styg,²⁰⁾ terwyl die opbrengs van ander sagtevrugte volgens die Afdeling Landbou-ekonomiese Navorsing min of meer in ooreenstemming met die na-oorlogse neiging sal vermeerder. Dié bedryf sal as gevolg van die produksievermeerderings en 'n stadiger toename in die binnelandse verbruik, al meer van 'n uitvoermark afhanklik raak. Die toekoms vir be-
marking van sagtevrugte op die Vasteland van Europa lyk baie gunstig en as toestande nie nadelig verander nie behoort alle sagtevrugte winsgewend van die hand gesit te word. Daarbenewens pas die Suid-Afrikaanse seisoen goed in by tye van relatiewe skaarste aan sagtevrugte in Kanada en die V.S.A.. Uitbreiding na die markte kan dus nog aansienlik styg, mits aan die fitosanitêre vereistes van die V.S.A. voldoen word.

Na voltooiing van die eerste konstruksiefase van die Oranjerivierontwikkelingsprojek sal ongeveer 62,000 ton sagtevrugte geproduseer word,²¹⁾ wat ongeveer een-tiende van die gemiddelde produksie van die afgelope drie jaar uitmaak. Die sagtevrugte wat hierdeur in produksie kom, kan nie voor 1975 produktief wees nie. Soos hierbo
aangetoon/.....

18) Vgl. Douglas, W.S. Mullins, A.J. Die Afset van Sagtevrugte, Sagtevrugteboer, Jaargang 13, Deel 3, Maart 1963, pp. 101 tot 105.

19) Vgl. Douglas, W.S. en Mullins, A.J. Die Afset van Sagtevrugte Sagtevrugteboer, Jaargang 13, Deel 5, Mei 1963, pp. 161 tot 164.

20) Vgl. Douglas W.S. en Mullins, A.J. Die Afset van Sagtevrugte, Sagtevrugteboer, Jaargang 13, Deel 6, Junie 1963, pp. 178 tot 182.

21) Vgl. Tabel 40.

aangetoon kom dit ooreen met die jaar waarna n stadiger ontwikkeling in dié bedryf verwag word en kan dus sodoende die neiging teenwerk. Nadat die volle landboupotensiaal van die projek bereik is, word verwag dat 482,000 ton sagtevrugte geproduseer sal word.²²⁾ Weens die relatiewe lang tydperk waaroor dit behoort te geskied, behoort dit geen noemenswaardige probleme na vore te bring nie, mits n bestendige uitvoermark verseker word.

(j) Sitrusvrugte

Die Republiek van Suid-Afrika besit groot moontlikhede ten opsigte van sitrusproduksie. Die belangrikste beperkende faktor is die relatiewe lae reënval wat dié landbouvertakking van besproeiing afhanklik maak. Die vinnige toename in die produksie van sitrusvrugte sedert 1950, kom duidelik uit tabel 50 na vore. Die toename kan hoofsaaklik aan uiters gunstige uitvoerpryse gedurende die tydperk 1949 tot 1958, toegeskryf word. Die waarneembare styging in die binnelandse verbruik van sitrusvrugte is tot n groot mate die oorsaak van groter aankope vir inmaakdoeleindes, wat naamlik van 7,886 ton in 1952/53 tot 40,612 ton in 1962/63 gestyg het. Uit tabel 50 blyk verder dat die produksie van sitrusvrugte grotendeels van uitvoermarkte vir die bedryf se voortbestaan, afhanklik is. Gedurende die na-oorlogse periode het die uitvoerhandel van sitrusvrugte amper verdriedubbel, ondanks n dalende prystendens oor die afgelope aantal jare.

Na verwagting sal die produksie van sitrusvrugte teen n hoë groeikoers tot in die omgewing van 1970 toeneem, waarna dit geleidelik stadiger sal styg indien die huidige dalende tendens in wêreldpryse voortduur, tesame met die inflasionistiese tendense wat verantwoordelik is vir stygende produksiekose.²³⁾ Die binnelandse verbruik van/.....

22) Vgl. Tabel 40.

23) Vgl. Moore, I.D. Die Ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Sitrusbedryf, Agrekon, Volume, 1, Nr. 4. Oktober 1962, pp. 12 tot 14.

TABEL 50. DIE GEMIDDELDE PRODUKSIE, IN- EN UITVOER EN BINNELANDSE VERBRUIK VAN SITRUSVRUGTE IN SUID-AFRIKA IN DIE NA-OORLOGSE TYDPERK. (1,000 TON)

Tydperk	Pro- duksie	Invoer	Uitvoer	Binnelandse verbruik*
1946/47 tot 1948/49	205.8	0.2	103.0	103.0
1949/50 tot 1951/52	253.7	0.1	145.9	107.9
1952/53 tot 1954/55	270.6	-	172.4	98.2
1955/56 tot 1957/58	345.9	0.2	232.4	113.7
1958/59 tot 1960/61	416.9	0.2	260.2	156.8
1961/62 tot 1963/64 [†]	524.6	0.2	284.6	240.2

Bronne: Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking, Aanvullende gegewens tot Kortbegrip van Landbou-statistiek van die Republiek van Suid-Afrika, Januarie 1965; en Departement van Doeane en Aksyns, Buitelandse Handelstatistiek.

* Binnelandse verbruik = produksie + invoer - uitvoer.

† Voorlopige ramings.

van sitrusvrugte is, met die uitsondering van pomelos, besonder hoog en verdere uitbreiding sal dus hoofsaaklik met verhoogde koopkrag en die normale bevolkingsaanwas ooreenkom. Wat die Europese markte betref, is daar tekens dat daar nog ruimte is om die verbruik per capita gedurende die Europese somerseisoen te verhoog. Behalwe verhoogde produksie wat van ander lande in die Suidelike Halfrond verwag word, wat regstreeks met Suid-Afrika om markte in die Noordelike Halfrond meeding, sal die verwagte stygende produksie van lande in die Middelandse-see ook Suid-Afrikaanse belange nadelig tref - aangesien daar die moontlikheid bestaan dat die Suid-Afrikaanse bemarkingseisoen in Europa ingekort sal word deur n verlenging van die afsettydperk van dié produksielande.

Na voltooiing van die eerste konstruksiefase van die Oranjerivierontwikkelingsprojek word verwag dat

†13,000 ton sitrusvrugte geproduseer sal word.²⁴⁾

Weens/....

24) Vgl. Tabel 40.

Weens die relatiewe klein omvang van die verhoogde produksie vergeleke met die huidige totale landsproduksie, behoort dit geen noemenswaardige probleme te veroorsaak nie. Nadat die volle landboupotensiaal van die projek egter bereik is, sal waarskynlik 193,000 ton sitrusvrugte geproduseer word.²⁵⁾ Met inagneming daarvan dat alleen 'n geleidelike toename in die binnelandse verbruik op hierdie stadium voorsien kan word, sal die produksie van bestendige buitelandse markte en wêreldpryse afhanklik wees.

(k) Groente

Klimatologiese toestande in Suid-Afrika maak die produksie van groente regdeur die jaar moontlik. Die somerreëvalgebiede produseer meeste van die groente in die somerseisoen, terwyl die subtropiesegebiede vir die grootste gedeelte van groenteproduksie in die winter verantwoordelik is.

Soos in tabel 51 aangetoon word, het die produksie van vars groente in die na-oorlogse jare naastenby verdubbel. In ooreenstemming hiermee was die binnelandse verbruik in die afgelope jare ook ongeveer twee keer groter as in die jare onmiddellik na die oorlog. Die geleidelike stygende toename wat in die na-oorlogse periode in die produksie voorgekom het, sal waarskynlik in die toekoms voortgesit word. 'n Styging in die binnelandse verbruik sal weer hoofsaaklik ooreenkom met die bevolkingsaanwas en by verhoogde koopkrag van die nie-blanke volksgroepe.

Na verwagting sal as gevolg van die Oranjerivier-ontwikkelingsprojek ongeveer 44,000 ton groente na die eerste konstruksiefase en sowat 193,000 ton na die volle landboupotensiaal bereik is, geproduseer word.²⁶⁾

Dit/.....

25) Vgl. Tabel 40.

26) Vgl. Tabel 40.

TABEL 51. DIE GEMIDDELDE PRODUKSIE, UITVOER EN BINNELANDSE VERBRUIK VAN VARS GROENTE IN SUID-AFRIKA IN DIE NA-OORLOGSE TYDPERK. (1,000 TON)

Tydperk	Produksie	Uitvoer*	Binnelandse verbruik*
1946/47 tot 1948/49	451.1	13.1	438.0
1949/50 tot 1951/52	544.4	15.1	529.3
1952/53 tot 1954/55	605.3	14.4	590.9
1955/56 tot 1957/58	685.7	16.3	669.4
1958/59 tot 1960/61	756.6	17.3	739.3
1961/62 tot 1963/64	845.4	19.3	826.1

Bronne: Ramings gemaak deur die Afdeling Landbou-ekonomiese Navorsing en Departement van Doeane en Aksyns, Buitelandse Handelstatistiek.

* Invoer te gering om in aanmerking te neem.

* Binnelandse verbruik = produksie min uitvoer.

Dit maak respektiewelik ± 5 persent en ± 23 persent van die gemiddelde produksie oor die afgelope paar jaar uit.

Aangesien die produksie op die besproeiingsgronde hoofsaaklik uit tam ties en groenboontjies vir inmaakdoelendes sal bestaan, behoort dit die land meer selfvoorsienend te maak, veral ten opsigte van gepreserveerde boontjies waarvan sowat 90,000 ton in 1963 nog ingevoer is.

(1) Wol

Die Suid-Afrikaanse skaap- en wolbedryf maak met 'n geraamde belegging van R2,500 miljoen en 750,000 mense wat afhanklik is daarvan vir 'n bestaan, die belangrikste vertakking van landbou uit. In tabel 52 word die gemiddelde produksie, uitvoer en binnelandse verbruik vanaf 1949/50-1951/52 tot 1961/62-1963-64, aangetoon. Die onmiddellike jare na die oorlog is nie hier in aanmerking geneem nie, weens die groot hoeveelheid opgebergte voorrade wat na afloop van die oorlog uitgevoer is. Uit die tabel kan gesien word dat die produksie in die begin van die/.....

die vyftiger jare vinniger as in die afgelope tydperk uitgebrei het. Dit kan hoofsaaklik aan die besondere gunstige pryse in dié jare toegeskryf word.

TABEL 52. DIE GEMIDDELTE PRODUKSIE, UITVOER EN BINNELANDSE VERBRUIK VAN WOL IN SUID-AFRIKA IN DIE NA-OORLOGSE TYDPERK. (1,000 TON).

Tydperk	Produksie	Uitvoer	Binnelandse verbruik*
1949/50 tot 1951/52	115.0	100.6	14.4
1952/53 tot 1954/55	135.9	119.0	16.9
1955/56 tot 1957/58	146.9	125.9	21.0
1958/59 tot 1960/61	147.5	130.4	17.1
1961/62 tot 1963/64	153.4	135.9	17.5

Bron: Gegewens verstrek deur die Suid-Afrikaanse Wolraad.

* Binnelandse verbruik = produksie - uitvoer.

Die tekstielbedryf in Suid-Afrika is grotendeels gedurende die afgelope dekaede ontwikkel. Op hierdie stadium word alreeds al die basiese prosesse in wolverwerking plaaslik waargeneem. Die binnelandse verbruik het egter alleen tussen 10 tot 15 persent van die totale produksie uitgemaak, wat die produksie van wol dus grootliks van 'n uitvoermark afhanklik maak.

Veesiektes en roofdiere is die vernaamste beperkende faktore vir 'n verhoogde wolproduksie. Na verwagting sal meer veeartse, as gevolg van 'n uitbreiding in opleidingsgeriewe by Onderstepoort, in die toekoms beskikbaar kom. Deur voorligting met betrekking tot veehygiëne aan boere en die bestryding van siektes, mag die probleem tot 'n mate oorkom word. Navorsing in verband met die uitroeiing van roofdiere het nuwe metodes en tegnieke in die jongste jare na vore gebring, wat moontlik sal dien om die skaapkuddes doeltreffender te beskerm. Die binnelandse verbruik is van verdere uitbreidings in die tekstielbedryf afhanklik. In die afgelope aantal jare

is/.....

is komberse, breigoedere en mansklere reeds met sukses uitgevoer. Weens die hoë kwaliteit wat die Suid-Afrikaanse produsente handhaaf, wil dit voorkom asof daar moontlikhede vir verdere uitbreiding van die buitelandse mark bestaan.

Alleen n verhoging van 2,000 ton wol word na voltooiing van die Oranjerivierontwikkelingsprojek in sy geheel, op die besproeiingsgronde voorsien. n Verhoging van die land se wolskeersel sal egter baie afhang van die sukses wat met die produksie van veevoer, weidings en voerreserwes, behaal word. Die verspreiding van die besproeiingsgronde van die projek binne n groot gedeelte van die wolproduserende gebied, kan dus die teenslae van droogtes waaraan die wolbedryf onderhewig is, grootliks uitskakel. In die Witskrif word naamlik aangehaal dat indien die lusern en mielies wat na verwagting onder die omvangryke projek geproduseer sal word, aangewend sou word om die weidingswaarde van die Karoo aan te vul gedurende droogtetye, sodanige aanwending vir 18 miljoen skape voorsiening sal maak. Dit sal die wolproduksie met ongeveer 18,000 ton per jaar opstoon en n 20 persent verhoging in lammerproduksie teweegbring.²⁷⁾

(m) Vleis

Sedert die vroegste jare is die produksie van vleis een van die belangrikste bronne van voedsel vir die mens. Soos in tabel 53 aangetoon word het die produksie van vleis in Suid-Afrika in die na-oorlogse jare geleidelik toegeneem. Daarteenoor het die binnelandse verbruik per capita egter geleidelik van 102.6 lb per jaar in 1948/49 tot 87.4 lb. per jaar in 1955/56 gedaal, waarna
dit/.....

27) Witskrif van 1962/63, op.cit., p.18.

dit weer tot 88.5 lb. in 1962/63 gestyg het. Alhoewel Suid-Afrika nie tradisioneel aan die internasionale be-
marking van vleis deelneem nie, word - weens die seisoens-
aard van bemarkinghoeveelhede in- en uitvoer.

TABEL 53. DIE GEMIDDELDE PRODUKSIE, IN- EN UITVOER EN BINNE-
LANDSE VERBRUIK VAN VLEIS IN SUID-AFRIKA. IN DIE
NA-OORLOGSE TYDPERK. (1,000 TON).

Tydperk	Pro- duksie	Invoer	Uitvoer	Binnelands verbruik [*]
1946/47 tot 1948/49	538.4	44.6	2.2	580.8
1949/50 tot 1951/52	574.5	50.6	3.5	621.6
1952/53 tot 1954/55	590.8	47.1	4.3	633.6
1955/56 tot 1957/58	611.3	60.4	13.3	658.4
1958/59 tot 1960/61	638.2	84.7	13.1	709.8
1961/62 tot 1963/64	713.3	87.9	21.5	779.7

Bronne: Departement Landbou-ekonomie en -bemarking, Aan-
vullende gegewens tot Kortbegrip van Landbou-
statistiek vir die Republiek van Suid-Afrika,
5 Jan. 1965; en Departement van Doeane en Aksyns,
Buitelanãse Handelstatistiek.

* Binnelandse verbruik = produksie + invoer - uitvoer.

Die toekomsverwagting met betrekking tot die produksie
en verbruik van alle vleissoorte is dat dit: „in die hoë
inkomste lande wat meedoen aan die wêreldhandel in vleis,
tussen 1957-59 en 1970-71 met ongeveer 31 tot 36 persent
sal toeneem.“²⁸⁾ In Suid-Afrika sal veral 'n verhoging in
die lewenspeil van die stedelike Bantoe tot 'n verhoging
in die verbruik per capita lei.

Na verwagting sal sowat 3,000 ton vleis na vol-
tooiing van die eerste konstruksiefase van die Oranjeri-
vierontwikkelingsprojek geproduseer word en 28,000 ton
nadat die omvangryke projek voltooi is.²⁹⁾ Die projek
hou/.....

28) Vgl. Algemeen, kommentaar en aanbevelings, Vleis-
produksie en -verbruik 1970, Agrekon, Volume 2,
Nr. 1, Januarie 1963, p.48.

29) Vgl. Tabel 40.

hou dus geen groot regstreekse bydrae tot die vleisproduksie in nie. Op n indirekte wyse, deur die beskikbaarstelling van veevoer in droogtetye, mag dit egter n groot bydrae daartoe lewer.

(n) Melk

Alhoewel prysvermindering vir meeste van die suiwelprodukte in die na-oorlogse periode voorgekom het, het geen ooreenkomstige daling in die produksie van melk plaasgevind nie, soos in tabel 54 aangetoon word. Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan n algemene daling in ander landbouprodukte se pryse en die voordele wat n gereelde kontantinkomste vir die produsente inhou. Die produksie per koei in die Republiek is egter maar in die omgewing van 300 gellings per jaar, wat swak vergelyk met die opbrengs in enige erkende suiwelland - selfs in Australië, waar omstandighede oor die algemeen nie beter is as in Suid-Afrika nie, is die opbrengs per jaar ongeveer 450 gellings per koei. Met beter teling, voeding en bestuur kan die resultate in die toekoms heelwaarskynlik verbeter word.

Die relatiewe verhouding in die aanwending van melk het min of meer stabiel in die na-oorlogse periode gebly. Die per capita verbruik van varsmelk het egter van 1956/57 n dalende neiging geopenbaar van 14.5 gellings per persoon per jaar na 14.0 gellings per persoon per jaar. Die per capita verbruik van botter het, in ooreenstemming met die algemene wêreldneiging, ook gedaal. n Potensiële moontlikheid om die verbruik van botter te verhoog is in die Bantoemark gevestig. Soortgelyk het die afset van kaas ook gedaal, wat toegeskryf kan word aan n beperkter mark as vir botter. Aan die anderkant wil dit voorkom asof gekondenseerde- en poeiermelk beter vooruitsigte inhou- die per capita verbruik daarvan het naamlik

van/.....

TABEL 54. DIE GEMIDDELDE PRODUKSIE VAN MEIK EN DIE AANWENDING DAARVAN VIR SUIWELPRODUKTE IN SUID-AFRIKA IN DIE NA-OORLOGSE TYDPERK. (1,000 TON).

Tydperk	Pro- duksie	Binnelandse verbruik			
		Vars- melk [⊗]	Kaas [⊗]	Gekonden- seerde en poeier- melk	Botter [⊗]
1946/47 tot 1948/49	324.1	170.1	19.6	11.5	122.9
1949/50 tot 1951/52	381.7	181.4	22.6	16.9	160.8
1952/53 tot 1954/55	427.0	196.8	28.3	22.7	179.2
1955/56 tot 1957/58	477.1	214.4	29.2	24.8	208.7
1958/59 tot 1960/61	526.8	228.1	36.1	29.5	233.1
1961/62 tot 1963/64	549.9	244.9	36.6	30.7	237.7

Bron: Gewens verstrek deur die Afdeling Landbou-ekonomiese Navorsing.

⊗ Die hoeveelhede geproduseer is na hul melkekwivalente herlei.

van 2.2lb. per jaar in 1946/47 tot 5.1lb. per jaar in 1963/64 gestyg.

Nadat die omvangryke Oranjerivierontwikkelingsprojek voltooi is, word voorsien dat sowat 39.8 miljoen gellings melk per jaar op die besproeiingsgronde geproduseer sal word.³⁰⁾ Dit verteenwoordig maar 'n geringe persentasie van die huidige produksie en weens die relatiewe lang tydperk wat dit sal neem voordat dit gerealiseer word, behoort dit geen probleme mee te bring nie. Deur die verskaffing van veevoer mag die projek se bydrae tot die melkproduksie egter baie groter wees.

4. Besproeiing in die Oranjeriviergebied gesien uit 'n regionale oogpunt.

Nadat die invloed van besproeiing in die voorafgaande afdeling vanuit 'n nasionale oogpunt beskou is, word dit in hierdie afdeling gesien vanuit 'n regionale oogpunt.

Vooraf moet dit egter uitdruklik gestel word dat, weens
n/.....

30) Vgl. Tabel 40.

n gebrek aan voldoende gegewens, die bespreking alleen n tentatiewe vorm kan aanneem. Om die besproeiingsmoontlikhede vanuit n regionale oogpunt te beoordeel, word eers gelet op die huidige landboustruktuur van die onderskeie hoofstreke in die Oranjeriviergebied, waarna die verwagte totale waarde van produksie, die moontlike produkte waaruit die produksie sal bestaan en n aanduiding van hoe die huidige produksiestruktuur van die gebiede hierdeur beïnvloed sal word, uiteengesit word.

(a) Die bestaande landboustruktuur in die hoofstreke van die Oranjeriviergebied.

Soos reeds in deel TWEE van hierdie studie uiteengesit is, is die Oostelike en Sentrale Strek hoofsaaklik van landbou afhanklik vir ekonomiese vooruitgang, terwyl mynbou saam met landboubedrywigheide in die Westelike Strek en die sekondêre produksietakke in die Suidelike Strek weer van die allergrootste belang is. Om die bestaande landboustruktuur in die Oranjeriviergebied aan te toon, word die jaarlikse gemiddelde waarde van landbouproduksie vir die hoofstreke oor die tydperk 1959/60 tot 1961/62, in tabel 55 uiteengesit.

Uit die tabel kan die relatiewe belangrikheid van veeteeltproduksie, gesien teenoor akkerbouproduksie, in die landbou-ontwikkeling van die onderskeie hoofstreke duidelik waargeneem word. Wol is verreweg die belangrikste veeteeltprodukt in al die streke, terwyl vleis en suiwelprodukte ook in betreklik groot hoeveelhede voertgebring word. Daarbenewens is sitrusvrugte in die Suidelike Strek en meer in besonder in die Benede-Sondagsriviergebied, die vernaamste akkerbouprodukt van dié hoofstreke. Mielies en koring maak die grootste persentasie van die akkerbouproduksie in die Oostelike Strek uit, terwyl hooi in meeste van die streke in betreklik groot hoeveelhede gelower word. Verder maak die katoenproduksie van die Westelike Strek meer as die helfte van die totale opbrengs/....

TABEL 55. DIE JAARLIKSE GEMIDDELDE WAARDE VAN LANDBOUPRODUKSIE IN DIE HOOFSTREKE VAN DIE ORANJERIVIERGEBIED, 1959/60 tot 1961/62.

Produkte	Suidelike Streek		Oostelike Streek		Sentrale Streek		Westelike Streek	
	Gemiddelde waarde van produksie	Persentasie van totale produksie	Gemiddelde waarde van produksie	Persentasie van totale produksie	Gemiddelde waarde van produksie	Persentasie van totale produksie	Gemiddelde waarde van produksie	Persentasie van totale produksie
	R1,000	%	R1,000	%	R1,000	%	R1,000	%
Mielies	21	0.1	1965	8.9	343	1.4	2864	7.0
Koring	322	1.3	2032	9.2	521	2.1	1653	4.0
Kafferkring	1	*	89	0.4	6	*	299	0.7
Hawer, gars en rog	73	0.3	119	0.5	53	0.2	74	0.2
Hooi	635	2.5	678	3.0	1463	5.8	1891	4.6
Droë bone en erte	1	*	20	0.1	18	0.1	309	0.7
Katoen	-	-	-	-	17	0.1	1643	4.0
Grondbone	-	-	135	0.6	71	0.3	843	2.0
Aartappels	138	0.5	101	0.5	563	2.2	29	0.1
Groente	415	1.6	244	1.1	341	1.4	161	0.4
Sitrusvrugte	2110	8.4	1	*	8	*	120	0.3
Tropiese en droë vrugte	29	0.1	1	*	-	-	24	0.1
Sagtevrugte	430	1.7	261	1.2	123	0.5	379	0.9
Ander akkerbouprodukte	115	0.5	94	0.4	61	0.2	216	0.5
Totaal - akkerbouprodukte	4290	17.0	5740	25.9	3588	14.3	10505	25.5
Wol	7372	29.1	7249	32.7	9426	37.5	8542	20.6
Bokhaar	3858	15.3	16	0.1	95	0.4	29	0.1
Karakoelpelse	3	*	1	*	308	1.2	2912	7.1
Beesvleis	1991	7.9	2096	9.5	2653	10.5	4996	12.1
Skaapvleis	3827	15.2	1963	8.9	5152	20.5	7592	18.3
Varkvleis	401	1.6	221	1.0	301	1.2	493	1.2
Suiwelprodukte	2513	10.0	3223	14.5	2847	11.3	5141	12.5
Pluimveeprodukte	465	1.8	546	2.5	268	1.1	438	1.1
Verandering in vee-inventaris	153	0.6	829	3.7	164	0.6	90	0.2
Ander Veeteeltprodukte	371	1.5	277	1.2	366	1.4	521	1.3
Totaal Veeteeltprodukte	20954	83.0	16421	74.1	21580	85.7	30755	74.5
Totale waarde van landbouproduksie	25244	100.0	22161	100.0	25168	100.0	41260	100.0

Bron: Berekenings in deel TWEE
* Kleiner as 0.1.

opbrengs van die gewas in die land uit.

Vervolgens ontstaan die vraag in hoe'n mate gaan die besproeiingsgronde van die Oranjerivierontwikkelingsprojek, die bestaande landboustruktuur in die gebiede beïnvloed?

(b) Die invloed van die Oranjerivierontwikkelingsprojek

Die meentlike invloed wat die Oranjerivierontwikkelingsprojek op die landbou in die onderskeie hoofstreke van die Oranjeriviergebied mag hê, word in hierdie onderafdeling vir elke hoofstreek afsonderlik, aangetoon.

(i) Die Suidelike Streek

Nagenoeg 113,000 morg sal in die Suidelike Streek onder besproeiing kom na voltooiing van die Oranjerivierontwikkelingsprojek, waarvan ongeveer 16,000 morg na voltooiing van die eerste ontwikkelingsfase reeds besproeibaar sal wees. Die verwagte waarde van die opbrengs per morg teen heersende pryse, sal in die Benedo-Sondagsriviergebied ongeveer R450 gemiddeld beloop en in die Visriviergebied in die omgewing van R300 wees. Na voltooiing van die eerste konstruksiefase sal dus sowat R5.4 miljoen se landbouprodukte onder besproeiing geproduseer word, wat 21 persent van die gemiddelde waarde van produksie oor die tydperk 1959/60 tot 1961/62 uitmaak. Die 113,000 morg besproeibare gronde behoort daarenteen R36.8 miljoen se landbouprodukte te lewer, wat $1\frac{1}{2}$ keer groter is as die gemiddelde produksie oor die gemelde tydperk.

Die potensiële besproeiingsgronde in die gebied lê wydversprei en gevolglik is daar betreklike groot verskille in die klimatologiese toestande. In die noordelike gedeelte van dié hoofstreek kom besonder lae temperature met 'n kort rypvryeperiode voor. Suidwaarts word dit egter al warmer en die rypvryeperiode al langer. In die noordelike gedeelte is die aangewese gewasse, volgens die Departement van Landbou-tegniese Dienste, lusern, koring hawer en gars. Suidwaarts raak dit al meer geskik vir die/...

die verbouing van katoen, appelkose, wingerdvrugte, perkes, en in n mate ook vir tabak en in die heel suide vir sitrusverbouing. Geen uitsonderlike verandering in die tipe produk wat in die gebied geproduseer word, word dus voorsien nie.

Die belangrikste probleme wat in die gebied vermoedelik sal ontstaan, is meer van n tegniese aard soos brakgrond, dreineringsprobleme, grondvrugbaarheidsprobleme, heraanplantingsprobleme by sitrus, plaes en siektes. Vanuit n ekonomiese oogpunt is n gebrek aan alternatiewe gewasse in die noordelike gedeelte van die gebied, een van die vernaamste probleme. Dit mag veral n knelpunt veroorsaak indien afsetprobleme ten opsigte van die produkte wat geproduseer word, intree.

(ii) Oostelike Streek.

Alleen 1,000 morg sal in die gebied onder besproeiing geplaas word as gevolg van die Oranjerivierontwikkelingsprojek, en wel na voltooiing van die eerste konstruksiefase. Na verwagting sal die landbouproduksie op die besproeiingsgronde ongeveer R300,000 teen heersende pryse beloop, wat maar ongeveer 2 persent van die gemiddelde produksie oor die tydperk 1959/60 tot 1961/62 uitmaak. Die vernaamste produkte wat geproduseer sal word, sal waarskynlik uit koring en groente bestaan. Afgesien van tegniese probleme wat mag voorkom, word geen ekonomiese probleme as sodanig, voorsien nie.

(iii) Sentrale Streek.

In die Sentrale Streek sal $\pm 29,000$ morg na voltooiing van die eerste konstruksiefase besproei kan word, wat uitgebrei kan word tot 117,500 morg na voltooiing van die Oranjerivierontwikkelingsprojek in sy geheel. Op die voorgestelde besproeiingsgronde sal teen heersende pryse ongeveer R10.2 miljoen se landbouprodukte na die eerste konstruksiefase/.....

konstruksiefase en R37.4 miljoen op die totale 117,500 morg, geproduseer kan word. Met inagneming van die huidige jaarlikse gemiddelde produksie van R25.2 miljoen oor die tydperk 1959/60 tot 1961/62, hou die besproeiingsgronde n groot uitbreiding in die bestaande landbou-aktiwiteite in.

Dit word verwag dat wat die hoofstreek in die vroeë stadium van ontwikkeling betref, gewasse soos lusern, koring, katoen, grondbone, mielies en aartappels, die grootste moontlikhede vir sukses bied. Daar bestaan egter ook n potensiaal vir vrugte en veral perskes en sultanas. Die mate van uitbreiding wat vrugteboerderye betref, sal egter in n groot mate saamhang met die moontlikhede om rypskade doeltreffend te bekamp. Aangesien akkerbouprodukte op die oomblik maar verantwoordelik is vir sowat 14 persent van die gebied se totale waarde van produksie, sal die projek groot veranderings in die landboustruktuur van die gebied tot gevolg hê.

Benewens die rypskade wat in die Sentrale Streek mag voorkom, is brakprobleme wat waarskynlik ondervind sal word, van die uiterste belang. Verder sal n aantal ander tegniese probleme soos dreineringsprobleme, grondvrugbaarheidsprobleme, plantsiektes en insekplae, vermoedelik ondervind word. Vanuit n ekonomiese oogpunt gesien is die gebied besonder gunstig geleë, aangesien dit ongeveer halfpad tussen die Rand en Wes-Kaapland is. Weens die relatiewe klein bevolking van die gebied, sal die landbouprodukte egter n beperkte plaaslike mark besit.

(iv) Westelike Streek

Nagenoeg 128,500 morg sal as gevolg van die Oranjerivierontwikkelingsprojek in hierdie gebied onder besproeiing geplaas word, waarvan 37,000 morg na voltooiing van die eerste/.....

eerste konstruksiefase beskikbaar sal kom. In die 37,000 morg is egter ongeveer 28,000 morg bestaande besproeiingsgrond ingesluit, wat deur die Oranjerivierontwikkelingsprojek van water voorsien sal word. Die verwagte totale waarde van landbouproduksie na voltooiing van die eerste ontwikkelingsfase sal teen heersende pryse \pm R3.0 miljoen op die besproeiingsgronde beloop, terwyl dit na voltooiing van die projek in sy geheel sowat R30.5 miljoen sal wees.

Die besproeiingsgronde in die gebied lê wydversprei, sodat die klimatologiese toestande betreklik groot verskille aantoon. Oor die algemeen verminder die reënval na die weste en word dit warmer. Langs die loop van die Oranjerivier sal katoen, aartappels, lusern, grondbone, koring, sultanas, ertjies, lensies, en sagtevrugte moontlik met sukses verbou kan word. Daarteenoor is die moontlike gewasse in die Carnarvon-Sakriviergebied vermoedelik tot lusern en koring beperk, alhoewel daar ook 'n vae moontlikheid bestaan dat dadels met sukses verbou sal kan word, mits ryp doeltreffend bestry kan word.

In die Carnarvon-Sakriviergebied en in die Westelike gedeeltes van die loop van die Oranjerivier, is brakgrond 'n ernstige probleem en sal waarskynlik die belangrikste beperkende faktor vir gewasverbouing in die toekoms wees. Rypskade en dreineringsprobleme sal heelwaarskynlik ook in die gebiede voorkom. Ooswaarts is die rypvrye periode langer, maar die slikwater lewer verdigtings-, bemestings- en besproeiingsprobleme. Insekplae en siektes van sultanas en katoen is veral 'n bedreiging in hierdie deel. Vervoer en bemerkingsprobleme is van 'n ernstige aard in die Westelike Streek, weens die lang afstande van lonende markte en die beperkte vervoerfasiliteite. Die aantal produkte wat winsgewend geproduseer kan word, word as gevolg van die faktor beperk.

Na die/.....

Na die bespreking oor die besproeiing- en nedersettingsmoontlikhede wat die Oranjerivierontwikkelingsprojek inhou, word die hidro-elektriese kragvoorsiening as gevolg van die projek in die volgende hoofstuk bespreek.

HOOFSTUK IX. HIDRO-ELEKTRIESE KRAGONTWIKKELING.

Alhoewel die Oranjerivierontwikkelingsprojek hoofsaaklik ten doel het om water vir besproeiingsdoeleindes te verskaf, is hidro-elektriese kragopwekking een van die belangrikste neweprodukte van die projek. Om die moontlike invloed van die hidro-krag te takseer, word die huidige kragvoorsiening en -verbruik in Suid-Afrika, kortliks in die eerste afdeling van hierdie hoofstuk saamgevat, waarna n uiteensetting volg van die hulpbronne wat vir kragopwekking in Suid-Afrika bestaan. Vervolgens word die hidro-kragopwekking as gevolg van die Oranjerivierontwikkelingsprojek bespreek, wat ten slotte opgevolg word met n kwalitatiewe waardering van die moontlike invloed wat die hidro-krag vir Suid-Afrika inhou.

1. Kragvoorsiening en -verbruik in Suid-Afrika

In die ontwikkeling van elektrisiteitsvoorsiening in Suid-Afrika is daar veral twee gebeurtenisse wat van die allergrootste belang was. Eerstens was die stigting van die „Victoria Falls and Transvaal Power Station“, kort na die Tweede Vryheidsoorlog. Die maatskappy het die bestaande elektrisiteitsvoorsieningsfasiliteite op die Witwatersrand oorgeneem, gekonsolideer en uitgebrei. By die oornome van die onderneming deur die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie in 1948, het die kraglyne in Transvaal gestrek oor n afstand van ongeveer 250 myl van wes na oos, en n 150 myl van noord na suid.¹⁾

Die tweede belangrike gebeurtenis was die stigting van die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie (Eskom), ingevolge Wet Nr. 42 van 1922. Hierdie instansie het
snel/.....

1) Vgl. Troost, N. Patroon vir die Toekoms van Elektrisiteitsvoorsiening in Suid-Afrik, Tegnikon, Jaargang VIII, Deel V, Januarie 1956, p.49.

snel ontwikkel. Waar dit byvoorbeeld in 1933 net 678 werknemers in diens gehad het, het dit in 1963 aan 16,804 persone werk verskaf. Die opwekking en verspreiding van elektrisiteit word deur Evkom waargeneem deur die stigting van afsonderlike ondernemings, wat n besondere gebied bedien.

Daar bestaan dan ook sewe sodanige ondernemings wat in 1963 n oppervlakte van 192,000 vierkante myl bedien het, dit wil sê ongeveer 40 persent van die land se totale oppervlakte. Alhoewel die grense van die Rand en Oranje-Vrystaat-, Oos-Transvaal- en die Natalonderneming al saamval, kan verklaar word dat die voorsiening van elektrisiteit deur Evkom grotendeels regionaal geskied, aangesien daar nog geen hoogspanningskraglyne bestaan wat die afsonderlike ondernemings direk met mekaar verbind nie.

Benewens Evkom word elektrisiteit in Suid-Afrika ook deur munisipale elektrisiteitsafdelings verskaf. Sommige van hierdie ondernemings verkry hulle toevoer van Evkom, terwyl n groot aantal hulle eie kragentrales besit. Daar is ook twaalf van die munisipale ondernemings wat, afgesien van hulle eie kragstasie, ook met die sisteme van Evkom verbind is. Verder is daar nog n enkele plaaslike owerheid waar Evkom die volle verspreiding onderneem. Kraglewering geskied dus sonder n afsonderlike onderneming. Daar bestaan ook nog enkele private openbare voorsieningsondernemings wat hulle eie krag opwek, asook die Suid-Vrystaat Elektrisiteitsvoorsiening- en Utiliteitsmaatskappy (SEVUM), wat alleen die verspreiding van elektrisiteit aan n aantal dorpe in die Suid-Vrystaat waarneem. Behalwe die openbare voorsieningsondernemings is daar ook n aantal ondernemings wat self krag produseer. Daar is byvoorbeeld kragentrales opgerig wat in die kragbenodigde aan afgeleë

spoorwegwerkinkels voorsien, asook myne, nywerhede en private persone wat elektrisiteit vir hulle eie krag-behoeftes opwek.

Die relatiewe belangrikheid van die onderskeie ondernemings se bydrae tot die totale opwekking in Suid-Afrika, word in tabel 56 aangetoon. Die belangrike rol wat Evkom in die opwekking van elektrisiteit in Suid-Afrika vervul, blyk duidelik uit die tabel. Hierdie onderneming was naamlik vir ongeveer 75 persent van die totale opwekking van elektrisiteit in 1961/62 verantwoordelik. Behalwe Evkom het die plaaslike owerhede ongeveer 19 persent, teenoor sowat 6 persent van die selfproduseerders voorsien.

TABEL 56. DIE OPWEKKING VAN ELEKTRISITEIT IN SUID-AFRIKA VOLGENS TIFE EIENAARSKAP VAN 1958/59 EN 1961/62.

Tipe eienaarskap	1958/59	Persentasie van landstotaal	1961/62	Persentasie van landstotaal
	(Miljoen kWu)	%	(Miljoen kWu)	%
Evkom	15482	73.15	19428	75.45
Plaaslike owerhede	4170	19.70	4822	18.73
Privaat	7	0.03	9	0.03
Openbare voorsieningsondernemings	19659	92.88	24259	94.21
Myne	741	3.50	708	2.75
Nywerhede	677	3.20	735	2.85
S.A.S. en H. en ander	88	0.42	48	0.19
Selfproduseerders	1506	7.12	1491	5.79
Totaal vir land	21165	100.00	25750	100.00

Bron: Buro vir Statistiek, Statistiese Jaarboek 1964, Pretoria 1964.

Uit die voorafgaande bespreking kom die regionale en selfs plaaslike patroon van elektrisiteitsvoorsiening in Suid-Afrika duidelik na vore. Dit is in teenstelling met ander lande soos Swede, Italië, Brittanje, Frankryk en Duitsland/....

en Duitsland, wat deur middel van hoogspannings-lang-afstandtransmissieskemas elektrisiteit op 'n nasionale grondslag voorsien. Die geskikste vestigingsplek vir 'n kragstasie word sodoende benut en die elektrisiteit wat opgewek word, word deur hoogspanningskraglyne aan die verbruikersentra verskaf.

Dit is vervolgens van pas om net kortliks aan te toon hoe die elektrisiteitsverbruik oor die afgelope paar dekades in Suid-Afrika toegeneem het, waarna 'n vergelyking gemaak word met 'n paar ander lande om Suid-Afrika se posisie uit 'n meer internasionale oogpunt te beskou.

In tabel 57 word die aantal eenhede opgewek, eenhede verbruik in kragstasies en verlore in transmissie en die eenhede werklik verbruik, vir 'n aantal jare van 1919/20 tot 1959/60 aangetoon.

TABEL 57. ELEKTRISITEIT OPGEWEK, VERBRUIK EN VERLORE IN TRANSMISSIE IN SUID-AFRIKA, VIR 'N VYFJAARLIKSE PERIODE VAN 1919/20 TOT 1959/60.

Jaar	Eenhede opgewek	Eenhede verbruik in kragstasies en verlore in transmissie	Eenhede verbruik	Gemiddelde jaarlikse toename in verbruik.
	Miljoen kWu	Miljoen kWu	Miljoen kWu	Miljoen kWu
1919/20	1277	135	1142	8.9
1924/25	1581	205	1376	4.1
1929/30	2454	327	2127	10.9
1934/35	3773	526	3247	10.5
1939/40	7168	1046	6122	17.7
1944/45	8329	1186	7142	3.3
1949/50	11187	1437	9750	7.3
1954/55	17172	2863	14312	9.4
1959/60	22561	3230	19334	7.0

Bron: Buro vir Statistiek, Uniestatistiek oor Vyftig Jaar, Pretoria, 1960.

Uit die tabel kom die aansienlike toename in eenhede verbruik sedert 1919/20 tot 1959/60 duidelik na vore. Die gemiddelde jaarlikse toename in verbruik was, met die uitsondering van die periode gedurende die oorlog toe

dit/.....

dit slegs 3.3 persent beloop het, besonder hoog sedert die ontstaan van Evkom. Die ekonomiese uitbreiding van die land het dus gepaard gegaan met 'n ooreenstemmende uitbreiding in die verbruik van elektrisiteit.

In vergelyking met 'n paar ander lande (tabel 58) kan gesien word dat Suid-Afrika nie 'n onbelangrike produsent en verbruiker van elektrisiteit is nie. In 1962 het dit dan ook meer as België, Denemarke, Switserland en Spanje geproduseer, wat reeds ou gevestigde lande is. Oor die algemeen is dit alleen die meer geïndustrialiseerde lande wat groter produsente en verbruikers is as Suid-Afrika, soos die V.S.A., Wes-Duitsland, Brittanje en Frankryk.

2. Hulpbronne vir kragopwekking

Vervolgens ontstaan die vraag oor watter kragbronne beskikbaar Suid-Afrika vir die opwekking van elektrisiteit en hoe word die bestaande kragbronne benut? In die wydste sin van die woord sluit kragbronne alle vorms van energie in wat vir die mens bruikbaar gemaak kan word deurdat dit in nuttige meganiese of elektriese krag omskep word.²⁾ Die vernaamste kragbronne wat egter veral gebruik word vir die opwekking van elektrisiteit is steenkool, uraan en kernbrandstof, waterkrag en olie en gasse.

(a) Steenkool

Suid-Afrika is in die gelukkige posisie dat dit oor groot steenkoolneerslae besit. Volgens die jongste ramings bestaan daar 'n vasgetelde reserwe van sowat 40,647 miljoen kleinton /.....

2) Vgl. Straszacker, R.L. Kragbronne in die Republiek van Suid-Afrika, Referate gelewer by die Jaarvergadering van die Ekonomiese Instituut (F.A.K.) te Kaapstad, 15 Februarie 1963, p.57.

TABEL 58. OPWEKKING EN VERBRUIK VAN ELEKTRIESE KRAG IN 'N AANTAL LANDE, 1962.

Lande	Eenhede op- gewek	Eenhede in- gevoer	Eenhede uit- gevoer	Eenhede be- skikbaar vir ver- bruik	Eenhede ver- lore in transmissie en distri- busie	Eenhede verbruik	Bevolking	Eenhede ver- bruik per capita
	Miljoen kWu	Miljoen kWu	Miljoen kWu	Miljoen kWu	Miljoen kWu	Miljoen kWu	Persone	kWu
Verenigde State van Amerika	943,482	2197	1661	944018	80535	863483	184.9	4670
Wes-Duitsland	126,565	5625	2561	129629	10287	119342	54.8	2177
België	16,410	142	615	15937	906	15031	9.3	1616
Brazilië	27,158	-	-	27158	5048	22110	75.0	295
Oostenryk	17,294	718	2817	15195	2176	13019	7.1	1834
Australië	24,549	-	-	24549	4305	20244	10.8	1874
Spanje	22,164	335	588	21911	3966	17945	30.5	588
Denemarke	7,575	140	1045	6670	770	5900	4.6	1283
Frankryk	83,251	1722	2474	82499	7378	75121	46.9	1602
Brittanje	151,766	87	-	151853	14156	137697	53.3	2583
Japan	134,587	-	-	134587	12821	121766	95.2	1279
Swede	40,625	395	1195	39825	4775	35050	7.6	4612
Switserland	21,342	2540	4189	19693	2358	17335	5.6	3096
Republiek van Suid-Afrika	25,750	-	-	25750	3682	22068	16.7	1321

Bron: International Union of producers and distributors of Electric Energy, Statistics 1962, Paris 1964.

kleinton steenkool en 'n waarskynlike reserwe van ongeveer 39,255 miljoen kleinton, wat 'n totale steenkoolreserwe van ongeveer 79,882 miljoen kleinton gee.³⁾ Weens die dikte en geringe diepte van die steenkoolreserwes en die relatiewe lae arbeidskoste in die Republiek, is die ontginningskoste in vergelyking met die buiteland, bowendien laag.

Die vernaamste steenkoolneerslae kom hoofsaaklik in die noordoostelike gedeelte van die Republiek van Suid-Afrika voor, naamlik ten noorde van 'n lyn Bloemhof-Bethlehem-Ladysmith. Die grootste steenkoolreserwes is volgens die inligting op hierdie stadium beskikbaar, in die Bethal, Suid-Rand, Waterberg en Wakkerstroom gebiede geleë, maar daar is ook nog aansienlike reserwes in baie van die teenswoordige produserende gebiede soos Witbank, Breyten, Ermelo en Piet Retief. Daarbenewens word steenkool ook in die Molteno-Indwe gebied aangetref. Alhoewel hierdie steenkoolveld oor ongeveer 800 vierkante myl strek en die reserwes as 5,000 miljoen ton aangegee word, is hulle tans van min ekonomiese waarde omdat die lae dun en veranderlik is en op plekke heeltemal verdwyn. Nuwe steenkoolneerslae is in 1964 in die omgewing van Aberdeen ontdek. Inligting met betrekking tot die gehalte en omvang van die steenkoolveld is egter nog nie bekend nie.

Die geografiese ligging van die bestaande en potensiële steenkoolvelde het tot gevolg dat die vervoerkoste vir elektrisiteitsopwekking van kragstasies ver van die grondstof geleë, die eenheidskoste opstoot en 'n druk op die vervoer deur die Suid-Afrikaanse Spoorweë plaas. Daarbenewens word steenkool ook in 'n toenemende mate vir oliewinning aangewend. Die vraag ontstaan hoe belangrik dit geag word dat sekere steenkool wat veral geskik is vir vervloeiing nie vir verbranding in stoomketels gebruik word nie/.....

3) Idem, p.59.

nie? Dit is veral 'n aktuele vraagstuk as in gedagte gehou word dat alleen sowat 16 persent van die steenkool ontgin word onder die huidige myntegniek, terwyl die oorblywende 84 persent onbenut in die grond bly en daar bowendien geen natuurlike olieneerslae tot dusver in Suid-Afrika aangetref is nie. Op die huidige stadium kan nie sonder meer 'n antwoord op die vraag verstrek word nie, daar behoort egter grondige navorsing in die verband gedoen te word.

(b) Uraan en kernbrandstof

Uraan word vandag wêreldwyd as 'n energiebron vir kragopwekking ontwikkel, terwyl die neweprodukte van uraan soos torium en waterstof ook vir elektrisiteitsopwekking gebruik word. Suid-Afrika is in die bevoorregte posisie dat dit groot neerslae van ekonomiese waarde, van die element besit. Uraan word naamlik hoofsaaklik as 'n neweproduk by die goudmyne ontgin, sodat erts van 'n baie laer gehalte as in die ander dele van die wêreld nog ekonomies verwerk kan word.

Die hele vraag van kernkrag is onlangs grondig deur die Forsyth Kommissie⁴⁾ ondersoek, wat tot die gevolgtrekking gekom het dat die tyd nog nie aangebreek het om in die volgende dekade aan kernkrag te dink as aanvulling tot of vervanging van konvensionele steenkoolstasies nie. Tot hierdie bevinding is geraak, hoofsaaklik vanweë die hoë kapitaalkoste van 'n kernkragsentrale in vergelyking met die konvensionele sentrale.

Die relatiewe kostevoordeel wat steenkool op hierdie stadium/.....

4) Verslag van die Kommissie van Onderzoek van die Aanwending van Kernkrag in Suid-Afrika, 21 April 1961, RP23/61, Staatsdrukker, Pretoria.

stadium bo uraan by elektrisiteitsopwekking besit, sal egter waarskynlik met verloop van tyd verminder. Dit kan ontstaan deur die uitputting van die steenkoolvelde, alternatiewe aanwending van steenkool wat voorkeur mag verkry, gebruik van goedkoper kernbrandstowwe soos waterstof, vereenvoudiging van atoomkragsentrales en deur 'n verbetering van die brandstofbenuttingsgraad. In die huidige beplanning van elektrisiteitsopwekking en -distribusie moet die potensieële toekomstige ontwikkeling in gedagte gehou word.

(c) Waterkrag

In die daling van watermassas vanuit 'n hoogliggende opvanggebied op hulle weg na die see, kan potensieële energie in waterturbines in elektriese krag omskep word. Geen water word in hierdie masjiene regstreeks verbruik nie, omdat alles wat by die hoër vlak instroom weer by die laer vlak van die masjien moet uitstroom. Die enigste voordeel wat by hierdie deurstroming prysgegee moet word is dat die water nie vir ander doeleindes, soos byvoorbeeld besproeiing, op enige vlak bokant die uitstromingspeil benut kan word nie. Daar ontstaan egter onregstreekse verliese vanweë die feit dat die klimaatomstandighede al die riviere in Suid-Afrika aan groot skommelings in hulle vloei onderwerp. Hierdie onegalige vloei moet deur damme geregleer word om 'n redelike egalige deurstroming deur die waterturbines te gee, indien 'n betroubare bron van krag tot stand gebring wil word.

Waar damme egter opgerig word met die uitsluitlike doel om alleen krag te voorsien, sal die groot kapitaalkoste nie geregverdig kan word nie, veral in die lig van die relatiewe lae kostes by die ontginning van steenkool. As alternatief kan die kragopwekking dus alleen geïntegreer word met ander gebruike van die water, sodat dit 'n

onderdeel/....

onderdeel van 'n groter projek vorm. Deur die kosteverdeling van die oorspronklike kapitaaluitgawes wat sodoende toegepas kan word, behoort die koste van hidro-kragstasies mededingend te wees, veral inagnemende die hoë onderhoudskoste van stoomaangedrewe kragstasies, aangesien die stoomketel en turbine, vernuwing en vervanging oor 'n relatiewe kort tydperk vereis. Aan die anderkant het hidro-kragstasies 'n baie langer ekonomiese leeftyd as gevolg van 'n eenvoudiger samestelling en deurdat hulle nie vinnige tegniese verbeterings ondergaan nie.⁵⁾

Vir 'n verdere regverdiging van 'n sodanige hidro-kragontwikkeling stel R.L. Straszacker nog die bykomende voorwaardes dat: „(a) die waterkrag gebruik word om die spitsbelasting van 'n bestaande netwerk te dek wat wêl teen lae belastingfaktor werk; (b) dat die waterkrag op plekke opgerig word waar dit heeltemal onekonomies sou wees om termiese toerusting te installeer of elektriese krag heen te vervoer.”⁶⁾

(d) Olie en gasse

Natuurlike olie- en gasneerslae word tot dusver nie in Suid-Afrika aangetref nie. Enige verwekkers wat deur gas of olie aangedryf word is dus aangewys op of ingevoerde brandstof, of gas of olie soos verkry uit sintetiese bewerkings soos die bewerking van steenkool deur Sasol. Weens die hoë koste verbonde aan sodanige opwekking, wil dit dus voorkom asof dit minder voordelig is as die
benutting/.....

5) Vgl. Waurick, G. Steam vs. Water, The South African Electrical Review, Volume 54, Nr. 538, Maart 1963, p.31.

6) Straszacker, R.L. op.cit., p.70.

benutting van ander kragbronne.

(e) Ander kragbronne

Volledigheidshalwe moet hier gemeld word dat verskillende natuurlike verskynsels soos wind en water, sonskyn en gety, ook in die verlede voorgestel is as moontlike kragleweraars. Grootskaalse aanwending van die metodes lewer egter baie tegniese en ekonomiese probleme, waardeur al die pogings wat tot dusver in Suid-Afrika in hierdie rigting gemaak, van twyfelagtige waarde is.

(f) Die benutting van kraghulpbronne in Suid-Afrika

Die benutting van kraghulpbronne vir die opwekking van elektrisiteit word in tabel 59 aangetoon, waarin die produksie van elektrisiteit volgens tipe kragbron in gebruik, aangegee word. In die tabel kan sonder meer gesien word dat steenkool 'n oorheersende rol vervul in die opwekking van elektrisiteit in Suid-Afrika.

TABEL 59. DIE PRODUKSIE VAN ELEKTRISITEIT IN SUID-AFRIKA VOLGENS TIPE KRAGBRON, 1959/60.

(een miljoen kWu)

Tipe kragbron	Openbare voor- sieningsonder- nemings	Selfprodu- seerders	Totaal
Steenkool	21,091	1352	22,443
Olie en gas	35	75	110
Waterkrag	2	6	8

Bron: Buro vir Statistiek, Statistiese Jaarboek 1964, Pretoria. 1964.

Steenkool as kragbron, het dan ook meer as 99 persent van die eenhede opgewek in 1959/60, gelewer. Daarteenoor word olie en gas alleen deur 'n paar kleiner munisipale elektrisiteitsondernemings en selfproduseerders gebruik, terwyl waterkrag nog betreklik min voorkom.

Na die bespreking van die kragopwekking en -verbruik en die kragbronne vir elektrisiteitsopwekking in Suid-Afrika, wil in die volgende afdeling stilgestaan word by

die/.....

die hidro-elektriese kragopwekking as gevolg van die Oranjerivierontwikkelingsprojek.

3. Hidro-elektriese kragopwekking as gevolg van die Oranjerivierontwikkelingsprojek

Die basiese doel van die Oranjerivierontwikkelingsprojek, is die verskaffing van water vir konsumptiewe gebruik. Die opwekking van hidro-elektriese krag moet dus gesien word in die lig van 'n neweproduk. Die oorspronklike Witskrif van 1962 is dan ook in ooreenstemming met dié doeleindes opgestel. Die Adviserende Raad vir die Oranjerivierontwikkelingsprojek het egter na grondige navorsing dit onder die regering se aandag gebring dat in die aanvangsjare van die projek, wanneer die beoogde besproeiingskemas en ander ontwikkeling nog relatief min water sal kan benut, die groot watermassas vir hidro-opwekking aangewend sal kan word. Dit het aanleiding tot die Aanvullende Witskrif van 1964, gegee.

In die aanvullende verslag is voorgestel dat die Hendrik Verwoerddam gebou sal word tot volvoorraadhoogte van 4,130 voet bo die watervlak wat 'n bruto opgaarvermoë van 2,282,000 morgvoet sal verskaf, en die Vanderkloofdam tot 'n volvoorraadhoogte van 3,840 voet bo die watervlak wat 'n bruto opgaarvermoë van 1,220,000 morgvoet sal verskaf. Die gevolg van die besluit is dat daar ongeveer viermaal soveel krag gedurende die eerste drie fases van die projek by die twee damme opgewek sal kan word, as wat oorspronklik beplan is. Daarbenewens sal by die Torquaydam ook meer as vierkeer soveel krag ontwikkel kan word, as gevolg van die beter regulering van die rivierstroom wat die verhoogde twee damme meebring.

Die kragopwekking wat na verwagting by die Hendrik Verwoerd-, Vanderkloof- en Torquaydam verkry kan word, word in tabel 60 aangetoon. Uit die tabel blyk dit dat

die/.....

opwekking van elektrisiteit van 920 miljoen kWu-eenhede in fase I, tot 1075 miljoen kWu-eenhede in fase II toeneem, waarna dit geleidelik tot 454 miljoen kWu-eenhede in fase V afneem. Die afname kan aan n vermeerdering in waterverbruik vir konsumptiewe doeleindes toegeskryf word. Uitgedruk as n persentasie van die totale elektrisiteit opgewek in die Republiek in 1961/62, is die opwekking in fase I-3.8 persent, fase II-4.4 persent en in fase V-1.9 persent. Die Oranjerivierontwikkelingsprojek sal dus n aansienlike bydrae tot bestaande elektrisiteitsopwekking lewer. Gesien in die lig van n steeds toenemende vraag na elektrisiteit, kan dit egter alleen aanvullend met n verdere uitbreiding in bestaande fasiliteite, in die toekomstige vraag voorsien.

TABEL 60. DIE POTENSIËLE KRAGOPWEKKING BY DIE HENDRIK VERWOLRD-, VANDERKLOOF- EN TORQUAYDAM.
(een miljoen kWu)

Fase en Jaar	Kragontwikkeling	Waterwese se verbruik vir pompdoeleindes	Krag beskikbaar vir verbruik voor voorsiening gemaak vir transmissieverliese, ens.
I 1970	920	55	865
1971	920	56	864
1972	920	57	863
1973	920	59	861
1974	920	61	859
II 1975	1013	63	950
1976	1075	72	1003
1977	1075	81	994
1978	1075	90	985
1979	1075	100	975
III 1980	883	110	773
1981	883	110	773
1982	883	111	772
1983	883	112	771
1984	883	113	770
IV 1985	588	114	474
1986	588	115	473
1987	588	116	472
1988	588	118	470
1989	588	120	468
V 1990	454	122	332
1991	454	122	332
1992	454	122	332
1993	454	122	332
1994	454	122	332

Bron: Ongepubliseerde berekenings deur Evkom gemaak.

Benewens die hidro-elektriese krag wat by die Hendrik-Verwoerd-, Vanderkloof- en Torquaydam ontwikkel sal word, kan krag ook in die Oranjeriviersektor ontwikkel word by Boegoebergdam, Aughrabies-waterval en by minder belangrike punte langs die benede loop van die Oranje. In die Vis- en Sondagsriviervalleie, sal die val wat beskikbaar is by die Oranje-Visriviertonnel se uitlaat, asmede by 'n aantal valle in die kanaalsisteen, benut kan word om hidro-elektriese krag te ontwikkel.

In kaart Nr. 5 word die voorgestelde hidro-elektriese kragontwikkeling as gevolg van die Oranjerivierontwikkelingsprojek aangedui. Dit toon naamlik die voorgestelde kragstasies en kraglyne gesien in die breër omvang van bestaande voorsieningsgebiede van Evkom. Die kraglyn wat strek vanaf die Rand na Wes-Kaapland is reeds deur etlike persone bepleit voordat daar nog sprake van die Oranjerivierontwikkelingsprojek was⁷⁾. Hierdie ideaal van 'n hoogspanningskragnetwerk is egter bespoedig as gevolg van die projek en word gevolglik as 'n voorgestelde kragontwikkeling van die projek op die kaart aangedui.

Vervolgens sal enkele opmerkings oor die vooruitsigte van hidro-elektriese kragontwikkeling tydens die eerste konstruksiefase van die Oranjerivierontwikkelingsprojek gemaak word.

Vir die ontwikkeling van die hidro-elektriese krag as gevolg van die Oranjerivierontwikkelingsprojek is Evkom van voorneme om 'n afsonderlike onderneming op te rig, wat bekend sal staan as die Oranjerivieronderneming.⁸⁾

Die/.....

7) Vergelyk byvoorbeeld Troost, N. op.cit., pp. 56 tot 67; en Stoker, P.H.V. Transmission, The Transactions of the South African Institute of Electrical Engineers, Volume 22, Nr. 9, September 1931, p.188.

8) Encom gains increased authority with Amendment to Electricity Act, The South African Electrical Review, Volume 55, Nr. 559, Desember 1964, p.36.

Die Oranjerivieronderneming sal verantwoordelik wees vir die konstruksie van die hidro-kragentrales en vir die verspreiding van elektrisiteit na die omliggende gebiede.

Die voorsiening van elektrisiteit aan die Oranjerivieronderneming sal by Dealesville begin, waar 'n groot distribusiestasie opgerig word. Benewens die voorsiening van elektrisiteit aan die Oranjerivier en Wes-Kaapland, sal die distribusiestasie ook toevoer aan Evkom se Noord-Kaaplandonderneming versterk en krag lewer aan Bloemfontein en vir die toekomstige spoorwegelektrifikasie tussen Bloemfontein en Kroonstad. Die nuwe Oranjerivieronderneming van Evkom sal vanaf die begin van 1969 krag van die Rand en Oranje-Vrystaatonderneming by Dealesville koop en sal die krag oor een (later twee) 400 kV.-kraglyne na 'n nuwe distribusiestasie wat ongeveer sewe myl ten weste van die Vanderkoofdamwal opgerig gaan word, vervoer.

Die distribusiestasie sewe myl wes van die Vanderkloofdam, sal ook in die begin van 1969 in gebruik geneem word en sal die volgende funksies verrig:

(1) Die 400 kV.-hoogspanningstelsel koppel met die krag wat na 1970 by die Vanderkloofhidro-kragstasie opgewek sal word en wat oor twee 132 kV-lyne vanuit die kragstasie sal kom.

(2) Die Vanderkloof-hidro-kragstasie koppel met die krag wat na 1970 by die Hendrik Verwoerdhidro-kragstasie opgewek gaan word, en wat ook oor twee 132 kV.-kraglyne ingevoer sal word.

(3) Krag gedurende 1967 en 1970 lewer teen 132 kV vir die bou van die damme en via die Hendrik Verwoerddistribusiestasie vir die SEVUM-stelsel, asook vir Aliwal-Noord en omliggende dorpe, voordat met die hidro-opwekking begin word.

(4)/.....

(4) Krag teen 132 kV aan die Spoorweë vir die elektrifikasie van die trajek Beaufort-wes - De Aar in 1969 en 1970, lewer.

(5) Krag teen 400 kV. vir verdere transmissie na Wes-Kaapland lewer.

(6) Dien as beheersentrum vir al die hidrosentrales en die verspreidingstelsel van die Oranjerivieronderneming.

n Tweede distribusiestasie wat by die Hendrik Verwoerddam nodig is, sal die volgende funksies verrig:

(1) Dien as plaaslike beheer en skakelstasie vir die Hendrik Verwoerdhidro-kragstasie en die uitgaande kraglyne.

(2) Dien as verlaagstasie om die toevoer na SEVUM, Departement van Waterwese, Aliwal-Noord en ander verbruikers moontlik te maak.

(3) Dien as beginpunt vir verdere toekomstige spoorwegelektrifikasie.

Eskom onderhandel ook reeds met die eienaars van die SEVUM-distribusiestelsel, met die doel om hierdie stelsel oor te neem en by die Oranjerivieronderneming in te skakel. Die distribusiestelsel voorsien elektrisiteit uit Bloemfontein aan n aantal dorpe in die Suid-Vrystaat, te wete Reddersburg, Edenburg, Trompsburg, Springfontein, Phillipolis en Bethulie. n 66-kV kraglyn sal die Hendrik Verwoerddistribusiestasie met die Hendrik Verwoerdpompstasie verbind en sodoende ook met die SEVUM-distribusiestelsel aansluiting vind. Drie myl wes van Aliwal-Noord sal Eskom n verdere verlaagdistribusiestelsel oprig, om krag aan Aliwal-Noord, Rouxville, Smithfield en Zastron te verskaf.

Die Oranjerivieronderneming sal daarbenewens ook hidro-krag, en later termiese krag van die Rand en Oranje-Vrystaatonderneming, aan die Wes-Kaaplandonderneming lewer./.....

lewer. Om die krag na die verbruikersentra te vervoer, sal een 400 kV-kraglyn (later twee), van die Vanderkloofdistribusiestasie na 'n distribusiestasie by Beaufort-Wes opgerig word, waarvandaan dit weer na Muldersvlei-verlaagstasie vervoer sal word.

4. Die moontlike invloed van die hidro-elektriese kragontwikkeling.

Hierdie hoofstuk kan nou afgesluit word met enkele opmerkings oor die moontlike invloed van die hidro-elektriese kragontwikkeling as gevolg van die Oranjerivierontwikkelingsprojek.

Volgens data aangegee in die Witskrif van 1964, sal die kragopwekkingspotensiaal na voltooiing van die eerste konstruksiefase van die projek ongeveer 144.9 megawatt wees, wat tot 229.1 megawatt in die vierde fase sal toeneem, waarna dit tot 196.7 megawatt sal afneem as die projek voltooi is. In 1959/60, die laaste jaar waarvoor gegewens beskikbaar is, was die land se geïnstalleerde kapasiteit 5,135 megawatt. Die kragopwekkingspotensiaal van die eerste konstruksiefase sal, uitgedruk as 'n persentasie van die 1959/60-syfer vir die land, 'n toename van 2.8% inhou, terwyl die potensiaal as die projek voltooi is 'n vermeerdering van 3.8% beloop.

Die groot voordeel wat die hidro-kragstasie egter vir die land inhou is geleë daarin dat hulle kan dien as reserwes om in die spitsvraag van die termiese kragentrales te voorsien. Daarteenoor word die koste wat verbonde is aan die bou van die damme hoofsaaklik deur die ander waterverbruikers gedra, terwyl alleen die regstreekse koste met betrekking tot die kragopwekking deur Evkom onderneem word.

Behalwe/.....

Behalwe die vermeerdering in die land se kragopwekkingspotensiaal, sal elektrisiteit ook aan plaaslike dorpe en boere voorsien word, terwyl dit ook sal meehelp met die spoorwegelektrifikasie van n aantal trajekte. Dit sal tot voordeel van die land en die betrokkenes strek, in die mate waarin die afsonderlike gemeenskappe en boerdery-eenhede die krag teen n hoër koste self sou moes voorsien. Die beskikbaarheid van voldoende elektrisiteit teen n redelike eenheidskoste, sal ook die nywerheidspotensiaal van die betrokke gebiede beïnvloed. Aangesien die beskikbaarheid van krag alleen een van n aantal vestigingsfaktore vorm, word dit in die volgende hoofstuk saam met die ander faktore wat nywerheidsvestiging mag beïnvloed, bespreek.

Soos reeds hierbo uiteengesit het die Oranjerivierontwikkelingsprojek die ideaal van n hoogspanningskraglyn tussen die Rand en Wes-Kaapland bespoedig. Dit het tot gevolg dat die hidro-krag wat in die beginjare van die projek nie in die plaaslike gebiede verbruik word nie, deur middel van dié kraglyn na Wes-Kaapland vervoer kan word. Namate die hidro-kragopwekking afneem as gevolg van n toename in die konsumptiewe gebruik van water en in die mate waarin dit nie mag voldoen aan die behoeftes van elektrisiteit in Wes-Kaapland nie, kan dit aangevul word deur krag van die Rand en Oranje-Vrystaatonderneming deur middel van n hoogspanningskraglyn te vervoer. Daarbenewens kan die hidro-krag dien as n reserwe vir die termiese kragvoorsiening aan die Rand en Wes-Kaapland. Die ontwikkeling van n hoogspanningskraglyn kan dus die hele toekomstige patroon van elektrisiteitsvoorsiening in Suid-Afrika verander, en dit hou onder andere die volgende voordele in:

(1)/.....

(1) Die Wes-Kaaplandonderneming van Evkom kan addisionele krag teen 'n laer koste verkry, aangesien die hoër spoorwegkoste by die vervoer van steenkool uitgesluit word.

(2) Die hidro-kragopwekkingspotensiaal van die Oranjerivierontwikkelingsprojek kan ten volle benut word, waar dit andersinds alleen in die plaaslike behoefte na elektrisiteit sou kon voorsien.

(3) Die lewering van krag aan Wes-Kaapland deur middel van 'n hoogspanningskraglyn sal die vraag wat die Suid-Afrikaanse Spoorweë moet hanteer ook aansienlik verminder. Die vervoer van steenkool na die Kaap veroorsaak 'n druk verkeer en vereis mannekrag wat doeltreffender benut kan word.

(4) In die lig van moontlike toekomstige ontwikkeling hou die hoogspanningskraglyn ook groot moontlike voordele in. Atoomkragentrales mag heelwaarskynlik in die toekoms opgerig word vir kragvoorsiening, indien die relatiewe koste-voordeel wat steenkool bo kernbrandstof besit afneem of die steenkoolreserwes uitgeput of vir alternatiewe gebruike aangewend word. Weens die hoë verbruik van water deur atoomkragstasies sal hulle waarskynlik aan die kus geleë moet wees. 'n Hoogspanningskraglyn sal in die geval dus noodwendig krag aan die binneland moet voorsien. In die opwekking van atoomenergie is hidro-elektriese krag ook van die allergrootste belang, aangesien dit in die buiteland bewys is dat atoomkragentrales moeilik sonder 'n opberging van hidro-krag kan funksioneer.

Alhoewel 'n hoogspanningskraglyn die voorsiening van elektrisiteit meer elasties maak, hou dit egter ook die nadeel in dat dit meer kwesbaar is vir sabotasie en in tye van oorlog.

HOOFSTUK X. DIE MYNBOU- EN NYWERHEIDSPOTENSIAAL.

In die voorafgaande twee hoofstukke is aandag gegee aan die invloed wat die Oranjerivierontwikkelingsprojek moontlik op landbou- en kragontwikkeling in Suid-Afrika sal uitoefen. Die Oranjerivierontwikkelingsprojek kan egter op 'n onregstreekse wyse ook verskeie ander fasette van die volkshuishouding beïnvloed. Die moontlike invloed wat die projek in sy geheel op die mynbou- en nywerheidspotensiaal van die Oranjeriviergebied mag hê, vorm die onderwerp van hierdie hoofstuk.

In die eerste onderafdeling van hierdie hoofstuk word die delfstofpotensiaal en huidige mynbou-ontginning in die Oranjeriviergebied bespreek, waarna die posisie van die sekondêre bedryfstak in die gebied ontleed word. Uitvloeiend uit die bespreking word die stremmende faktore op mynbou- en nywerheidsontwikkeling vervolgens beskou, wat ten slotte opgevolg word met die moontlike invloed van die projek op die mynbou- en nywerheidspotensiaal.

1. Die delfstofpotensiaal en mynbou-ontginning in die Oranjeriviergebied.

Die Oranjeriviergebied, en meer in besonder die Westelike Streek, is besonder ryk aan edelgesteentes, onedelmetaaldelfstowwe en nie-metaaldelfstowwe.¹⁾ Vervolgens word die delfstofpotensiaal van die gebied bespreek, waarna die benutting van die potensiaal aangetoon word.

(a)/.....

1) Sover vasgestel kon word kom geen edelmetaaldelfstowwe van ekonomiese waarde, in die Oranjeriviergebied voor nie.

(a) Edelgesteentes

Die belangrikste edelgesteente wat in die Oranjeriviergebied aangetref word, is diamante. Diamant-houdende afsettings kom in die gebied in kimberlietpype en -splete en alluviale gruis voor. Die kimberlietpype wat by Kimberley, Jagersfontein, Koffiefontein en Postmasburg voorkom, is die belangrikste in 'n gordel van sowat 30 myl breed en wat strek vanaf Heidelberg in die Kaapprovinsie noordwaarts tot in Tanzania. Kimberliet-splete word hoofsaaklik in die landdrosdistrik van Barkley-Wes aangetref, terwyl alluviale afsettings wydversprei in die Oranjeriviergebied aanwesig is. Die grootste afsettings alluviale diamanthoudende gruis kom in die valleie van die Harts- en Vaalrivier, vanaf Prieska ooswaarts en op die kus van Namakwaland voor. Daarbenewens word alluviale afsettings langs die Oranjerivier vanaf Aliwal-Noord tot by die samevloei van die Vaalrivier gevind, terwyl diamanthoudende riviergruis langs die oevers van die Buffelsrivier in Namakwaland aangetref word. Alhoewel die reserwes nog nie deur navorsing bepaal is nie, word verwag dat die gebiede nog oor 'n lang tydperk diamante sal kan lewer.

Gedurende die afgelope jare het die aanvraag na halfedelstene en edelstene geweldig toegeneem en 'n redelike betroubare plaaslike mark bestaan gevolglik reeds. 'n Groot verskeidenheid van die edelgesteentes kom in die Noordelike Kaapprovinsie voor. In die landdrosdistrik van Hay word barnsteen aangetref, terwyl 'n halfedel epidoot wat ook bekend staan as alkaliet in die omgewing van Keimoes voorkom. Kwartssoorte is goed verteenwoordig in die Westelike Streek, waarvan ametis in Namakwaland en Gordonia, jaspis in Hay, Kuruman en Barkley-Wes en agaat in die diamanthoudende gruis langs die Vaal- en Oranjerivier die belangrikste is./....

belangrikste is. Die ontginning van die stene word op 'n beperkte skaal toegepas, aangesien die mark daarvoor nie onbeperk is nie.

(b) Onedelmetaaldelfstowwe.

'n Groot verskeidenheid onedelmetaaldelfstowwe kom in die Oranjeriviergebied voor, waarvan ystererts, mangaan, koper, berillium, bismut, litium en wolfram, die belangrikste is.

Die vernaamste ysterertsafsettings in die Oranjeriviergebied is geleë in die landdrostdistrikte van Postmasburg en Kuruman. Die ystererts kom hoofsaaklik in die omgewing van Sishen in die Postmasburgdistrik en Black Rock en Hotazel in die distrik van Kuruman, voor. Huidige ontginning van die afsettings vind reeds plaas. Die totale reserwe erts in die omgewing van Postmasburg, wat maklik ontgin kan word, beloop omtrent 1,000 miljoen ton.

Benewens die ysterertsafsettings kom mangaanbevattende ystererts aan die westekant van Pofadder voor. Weens die lang afstande na die naaste spoorwegstasie, naamlik Kakamas, kon die afsettings nog nie ekonomies ontgin word nie. Blootgelegde reserwes kom egter te staan op 'n beraamde 46,000 ton met 'n gemiddelde ysterinhoud van 42 persent.

Met die uitsondering van 'n produksiegebied in Transvaal, word die twee ander belangrikste velde waar mangaan geproduseer word, in die Oranjeriviergebied aangetref. Die belangrikste mangaanveld in die ondersoekgebied is die een by Postmasburg waar ertsliggame in twee noord-suid-strekkende gordels voorkom. Die westelike gordel wat die Gannarand insluit, strek vanaf Postmasburg noordwaarts oor 'n afstand van 40 myl tot by Sishen. Die oostelike gordel bestaan uit die Klipfonteinheuwels en volg 'n boog noordwaarts van Postmasburg tot by Sishen.

Die/.....

Die veld is per spoor met Kimberley verbind. Alhoewel die grootste gedeelte van die hoëgraadse erts reeds gedelf is, word daar bereken dat daar nog sowat 20 miljoen ton erts van alle grade bestaan.

Die ander belangrike mangaanveld in die Oranjeriviergebied staan bekend as die Kalahariveld en is grotendeels in die landdrosdistrik van Kuruman geleë. Met die uitsondering van Black Rock, is die Kalahariveld heeltemal met sand bedek. 'n Ander nadeel van die mangaanveld is dat dit geen spoorverbinding besit nie en die erts gevolglik met dieselvragmotors en sleepwaens na die naaste spoorwegterminus vervoer moet word. Ertsreserwes is moeilik om te bepaal. In die oostelike sone van die veld is daar waarskynlik meer as 70 miljoen ton hoëgraadse erts; en in die westelike of hoofsonde is daar vermoedelik honderde miljoen ton erts, hoewel al die erts nie maklik bekombaar is nie aangesien die oordekking op plekke tot 1,000 voet dik is.

Mangaanerts kom ook by Rooienekke, wes van Grickwastad voor, en in Namakwaland word mangaanhoudende ystererts in die Gansberge sowat 30 myl wes van Pofadder aangetref.

Benewens yster en mangaan word koper in aansienlike hoeveelhede in die Oranjeriviergebied ontgin en wel in Namakwaland. 'n Noordelike en suidelike veld kan onderskei word. Die noordelike veld is in die Richtersveld geleë en het in die verlede klein hoeveelhede koper gelewer, tans vind geen produksie egter plaas nie. Die suidelike koperstreek beslaan 'n oppervlakte van ongeveer 600 vierkante myl en sluit die dorp Springbok en die mynsentrum van Nababeep, O'okiep en Concordia, in. Die bewese reserwes in die streek word geraam as nog voldoende vir twintig jaar se produksie. Behalwe Namakwaland, kom koperafsettings van geringe waarde ook in die distrikte van Kenhardt, Hay en Prieska voor. Ontginning in die gebiede is in die verlede op 'n klein skaal

aangepak.

Berillium word ook in die Oranjeriviergebied ontgin. Berilliummetaal kom egter nie in die natuur in die gedeë vorm voor nie, maar altyd in 'n gebonde toestand. Die belangrikste ertsmineraal van berillium is beril. Beril kom oor 'n groot gedeelte van die Kleurlingreservaat Steinkopf in Namakwaland voor, asook aan beide kante van die Oranjeriviervallei tot sover oos as die distrikte Kenhardt en Gordonias. Op verskeie plekke in die omgewing van Kakamas is daar egter ook voorkomste van beril. Deeglike navorsing na die mate van ertsreserwe is egter nog nie gemaak nie.

Namakwaland is ook waarskynlik die mees belowende streek in Suid-Afrika vir die produksie van bismut. Die bismut kom oor die algemeen voor saam met ander minerale wat winsgewend ontgin kan word, sodat dit 'n betalende neweproduk is. By Keimoes en in Namakwaland word bismut byvoorbeeld aangetref saam met minerale soos beril, tantaliet, spodumeer en lepidioliet. Die Kleurlingreservaat Steinkopf bevat heelwaarskynlik die belangrikste voorkomste. Die reserwe-omvang van die gebied is egter nog nie bekend nie.

Die pegmatietgange van Namakwaland is ook die enigste potensiële bron van litiumminerale in Suid-Afrika. Die minerale kom op etlike plekke voor, waarvan Spodumeerkop, Narrabees, Noumaas en noordoos van Henkiesrivier, die belangrikste is. Mynboubedrywighe is, ten spyte van groot aanwendingsmoontlikhede, baie wisselvallig.

Wolfram- of tungstenerts is oor die afgelope 25 jaar in verskillende dele van die land geproduseer, die enigste plekke waar noemenswaardige hoeveelhede in Suid-Afrika voorkom, is eerstens in die gebied wat bekend staan as Namakwaland se koperstreek; tweedens in die betreklike

smal bergstrook langs die Oranjerivier tussen Kakamas en Violsdrif; en laastens in die gebied suidwes van Upington rondom Van Roois Vley en Dyasonklip. Die ontginning geskied op 'n betreklike klein skaal en is afhanklik van 'n wisselvallige mark.

Behalwe bogenoemde onedelmetaaldelfstowwe is daar nog 'n aantal ander wat in geringer hoeveelhede in die Oranjeriviergebied aangetref word. Tin kom naamlik voor in die landdrostdistrik van Gordonia en Kenhardt. Looderts word op verskeie plekke in Griekwaland-wes en in die omgewing van die Oranjerivier in die landdrostdistrikte van Gordonia en Kenhardt aangetref. Molibdeen is in klein hoeveelhede in die koperstreek van Namakwaland aanwesig. Daarbenewens word seldsame aardes, waarvan daar ongeveer 17 bestaan, in die pegmatiet van Namakwaland, Kenhardt en Gordonia aangetref. Die hoeveelhede is egter nie groot genoeg om ontginning te regverdig nie. Tantaliet en kolumbiet, wat gewoonlik geassosieerd met mekaar verkry word, kom ook in die pegmatiet van Namakwaland voor. Titaan word in verbinding met die mineraal ilime-niet in die Kamiesberge in Namakwaland verkry. Die reserwe en gehalte van die voorkomste is egter onbekend. Geringe afsettings van torium en uraan is ook in die gebied aanwesig, maar is van weinig ekonomiese waarde.

(c) Nie-metaaldelfstowwe

Benewens die edelgesteentes en onedelmetaaldelfstowwe wat in die Oranjeriviergebied aangetref word, is daar ook 'n groot aantal nie-metaaldelfstowwe in die gebied.

Blouasbes kom in die omgewing van Griekwaland-wes voor en omsluit 'n reeks lae heuwels wat met min onderbreking vanaf 30 myl suid van Prieska noordwaarts deur Griekwastad verby Kuruman tot aan die Betsjoeanalandgrens strek, /.....

strek, dit wil sê oor 'n afstand van 250 myl. Die waarde van die velde lê daarin dat Suid-Afrika die enigste land ter wêreld is wat oor redelike voorkomste van die blouasbes beskik. As gevolg van plooiing in die asbedraende gesteentes, is dit onmoontlik om die reserwe te bereken.

Aluin word naby Vioolsdrif, teenaan die Oranjerivier aangetref. Die reserwes van die neerslag is onbekend. Sillimaniet en korund kom voor in Namakwaland, terwyl kioniet in Prieska en Gordonia aangetref word. Bariet kom op verskeie plekke in Noordwes-Kaapland voor, naamlik in die Richtersveld en die landdrosdistrikte van Postmasburg, Gordonia en Kenhardt. Die bariet is egter onsuiver en dit tesame met die afgeleë ligging, maak dit ongeskik vir ekonomiese ontginning.

Alhoewel fosfaat ook wydversprei in Noordwes-Kaapland voorkom, is die enigste noemenswaardige voorkoms in die Richtersveld geleë. Die gemiddelde diepte van die fosfaatafsettings is 4 voet en volgens 'n raming is daar sowat 800 ton erts van redelike goeie en ongeveer 500 ton erts van lae gehalte.

Gips kom in die landdrosdistrikte van Namakwaland, Hay, Kimberley, Graaff-Reinet en Port Elizabeth voor. Die gipsafsettings van Kimberley is egter verreweg die belangrikste in die Oranjeriviergebied en die reserwes beloop etlike miljoene ton en is bowendien maklik ontginbaar. Van die belangrikste reserwes kalksteen in die gebied word in die afgeleë dele van Namakwaland aangetref. Daarbenewens word geraam dat die reserwes in die omgewing van 1,000 miljoen ton is, in die landdrosdistrikte van Hay en Postmasburg. Kalksteen word ook naby Loerie in die distrik van Port Elizabeth ontgin.

Verder word kleigroewe by Addo in die omgewing van Port Elizabeth aangetref, terwyl salpeter saam met

pekkel/.....

pekkel en kleiafsettings in die distrikte van Prieska en Hay voorkom. Die afsettings is nog nie ekonomies ontgin nie, as gevolg van vervoergeriewe. Die kieselgoergordel strek van oos na wes oor die noordelike Kaapprovinsie. Verskeie klein afsettings kom versprei in die gordel voor. Afsettings met moontlike ekonomiese waarde word in die landdrosdistrikte van Hay en Namakwaland aangetref.

Die soutpanne wat in 'n breë gebied van Calvinia in die suide, noordwaarts verby Kimberley tot by Vryburg in die noorde strek, lewer 'n groot gedeelte van die land se totale soutproduksie. Vloeispaat word aangetref in die distrikte van Kenhardt en Gordonia.

(b) Mynbou-ontginning in die Oranjeriviergebied

Om 'n aanduiding van die omvang van mynbou-ontginning in die Oranjeriviergebied te verkry, word die gemiddelde jaarlikse mynbouproduksie van die gebied oor die tydperk 1954/55 tot 1961/62 volgens produk vir die onderskeie substreke, in tabel 61 aangetoon.

Uit die tabel blyk dit dat die Westelike Streek die grootste bydrae tot die totale mynbouproduksie van die Oranjeriviergebied gelewer het, naamlik sowat 70 persent, terwyl die Sentrale Streek vir meer as een-kwart van die totale mynbouproduksie verantwoordelik was. Mynbou-ontginning in die Oostelike en Suidelike Streek is dus betreklik gering.

In die Suidelike Streek is alleen die opbrengs van sout en sandsteen van belang, terwyl die ontginning van dolomiet in die Oostelike Streek die vernaamste mynbou-aktiwiteit uitmaak. In die Sentrale Streek is diamantproduksie te Kimberley en Jagersfontein die belangrikste, alhoewel die ontginning van kalkklip ook van belang is. Soos hierbo by die bespreking van

die/.....

TABEL 61. DIE GEMIDDELDE JAARLIKSE MYNBOUPRODUKSIE IN DIE SUB-STREKE VAN DIE ORANJERIVIERGEBIED OOR DIE TYDPERK 1959/60 TOT 1961/62, VOLGENS PRODUK.

Substreek en produk	Gemiddelde jaarlikse produksie	Persentasie van streeks-totaal	Persentasie van totaal in Oranjeriviergebied
	R1,000	%	%
	A	B	C
1. <u>Benede-Sondagsriviergebied</u>			
Sout	480	52.1	0.63
Sandsteen	324	35.1	0.42
Kwartsiet	103	11.2	0.14
Ander nie-metaaldelfstowwe	15	1.6	0.02
Totaal	922	100.0	1.21
2. <u>Visriviergebied</u>			
Sout	294	94.2	0.39
Ander nie-metaaldelfstowwe	18	5.8	0.02
Totaal	312	100.0	0.41
4. <u>Wepener-Zastrongebied</u>			
Nie-metaaldelfstowwe - Totaal	6	100.0	0.01
6. <u>Kafferriviergebied</u>			
Dolomiet	139	49.8	0.19
Basalt	17	6.1	0.02
Ander nie-metaaldelfstowwe	123	44.1	0.16
Totaal	279	100.0	0.37
9. <u>Regteower - Vanderkloofgebied.</u>			
Diamante	1610	91.6	2.11
Sout	147	8.4	0.19
Totaal	1757	100.0	2.30
10. <u>Kaap- Rietriviergebied</u>			
Diamante	17203	87.0	22.51
Gips	207	1.0	0.27
Kalkklip	1991	10.1	2.61
Sout	290	1.5	0.38
Ander nie-metaaldelfstowwe	82	0.4	0.11
Totaal	19773	100.0	25.88
11. <u>Linkeroewer-Vanderkloofgebied</u>			
Diamante	7	3.3	0.01
Sout	190	90.5	0.24
Ander nie-metaaldelfstowwe	13	6.2	0.02
Totaal	210	100.0	0.27
12. <u>Suid-Kalaharigebied</u>			
Diamante	14	0.1	0.02
Ystererts	3413	13.9	4.47
Mangaan	10294	41.8	13.47
Ander onedelmetaaldelfstowwe	2	⌘	⌘
Asbes	7185	29.2	9.40
Kalkklip	3421	13.9	4.48
Sout	197	0.8	0.26
Ander nie-metaaldelfstowwe	64	0.3	0.08
Totaal	24590	100.0	32.18

TABEL 61, VERVOLG.

- 355 -

	A	B	C
<u>13. Boesmanlandgebied</u>			
Edelgesteentes	1	∞	∞
Mangaan	306	8.0	0.40
Ander onedelmetaaldelfstowwe	131	3.4	0.17
Asbes	3243	85.0	4.24
Sout	133	3.5	0.17
Ander nie-metaaldelfstowwe	3	0.1	∞
Totaal	3817	100.0	4.98
<u>14. Sakriviergebied</u>			
Sout - Totaal	40	100.0	0.05
<u>15. Namakwalandgebied</u>			
Diamante	8685	35.1	11.37
Koper	13784	55.7	18.04
Wolframerts	18	0.1	0.02
Berilerts	40	0.2	0.05
Ander onedelmetaaldelfstowwe	15	0.1	0.02
Andalusiet en sillimaniet	2071	8.4	2.71
Kalkklip	85	0.3	0.11
Ander nie-metaaldelfstowwe	13	0.1	0.02
Totaal	24711	100.0	32.34

Bron: Berekenings in deel TWEE gemaak.

∞ Benaderde waarde minder as 0.1

∞ Benaderde waarde minder as 0.01

die delfstofpotensiaal van die Oranjeriviergebied geblyk het, is dit veral die Westelike Streek wat 'n groot verskeidenheid delfstowwe besit en waar gevolglik ook 'n groot aantal mynbouprodukte geproduseer word. Van die produkte was die opbrengs van koper in die Namakwalandgebied veral van belang oor die besondere periode, aangesien dit vir ongeveer een-vyfde van die totale mynbouproduksie van die Oranjeriviergebied verantwoordelik was. Daarbenewens was die produksie van mangaan, asbes, diamante, ystererts en kalkklip ook van groot belang.

2. Fabriekswese in die Oranjeriviergebied

Sedert die Eerste Wêreldoorlog het daar 'n geleidelike strukturele verandering in die Suid-Afrikaanse volkshuishouding ingetree. Waar die land voor die oorlog nog hoofsaaklik van landbou en mynbou vir ekonomiese ontwikkeling afhanklik was, het fabriekswese na die wêreldoorlog in belangrikheid begin toeneem. Die persentasie-aandeel van die sekondêre nywerhede tot die bruto binnelandse produk het dan ook van 3.7 persant in 1910/11 tot 20.1 persent in 1958/59 toegeneem. Daarbenewens het die persentasie nywerheidsprodukte uitgevoer tot die totale uitvoer in Suid-Afrika, van minder as 5 persent in 1939 tot sowat 18 persent in 1958/59, gestyg. Die strukturele verandering het dus veral na die Tweede Wêreldoorlog teen 'n vinnige tempo plaasgevind.

Die vraag ontstaan in hoe 'n mate het die ekonomiese bedrywigheede in die Oranjeriviergebied by die algemene nywerheidsuitbreiding in die land, aangesluit? In deel TWEE van hierdie studie is reeds aangetoon dat die gebied wat deur die Oranjerivierontwikkelingsprojek bedien gaan word, grotendeels van landbou vir ekonomiese vooruitgang afhanklik is. Alleen in die Westelike Streek maak mynbou ook 'n belangrike deel van die ekonomiese bedrywigheede/.....

bedrywighe uit, terwyl fabriekswese in die Benede-Sondagsriviergebied van belang is.

Die relatiewe onbelangrikheid van die Oranjeriviergebied in die nywerheidsontwikkeling van die land word duidelik in tabel 62 geïllustreer. In die tabel word naamlik aangetoon dat die waarde van nywerheidsproduksie in die Oranjeriviergebied in 1959/60, R196 miljoen was, terwyl 54,000 mense in die sekondêre nywerhede werksaam was. Daarteenoor was die totale nywerheidsproduksie in Suid-Afrika vir dieselfde jaar R2,853 miljoen en die aantal persone in diens van vervaardiging en konstruksie-ondernemings 738,000 persone.

TABEL 62. DIE AANTAL INRIGTINGS, WAARDE VAN NYWERHEIDSPRODUKSIE EN WERKGELEENTHEID IN DIE SEKONDÊRE PRODUKSIETAKKE IN DIE ORANJERIVIERGEBIED, 1959/60.

Gebied	Inrigtings		Totale waarde van produksie		Werkgeleentheid	
	Aantal	% van totaal	Rmil-joen	% van totaal	1,000 persone	% van totaal
Port Elizabeth-Uitenhage	603	43.6	130	66.3	35	64.8
Res van die Suidelike Streek	118	8.5	6	3.1	2	3.7
Totaal Suidelike Streek	721	52.1	136	69.4	37	68.5
Bloemfontein	198	14.3	6	3.1	6	11.1
Res van die Oostelike Streek	52	3.8	17	8.6	1	2.0
Totaal Oostelike Streek	250	18.1	23	11.7	7	13.1
Kimberley	89	6.4	3	1.5	3	5.5
Res van die Sentrale Streek	127	8.7	17	8.7	3	5.5
Totaal Sentrale Streek	216	15.1	20	10.2	6	11.0
Totaal Westelike Streek	197	14.2	17	8.7	4	7.4
Totaal Oranjeriviergebied	1384	100.0	196	100.0	54	100.0

Bron: Buro vir Statistiek, Nywerheidsensus 1959/60, Statistieke van private nywerheidsinrigtings op 'n geografiese basis.

Indien/.....

Indien die geografiese verspreiding van die sekondêre nywerhede in die Oranjeriviergebied in aanmerking geneem word, vertoon die posisie nog slegter aangesien daar 'n groot konsentrasie van nywerheidsaktiwiteite in die ondersoekgebied voorkom, wat beteken dat die nywerheidsaktiwiteite in groot dele van die Oranjeriviergebied heeltemal onbelangrik is. 'n Sametrekking van industriële bedrywighede word naamlik in die Suidelike Streek en meer in besonder in die Port Elizabeth-Uitenhage gebied aangetref. Uit tabel 62 blyk dit dat die Suidelike Streek vir sowat 70 persent van die nywerheidsproduksie in die Oranjeriviergebied en 68.5 persent van die indiensname, verantwoordelik was. Sowat 95 persent van die Suidelike Streek se nywerheidsproduksie en indiensname het egter in die Port Elizabeth-Uitenhage gebied ontstaan. 'n Soortgelyke konsentrasie van ondernemings kom ook in Bloemfontein in die Oostelike Streek, en Kimberley in die Sentrale Streek, voor. Afgesien van werkgeleentheid en die aantal inrigtings is die relatiewe bydrae tot die totale waarde van nywerheidsproduksie van die stedelike sentrums tot die streekstotale, egter nie so groot as die van die Port Elizabeth-Uitenhage gebied nie.

Die vraag kom na vore waarom het die Oranjeriviergebied, met die uitsondering van die Port Elizabeth-Uitenhage kompleks, nie in die algehele nywerheidsuitbreiding van die land gedeel nie? In Suid-Afrika, soos ook in die buiteland, bestaan daar 'n neiging tot sametrekking van industriële bedrywighede reeds vanaf die begin van die nywerheidsontwikkeling. Sodoende word sowat vier-vyftes van die nywerheidsproduksie in die land tans in vier hoofnywerheidsgebiede geproduseer, naamlik Suid-Transvaal, Wes-Kaapland/.....

Wes-Kaapland, Durban-Pinetown en Port Elizabeth-Uitenhage. Wat was egter verantwoordelik vir die sentralisasie in nywerheidsvestiging?

Die aanvanklike konsentrasie van ekonomiese bedrywig-hede in Suid-Transvaal kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die ontdekking van goud en die gevolglike goudmynbedryf. Uit die aard van werksaamhede van die goudmynbedryf is dit afhanklik van hulpdienste soos mynwerkswinkels, plofstowwe, yster en staal en ingenieursbedrywe. Daar-teenoor het die sametrekking in die omgewing van die ver-naamste hawegebiede ontstaan by die industrie wat vroeër hoofsaaklik invoerders van die grondstowwe wat in die verwerkingsproses gebruik is. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die ontstaan van die motornywerheid in Port Elizabeth, wat oorspronklik meer as 90 persent van die materiaal wat in die vervaardigingsproses gebruik is, ingevoer het.

Die oorspronklike nywerheidsvestiging aan die Rand en die vernaamste hawegebiede, het die voordele van agglomerasie en solidariteit tot gevolg gehad. Die voordele kan verdeel word in regionale eksterne besparings en markvoordele. Regionale eksterne voordele het ontstaan as gevolg van nywerhede wat op een of ander wyse nou ge-bonde is aan mekaar, vervoerfasiliteite, spesialisasie, besigheidsdienste en beskikbaarheid van arbeid. Dit het op sy beurt groot bevolkingskonsentrasies tot gevolg gehad, wat die markoriënteerde nywerhede na die gebiede gelok het.

In teenstelling hiermee was daar geen inisiële stimulus in die grootste gedeeltes van die Oranjerivier-gebied nie. Die gevolg is dat die gebied teenswoordig moet meeding met gevestigde nywerheidsgebiede by die vestiging van nywerhede, terwyl dit nie dieselfde voordele as die gebiede aan die industrieë kan bied nie.

Na bepaling van die Oranjeriviergebied se relatiewe onbelangrikheid op nywerheidsgebied, ontstaan die vraag watter nywerhede word wel in die gebied aangetref en wat is die streek se potensiaal vir verdere nywerheidsvestiging?

Om 'n aanduiding van die nywerheidsstruktuur in die Oranjeriviergebied te verkry, word die verspreiding van die aantal ondernemings volgens hoofnywerheidsgroepe in die hoofstreke in tabel 63, aangetoon. In die tabel kan waargeneem word dat die industriële bedrywighede in die Port Elizabeth-Uitenhage gebied in teenstelling met die ander gebiede, taamlik gediversifiseer is. 'n Betreklik reëlmatige verspreiding van nywerheidsaktiwiteite word in die gebied aangetref, met die hoofklem op die motornywerheid, vervaardiging van kledingstukke, tekstielware, metaalprodukte en nie-metaalhoudende mineraalprodukte.

Die vernaamste industriële bedrywighede in die ander streke kom hoofsaaklik in die hoofnywerheidsgroepe wat betrekking het op die vervaardiging van voedsel, kledingstukke, nie-metaalhoudende mineraalprodukte en elektriese masjinerie, voor. Die belangrikste bedrywighede in die hoofgroepe bestaan uit bakkerye, botter en kaasfabrieke, graanmeulens en die vervaardiging van bakstene en klei. Daar kom dus hoofsaaklik beskutte nywerhede¹⁾ voor, in die vorm van diensnywerhede en gebaseer op primêre produkte.

Om die tweede gedeelte van die vraag te beantwoord, naamlik watter tipe nywerheid kan moontlik na die Oranjeriviergebied getrek word, moet die verwagte nywerheidsontwikkeling in die land in gedagte gehou word. Volgens

G. Marais/.....

1) Beskutte nywerhede is nywerhede wat weens afstand en/of die aard van die produk, nie aan mededinging van die buiteland of ander streke onderhewig is nie.

TABEL 63. DIE VERSPREIDING VAN DIE AANVAAL N. WERKELIJSINRIGTINGS VOLGENS HOOFNWERHEIDSGROEP EN HOOFSTREEK, 1959/60.

Hoofnywerheidsgroep	Suidelike Streek			Oostelike Streek			Sentrale Streek			Weste- like streek	Totaal van Oran- jerivier gebied
	Port Eli- zabeth - Uitenhage	Res van die Streek	Totaal	Bloem- fontein	Res van die Streek	Totaal	Kimberley	Res van die Streek	Totaal	Totaal	
Voedsel	41	14	55	22	18	40	13	36	49	47	191
Drank	6	4	10	3	-	3	2	3	5	7	25
Tabak	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-
Tekstiele	15	-	15	-	-	-	-	-	-	1	16
Kledingstukke	78	6	84	17	1	18	8	4	12	12	126
Hout en houtprodukte	19	4	23	5	1	6	3	-	3	3	35
Meubels	23	4	27	7	-	7	3	2	5	4	43
Papier en papierprodukte	14	-	14	-	-	-	-	-	-	-	14
Drukkers en uitgewers	20	7	27	10	1	11	4	4	8	5	51
Leer en leerprodukte	13	1	14	-	-	-	1	-	1	-	15
Rubberprodukte	1	-	1	-	-	-	-	-	-	-	1
Chemikalieë en chemiese pro- dukte	23	2	25	1	-	1	1	-	1	1	28
Produkte van petroleum en steenkool	1	-	1	-	-	-	-	-	-	-	1
Nie-metaalhoudende mineraal- produkte	46	16	62	14	4	18	10	12	22	6	108
Basiese metaalnywerheid	4	-	4	1	-	1	-	-	-	-	5
Metaalprodukte	46	2	48	14	1	15	4	3	-	1	71
Masjinerie	12	2	14	6	-	6	-	1	1	3	24
Elektriese masjinerie	42	3	45	19	-	19	9	5	14	4	82
Vervoeruitrusting	38	1	39	-	5	5	1	4	5	5	54
Diverse nywerhede	16	-	16	7	-	7	2	-	2	-	25
Konstruksie	145	-	145	72	21	93	28	53	81	98	469
Totaal	603	118	721	198	52	250	89	127	216	197	1384

Bron: Buro vir Statistiek, Nywerheidsensus 1959/60, Statistieke oor private nywerheidsinrigtings op n geografiese basis.

G. Marais sal die grootste nywerheidsuitbreiding in die toekoms in die bedrywe plaasvind wat in die inter-industrie vraag voorsien.²⁾ Die verwagting is hoofsaaklik daarop gebaseer dat die grootste gedeelte van die invoer in Suid-Afrika op die oomblik bestaan uit goedere wat die vraag na basiese halfverwerkte ru-materiaal en intermediêre produkte, bevredig.

Dit is moeilik om sonder grondige navorsing te bepaal of die Oranjeriviergebied in staat sal wees om hierdie tipe nywerhede aan te trek. Volledige analyses van die onderskeie vestigingsaspekte was in hierdie studie nie moontlik nie, weens die omvang wat dit andersins sou aanneem. In die onderafdeling wil egter ten slotte gepoog word om aan die hand van die primêre aktiwiteite en bestaande nywerhede in die onderskeie hoofstreke van die ondersoekgebied, 'n kwalitatiewe bespreking van die moontlike industrieë wat hulle in die gebied op grond van die aanwesigheid van primêre aktiwiteite, mag vestig. Die invloed van die Oranjerivierontwikkelingsprojek word voorlopig ook nie in ag geneem nie, ten einde 'n beeld te verkry van die vestigingsmoontlikhede wat die Oranjeriviergebied sonder die projek inhou. Die moontlike invloed van die projek op toekomstige nywerheidsvestiging sal later in hierdie hoofstuk bespreek word.

(a) Suidelike Streek

Die vernaamste landbouprodukte wat in die Suidelike Streek geproduseer word, is wol, vleis en suiwelprodukte. Daar bestaan dus eerstens 'n moontlikheid vir die verwerking van wol/.....

2) Vgl. Marais, G. The Relation between Economic Development and the Location of Industry in the Republic of South Africa, Volkskas News Letter, November 1963, p.2.

van wol in die gebied, veral wat wolstukgoedere betref wat nie plekgebonde is nie. Met inagneming van die bestaande konsentrasie van wolverwerkers in die Port Elizabeth-Uitenhage gebied, naamlik vier wolwasserye, vier ondernemings wat die spin, weef en afwerk van wolprodukte onderneem en die groot aantal klerefabrieke, is dit twyfelagtig of ondernemings hulle in die oorblywende gedeelte van die Suidelike Streek sal vestig.

n Minimum van 12,000 karkasse per jaar is die vereiste vir n ekonomiese eenheid, by die inmaak van vleis. Aangesien reeds vier sodanige ondernemings in die Port Elizabeth-Uitenhage kompleks aangetref word, is verdere ondernemings wat vleisverwerking onderneem, onwaarskynlik. Die vervaardigers van suiwelprodukte is plekgebonde, weens die feit dat varsmelk en room binne n bepaalde tyd verwerk moet word en n gunstige vervoerkoste-reëling in die bedryf geld. Daar bestaan reeds drie botter- en kaasfabrieke in die Suidelike Streek, naamlik te Port Elizabeth, Cradock en Somerset-Oos, terwyl daar een vervaardiger van gekondenserde melk en melkpoeier in Uitenhage is. Weens die beperkte plaaslike vraag na die produkte sal die bestaande ondernemings vermoedelik uitbreidingsmoontlikhede benut.

Sitrusvrugte en groente word ook in betreklike groot hoeveelhede in die Benede-Sondagsriviergebied geproduseer. Daar bestaan egter ook reeds drie verwerkers van dié grondstowwe in die besondere gebied, sodat dit wil voorkom asof geen nuwe nywerhede wat hierdie produkte vervaardig in die gebied verwag kan word nie. Die Suidelike Streek is soos reeds aangedui, ook betreklik arm aan delfstowwe. Die delfstowwe wat op die oomblik ontgin word bestaan hoofsaaklik uit sandsteen en kalksteen. Die sandsteen dien grotendeels as boumateriaal terwyl die kalksteen deur

die/.....

die Pretoria Portland Cement Co. in Port Elizabeth in die vervaardiging van sement gebruik word. Dit wil dus voorkom asof die vestiging van nywerhede wat gebruik maak van primêre produkte wat in die streek geproduseer word, beperk is.

(b) Oostelike Streek

Die vernaamste landbouprodukte wat in hierdie gebied geproduseer word, is wol, vleis, suiwelprodukte, mielies en koring. In die Oostelike Streek kom egter reeds 11 botter en kaasfabrieke, 4 verwerkers van vleis en 8 graanmeulens, wat goed versprei is, voor. Verdere vestiging van nywerhede gebaseer op landbouprodukte is dus twyfelagtig. Die voorkoms van delfstowwe is beperk tot nie-metaalhoudende mineraalstowwe, waarvan dolomiet en basalt tans die belangrikste is. As n geheel gesien hou die gebied dus min uitbreidingsmoontlikhede vir nywerhede gebaseer op teenswoordige primêre aktiwiteite in.

(c) Sentrale Streek

Veeteeltproduksie is verreweg die vernaamste vorm van landbou in die Sentrale Streek, en bestaan hoofsaaklik uit die produksie van wol, vleis en suiwelprodukte. Hooi word egter ook in betreklik groot hoeveelhede geproduseer. Ses botter en kaasfabrieke word reeds in die gebied aangetref, terwyl daar drie verwerkers van vleis is. Die verwerking van wol in een of ander vorm kom egter nie voor nie. Indien die gebrek aan voldoende water in die gebied oorkom kan word, kan dit aanleiding tot moontlike nywerheidsvestiging in dié rigting gee. Daarbenewens is daar in die Sentrale Streek, waar hoofsaaklik veeboerdery beoefen word, net een gebalanseerde veevoeronderneming, naamlik by Kimberley.

Die produksie van diamante by Kimberley en Jagersfontein maak, soos reeds aangedui, die belangrikste vorm

van/.....

van mynbou in die gebied uit. Alhoewel die voorkoms van diamante reeds aanleiding gegee het tot 'n onderneming wat dit slyp en poleer, is verdere nywerheidsvestiging as gevolg daarvan onwaarskynlik. Kalksteen en gips word ook in groot hoeveelhede geproduseer. Weens die beperkte plaaslike vraag behoort die bestaande sementfabriek in die plaaslike behoeftes te voldoen.

(d) Westelike Streek

Alhoewel veeboerdery in die Westelike Streek die vernaamste vorm van landbou is, is die produksie van sekere akkerbouprodukte ook van belang. Die belangrikste landbouprodukte wat voortgebring word, is wol, vleis, suiwelprodukte, katoen, koring, hooi en vrugte. Die belangrikste bestaande industriële bedrywigheede wat die landbouprodukte verder verwerk, is 3 verwerkers van vleis, 9 graanmeulens, 4 botter en kaasfabrieke, 'n katoensuiweringswerk by Upington en die vervaardiging van gebalanseerde voersoorte by Postmasburg. Weens die afhanklikheid van die besproeiingsboere in die Laer-Oranje vir die verbouing van katoen, bestaan daar dus moontlikhede vir die oprigting van 'n katoen-ontveseltoestel en verwerkingsfabriek. Aangesien die gebied ook besonder geskik is vir die aanplant van druiwe vir persdoeleindes, word die aanbou van wynkelders ook reeds in die vooruitsig gestel.

Die uitstaande kenmerk van die streek is egter die geweldige delfstofpotensiaal wat dit besit. Die vernaamste mynbouprodukte wat geproduseer word is koper, mangaan, asbes, ystererts, diamante, sillimaniet, kalksteen en sout. Daarbenewens hou dit ook moontlikhede in vir die produksie van berilerts, bismut, tantaliet, wolfram, gips en mika. Bykans geen plaaslike verwerking van die delfstowwe kom voor nie.

Vervolgens/.....

Vervolgens word net n paar van die moontlike verwerkingsprosesse wat plaaslik verrig kan word, aangetoon. Met die groot neerslae kalksteen en verspreide neerslae gips, kan n sementfabriek opgerig word om in die plaaslike behoeftes te voorsien, terwyl ru-soda uit die kalk as neweproduk vervaardig kan word. Die moontlikheid vir n beriliumkoperinstallasie bestaan as gevolg van die groot hoeveelhede berilium en koper wat in die gebied aangetref word. Die koper kan ook aangewend word in die vervaardiging van elektrokoperdraad. Flotasie-eenhede om die onedel minerale in die pegmatiete te skei, sowel as om laegraadse minerale te veredel, kan opgerig word. Sout kan in wolwasserye, leerlooierye, in die vervaardiging van bytsoda en glas gebruik word. By Witsand 40 myl wes van Postmasburg, kom sand voor wat uiters geskik is vir die vervaardiging van glas. Die gebied hou ook groot moontlikhede in vir die vervaardiging van ferro-allooi soos byvoorbeeld ferro-silikon, ferro-vanadium, (vanadium afkomstig uit Suidwes-Afrika) en ferro-titaan wat uit magnetiet verkry word.

Die Westelike Streek hou dus groot moontlikhede vir nywerheidsvestiging in. Sekere stremende faktore het nywerheidsvestiging in die streek, asook in dele van die ander hoofstreke, egter in die verlede beperk. In die volgende afdeling sal die vernaamste van hierdie stremende faktore kortliks bespreek word, waarna die moontlike invloed van die Oranjerivierontwikkelingsprojek bespreek word.

3. Stremende faktore op mynbou- en nywerheidsontwikkeling

Die vernaamste beperkende faktore op nywerheidsvestiging en mynbou-ontwikkeling in die Oranjeriviergebied,

kan kortliks soos volg saamgevat word:

(1) Die bevolkingskonsentrasies in die grootste gedeelte van die Oranjeriviergebied, met die uitsondering van die Port Elizabeth-Uitenhage kompleks, is in vergelyking met groter stedelike sentrums soos die Witwatersrand, relatief klein. Gevolglik is daar n beperkte plaaslike mark wat markoriënteerde nywerhede, met die uitsondering van plekgebonde nywerhede, nie aan trek nie.

(2) Ter aansluiting by die beperkte plaaslike mark wat aangetref word, is daar ook n gebrek aan voldoende halfgeskoolde en geskoolde arbeiders. n Mate van onwilligheid bestaan ook by sodanige persone om hulle in die gebiede te vestig, veral in die Westelike Streek.

(3) n Gebrek aan water in voldoende hoeveelhede is een van die vernaamste beperkende faktore by mynbou- en nywerheidsontwikkeling in die grootste gedeelte van die Oranjeriviergebied. Verskeie plaaslike owerhede en dorpe is afhanklik van boorgate vir die voorsiening van water.

(4) Elektrisiteit word alleen in n klein gedeelte van die Oranjeriviergebied deur Evkom voorsien. Die distribusiegebied van Evkom sluit naamlik alleen die noordelike gedeeltes van die Sentrale Streek, Oos-Kaapland in die suide van die Suidelike Streek en n klein area in die noordoostelike gedeelte van die Westelike Streek, in.³⁾ Daarbenewens versprei SEVUM elektrisiteit vanaf Bloemfontein aan n aantal Suid-Vrystaatse dorpe. In die ander gedeeltes van die Oranjeriviergebied word elektrisiteit hoofsaaklik deur plaaslike owerhede verskaf, of is die private ondernemings verplig om self in hulle behoeftes te/.....

3) Vgl. Kaart Nr. 5

te voorsien. Vir grootskaalse ontwikkeling mag daar dus onvoldoende elektrisiteit beskikbaar wees, en waar dit wel beskikbaar is, is die koste gewoonlik hoër as in die gebiede wat deur Ewkom voorsien word.

(5) Vervoerfasiliteite is een van die vernaamse beperkende faktore, veral in die ontwikkeling van die Westelike Streek. Benewens die hoofspoorlyn oor Upington na Suidwes-Afrika, is daar nog n verbinding met die Rand van Hotazel via Kimberley. Calvinia en Carnarvon is weer met Wes-Kaapland verbind oor Victoria-Wes, terwyl die landdrostdistrikte van Namakwaland en Kenhardt geen spoorverbindings met ander gebiede het nie. In Namakwaland self, is daar egter n spoorlyn van O'okiep na Port Nolloth. Die paaie in die Westelike Streek, asook in sommige ander areas in die Oranjeriviergebied, voldoen selde aan die erkende standarde wat vereis word, en verskaf sodoende dus alleen n swak verbinding met die res van die land.

(6) Spoorwegtariewe beïnvloed tot n groot mate nog nywerheidsvestiging by bestaande markgebiede, weens die relatiewe laer skaal wat in werking is op die vervoer van ru-materiaal gesien teenoor vervaardigde goedere.

(7) Openbare fasiliteite soos ontspanningsgeriewe, biblioteke en dies meer, kom oor die algemeen in n beperkte mate voor, wat die gebiede onaantreklik maak vir die aantrekking van arbeiders, veral geskoolde arbeid.

(8) Die enigste naby geleë steenkoolneerslae kom in die Molteno-Indwe gebied voor. Hierdie afsetting kan egter nie op hierdie stadium ekonomies ontgin word nie, aangesien die steenkoollae dun en veranderlik is. Die gebrek aan steenkool is n belangrike beperkende faktor by verdere industrialisasie, veral in die Westelike Streek waar swak vervoergeriewe ook bowendien aangetref word.

(9)/.....

(9) Die gebrek aan 'n geskikte hawe aan die Weskus dien ook as 'n definitiewe beperkende faktor op nywerheidsvestiging en verdere mynbou-ontwikkeling in die Westelike Streek. Produkte wat in Namakwaland geproduseer word en wat vir uitvoer bestem is, se naaste uitvoerhawe is Kaapstad. Daar bestaan twee alternatiewe roetes waarvolgens die produkte na Kaapstad vervoer kan word, naamlik eerstens per vrugmotor na Kakamas vanwaar dit per spoor via De Aar na Kaapstad vervoer word, dit wil sê oor 'n totale afstand van sowat 1,000 myl. As alternatief kan die produkte per vrugmotor vervoer word na Bitterfontein en daarvandaan per spoor na Kaapstad, wat 'n afstand van sowat 400 myl is. Weens die swak toestande van die paaie en die gevolglike groot onkoste wat dit veroorsaak, verkies baie ondernemers die langer roete.

4. Die moontlike invloed van die Oranjerivierontwikkelingsprojek

Vervolgens word aandag gegee aan die moontlike invloed wat die Oranjerivierontwikkelingsprojek op die verdere mynbou- en nywerheidsontwikkeling mag uitoefen. Die eerste vraag wat ontstaan, is of die stremmende faktore uitgeskakel word deur die projek en in watter mate mag die projek ook in ander opsigte tot verdere mynbou- en nywerheidsontwikkeling bydra? Die faktore wat ontstaan as gevolg van die projek en wat 'n invloed op die toekomstige benutting van die delfstofpotensiaal en nywerheidsvestiging mag hê, kan as volg saamgevat word:

(1) Die verbetering van die openbare fasiliteite in die Sentrale Streek. Gedurende die eerste konstruksiefase van die projek word nuwe padverbindings, biblioteek-, onderwys- en hospitaaldienste en ontspanningsfasiliteite in die Sentrale Streek beplan. Dit mag die gebied se aantrekkingskrag vir geskoolde arbeid bevorder.

(2) In die oorspronklike Witskrif van 1962/63 word voorsien dat water na voltooiing van die eerste konstruksiefase aan Bloemfontein en De Aar gelewer sal word. In die daaropvolgende konstruksiefases word 'n beplande watervoorsiening vir Kimberley en omstreke, Graaff-Reinet, dorpe in die Visriviervallei en Port Elizabeth in die vooruitsig gestel.⁴⁾ Daarbenewens word nog in die Witskrif gemeld dat „alle dorpe aan beide oewers van die Oranjerivier, geleë binne ekonomiese trefafstand van die rivier, sal vir watertoekennings ten opsigte van primêre en tersiêre gebruik in aanmerking kom.”⁵⁾ Dit is onwaarskynlik dat hiermee bedoel word dat water nie aan plaaslike owerhede vir nywerheidsontwikkeling verskaf sal word nie, alleen die bestaande aktiwiteite in die omliggende gebiede word heelwaarskynlik onder primêre en tersiêre aktiwiteite saamgevat.

Een van die belangrikste stremende faktore vir die verdere ontwikkeling van sekere areas in die Oranjeriviergebied, is 'n nypende tekort aan water. Die beperkende faktor sal dus in die toekoms deur die Oranjerivierontwikkelingsprojek uitgeskakel word.

(3) Die daarstelling van hidro-elektriese krag en 'n hoogspanningskragnetwerk, is een van die vernaamste neweprodukte van die projek. Waar krag vroeër nie voldoen het aan die vereistes vir grootskaalse ontwikkeling nie, sal die beperkende faktor vermoedelik in die toekoms uitgeskakel word. Die hoë koste van elektrisiteitsvoorsiening sal waarskynlik ook in die Oranjeriviergebied oorkom word, deur die verwagte laer tariewe wat deur Evkom gevra sal word.

(4)/.....

4) Witskrif van 1962/63, op.cit., pp. 14 tot 16.

5) Idem p. 22.

(4) Soos reeds in die voorafgaande hoofstuk uiteengesit, word daar 'n groot toename in die landbouproduksie van die Oranjeriviergebied as gevolg van besproeiing verwag. Die toename word voorsien vir 'n verskeidenheid gewasse soos lusern, katoen, droëvrugte, sagtevrugte, sitrusvrugte, groente en suiwelprodukte. Deur die verskaffing van grondstowwe wat vir verdere verwerking aangewend kan word sal plekgebonde nywerhede, waar bederfbaarheid van produkte veral 'n belangrike rol speel, noodwendig in die Oranjeriviergebied opgerig moet word.

(5) Die besproeiingsnedersettings wat in die vooruitstig gestel word, sal 'n toename in die aantal ondernemers en werknemers tot gevolg hê. Die verhoogde koopkrag wat sodoende sal ontstaan, behoort die plaaslike afsetpotensiaal van die gebiede te vergroot. 'n Beperkte plaaslike mark sal egter nogtans aangetref word, veral in vergelyking met die bevolkingskonsentrasies in die bestaande nywerheidsgebiede.

(6) 'n Groot kapitaalbesteding word vir die ontwikkeling van die Oranjeriviergebied aangeaan. Die grootste gedeelte van die besteding sal egter na bestaande nywerheidsgebiede vloei, aangesien die gebiede die meeste van die materiaal vir die konstruksiewerke sal voorsien. Die kapitaalbesteding mag egter 'n geringe mate van nywerheids- en mynbou-uitbreiding tot gevolg hê. Op die gebied van mynbou sal potensiële kalkneerslae vermoedelik ontwikkel word en 'n aantal steengroewe waarskynlik ontstaan. Materiaaloriënteerde nywerhede mag ook in die Oranjeriviergebied opgerig word, 'n goeie voorbeeld hiervan is die twee sementfabrieke wat in Philippolis beplan word om in die konstruksiebehoeftes te voorsien.

Vervolgens ontstaan die vraag watter mynbou- en nywerheidsontwikkeling mag die verbetering van die

vestigingspotensiaal/.....

vestigingspotensiaal in die Oranjeriviergebied as gevolg van die projek, tot gevolg hê? Die stremmende faktore wat deur die projek uitgeskakel word, kom hoofsaaklik in die Sentrale Streek voor wat nie 'n groot delfstofpotensiaal besit nie. Dit is dus onwaarskynlik dat groot-skaalse mynbou-ontwikkeling sal plaasvind.

Bestaande besproeiingskemas in Suid-Afrika het in die verlede hoofsaaklik nywerhede wat finale verbruiks-goedere produseer, tot gevolg gehad. Na verwagting sal soortgelyke industrieë in die Oranjeriviergebied opgerig word, wat gebaseer sal wees op bestaande sowel as toekomstige plekgebonde grondstowwe wat in die gebied geproduseer word. Die nywerheidsstruktuur sal dus vermoedelik bestaan uit vleisinmaakfabrieke, graanmeulens, katoenpluiserye, wolwasserye en die vervaardiging van wolstukgoedere, vervaardiging van suiwelprodukte, sement en die verwerking van vrugte, veral sitrus en wyn. Alhoewel die Westelike Streek 'n groot verskeidenheid delfstowwe besit, is dit onwaarskynlik dat die delfstowwe in die gebied verder verwerk sal word as gevolg van die projek, weens die stremmende faktore wat nogtans sal voorkom. Aangesien 'n moontlike tekort aan water in die Vaalrivieropvanggebied voorsien word, mag die beskikbaarheid van water ingevolge die Oranjerivierontwikkelingsprojek ook groot nywerheidswaterverbruikers na omliggende gebiede aantrek, soos die verwerkers van chemikalieë en die yster- en staalbedryf.

Uit bogenoemde bespreking volg dat die Oranjerivierontwikkelingsprojek vermoedelik nie 'n gedesentraliseerde nywerheidsgroeipunt tot gevolg sal hê nie, mits dit miskien nie groot waterverbruikers kan aantrek nie. In die voorafgaande onderafdelings van hierdie hoofstuk is

egter/.....

egter aangetoon dat die Westelike Streek groot moontlikhede vir nywerheidsvestiging inhou, indien sekere stremmende faktore oorkom kan word. Alhoewel die Oranjerivierontwikkelingsprojek kan bydra tot die uitskakeling van stremmende faktore in die Westelike Streek, sal 'n nywerheidsgroeipunt in die gebied alleen deur regeringsoptrede verkry kan word.

Indien 'n beleid van laissez faire deur die regering gevolg word, wat die bepaling van die mees voordeligste vestigingsplek aan private inisiatief oorlaat sonder definiteiwe aansporing in 'n bepaalde rigting, is dit onwaarskynlik dat die relatiewe nadele wat die Westelike Streek besit, gesien teenoor reeds bestaande nywerheidsgebiede, uitgeskakel sal word en gekonsentreerde nywerheidsvestiging in die gebied verkry sal word. Oor die algemeen word in die jongste tyd aanvaar dat Suid-Afrika die stadium in ekonomiese en sosiale ontwikkeling verkry het, waar positiewe regeringsbeleid toegepas moet word waarvolgens die volkshuishouding gelei kan word in ooreenstemming met 'n voorafopgestelde patroon. Indien die regering dit wenslik vind om 'n nywerheidsgroeipunt in die Westelike Streek op 'n positiewe wyse aan te moedig, soos deur verbetering van vervoerfasiliteite en toepassing van besondere voordele, mag dit 'n gekonsentreerde desentraliseerde nywerheidsgebied tot gevolg hê. Die wenslikheid al dan nie van 'n sodanige ontwikkeling sal grondige navorsing vereis, en val buite die bestek van die doeleindes van hierdie studie.

HOOFSTUK XI. ANDER MOONTLIKE INVLOEDE VAN DIE
ORANJERIVIERONTWIKKELINGSPROJEK.

Na die bespreking van die besproeiings- en nedersettingsmoontlikhede, hidro-elektriese kragontwikkeling en die moontlike invloed van die Oranjerivierontwikkelingsprojek op die mynbou- en nywerheidspotensiaal van die Oranjeriviergebied, word ten slotte in hierdie hoofstuk kortliks gewys op die invloed van 1) kapitaalbesteding, 2) werkgeleentheid op die konstruksiewerke, 3) openbare dienste, en 4) vloedbeheer. Weens 'n gebrek aan inligting op hierdie stadium, is die bespreking ten opsigte van laasgenoemde aspekte by verre nog nie omvattend nie. Om 'n geheelbeeld van die moontlike invloed van die projekte verkry, word dit egter kortliks in hierdie hoofstuk weergegee.

1. Kapitaalbesteding

Die kapitaalbesteding ten opsigte van die Oranjerivierontwikkelingsprojek sal volgens die oorspronklike ramings wat deur die Departement van Waterwese gemaak is, ongeveer R450 miljoen beloop; waarvan R300 miljoen aan die waterwerke en sowat R150 miljoen vir hidro-kraginstallasies en die aankoop van grond bestee sal word. Weens die inflasionistiese druk wat Suid-Afrika egter oor die afgelope aantal jare ondervind het, sal die werklike uitgawes van die projek heelwaarskynlik aansienlik hoër wees as die oorspronklike ramings. Volgens die jongste begrotings wat goedgunstiglik deur die Departement van Waterwese verstrek is, sal die uitgawes aan die eerste konstruksiefase waaraan die regering hom verbind het, vir die vernaamste konstruksiewerke dan ook soos volg daar uitsien, naamlik:

Hendrik Verwoerddam	R94,643,000
Vanderkloofdam	R86,392,000
Oranje-Vistonnell	R77,697,000
Vanderkoofkanale en Klipfontein-	
Mentzmeerkanaal	R50,500,000
Bloemfontein pypleiding	R23,120,000
TOTAAL	<u>R332,352,000</u>

Daarbenewens sal die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie ongeveer R31 miljoen aan die hidro-elektriese kragontwikkeling bestee. Al die uitgawes sal oor die tydperk 1963/64 tot 1974/75, aangegaan word.

Die kapitaalbesteding kan n verreikende invloed op die ekonomie van Suid-Afrika tot gevolg hê. Elke onbenutte of onderbesette produksiefaktor wat as gevolg van die besteding in die konstruksiewerke absorbeer word, sal inkome ontvang wat dit andersins nie sou verkry het nie. By die besteding van die inkome deur die produksiefaktore sal ander faktore inkome ontvang, wat weer op hulle beurt verhoogde uitgawes tot gevolg het en dus n verdere verhoging in inkome. Deur lekkasies soos byvoorbeeld invoer sal die sekondêre effek geleidelik verminder, hoe verder dit vanaf die inisiële besteding beweeg. Benewens die onbenutte produksiefaktore kan die faktore wat reeds in die produksieproses in werking is en wat n beperkte aanbod besit, deur die Oranjerivierontwikkelingsprojek en deur die proses van mededinging n groter inkomste verkry. Die verhoging in die faktorinkome kom egter nie ooreen met n styging in reële opbrengs en gevolglik reële inkome nie, maar is n inflasionistiese vermeerdering in geldinkome. Dit toon dan ook die belangrikheid van die tye waarin die verskillende konstruksiefases van die projek aangegaan word. In tye van ekonomiese/.....

ekonomiese inkrimping sal die kapitaalbesteding dus ook tot die grootste voordeel van die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika strek.

Om die effek van die kapitaalbesteding op die verskillende sektore in die volkshuishouding en in die onderskeie streke in die Oranjeriviergebied kwantitatief uiteen te sit, word statistiese data benodig met betrekking tot die tipe materiaal, toerusting en arbeidskoste waarvoor die kapitaalbesteding aangewend sal word, asook die gebiede waarvan die materiaal verkry sal word. Vanaf hierdie data en met behulp van inset-afset gegewens en 'n aantal aannames, is dit moontlik om 'n ekonomiese model op te stel wat die invloed van die uitgawes kwantitatief weergee.¹⁾ Voordat die tenders vir die onderskeie konstruksiewerke van die projek egter nie afgehandel is nie, is die basiese inligting nog nie beskikbaar vir die bepaling van die invloed van die kapitaalbesteding nie. 'n Kwantitatiewe beeld van die primêre en sekondêre effek van die kapitaaluitgawes van die projek op die land sowel as op die Oranjeriviergebied, was dus nie in hierdie studie moontlik nie weens die tyd wat dit nog sal neem om die tenders af te handel.

Sonder enige definitiewe kwantitatiewe maatstaf kan egter vooraf verwag word dat die inisiële invloed van kapitaalbesteding op die projek, groot uitbreidingsmoontlikhede vir die vervaardigers van sement, staal, sand, brandstof, plofstowwe en elektriese toebehore, sal

verskaf/.....

1) Vgl. Isard, W en Kuene, R.E. Philadelphia Industrial Region: A Study in Agglomeration Projection, Review of Economics and Statistics, Volume XXXV, No. 4, November 1953, pp. 289 tot 301.

verskaf. Die sekondêre invloed van verhoogde uitgawes sal hoofsaaklik afhanklik wees van die mate waarin plaaslike hulpbronne in die konstruksiewerke gebruik word en bottelnekke voorkom kan word. Volgens die Witskrif van 1962/63, sal die tenderaars versoek word om die maksimum gebruik te maak van Suid-Afrikaanse tegniese en geskoolde arbeid, asook van toerusting en materiaal wat in die Republiek beskikbaar is.²⁾ Suid-Afrika besit egter 'n beperkte aanbod ten opsigte van geskoolde arbeid en swaar masjinerie soos aardverskuiwingstoerusting, wat noodwendig aangevul sal moet word deur invoer. Die invoer verteenwoordig 'n lekkasie wat die sekondêre effek van die projek sal verminder. Aan die anderkant kan bottelnekke inflasie tot gevolg hê en veroorsaak dat die sekondêre invloed van die projek tot uitdrukking kom in verhoogde geldinkome in plaas van 'n styging in die reële opbrengs.

Vanuit 'n regionale oogpunt gesien sal die effek van die kapitaalbesteding ook grotendeels afhanklik wees van die mate waarin die hulpbronne in 'n besondere streek benut word. Die basiese materiaal en toerusting wat in die projek gebruik sal word en wat plaaslik beskikbaar is, sal egter vermoedelik hoofsaaklik vanaf bestaande nywerheidsgebiede verkry word. Die primêre en sekondêre effek van die kapitaalbesteding sal dus in dié nywerheidskomplekse ondervind word en waarskynlik nie veel tot die ontwikkeling van die Oranjeriviergebied bydra nie. Om die ekonomiese ontwikkeling van die onderskeie streke in die/.....

2) Vgl. Witskrif van 1962/63, op.cit., p.36.

die Oranjeriviergebied te bevorder, is dit dus noodsaaklik dat sover as moontlik gebruik gemaak word van onbenutte of onderbesette arbeid wat in die gebiede aanwesig is of as tweede alternatief na die gebiede getrek kan word. Hierdeur kan die reële inkome van die inwoners van die gebiede verhoog word, wat sal lei tot verdere welvaart in die Oranjeriviergebied.

2. Werkgeleentheid op die konstruksiewerke

Die volgende aspek wat vervolgens in hierdie hoofstuk bespreek word, is die werkgeleentheid wat op die konstruksiewerke van die Oranjerivierontwikkelingsprojek sal ontstaan. Volgens data wat vanaf die Departement van Waterwese verkry is, sal ongeveer 14,660 persone tydens die eerste konstruksiefase van die Oranjerivierontwikkelingsprojek, op die konstruksiewerke benodig word. Die verwagte indiensname by die vyf verwante konstruksiewerke waarmee n aanvang gemaak sal word, sien naamlik soos volg daaruit:

	<u>Blankes</u>	<u>Kleurling/Bantoe</u>	<u>Totaal</u>
Hendrik Verwoerddam	500	2,500	3,000
Vanderkloofdam	340	3,120	3,460
Oranje-Vistunnel	1,000	5,000	6,000
Vanderkloofkanale en Kalkfontein- Mentzmeerkanal	300	1,500	1,800
Bloemfontein pyp- lyding	100	300	400
TOTAAL	2,240	12,420	14,660

Die blanke werknemers sal hoofsaaklik uit geskoolde arbeid in die vorm van toesighoudende personeel, toerusting-operateurs, vakmanne en voertuigbestuurders bestaan. Daarteenoor sal die nie-Blanke volksgroepe grotendeels ongeskoolde arbeid moet verrig.

Die/.....

Die Oranjeriviergebied is oorwegeneend n Blanke tuisland, alhoewel daar ook veral na die weste kleurlingreservate voorkom. Bantoegebiede is egter oor die algemeen afwesig in die gebied wat deur die projek regstreeks geraak sal word. Die regeringsbeleid ten opsigte van die indiensneming op die Oranjerivierontwikkelingsprojek is dan ook hoofsaaklik daarop gemik om die Blanke hartland van Suid-Afrika te bewaar, en voorkeur sal dus in die volgorde blank, Kleurling, Bantoe, toegepas moet word. Daarbenewens word n beperking op die kontrakteurs geplaas ten einde openbare owerhede en boere te beskerm ten opsigte van hoër salarisse en lone wat aan werknemers op die konstruksiewerke beskikbaar mag kom; naamlik geen blanke of nie-blanke werknemers wat die voorafgaande 12 maande in diens was van boere, plaaslike owerhede, provinsiale administrasies, regeringsdepartemente of semi-regeringsdepartemente, mag deur die kontrakteur aangestel word op die konstruksiewerke nie. Sover as moontlik moet ook gebruik gemaak word van plaaslike geskoolde en ongeskoolde arbeid, waar die kontrakteur dit egter wenslik mag vind om blanke geskoolde en ongeskoolde werknemers soos tegnici en ingenieurs, van die buiteland na Suid-Afrika te bring, kan dit in samewerking met die Departement van Immigrasie gedoen word.

Die uitvoering van die regeringsbeleid ten opsigte van die indiensname by die konstruksiewerke mag sekere probleme meebring. Dit blyk naamlik dat die kontrakteurs in die voorlopige werke hoofsaaklik van Bantoe-arbeid gebruik gemaak het, byvoorbeeld op 30 September 1965 was die indiensname volgens volksgroep en konstruksiewerk, soos volg:

Blankes/.....

	<u>Blankes</u>	<u>Kleur linge</u>	<u>Bantoes</u>	<u>Totaal</u>
Hendrik Verwoerddam	167	74	1,177	1,418
Vanderkloofdam	152	38	818	1,008
Oranje-Vistonnell	341	249	1,814	2,404
Vanderkloofkanale	84	10	270	364
TOTAAL	744	371	4,079	5,194

Die tendens kan klaarblyklik toegeskryf word aan die Kleurlinge se. vooroordeel ten opsigte van sekere soort arbeid, wat hulle as benede hul waardigheid beskou. Daarbenewens bestaan daar ook blykbaar 'n noeding tot vrywillige werkloosheid of onderbesetting by die Kleurlinge. Die menslike faktor sal by die uitvoering van die regeringsbeleid op een of ander wyse oorkom moet word. Deur indiensname van die Bantoe word 'n wesentlike gevaar geskep, aangesien die verskuiwing van die Bantoe na voltooiing van die konstruksiewerke aansienlike probleme mag meebring.

Gesien vanuit 'n regionale oogpunt hou die verhoogde werkgeleentheid in die gebiede wat daardeur geraak word, 'n verhoging in die reële inkome en gevolglik ook in die koopkrag van die gebiede in. Die grootste voordeel kan egter vir die gebiede verkry word, indien die plaaslike arbeid wat onbenut of onderbeset is by die konstruksiewerke ingeskakel kan word. Dit sal nie alleen lei tot 'n verhoogde koopkrag van die gebiede nie, maar sal deur 'n vermeerdering in die inkome per gesin die algemene welvaart van die besonderde gebiede verhoog.

3. Openbare dienste en ontspanningsfasiliteite

Na die bespreking van die moontlike invloed van kapitaalbesteding en werkgeleentheid op die konstruksiewerke, word vervolgens aandag gegee aan die openbare dienste en ontspanningsfasiliteite wat as gevolg van die Oranjerivierontwikkelingsprojek in die betrokke gebied opgerig sal word. Aangesien die eerste konstruksiefase van die projek alleen betrekking het op die Sentrale Strek en geen openbare dienste en ontspanningsfasiliteite wat as gevolg van die projek sal ontstaan, tot dusver in die ander hoofstreek in die/..

die vooruitsig gestel word nie, het die uiteensetting dan ook alleen betrekking op die Sentrale Streck.

Die eerste vraag wat ontstaan is hoe sal die beplande of voorgestelde openbare dienste en ontspanningsfasiliteite by die bestaande geriewe aansluit, met ander woorde wat is die posisie van die Sentrale Streck ten opsigte van openbare dienste en ontspanningsfasiliteite?

Soos reeds in deel TWEE van hierdie studie aange-
toon is, is die tersiêre bedrywigheide in die Sentrale
Streck hoofsaaklik daarop gekonsentreerd om in die be-
hoeftes van die landbou te voorsien. Bestaande onderwys-,
hospitaal- en biblioteekdienste voldoen dan ook aan die
huidige behoeftes en kom redelik goed versprei oor die ge-
bied voor. Twee nasionale paaie kruis deur die Sen-
trale Streck, naamlik die padverbinding tussen Johannesburg
en Kaapstad oor Kimberley; en die pad vanaf die Rand
oor Bloemfontein wat by Colesberg vork in twee paaie,
wat onderskeidelik na Port Elizabeth en Kaapstad gaan.
Die vernaamste dorpe in die gebied is ook met hoofpaaie
aan mekaar verbind, soos aangetoon word in Kaart Nr. 6.
In die kaart kan ook waargeneem word dat die spoorver-
bindings in die Sentrale Streck redelik goed verteen-
woordig is, met vername spoorwegaansluitings soos De Aar,
Colesberg en Kimberley, en direkte spoorverbindinge met
drie van die vernaamste hawens, te wete Kaapstad, Port
Elizabeth en Oos-Londen, asook 'n spoorverbinding met
Suidwes-Afrika.

Openbare dienste is 'n voorvereiste vir enige mate
van ekonomiese ontwikkeling. Daarteenoor maak ont-
spanning 'n steeds belangriker aspek van die moderne same-
lewing uit, wat hoofsaak toegeskryf kan word aan die
vermeerdering in die algemene welvaart en vrye tyd wat
beskikbaar is. Binnenshuise ontspanningsgeriewe is

in/.....

23

24

25















26



Kaart Nr 6



ORANJERIVIERONTWIKKELINGSPROJEK

SENTRALE STREEK

ONTSPANNINGSTERREINE

-  4 (Suid-gehoort) Hote
-  10 (Suid-gehoort) Hote
-  10 (Suid-gehoort) Karavaanpark
-  10 (Suid-gehoort) Hange en Boetsoot
-  10 (Suid-gehoort) Hange en Boetsoot
-  10 (Suid-gehoort) Hange en Boetsoot
-  10 (Suid-gehoort) Hange en Boetsoot
-  10 (Suid-gehoort) Hange en Boetsoot
-  10 (Suid-gehoort) Hange en Boetsoot
-  10 (Suid-gehoort) Hange en Boetsoot
-  10 (Suid-gehoort) Hange en Boetsoot
-  10 (Suid-gehoort) Hange en Boetsoot
-  10 (Suid-gehoort) Hange en Boetsoot
-  10 (Suid-gehoort) Hange en Boetsoot





1:11,000,000
R.O.N.H.



in die Sentrale Strek betreklik beperk. Bioskope kom in meeste van die dorpe voor, terwyl biljarttafels en ander soortgelyke geriewe deur sommige van die hotelle verskaf word. Die kwaliteit van die geriewe vergelyk egter swak met groter stedelike sentrums en die afwesigheid van teaters en dies meer maak die Sentrale Strek onaantreklik vir die geskoolde arbeiders, aangesien die ontspanningsgeriewe veral vir die plaaslike bevolking van besondere belang is.

Daarteenoor is die warmwaterbronne wat by Aliwal-Noord aangetref word, alreeds die tradisionele vakansie-oord van meeste boere in die Noordoos-Kaap en Suidoos-Vrystaat, terwyl dit ook ander besoekers van oor die hele land trek. Besoeksyfers wat deur Aliwal-Noord se stadsklerk vrygestel is, toon dan ook dat daar gedurende 1964 nie minder as 320,000 besoekers by die bronne opgedaag het nie.

Die verspreiding van ander ontspanningsterreine en akkommodasie dienste soos hotelle, motelle, karavaanparke, kampeerterreine, hengel en bootsport, word ook in kaart Nr. 6 aangetoon. Uit die kaart is dit opmerklik dat van die 50 gelisensieerde hotelle wat in die Sentrale Strek aangetref word, 10 in Kimberley en 7 in Aliwal-Noord is, terwyl die ander betreklik eweredig versprei oor die gebied voorkom. Die groot aantal hotelle in Kimberley hang saam met die stad se groot bevolking en die omvang van ekonomiese bedrywighede wat in die gebied verkry word, terwyl die verklaring vir die sewe hotelle in Aliwal-Noord gesoek moet word in die dorp se belangrikheid as 'n ontspanningsoord. Omdat motelle nog 'n relatief jong verskynsel in Suid-Afrika is, tref ons in die Sentrale Strek slegs 6 aan, waarvan twee in Colesberg geleë is, aangesien dit ongeveer halfpad tussen die Rand en Kaapstad op die nasionale roete lê.

Die/.....

Die algemene vakansiepatroon in Suid-Afrika is besig om te verander; hotelle neem af in populariteit terwyl karavane steeds meer veld wen. Volgens die Caravan Club of South Africa kom daar byvoorbeeld na skatting gemiddeld 4,000 nuwe karavane jaarliks op die pad. In die Sentrale Streek is daar egter slegs 19 karavaanparke, wat dus n verdere uitbreiding in die rigting mag regverdig. Alhoewel daar ook ongeveer 16 kampeerterreine in die Sentrale Streek aangetref word, is die geriewe op die terreine in baie gevalle swak ontwikkel. Dieselfde geld ook vir die geriewe ten opsigte van hengel en watersport wat betreklik goed versprei oor die gebied voorkom. Daarbenewens kom slegs 2 natuurreserve in die streek voor wat albei deur plaaslike besture beheer word, naamlik te Barkley-Wes en Bethulie. Sportgeriewe soos gholfbane, tennisbane, swembaddens en sportvelde, is redelik goed verteenwoordig.

Uit bostaande bespreking kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat openbare dienste in die plaaslike behoeftes voorsien, maar dat ontspanningsgeriewe in baie gevalle verbeter en aangevul kan word, veral met die oog op nasionale gebruikmaking. Die vraag ontstaan vervolgens watter openbare dienste en ontspanningsfasiliteite sal as gevolg van die Oranjerivierontwikkelingsprojek opgerig word en wat mag die invloed daarvan wees?

Openbare dienste sal hoofsaaklik bestaan uit die aanbou van skole in die omgewing van die konstruksiewerke, n hospitaal by Steynsburg en biblioteekdienste wat aan die werknemers van die projek verskaf kan word. Die beplande padverbindings wat in die vooruitsig gestel word as gevolg van die projek, word op kaart Nr. 6 aangetoon. In die kaart kan waargeneem word dat die voorgestelde paaie gekonsentreerd is op die konstruksiewerke, alhoewel

dit ook die toekomstige ontwikkeling van die projek ten opsigte van besproeiing in aanmerking neem.

Gholf- en tennisbane, swembaddens en ander sportterreine sal vir die gerief van die werkers by die konstruksiekampe opgerig word, wat na voltooiing van die projek vir ontspanningsdoeleindes aangewend kan word. Die Oranje-Vrystaatse Provinsiale Administrasie beplan om die konstruksiekamp by die Hendrik Verwoerddam in 'n ontspanningsoord te omseep, terwyl die oprigting van ontspanningsgeriewe en 'n natuurtuin by die Oranje-Vistunnelinlaat reeds deur die Kaapse Provinsiale Administrasie goedgekeur is. Laasgenoemde Administrasie ondersoek bowendien die moontlikhede vir 'n ontspanningsoord by die Vanderkoofdam, terwyl die daarstelling van 'n visteeltstasie in Oos-Kaapland ook reeds goedgekeur is ten einde geskikte varswatervis vir die betrokke damme in die Oranje te kweek. As in aanmerking geneem word dat daar volgens die Transvaalse Afdeling vir Natuurbewaring gemiddeld R1.00 bestee word vir elke pond vis wat 'n hengelaar vang, kan 'n sodanige ontwikkeling tot groot voordeel van die betrokke gebiede strek.

Opelug-ontspanning neem teenswoordig vinnig toe in populariteit in Suid-Afrika, wat hoofsaaklik toegeskryf kan word aan die steeds toenemende verstedeliking van die bevolking en die daarmee gepaardgaande kantoorwerk. Die drie hoofopgaardamme van die Oranjerivierontwikkelingsprojek hou dus ten opsigte van ontspanning groot moontlikhede in. Die gebiede wat hierdeur geraak word verkry dus 'n fasiliteit wat kan dien as 'n verdere stimulus vir hulle mate van ekonomiese ontwikkeling, terwyl daar terselfdertyd in die toenemende landsbehoefte aan geskikte opelugontspanningsterreine voldoen word. Daarbenewens sal die betrokke gebiede ook meer aantreklik word vir geskoolde arbeiders/.....

arbeiders weens die beskikbare fasiliteite.

4. Vloedbeheer

Ten slotte word in hierdie hoofstuk stilgestaan by die vloedbeheer wat die Oranjerivierontwikkelingsprojek tot gevolg sal hê. Die Oranjerivier is bekend vir die omvang van sy vloede. Op 24 Maart 1925 het n vloed van 320,000 kubieke voet per sekonde in die Oranje by Hopetown voorgekom, terwyl n groter vloed van 400,000 kubieke voet per sekonde in Februarie 1874 op dieselfde punt aangetref is. By Prieska, geleë stroom-af van die Vaal-Oranje-samevloei, is vloede van meer as 500,000 kubieke voet per sekonde reeds aangeteken. Die moontlikhede vir sekere vloedgroottes in die Oranjerivier, is deur die Departement van Waterwese bereken en sien soos volg daaruit:

<u>Frekwensie</u>	<u>Kubieke voet per sekonde</u>
1 in 10 jaar	170,000
1 in 20 jaar	234,000
1 in 35 jaar	288,000
1 in 50 jaar	312,000
1 in 100 jaar	354,000
1 in 200 jaar	395,000
1 in 500 jaar	451,000

Die vernaamste skade wat deur vloede aangerig word, kom in die 50,000 morg besproeibare en potensiële alluviale grond aan die oewers van die Benede-Oranje voor. Weens n gebrek aan data ten opsigte van die geldskade wat deur die vloede in die Oranjerivier veroorsaak word, kan die moontlike skades teen sekere vloedintensiteite nie bepaal word nie. Oor die algemeen behoort dit egter nie buitengewoon groot te wees nie. Volgens die Departement van Waterwese verrig vloedwaters met n intensiteit van meer as 150,000 kubieke voet per sekonde eers noemenswaardige skades in die omliggende vallei van die rivier.

Vloedbeheer is een van die minder belangrike doelstellingen van die Oranjerivierontwikkelingsprojek. Volgens die Departement van Waterwese sal die omvang van beheerwerke wat nodig is om die vloedskades te verminder en die hoë koste verbonde daaraan, buite verhouding wees met die voordele wat daaruit behaal sal kan word. In die bespreking kan dus volstaan word met die feit dat skadelike vloede met 50 persent na voltooiing van die eerste konstruksiefase van die projek, verminder sal word.

DEEL VIER

SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

HOOFSTUK XII. SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

Die doel van hierdie studie is eerstens om die heterogene sosio-ekonomiese patroon in die gebied wat deur die Oranjerivierontwikkelingsprojek beïnvloed sal word, duidelik te omskryf en te kwantifiseer; en tweedens om die moontlike ekonomiese invloed van die projek aan te toon. Ten einde as agtergrond te dien vir die verdere bespreking, is die ondersoekgebied in deel EEN afgebaken en die fisiese kenmerke en bevolking van die gebied kortliks omskryf. In deel TWEE is die ekonomiese struktuur en enkele dinamiese eienskappe van die Oranjeriviergebied aan die hand van nasionale rekeninge syfers, naamlik die bruto geografiese produk, persoonlike inkome en bruto kapitaalvorming, uiteengesit. Daarna is in deel DRIE aandag gegee aan die moontlike ekonomiese invloed van die Oranjerivierontwikkelingsprojek. Weens 'n gebrek aan data op hierdie stadium, was dit egter alleen moontlik om 'n tentatiewe en kwalitatiewe uiteensetting in laasgenoemde deel weer te gee.

Dit is ten slotte van pas om bogenoemde bespreking in hierdie hoofstuk saam te vat en die gevolgtrekkings wat daaruit ontstaan het, aan te dui. Vervolgens word die ekonomiese strukturele kenmerke en moontlike ekonomiese invloed van die Oranjerivierontwikkelingsprojek in die vier onderskeie hoofstreke en vir die gebied as 'n geheel, in afdelings 1 tot 5 saamgevat, waarna in afdeling 6 gewys word op die behoefte aan verdere ekonomiese navorsing ten opsigte van die Oranjerivierontwikkelingsprojek.

1. Die Suidelike Streek

Die Suidelike Streek omvat in hierdie studie die gebied wat oor die algemeen in die beplanning van die Oranjerivierontwikkelingsprojek as die Vis- Sondagsriviersektor bekend staan. Dit strek vanaf Port Elizabeth in die suide

tot/.....

tot n lyn benoorde Middelburg-Maraisburg-Molteno. In hierdie studie is dit in twee substreke verdeel, naamlik die Benede-Sondagsriviergebied en die Visriviergebied. Topografies bestaan die Suidelike Streek uit die fisiografiese indeling wat bekend staan as streke grensende aan die plato, met die Oos-Kaapse Hooglande in die noorde, die Groot Karoo in die weste en die Kaapse Plooiingsgordel en suidelike kusgebied in die suide en suidooste. Die klimaat in die gebied wissel van n Suidelike Steppe klimaat in die noorde tot n Karoo-klimaat in die weste en n gematigde klimaat in die suide.

(a) Bevolking en ekonomiese struktuur

Bevolking: In 1960 het die Suidelike Streek n totale bevolking van sowat 566,500 persone gehad, wat uit 157,700 blankes, 265,000 Bantoes en 143,000 Kleurlinge en Asiate bestaan het. Die bevolking is hoofsaaklik in die Benede-Sondagsriviergebied saamgetrek. In die substreek was naamlik 405,700 persone, of 72 persent van die totale bevolking in die hoofstreek, in 1960 woonagtig. Die Benede-Sondagsriviergebied het dan ook n bevolkingsdigtheid van 162 persone per vierkante myl in 1960 gehad, vergeleke met 11 persone per vierkante myl in die Visriviergebied.¹⁾ Daarbenewens was sowat 90 persent van die totale bevolking in die Suidelike Streek in stedelike gebiede woonagtig, met die grootste bevolkingskonsentrasie in die Port Elizabeth-Uitenhage nywerheidskompleks.

Bruto geografiese produk: Die Suidelike Streek se bruto geografiese produk het in 1961/62 ongeveer R251.5 miljoen
beloop,/.....

1) Vgl. tabel 1.

beloop, wat sowat 5 persent van die bruto binnelandse produk in Suid-Afrika uitgemaak het.²⁾ In ooreenstemming met die bevolkingskonsentrasie het 86.7 persent van die bruto geografiese produk in hierdie hoofstreek, in die Benede-Sondagsriviergebied ontstaan. Die sametrekking van ekonomiese bedrywighede in hierdie substreek kan hoofsaaklik aan die relatiewe belangrikheid van fabriekswese en konstruksie toegeskryf word, wat 'n gemiddelde jaarlikse persentasie-aandeel van oor die 40 persent van die bruto geografiese produk oor die termyn 1954/55 tot 1961/62 gehad het. Landbou het weer 'n belangrike rol in die ekonomiese ontwikkeling van die Visriviergebied vervul, waar dit 36.2 persent van die bruto geografiese produk in 1961/62 uitgemaak het. Mynbou kom alleen in die vorm van steengroewe voor, terwyl die bydrae van die tersiêre produksietakke goed vergelyk met dié van die land as 'n geheel.³⁾

Die private sektor se aandeel van die bruto geografiese produk van die Suidelike Streek het ongeveer 77 persent in 1961/62 beloop, vergeleke met 75 persent vir die land as 'n geheel. Daarteenoor was die persentasie-aandeel van arbeidsvergoeding weer laer as die van Suid-Afrika, naamlik 50.5 persent teenoor 60.0 persent onderskeidelik in 1961/62. Die blankes se bydrae tot die bruto geografiese produk van die hoofstreek was ongeveer 78 persent in 1961/62, in vergelyking met die 12.3 persent van die Bantoes en die 10.3 persent van die Kleurlinge en Asië.

Die/.....

2) Vgl. tabel 4.

3) Vgl. tabelle 19.1 en 19.2

Die Suidelike Streek se bruto geografiese produk het teen 'n gemiddelde jaarlikse groeikoers van 3.6 persent van 1954/55 tot 1961/62 toegeneem, wat die laagste groeikoers van al die hoofstreek in die Oranjeriviergebied oor die periode was.⁴⁾ Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die stadige tempo van ontwikkeling in die Visriviergebied, waar die bruto geografiese produk teen 'n gemiddelde jaarlikse groeikoers van 0.9 persent gestyg het, vergeleke met 4.1 persent in die Benede-Sondagsriviergebied. Die stadige toename in die bruto geografiese produk van die Visriviergebied kan weer toegeskryf word aan 'n afname in die bydrae van landbou, teen 'n gemiddelde van 3.6 persent jaarliks.

In teenstelling met die lae groeikoers in die bruto geografiese produk van die Suidelike Streek, was die bruto geografiese produk per capita in die streek R421 in 1961/62, vergeleke met R340 in die Oranjeriviergebied as 'n geheel. In ooreenstemming hiermee was die bruto geografiese produk per capita van die onderskeie volksgroepe in die hoofstreek ook betreklik hoog. In die geval van die blankes was dit R1201 in 1961/62, in vergelyking met R1143 vir die Oranjeriviergebied; terwyl dit vir die Bantoes R110 teenoor R84 en vir die Kleurlinge en Asiats R169 teenoor R122, respektiewelik beloop het.⁵⁾

Persoonlike inkome: Die persoonlike inkome van die Suidelike Streek het van R174.7 miljoen in 1954/55 tot R217.9 miljoen in 1961/62 toegeneem, wat gelykstaande is aan 'n gemiddelde jaarlikse groeikoers van 3.2 persent. Daar-teenoor het die bevolking teen 'n gemiddelde jaarlikse koers van/.....

4) Vgl. tabel 28.

5) Vgl. tabel 31.

van 4.2 persent aangewas, terwyl die verbruikersprysindeks in Suid-Afrika oor dieselfde tydperk teen 2.0 persent jaarliks gestyg het. Hieruit is dit duidelik dat die algemene ekonomiese welsyn van die inwoners in hierdie hoofstreek oor die besondere periode afgeneem het. In die substreke is dieselfde neiging ook waarneembaar.⁶⁾

Bruto kapitaalvorming:

Die bruto kapitaalvorming in die Suidelike Streek het met geringe skommelings van R32.0 miljoen in 1954/55 tot R36.8 miljoen in 1959/60 gestyg, waarna dit geleidelik na R28.8 miljoen in 1961/62 gedaal het. Die daling het hoofsaaklik in die Benede-Sondagsriviergebied plaasgevind, wat vir sowat 75 persent van die totale bruto kapitaalvorming in die Suidelike Streek verantwoordelik was.⁷⁾

Uit die samestelling van die bruto kapitaalvorming in die Suidelike Streek blyk dit dat landbou, bosbou en visserye vir 18.2 persent van die bruto kapitaalvorming in 1954/55 verantwoordelik was, teenoor 10.1 persent in 1961/62. Daarteenoor het die persentasie-aandeel van fabriekswese en konstruksie van 10.9 persent in 1954/55 tot 19.4 persent in 1961/62 toegeneem. Die bruto kapitaalvorming in fabriekswese en konstruksie het hoofsaaklik in die Benede-Sondagsriviergebied voorgekom, terwyl die relatiewe afname van die kapitaalvorming in landbou weer in die Visriviergebied plaasgevind het. Benewens bogenoemde produksietakke was die kapitaalvorming in vervoer, opberging en kommunikasie en algemene regeringsdienste, relatief die grootste in die streek.⁸⁾

Ongeveer 53.6 persent van die bruto kapitaalvorming in die Suidelike Streek het uit die aktiwiteite van die

private/.....

6) Vgl. tabel 33.

7) Vgl. tabel 13.

8) Vgl. tabelle 35.1 en 35.2

private sektor in 1961/62 ontstaan, terwyl 28.2 persent deur owerheidsondernemings en openbare korporasies en 18.2 persent deur openbare owerhede aangegaan is. In vergelyking hiermee was die private sektor se bydrae ongeveer 60 persent vir die land as n geheel in 1961/62, dié van owerheidsondernemings en openbare korporasies 19 persent en openbare owerhede 22 persent. Daarbenewens is die verhouding van die bruto kapitaalvorming tot die bruto geografiese produk in die Suidelike Streek ook die laagste van al die hoofstreke in die Oranjeriviergebied. Dit was naamlik 11.4 persent in 1961/62, vergeleke met 16.4 persent vir die Oranjeriviergebied en 20.4 persent vir die land as n geheel.

(b) Moontlike invloed van die projek

Landbou: Soos hierbo aangetoon, is landbou n belangrike produksietak in die ekonomiese ontwikkeling van die Visriviergebied. Wol, bokhaar, vleis, suiwelprodukte en sitrusvrugte, is die vernaamste landbouprodukte wat in die Suidelike Streek geproduseer word. Na verwagting sal omtrent 113,000 morg in die Suidelike Streek onder besproeiing kom na voltooiing van die Oranjerivierontwikkelingsprojek, waarvan 16,000 morg na voltooiing van die eerste konstruksiefase reeds besproeibaar sal wees. Die verwagte waarde van die opbrengs per morg teen heersende pryse, sal in die Benede-Sondagsriviergebied ongeveer R450 gemiddeld beloop en in die Visriviergebied in die omgewing van R300 wees. Na voltooiing van die eerste konstruksiefase sal dus sowat R5.4 miljoen se landbouprodukte onder besproeiing geproduseer word., wat 21 persent van die gemiddelde waarde van produksie van R25.2 miljoen oor die tydperk 1959/60 tot 1961/62 uitmaak.

Die/.....

Die 113,000 morg besproeiingsgrond behoort daarenteen R36.8 miljoen se landbouprodukte te lewer, wat $1\frac{1}{2}$ keer groter is as die gemiddelde produksie oor die gemelde tydperk. Die produksie sal vermoedelik bestaan uit lusern, koring, hawer en gars; en tot 'n mindere mate ook uit katoen, appelkose, wingerdvrugte en perskes.

Die belangrikste probleme wat vir die gebied voorsien kan word, is meer van 'n tegniese aard soos brakgrond, dreineringsprobleme, grondvrugbaarheidsprobleme, plaeg en siektes. Vanuit 'n ekonomiese oogpunt is 'n gebrek aan alternatiewe gewasse, een van die vernaamste probleme. Dit mag veral 'n knelpunt veroorsaak indien afsetprobleme ten opsigte van die produkte wat geproduseer word, intree.

Mynbou: Mynbou bestaan in die Suidelike Streek hoofsaaklik uit steengroewe. Weens 'n geringe delfstofpotensiaal behoort die Oranjerivierontwikkelingsprojek weinig, indien enige invloed op die produksietak in hierdie hoofstreek te hê.

Fabriekswese en konstruksie:

Die Port Elizabeth-Uitenhage nywerheidskompleks, wat een van die vier vernaamste nywerheidsgebiede in Suid-Afrika is, kom in die Suidelike Streek voor. 'n Betrekkelik reëmatige verspreiding van nywerheidsaktiwiteite word in die gebied aangetref, met die hoofklem op die motornywerheid, tekstielfabriek en die vervaardiging van kledingstukke, metaalprodukte en nie-metaalhoudende mineraalprodukte. In die ander dele van die hoofstreek kom hoofsaaklik beskutte nywerhede voor soos bakkerye, botter en kaasfabriek, graanmeulens en die vervaardiging van bakstene en klei. Uit die bespreking in hoofstuk X wil dit voorkom asof die Oranjerivierontwikkelingsprojek nywerheidsvestiging nie veel in die Suidelike Streek sal beïnvloed nie. Dit mag egter in die noorde van die

gebied/.....

gebied, materiaaloriënteerde nywerhede tot gevolg hê. Die kapitaalbesteding op die konstruksiewerke mag 'n mate van nywerheidsuitbreiding in die Port Elizabeth-Uitenhage gebied veroorsaak, aangesien die gebied 'n gedeelte van die materiaal wat in die aanbou van die damme gebruik sal word, sal verskaf.

Tersiëre produksietakke: Soos reeds in hoofstuk VII van hierdie studie aangedui is, vergelyk die tersiëre produksietakke in die Suidelike Streek en meer in besonder in die Benede-Sondagsriviergebied, goed met dié van die land as 'n geheel. In die noordelike gedeelte van die Visriviergebied, is die produksietakke egter hoofsaaklik ingerig om diens aan die landbou te lewer. Die voorsiening van water aan dorpe, elektriese krag en 'n verbetering van die vervoernetwerk in die noordelike gedeeltes van die Suidelike Streek, is die vernaamste invloed van die Oranjerivierontwikkelingsprojek op die tersiëre dienste. Ontspanningsgeriewe mag egter ook as gevolg van die projek in hierdie streek opgerig word, wat as stimulus vir verdere ekonomiese uitbreiding kan dien.

2. Die Oostelike Streek

Die Oostelike Streek omvat die gebied wat oor die algemeen as die Suidoos-Vrystaat bekend staan, asook die landdrosdistrikte van Lady Grey en Herschel in die Kaapprovinsie. Dit strek vanaf die grense van laasgenoemde distrikte in die suide tot die grense van die distrikte van Bloemfontein en Thaba'Nchu in die noorde; en vanaf die Basoetolandgrens in die ooste tot die grense van die landdrosdistrikte van Trompsburg, Edenburg en Bloemfontein in die weste. In hierdie studie is dit verdeel in vier substreke, naamlik Lady Grey-Herschel-, Wepener-Zastron-, Suidoos-Vrystaat- en die Kafferriviergebied.

Topografies bestaan die Oostelike Streek uit die fisio-
grafiese indeling wat as die Hoëveld (Formasie Karoo) be-
kend staan. Die klimaat in die gebied staan bekend as
die Noordelike Steppe klimaat, dit wil sê halfdor met
somerreënval.

(a) Bevolking en ekonomiese struktuur

Bevolking: In 1960 het die Oostelike Streek 'n totale
bevolking van sowat 354,500 persone gehad, wat uit
82,700 blankes, 258,400 Bantoes en 13,400 Kleurlinge en
Asiate bestaan het. Die bevolkingsdigtheid in die gebied
was 31 persone per vierkante myl in 1961/62, wat goed ver-
gelyk met die digtheid van die Republiek van 34 persone
per vierkante myl. Die grootste gedeelte van die be-
volking is in die Kafferriviergebied en meer in besonder
in Bloemfontein, saamgetrek.⁹⁾ Alleen 50 persent van
die bevolking is egter in stedelike gebiede woonagtig,
vergeleke met 75 persent in die Suidelike Streek. Die
bevolking het van 1946 tot 1960 teen 'n gemiddelde jaarlikse
groeiakoers van 2.6 persent aangewas, wat gunstig vergelyk
met die ooreenstemmende toename in die bevolking van die
Republiek van 2.9 persent.

Bruto geografiese produk: Die Oostelike Streek se bruto
goografiese produk het in 1961/62 ongeveer R97.2 miljoen
beloop, wat sowat 2 persent van die bruto binnelandse
produk in Suid-Afrika uitgemaak het.¹⁰⁾ In ooreenstem-
ming met die bevolkingskonsentrasie het 85.6 persent van
die bruto geografiese produk in hierdie hoofstreek, in
die/.....

9) Vgl. Tabel 1

10) Vgl. Tabel 4.

die Kafferriviergebied ontstaan. Uit die samestelling van die bruto geografiese produk in die Oostelike Streek, blyk dit dat die tersiêre produksietakke verreweg die grootste bydrae daartoe gelewer het. Dit het naamlik 'n gemiddelde aandeel van omtrent 75 persent oor die tydspanne 1954/55 tot 1961/62 gehad. Die relatiewe belangrikheid van die tersiêre dienste kan veral aan die bydrae van vervoer, handel en algemene regeringsdienste tot die bruto geografiese produk toegeskryf word, wat in 1961/62 respektiewelik 24.0, 16.2 en 13.8 persent beloop het. Hierdie aktiwiteite is egter alleen van belang in die Kafferriviergebied wat Bloemfontein insluit. In die ander substreke is landbou die belangrikste produksietak, met 'n persentasie-aandeel van meer as 50 persent.¹¹⁾

Die private sektor se aandeel van die bruto geografiese produk van die Oostelike Streek het ongeveer 60 persent in 1961/62 beloop, vergeleke met 75 persent vir die land as 'n geheel. Daarteenoor was die persentasie-aandeel van arbeidsvergoeding in albei gevalle omtrent 60 persent. Die blankes se bydrae tot die bruto geografiese produk van die hoofstreek was 80.2 persent in 1961/62, in vergelyking met die 18.6 persent van die Bantoes en die 1.2 persent van die Kleurlinge en Asië. Die lae persentasie-bydrae van laasgenoemde volksgroep kan aan die klein getal Kleurlinge en Asië wat in die Oostelike Streek woonagtig is, toegeskryf word.

Die Oostelike Streek se bruto geografiese produk het teen 'n gemiddelde jaarlikse groeikoers van 4.3 persent van 1954/55 tot 1961/62 toegeneem, wat min of meer ooreenstem met die groeikoers van 4.1 persent in die Oranjeriviergebied as 'n geheel. Dié toename in die bruto geografiese produk/.....

11) Vgl. tabelle 19.1 en 19.2

produk het in ongeveer al die substreke van hierdie hoofstreek voorgekom, met die uitsondering van die Suidoos-Vrystaatgebied wat alleen n groeikoers van 0.5 persent per jaar oor die tydspanne gehandhaaf het.¹²⁾ Dit kan hoofsaaklik aan n daling in die bydrae van landbou in die substreek toegeskryf word, teen n koers van 1.7 persent jaarliks.

Die bruto geografiese produk per capita van die Oostelike Streek was egter maar R263 in 1961/62, wat die laagste is van al die hoofstreke in die Oranjeriviergebied. In ooreenstemming hiermee was die bruto geografiese produk per capita van al die volksgroepe in die Oostelike Streek dan ook oor die algemeen laer as in die ander hoofstreke in die Oranjeriviergebied.¹³⁾ Geografies is daar egter groot verskille in die per capita produk van die hoofstreek. In die Lady Grey-Herschelgebied was dit naamlik R38 in 1961/62, vergeleke met R344 in die Kafferriviergebied.

Persoonlike inkome: Die persoonlike inkome van die Oostelike Streek het van R61.8 miljoen in 1954/55 tot R80.3 miljoen in 1961/62 toegeneem, wat gelykstaande is aan n gemiddelde jaarlikse groeikoers van 3.9 persent. Daarteenoor het die bevolking teen n gemiddelde jaarlikse groeikoers van 3.0 persent aangewas, terwyl die verbruikersprysindeks in Suid-Afrika oor dieselfde tydperk teen 2.0 persent jaarliks gestyg het. Hieruit is dit duidelik dat die algemene ekonomiese welsyn van die inwoners in hierdie hoofstreek, nie wesentlik verbeter het nie.

Bruto kapitaalvorming: Die bruto kapitaalvorming in die Oostelike Streek het met geringe skommelings van R16.9 miljoen in 1954/55 tot R24.9 miljoen in 1959/60 gestyg, waarna/.....

12) Vgl. tabel 27.

13) Vgl. tabel 30.

waarna dit geleidelik na R20.8 miljoen in 1961/62 gedaal het. Die afname het ook in al die substreke van die hoofstreek voorgekom.¹⁴⁾ Uit die samestelling van die bruto kapitaalvorming het dit geblyk dat vervoer, opberging en kommunikasie vir 39.2 persent van die totale kapitaalvorming in die Oostelike Strek in 1961/62 verantwoordelik was, teenoor 23.6 persent in 1954/55. Die merkwaardige toename in die persentasie-aandeel van bruto kapitaalvorming in hierdie produksietak, het veral in die Suidoos-Vrystaat en die Kafferriviergebied plaasgevind.

Ongeveer 40.8 persent van die bruto kapitaalvorming in die Oostelike Strek het in 1961/62, uit die aktiwiteite van private ondernemings ontstaan, terwyl 45.4 persent deur owerheidsondernemings en openbare korporasies en 13.8 persent deur openbare owerhede aangegaan is. Die bydrae van die private sektor is dus besonder laag in vergelyking met die landstotaal, waar dit sowat 60 persent in 1961/62 beloop het. Daarteenoor vergelyk die verhouding van die bruto kapitaalvorming tot die bruto geografiese produk in die Oostelike Strek goed met dié van die land as n geheel. Dit was naamlik 21.4 persent in 1961/62, vergelyke met 20.4 persent vir die Republiek.

(b) Moontlike invloed van die projek

Landbou: Soos hierbo aangetoon is, is landbou die belangrikste produksietak in die grootste gedeelte van die Oostelike Strek. Wol, vleis, suiwelprodukte, mielies en koring is die vernaamste landbouprodukte wat geproduseer word. Alleen 1,000 morg sal in die gebied onder besproeiing geplaas word as gevolg van die Oranjerivier-ontwikkelingsprojek, en wel na voltooiing van die eerste konstruksiefase. Die vernaamste produkte wat geproduseer sal word, sal vermoedelik uit koring en groente bestaan. Afsien van tegniese probleme wat mag voorkom, word geen ekonomiese/.....

14) Vgl. tabel 37.

ekonomiese probleme voorsien nie.

Mynbou: Mynbou bestaan in die Oostelike Streek hoofsaaklik uit steengroewe. Weens die geringe delfstofpotensiaal wat die hoofstreek besit, behoort die Oranjerivierontwikkelingsprojek geen uitbreiding in die mynbou te veroorsaak nie.

Fabriekswese en konstruksie: In die Oostelike Streek het maar 250 nywerheidsinrigtings in 1959/60 voorgekom, waarvan 198 in Bloemfontein geleë was. Die nywerhede in die streek is dus by een punt saamgetrek en bestaan hoofsaaklik uit beskutte nywerhede wat die verwerking van primêre landbouprodukte onderneem, soos botter en kaasfabrieke, graanmeulens en die verwerkers van vleis. Aangesien die Oranjerivierontwikkelingsprojek nie die landboustruktuur van die gebied noemenswaardig beïnvloed nie, behoort dit ook geen uitbreiding in die bestaande industrieë te veroorsaak nie. Tot 'n mate sal die nywerheidspotensiaal van die hoofstreek deur die projek verbeter word, deur die voorsiening van water aan dorpe in die gebied en ontspanningsfasiliteite by die nabygeleë damme.

Tersiêre produksietakke: Met die uitsondering van Bloemfontein, is die tersiêre produksietakke in die Oostelike Streek hoofsaaklik ingerig om diens aan die landbou te lewer. Afgesien van water en hidro-elektriese kragvoorsiening aan dorpe in die gebied, wil dit uit die bespreking in deel DRIE voorkom asof die Oranjerivierontwikkelingsprojek geen regstreekse invloed op die tersiêre dienste in die hoofstreek sal uitoefen nie.

3. Die Sentrale Streek

Die Sentrale Streek omvat die gebied waarin die ver-
naamste konstruksiewerke van die Oranjerivierontwikkelings-
projek aangebou sal word. Dit strek vanaf Steynsburg in

die/.....

die suide tot Barkley-Wes in die noorde. In hierdie studie is dit in 5 substreke verdeel, naamlik die Linkeren die Regteroewer-Hendrik Verwoerdgebied, die Linkeren die Regteroewer-Vanderkloofgebied en die Kaap-Rietriviergebied. Topografies bestaan die Sentrale Streek hoofsaaklik uit die fisiografiese indeling wat bekend staan as die Hoëveld (Formasie Karoo), asook uit die Middelveld van Suid-Kaapland in die ooste. Die klimaat in die gebied staan in die suide bekend as die Suidelike Steppe klimaat en in die noorde as die Noordelike Steppe klimaat.

(a) Bevolking en ekonomiese struktuur

Bevolking: Die Sentrale Streek het 'n totale bevolking van sowat 293,600 persone in 1960 gehad, wat bestaan het uit 65,000 blankes, 158,500 Bantoes en 13,400 Kleurlinge en Asiate. Die gebied is relatief dun bevolk, want alleen 10 persone per vierkante myl word aangetref, vergeleke met 34 persone per vierkante myl in Suid-Afrika as 'n geheel. Die grootste gedeelte van die bevolking is in die Kaap-Rietriviergebied saamgetrek, en meer in besonder in Kimberley.¹⁵⁾ Daarbenewens is ongeveer 60 persent van die bevolking in stedelike gebiede woonagtig. Die bevolking het van 1946 tot 1960 teen 'n gemiddelde jaarlikse groeikoers van 2.1 persent aangewas, wat laer was as die ooreenstemmende toename in die bevolking van die Republiek wat 2.9 persent beloop het; en dit verteenwoordig ook die laagste bevolkingsaanwas in die Oranjeriviergebied.

Bruto geografiese produk: Die Sentrale Streek se bruto geografiese produk het in 1961/62 ongeveer R97.9 miljoen beloop, wat sowat 2 persent van die bruto binnelandse produk/.....

15) Vgl. tabel 1 en 2.1.

produk in Suid-Afrika uitgemaak het.¹⁶⁾ Alhoewel die ekonomiese aktiwiteite meer eweredig versprei is in die hoofstreek as in die voorafgaande streke, maak die bruto geografiese produk van die Kaap-Rietriviergebied ongeveer 65 persent van die totaal in die Sentrale Streek uit. In die Sentrale Streek neem landbou ook 'n leidende rol in die ekonomiese ontwikkeling in, terwyl diamantproduksie veral van belang is in die Kaap-Rietrivier en Regteroeewer-Vanderkloofgebied. In laasgenoemde substreek het die persentasie-aandeel van mynbou tot die bruto geografiese produk egter van 25.6 persent in 1954/55 tot 17.6 persent in 1961/62 gedaal. In ooreenstemming met die algemene neiging in die volkshuishouding het die relatiewe bydrae van landbou in die Sentrale Streek ook afgeneem.¹⁷⁾

Die private sektor se aandeel van die bruto geografiese produk van die Sentrale Streek het sowat 70 persent in 1961/62 beloop, vergeleke met 75 persent vir die land as 'n geheel. Daarteenoor was die persentasie-aandeel van arbeidsvergoeding weer laer as die van Suid-Afrika, naamlik 47 persent in vergelyking met 60 persent. Die blankes se bydrae tot die bruto geografiese produk van die hoofstreek was 79.8 persent in 1961/62, teenoor die 13.3 persent van die Bantoes en die 6.9 persent van die Kleurlinge en Asië.

Die Sentrale Streek se bruto geografiese produk het teen 'n gemiddelde jaarlikse groeikoers van 4.0 persent van 1954/55 tot 1961/62 toegeneem, wat goed vergelyk met die ooreenstemmende toename van 4.1 persent vir die Oranjeriviergebied as 'n geheel. Die gemiddelde groeikoers van die substreke in die hoofstreek oor die betrokke tydperk/.....

16) Vgl. tabel 4.

17) Vgl. tabelle 19.1 en 19.2

tydperk was egter betreklik laag, met die uitsondering van die Kaap-Rietriviergebied waar dit omtrent 5.4 persent beloop het. In die Linkeroewer-Hendrik Verwoerdgebied was dit egter aan die anderkant selfs so laag as 0.9 persent.

Die bruto geografiese produk per capita van die Sentrale Streek was R323 in 1961/62, terwyl dit in die Oranjeriviergebied R340 per persoon beloop het. In die geval van die Kleurlinge en Asiate in die hoofstreek, was die per capita produk aansienlik laer as dié van die Oranjeriviergebied, naamlik R92 teenoor R122 respektiewelik in 1961/62. Die per capita produk van die ander volksgroepe vergelyk egter goed met dié van die streek as n geheel. As die bruto geografiese produk per capita van die substreke in aanmerking geneem word, is dit alleen die Kaap-Rietriviergebied met R455 per persoon in 1961/62, wat gunstig met die Oranjeriviergebied vergelyk, terwyl dit in die ander substreke aansienlik laer is.¹⁸⁾

Persoonlike inkome:

Die persoonlike inkome van die Sentrale Streek het van R55.9 miljoen in 1954/55 tot R71.6 miljoen in 1961/62 gestyg, wat gelykstaande is aan n gemiddelde jaarlikse groeikoers van 3.6 persent. Daarteenoor het die bevolking teen n gemiddelde jaarlikse groeikoers van 2.3 persent aangewas. As in ag geneem word dat die verbruikersprysindeks met n gemiddelde jaarlikse persentasie van 2.0 persent in die Republiek gestyg het, is dit duidelik dat die algemene ekonomiese welsyn van die inwoners van die streek nie weselik verander het nie.

Bruto/.....

18) Vgl. tabel 30.

Bruto kapitaalvorming: Die bruto kapitaalvorming van die Sentrale Streek het met geringe skommelings van R17.6 miljoen in 1954/55 tot ongeveer R19.6 miljoen in 1957/58 toegeneem, waarna dit betreklik konstant gebly het. Geografies gesien was die Kaap-Rietriviergebied verantwoordelik vir sowat die helfte van die kapitaalvorming in hierdie streek.¹⁹⁾ Uit die samestelling van die bruto kapitaalvorming in die Sentrale Streek blyk dit dat die persentasie-aandeel van landbou tot die totaal, van 35.7 persent in 1954/55 tot 20.7 persent in 1961/62 afgeneem het. Die relatiewe daling in die kapitaalvorming van die produksietak het in al die substreke van die hoofstreek voorgekom. Benewens landbou was die kapitaalvorming in vervoer, opberging en kommunikasie en algemene regeringsdienste ook relatief belangrik.²⁰⁾

Ongeveer 66.3 persent van die bruto kapitaalvorming in die Sentrale Streek het in 1954/55 uit die aktiwiteite van private ondernemings ontstaan, wat na 45.6 persent in 1961/62 afgeneem het. Ooreenstemmende dalings het ook in al die substreke voorgekom.²¹⁾ In teenstelling hiermee het die bydrae van owerheidsondernemings en openbare korporasies van 21.9 persent in 1954/55 tot 34.6 persent in 1961/62 gestyg, terwyl openbare owerhede se bydrae van 11.8 persent tot 19.8 persent oor dieselfde periode toegeneem het.

Die bruto kapitaalvorming van die Sentrale Streek het oor die periode 1954/55 tot 1961/62 met 'n gemiddelde jaarlikse groeikoers van 1.0 persent toegeneem. Met die uitsondering van die Kaap-Rietriviergebied en die

Regteroeuer-Hendrik
Verwoerdgebied/.....

19) Vgl. tabelle 13 en 34.

20) Vgl. tabelle 35.1 en 35.2.

21) Vgl. tabelle 36.1 en 36.2

Regteroewer-Hendrik Verwoerdgebied het die kapitaalvorming in al die ander substreke van hierdie hoofstreek, egter gedaal.²²⁾ Ondanks die algemene daling in die bruto kapitaalvorming was die verhouding daarvan tot die bruto geografiese produk in die Sentrale Streek nog 19.3 persent in 1961/62, vergeleke met 16.4 persent vir die Oranje-riviergebied as 'n geheel en 20.4 persent vir die land as 'n geheel.

(b) Moontlike invloed van die projek

Landbou: In die Sentrale Streek is landbou verreweg die belangrikste produksietak en veral wol, vleis en suiwelprodukte word in groot hoeveelhede geproduseer. Na voltooiing van die eerste konstruksiefase van die Oranje-rivierontwikkelingsprojek sal sowat 29,000 morg in die gebied besproei kan word, wat uitgebrei kan word tot 117,500 morg na voltooiing van die projek in sy geheel. Op die voorgestelde besproeiingsgrond sal teen heersende pryse ongeveer R10.2 miljoen se landbouprodukte na die eerste fase en R37.4 miljoen op die totale 117,500 morg besproeiingsgrond, geproduseer kan word. In die vroeë stadium van ontwikkeling word verwag dat gewasse soos lusern, koring, katoen, grondbone, mielies en aartappels, die grootste moontlikhede vir sukses bied. Alhoewel daar ook 'n potensiaal vir vrugte bestaan, sal die vrugteboerdery in 'n groot mate saamhang met die moontlikhede om rypskade doeltreffend te bekamp. Benewens rypskade is brakprobleme, dreineringsprobleme, vrugbaarheid van die grond, plantsiektes en insekplae, die vernaamste moeilikhede wat die besproeiingsboere sal ondervind.

Vanuit/.....

22) Vgl. tabel 37.

Vanuit 'n ekonomiese oogpunt gesien is die gebied gunstig geleë omdat dit ongeveer halfpad tussen die Rand en Wes-Kaapland is. Ongelukkig besit dit egter 'n beperkte plaaslike mark as gevolg van 'n relatiewe klein bevolking. Aangesien akkerbouproduksie maar verantwoordelik was vir gemiddeld 14.3 persent van die gebied se totale waarde van landbouproduksie oor die periode 1959/60 tot 1961/62, mag die projek ook 'n geleidelike verandering in die landboustruktuur van die gebied tot gevolg hê. Die akkerbouprodukte wat op die besproeiingsgrond geproduseer sal word, sal uit groot hoeveelhede voergewasse bestaan wat die veeteeltproduksie weer op 'n meer stabiele grondslag mag plaas.

Mynbou: Die vernaamste delfstowwe wat in die gebied aangevond word, is diamante, kalkklip, sout en gips. Veral die gipsafsettings wat by Kimberley voorkom, is van groot belang, aangesien dit etlike miljoene ton beloop en bowendien maklik ontginbaar is. Die vernaamste stremmende faktore op die ontwikkeling van die produkte, bestaan uit 'n gebrek aan voldoende water, vervoerfasiliteite en 'n beperkte plaaslike mark in die geval van kalkklip en gips. In die beplanning van die Oranjerivierontwikkelingsprojek word voorsien dat water aan dorpe in die Sentrale Streek verskaf sal word, terwyl die paaie in die omgewing van die damme aansienlik verbeter sal word. Dit mag dus 'n uitbreiding in die mynbou van die gebied tot gevolg hê, mits die probleem van die beperkte plaaslike vraag oorkom kan word. Kalksteen, wat in die vervaardiging van sement gebruik word, sal vermoedelik ook tot 'n groter mate tydens die konstruksiefases van die projek ontgin word.

Fabriekswese en konstruksie: Die Sentrale Streek besit hoofsaaklik beskutte nywerhede wat die primêre produkte wat in die gebied geproduseer word, verder verwerk. Die

nywerheidsinrigtings/.....

nywerheidsinrigtings is in die hoofstreek meer egalig versprei as in die ander hoofstreke, maar toon ook n mate van sametrekking in Kimberley. Stremmende faktore op die nywerheidsontwikkeling in die gebied bestaan hoofsaaklik uit n beperkte wateraanbod, gebrek aan voldoende elektriese krag, swak vervoerfasiliteite en n beperkte plaaslike vraag. Die infra-struktuur van die gebied sal tot n groot mate deur die Oranjerivierontwikkelingsprojek verbeter word. Weens die relatiewe nadele wat die streek ten opsigte van bestaande nywerheidsgebiede besit, sal die uitskakeling van sekere stremmende faktore nie noodwendig n gedentraliseerde nywerheidsgroeipunt tot gevolg hê nie. Na verwagting behoort die projek egter plekgebonde nywerhede, wat gebaseer is op die primêre produksie van die besproeiingsgrond soos katoenpluiserye en gebalanseerde veevoerondernemings, na die gebied te trek. Gesien in die lig van die moontlike tekort aan water in die Vaalrivieropvanggebied, mag die projek ook tot die vestiging van groot nywerheidswaterverbruikers, soos vervaardigers van staal en chemikalieë, aanleiding gee.

Tersiêre produksietakke: Die tertiêre produksietakke in die Sentrale Streek is hoofsaaklik ingerig om diens aan die landbou te lewer. Die Oranjerivierontwikkelingsprojek behoort die tertiêre produksietakke van die streek op verskeie wyses te beïnvloed. Die vervoernetwerk, water- en kragvoorsiening van die streek, is van die vernaamste tertiêre dienste wat direk as gevolg van die projek verbeter sal word. Daarbenewens hou die projek ook groot ontspanningsmoontlikhede vir die besondere gebied in, veral as die toenemende gewildheid van binne-landse opelug-ontspanningsterreine in ag geneem word. Die ontspanningsfasiliteite wat by die twee hoofopgaardamme beoog word, behoort dan ook as stimulus vir die

verdere ekonomiese uitbreiding van die gebied te dien. Deur die verhoogde werkgeleentheid wat as gevolg van die projek in die gebied sal ontstaan, behoort die projek ook die handel, finansiële instellings en ander diensondernemings te bevoordeel.

4. Die Westelike Streek

Die Westelike Streek strek van die grens van die Sentrale Streek in die ooste tot die Atlantiese oseaan in die weste, en van die landdrostdistriksgrens van Calvinia in die suide tot die Betsjoeanalandgrens in die noorde. Dit beslaan 'n oppervlakte van 118,835 vierkante myl of 25.2 persent van die land se totale oppervlakte. In hierdie studie is dit verdeel in vier substreke, naamlik die Suid-Kalahari-, Boesmanland-, Sakrivier- en Namakwalandgebied. Weens die groot oppervlakte waaruit dit bestaan, is daar groot topografiese verskille in die gebied. Dit bestaan egter hoofsaaklik uit die fisiografiese indeling wat bekend staan as die periferie van die plato, terwyl die Suid-Kalaharikom in die noorde en die Westelike plathelling op die Namakwalandse kusstreek voorkom. Die Westelike Streek word grotendeels gekenmerk deur 'n woestynklimaat en die gemiddelde jaarlikse reënval varieer dan ook vanaf 1 duim langs die weskus tot omtrent 10 duim in die binneland.

(a) Bevolking en ekonomiese struktuur

Bevolking: Die Westelike Streek het 'n totale bevolking van ongeveer 361,600 persone in 1960 gehad, wat uit 71,200 blankes, 157,000 Bantoes en 133,400 Kleurlinge en Asiërs bestaan het.²³⁾ Die bevolkingsdigtheid van die hoofstreek was egter maar 3 persone per vierkante myl, in vergelyking met 34 persone per vierkante myl vir die Republiek. Geografies was die grootste gedeelte van

die/.....

23) Vgl. tabel 1.

die bevolking in die Suid-Kalaharigebied saamgetrek, naamlik omtrent twee-derdes van die totale bevolking in die hoofstreek. Alleen 31.3 persent van die bevolking van die Sentrale Streek was in stede endorpe woonagtig, vergeleke met 57.0 persent vir die Oranjeriviergebied as 'n geheel.²⁴⁾ Die bevolking het in die na-oorlogse tydperk teen 'n gemiddelde jaarlikse groeikoers van 3.2 persent aangewas, wat gunstig vergelyk met die ooreenstemmende toename in die bevolking van die Republiek wat 2.9 persent beloop het. Daarbenewens was die gemiddelde bevolkingsgroei in stedelike gebiede twee keer so groot as in plattelandse gebiede.²⁵⁾

Bruto geografiese produk: Die bruto geografiese produk van die Westelike Streek het in 1961/62 ongeveer R114.2 miljoen beloop, wat meer as 2 persent van die bruto binnelandse produk in Suid-Afrika uitgemaak het.²⁶⁾ Met inagneming van die grootte van die hoofstreek is die omvang van die ekonomiese bedryfshede daarin, besonder klein. Die posisie vertoon nog slegter vir die sub-streke, met die uitsondering van die Suid-Kalaharigebied wat vir sowat 50 persent van die bruto geografiese produk in die Westelike Streek verantwoordelik was.

Uit die samestelling van die bruto geografiese produk volgens produksietak, blyk dit dat landbou en mynbou die belangrikste plek in die ekonomiese ontwikkeling van die Westelike Streek inneem. In 1961/62 was die twee produksietakke dan ook gesamentlik vir 63.0 persent van die bruto geografiese produk verantwoordelik. Mynbou was veral in die Namakwalandgebied van belang, waar dit 63.6 persent van die bruto geografiese produk in 1961/62 uitgemaak het. Die tersiêre produksietakke vervul 'n relatiewe onbelangrike rol in die ekonomiese vooruitgang van die Westelike Streek. In 1961/62 was die

persentasie-aandeel/.....

24) Vgl. tabelle 2.1 en 2.2

25) Vgl. tabel 3.

26) Vgl. tabel 10.

persentasie-aandeel van tersiêre dienste tot die bruto geografiese produk dan ook maar 33.2 persent, in vergelyking met 55 persent vir die Oranjeriviergebied as 'n geheel. Die tendens kom in al die substreke in 'n mindere of meerdere mate voor.²⁷⁾ Vir langtermyn ekonomiese vooruitgang in die Westelike Streek sal die tersiêre dienste onder andere verbeter moet word.

Die private sektor se aandeel van die bruto geografiese produk van die Sentrale Streek het ongeveer 83.2 persent in 1961/62 beloop, vergeleke met 75 persent vir die land as 'n geheel. Daarteenoor was die persentasie-aandeel van arbeidsvergoeding weer laer as die van Suid-Afrika in 1961/62, naamlik 36.4 persent teenoor 60 persent respektiewelik. Die blankes se bydrae tot die bruto geografiese produk van die hoofstreek was 77.8 persent in 1961/62, in vergelyking met die 11.0 persent van die Bantoes en die 11.2 persent van die Kleurlinge en Asië.

Die Westelike Streek se bruto geografiese produk het teen 'n gemiddelde jaarlikse groeikoers van 5.2 persent gestyg, wat die hoogste groeikoers van al die hoofstreke in die Oranjeriviergebied oor die periode was. Die hoë groeikoers kan hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n aansienlike toename in die bruto geografiese produk van die Suid-Kalaharigebied, wat teen 'n gemiddelde jaarlikse groeikoers van 8.8 persent oor dieselfde periode toegeneem het. Dit is weer deur uitbreidings in die mynbou en daarmee gepaardgaande stygings in die bydrae van die tersiêre dienste in die substreek veroorsaak.²⁸⁾ In ooreenstemming met die algemene tendens was die gemiddelde jaarlikse groeikoers in die bydrae van die blankes en Bantoes tot die bruto geografiese produk ook oor die

5 persent/.....

27) Vgl. tabel 19.1 en 19.2

28) Vgl. tabel 28.

5 persent in die hoofstreek, terwyl die Kleurlinge en Asiate se bydrae egter maar teen 'n gemiddelde van 3.2 persent toegeneem het.²⁹⁾

Die bruto geografiese produk per capita van die Westelike Streek was R308 in 1961/62, terwyl dit in die Oranjeriviergebied R340 per persoon beloop het. Die per capita produk van die substreke het in 1961/62 daarenteen gewissel vanaf R240 in die Suid-Kalaharigebied tot R615 in die Namakwalandgebied.³⁰⁾ Die bruto geografiese produk van die onderskeie volksgroepe vergelyk egter goed met dié van die Oranjeriviergebied as 'n geheel, met die uitsondering van die Kleurlinge en Asiate.

Persoonlike inkome: Die persoonlike inkome van die Westelike Streek het van R65.8 miljoen in 1954/55 tot R93.7 miljoen in 1961/62 toegeneem, wat gelykstaande is aan 'n gemiddelde jaarlikse groeikoers van 5.2 persent. Daarteenoor het die bevolking teen 'n gemiddelde jaarlikse groeikoers van 3.9 persent aangewas. As in ag geneem word dat die verbruikersprysindeks met 'n gemiddelde jaarlikse koers van 2 persent in die Republiek gestyg het, is dit duidelik dat die algemene ekonomiese welsyn van die inwoners van die streek geleidelik oor die betrokke periode verbeter het.³¹⁾

Bruto kapitaalvorming: Die bruto kapitaalvorming het in die Westelike Streek met geringe skommelings van R20.0 miljoen in 1954/55 tot R23.4 miljoen in 1961/62 toegeneem. Die Suid-Kalaharigebied was vir ongeveer die helfte van die kapitaalvorming in die hoofstreek oor die besondere tydsperiode/.....

29) Vgl. tabel 29.

30) Vgl. tabel 30.

31) Vgl. tabel 33.

tydsperiode verantwoordelik, terwyl die Boesmanlandgebied se bydrae oor die algemeen die laagste was. Uit die samestelling van die bruto kapitaalvorming in die Westelike Streek blyk dit dat landbou en mynbou vir 62.5 persent van die bruto kapitaalvorming in 1961/62 verantwoordelik was.³²⁾ Die persentasie-aandeel van die tersiëre produksietakke in die kapitaalvorming van die hoofstreek was laag, in vergelyking met die ander hoofstreke. Veral in die geval van vervoer, opberging en kommunikasie was dit maar 6.5 persent, vergeleke met die produksietak se aandeel van 21.9 persent vir die Oranjeriviergebied as 'n geheel.

Sowat 75.6 persent van die bruto kapitaalvorming in die Westelike Streek het in 1961/62 uit die aktiwiteite van private ondernemings ontstaan, terwyl 10.4 persent deur owerheidsondernemings en openbare korporasies en 14.0 persent deur openbare owerhede aangegaan is.³³⁾ Die bydrae van die private sektor tot die bruto kapitaalvorming in die hoofstreek is dus besonder hoog vergelooke met die landstotaal, waar dit ongeveer 60 persent in 1961/62 beloop het. Die verhouding van die bruto kapitaalvorming tot die bruto geografiese produk in die Westelike Streek, vergelyk goed met dié van die land as 'n geheel. Dit was naamlik 20.6 persent in 1961/62, vergeleke met 20.4 persent vir die Republiek.

(b) Moontlike invloed van die projek

Landbou: In die Westelike Streek is landbou en mynbou die belangrikste produksietakke in die ekonomiese ontwikkeling van die gebied. Die vernaamste landbouprodukte wat geproduseer word, bestaan uit wol, vleis, suiwelprodukte, karakoelpelse/.....

32) Vgl. tabelle 35.1 en 35.2

33) Vgl. tabel 37.1

karakoelpelse, mielies en katoen. Ongeveer 128,500 morg sal as gevolg van die Oranjerivierontwikkelingsprojek in die hoofstreek onder besproeiing geplaas word, waarvan 37,000 morg na voltooiing van die eerste konstruksiefase beskikbaar sal kom. Die 37,000 morg wat in die streek water van die projek sal ontvang, sluit egter 28,000 morg bestaande besproeiingsgrond in.

Die verwagte totale waarde van landbouproduksie op die besproeiingsgrond, uitgedruk teen heersende pryse, sal sowat R3.0 miljoen na die eerste konstruksiefase en R30.5 miljoen na die projek voltooi is, in die Westelike Streek beloop. Na verwagting sal die landbouproduksie hoofsaaklik uit die opbrengs van katoen, aartappels, lusern, grondbone, koring, sultanas, ortjies, lensies en sagtevrugte bestaan. Akkerbouprodukte, wat maar 25.5 persent van die jaarlikse gemiddelde produksie in die afgelope aantal jare uitgemaak het, se relatiewe belangrikheid mag dus in die gebied toeneem. Deur die toenemende produksie van voergewasse sal die veeteeltproduksie daarbenewens op 'n meer stabiele grondslag geplaas word.

In die westelike gedeeltes van die hoofstreek sal brakgrond waarskynlik die vernaamste enkele beperkende faktor vir gewasverbouing in die toekoms wees. Ander tegniese probleme wat ondervind mag word is dreinerings-, verdigtings- en bemestingprobleme, terwyl insekplae en siektes van sultanas en katoen ook 'n groot bedreiging in die gebied uitmaak. Vervoer- en bemarkingsprobleme neem ook groot afmetings in die Westelike Streek aan, as gevolg van die lang afstande van lonende markte en die beperkte vervoerfasiliteite.

Mynbou: Die Westelike Streek is besonder ryk aan delfstowwe. Ystererts, mangaan, asbes, kalkklip, koper, diamante, sout, wolframerts, andalusiet en sillimaniet,

is van die vernaamste mynbouprodukte wat reeds met sukses in die gebied ontgin word. 'n Gebrek aan voldoende water en elektrisiteit, 'n geskikte hawe aan die weskus en veral dke swak vervoerfasiliteite wat in die gebied aangetref word, veroorsaak die belangrikste stremmende faktore op die verdere mynbou-ontwikkeling van die hoofstreek. As gevolg van die Oranjerivierontwikkelingsprojek sal water en elektrisiteit vermoedelik in voldoende hoeveelhede in die gebied beskikbaar kom. Vervoerfasiliteite en ander tersiêre dienste sal egter as stremmende faktore op die verdere ontwikkeling van die gebied, bly voortbestaan.

Fabriekswese en konstruksie: Alleen 197 nywerheidsinrigtings het in 1959/60 in die Westelike Streek voorgekom.

As in aanmerking geneem word dat die streek sowat een-kwart van die totale oppervlakte van die Republiek uitmaak, dan kom die onreëlmatige verspreiding van sekondêre nywerhede in die hoofstreek duidelik na vore. Die nywerheidsinrigtings wat aangetref word bestaan hoofsaaklik uit klein beskutte nywerhede wat die primêre produkte van die landbou verder verwerk. Alhoewel die Oranjerivierontwikkelingsprojek die water- en elektrisiteitsvoorsiening van die gebied sal verbeter, sal dit nie sonder meer tot nywerheidsvestiging in die hoofstreek aanleiding gee nie, met die moontlike uitsondering van klein inrigtings wat die primêre produksie van die gebied verder verwerk.

Swak vervoerfasiliteite, 'n beperkte plaaslike mark en 'n gebrek aan steenkoolneerslae, is van die belangrikste stremmende faktore op nywerheidsontwikkeling, wat ondanks die projek sal bly voortbestaan. As die delfstofpotensiaal van die Westelike Streek ogter in aanmerking geneem word, wil dit voorkom asof die gebied groot moontlikhede vir die vestiging van 'n sementfabriek met ru-soda as neweproduk, 'n berilium-koperinstallasie, wolwassery,

leerlooierij, /.....

leerlooierij, die vervaardiging van bytsoda, glas en ferro-allooie, onder andere inhou. Positiewe regeringsaanmoediging sal egter n voorvereiste vir enige mate van nywerheidskonsentrasie in die gebied wees.

Tersiêre produksietakke: Soos reeds hierbo aangetoon is, is die tersiêre produksietakke in die gebied nog besonder swak ontwikkel. Vir die verdere ekonomiese ontwikkeling van die gebied is dit dan ook noodsaaklik dat die tersiêre dienste verbeter sal moet word, veral ten opsigte van voer. Die Oranjerivierontwikkelingsprojek sal tot n mate bydra tot die verbetering, deur die verskaffing van water en elektrisiteit wat tot dusver onder die vernaamste beperkende faktore gereken word.

5. Die Oranjeriviergebied as n geheel

Die Oranjeriviergebied is in hierdie studie afgebaken om die gebied wat deur die Oranjerivierontwikkelingsprojek beïnvloed sal word, in te sluit. Dit beslaan n oppervlakte van 175,867 vierkante myl, wat ongeveer 37.3 persent van die totale oppervlakte van die Republiek van Suid-Afrika uitmaak. Weens die uitgestrektheid van die gebied, kom daar groot verskille in die fisiese kenmerke voor. Fisio-grafies bestaan dit egter hoofsaaklik uit die hoofindeling wat bekend staan as die periferie van die plato. Die klimaat in die Oranjeriviergebied wissel van n woestynklimaatstreek in die weste, tot n steppe klimaatstreek in die opste.

(a) Bevolking en ekonomiese struktuur

Bevolking: In 1960 het die Oranjeriviergebied n totale bevolking van sowat 1,576,200 persone gehad - of eenagste van die Republiek se totale bevolking - wat uit 376,700 blankes, 839,100 Bantoes en 360,400 Kleurlinge en Asiats, bestaan het. Die bevolkingsdigtheid was 9 persone per vierkante myl, vergelyk met 34 persone per vierkante

myl/.....

myl vir die land as n geheel. Relatief tot die res van die land, is die Oranjeriviergebied dus betreklik dun bevolk. Sowat drie-vyftes van die totale bevolking was in stede woonagtig en van die onderskeie volksgroepe het die blankes die grootste samctrekking in die stede getoon. Die nie-blanke volksgroepe is ongeveer gelykmatig tussen die stedelike en plattelandse gebiede versprei. Sedert die Tweede Wêreldoorlog het die bevolking in die Oranjeriviergebied teen n gemiddelde jaarlikse groeikoers van 3.2 persent aangewas, in vergelyking met 2.9 persent vir die land as n geheel.³⁴⁾

Bruto geografiese produk: Die Oranjeriviergebied se bruto geografiese produk het in 1961/62 ongeveer R560.8 miljoen beloop, wat sowat 12 persent van die bruto binnelandse produk in Suid-Afrika uitgemaak het.³⁵⁾ Uit die samestelling van die bruto geografiese produk blyk dit dat fabriekswese en konstruksie vir 20.2 persent van die totaal in 1961/62 verantwoordelik was. Die sekondêre nywerhede is egter hoofsaaklik in die Benede-Sondagsriviergebied saamgetrek, en meer in besonder in die Port Elizabeth-Uitenhage nywerheidskompleks. In die oorblywende gedeelte van die Oranjeriviergebied is landbou verreweg die belangrikste produksietak, alhoewel mynbou ook van groot belang is in die westelike gedeelte van die gebied. Die primêre produksietakke in die Oranjeriviergebied het dan ook n persentasie-aandeel van ongeveer 24.8 persent van die bruto geografiese produk in 1961/62 uitgemaak. Daarteenoor was die bydrae van die tersiêre produksietakke ongeveer 55 persent gewees.³⁶⁾

Dio/.....

34) Vgl. tabelle 1 tot 3.

35) Vgl. tabel 4.

36) Vgl. tabel 19.1

Die private sektor se aandeel in die bruto geografiese produk van die Oranjeriviergebied het ongeveer 74 persent in 1961/62 beloop, vergeleke met 75 persent vir die land as n geheel. Daarteenoor was die persentasie-aandeel van arbeidsvergoeding laer as die van Suid-Afrika in 1961/62, naamlik 50.5 persent teenoor 60.0 persent onderskeidelik. Die blankes se bydrae tot die bruto geografiese produk van die gebied was 78.4 persent in 1961/62, in vergelyking met die 13.3 persent van die Bantoes en die 8.3 persent van die Kleurlinge en Asiate.

Die bruto geografiese produk teen heersende pryse, het teen n gemiddelde jaarlikse koers van 4.1 persent in die Oranjeriviergebied oor die periode 1954/55 tot 1961/62 toegeneem, vergeleke met n ooreenstemmende toename van sowat 5 persent in die bruto binnelandse produk teen heersende pryse.³⁷⁾ In teenstelling met die laer groeikoers in die bruto geografiese produk van die Oranjeriviergebied, was die bruto geografiese produk per capita R322 in 1959/60, vergelcke met R297 vir die land as n geheel. Van die hoofstreke is dit egter slegs die Suidlike en Sentrale Streek wat n hoër per capita produk as die Republiek in 1959/60 gehad het; die Oostelike Streek se bruto geografiese produk per capita was in hierdie jaar selfs met R42 per persoon kleiner as dié van die land as n geheel.³⁸⁾

Persoonlike inkome: Die persoonlike inkome van die Oranjeriviergebied het van R358.1 miljoen in 1954/55 tot R463.5 miljoen in 1961/62 toegeneem, wat gelykstaande is aan n gemiddelde jaarlikse groeikoers van 3.8 persent.

Daarteenoor/.....

37) Vgl. tabel 27.

38) Vgl. tabel 30.

Daarteenoor het die bevolking oor dieselfde periode teen 3.5 persent jaarliks aangewas, terwyl die verbruikersprysindeks met 2.0 persent jaarliks gestyg het. Hieruit is dit duidelik dat die algemene ekonomiese welsyn van die inwoners in hierdie gebied oor die besondere periode afge-
neem het.³⁹⁾

Uit die geografiese verspreiding van die persoonlike inkome in die Oranjeriviergebied het dit geblyk dat die lewenspeil van die inwoners in streke wat groot stedelike sentrums insluit en die streke waarin mynbou relatief van belang is, hoër is as die streke wat hoofsaaklik van landbou vir ekonomiese vooruitgang afhanklik is.⁴⁰⁾ Die oorwegend landboustreke se ekonomiese welsyn is waarskynlik laer as dié van die ander gebiede, omdat die nie-blanke volksgroepe se inkome in eersgenoemde gebiede gewoonlik nie besonder hoog is nie.

Bruto kapitaalvorming: Die bruto kapitaalvorming in die Oranjeriviergebied het met geringe skommeling van R86.4 miljoen in 1954/55 tot R102.6 miljoen in 1959/60 gestyg, waarna dit tot R92.0 miljoen in 1961/62 gedaal het.⁴¹⁾

In 1954/55 het die bruto kapitaalvorming sowat 8.8. persent van die totale bruto kapitaalvorming in Suid-Afrika uitmaak, teenoor 8.1 persent in 1961/62. Uit die samestelling van die bruto kapitaalvorming in die Oranjeriviergebied blyk dit dat landbou, bosbou en visserye vir 29.5 persent van die totaal in 1954/55 verantwoordelik was, teenoor 20.7 persent in 1961/62. Daarteenoor het die persentasie-aandeel van vervoer, opberging en

kommunikasie/.....

39) Vgl. tabel 33.

40) Vgl. tabel 32.

41) Vgl. tabel 13.

kommunikasie van 17.8 tot 21.9 persent en die persentasie-aandeel van algemene rogeringsdienste van 12.4 tot 16.4 persent, oor dieselfde periode gestyg.⁴²⁾

Ongeveer 54.7 persent van die bruto kapitaalvorming in die Oranjeriviergebied het uit die akteiwiteite van die private sektor in 1961/62 ontstaan, terwyl 28.9 persent deur owerheidsondernemings en openbare korporasies en 16.4 persent deur openbare owerhede aangegaan is.⁴³⁾ In vergelyking hiermee was die private sektor se bydrae ongeveer 60 persent vir die land as 'n geheel in 1961/62, dié van owerheidsondernemings en openbare korporasies 19 persent en openbare owerhede 22 persent. Daarbenewens is die verhouding van die bruto kapitaalvorming tot die bruto geografiese produk in die Oranjeriviergebied 16.4 persent in 1961/62 gewees, vergeleke met 20.4 persent vir die land as 'n geheel.⁴³⁾

(b) Moontlike invloed van die projek

Landbou: Landbou is verreweg die belangrikste produksietak in die grootste gedeelte van die Oranjeriviergebied. Die vernaamste landbouprodukte wat in die gebied geproduseer word, bestaan uit wol, vleis, suiwelprodukte, bokhaar, karakoelpelse, hooi, katoen, sitrusvrugte, mielies en koring. Na verwagting sal omtrent 360,000 morg in die Oranjeriviergebied onder besproeiing kom na voltooiing van die Oranjerivierontwikkelingsprojek, waarvan 83,000 morg na voltooiing van die eerste konstruksiefasie reeds besproeibaar sal wees. In die 83,000 morg is egter 28,000 morg bestaande besproeiingsgrond ingesluit, wat deur die Oranjerivierontwikkelingsprojek oorgeneem word.

Na/.....

42) Vgl. tabel 35.1

43) Vgl. tabel 38.

Na voltooiing van die eerste konstruksiefase sal die verwagte waarde van landbouprodukte wat op die besproeiingsgrond geproduseer sal word, sowat R18.9 miljoen teen heersende pryse beloop, wat 22 persent van die jaarlikse gemiddelde waarde van produksie van R86.5 miljoen in die Oranjeriviergebied oor die tydperk 1959/60 tot 1961/62 uitmaak. Na voltooiing van die projek in sy geheel behoort die besproeiingsgrond sowat R93.4 miljoen se landbouprodukte teen heersende pryse, te lower. Ongeveer eenderde van die totale besproeiingsgrond sal onder die verbouing van lusern geplaas word. Daarbenewens sal katoen, sagtevrugte, sitrusvrugte, aartappels, koring en mielies, ook in groot hoeveelhede geproduseer word. Aangesien akkerbouproduksie maar verantwoordelik was vir ongeveer een-vyfde van die gebied se totale waarde van landbouproduksie oor die periode 1959/60 tot 1961/62, mag die projek 'n geleidelike verandering in die landboustruktuur van die gebied tot gevolg hê. Weens die groot hoeveelheid voer- gewasse wat op die besproeiingsgronde voortgebring sal word, behoort die veeteeltproduksie weer op 'n meer stabiele grondslag geplaas te word.

Mynbou: Soos reeds hierbo aangetoon is, is alleen die westelike gedeelte van die Oranjeriviergebied ryk aan delfstowwe. Die Oranjerivierontwikkelingsprojek behoort die mynbou alleen te beïnvloed deur die verskaffing van water en krag aan die gebied en die verbetering van vervoerfasiliteite in sekere areas. Alhoewel dit dus sekere stremende faktore mag uitskakel, word geen groot uitbreidings in die mynbou van die Oranjeriviergebied as gevolg van die projek verwag nie.

Fabriekswese en konstruksie: Die nywerheidsontwikkeling in die Oranjeriviergebied is nog betreklik beperk, met die uitsondering van die Port Elizabeth-Uitenhage nywerheidskompleks wat 'n gediversifiseerde nywerheidsstruktuur

besit. In die oorblywende gedeelte van die gebied kom hoofsaaklik beskutte nywerhede voor wat die verwerking van primêre landbouprodukte onderneem, soos bakkerie, botter en kaasfabrieke, graanmeulens en vleisinmaakfabrieke. Uit die bespreking in hoofstuk X wil dit voorkom asof die Oranjerivierontwikkelingsprojek nie sonder meer n groot invloed op nywerheidsvestiging in die gebied sal hê nie. Na verwagting behoort die projek egter plekgebonde nywerhede wat gebaseer is op die primêre produksie van die besproeiingsgrond, soos katoenpluiserye en gebalanseerde veevoerondernemings, na die gebied te trek. Gesien in die lig van die moontlike tekort aan water in Suid-Transvaal, mag die projek ook tot die vestiging van groot nywerheidswaterverbruikers, soos vervaardigers van staal en chemikalieë, aanleiding gee.

Tersiêre produksietakke: Tersiêre dienste is goed verteenwoordig in die Oranjeriviergebied, behalwe in die geval van die Westelike Streek waar dit nog in sekere areas swak ontwikkel is. Aangesien landbou oorwegend die belangrikste produksietak in n groot gedeelte van die Oranjeriviergebied is, is die tersiêre produksietakke hoofsaaklik ingerig om diens aan die landbou te lewer. Uit die aard van die Oranjerivierontwikkelingsprojek sal krag- en watervoorsiening, waarvoor daar in groot dele n besondere behoefte bestaan, grootliks uitgebrei word. In die Sentrale Streek sal die vervoergeriewe ook nog tot n groot mate deur die projek verbeter word, terwyl ontspanningsgeriewe by die vernaamste konstruksiewerke opgerig sal word, wat as stimulus vir verdere ekonomiese uitbreiding mag dien. Daarbenewens behoort die handel en ander diensondernemings te baat by die werkgelentheid wat op die projek sal ontstaan en die gevolglike verhoogde koopkrag in die gebiede.

6. Behoeftte aan verdere navorsing

In die bespreking met betrekking tot die moontlike ekonomiese invloed van die Oranjerivierontwikkelingsprojek, is deurgaans verwys na die tentatiewe en voorlopige vorm wat dit aangeneem het. Uitgebreide verdere navorsing is dus n voorvereiste vir die doeltreffende beplanning van die projek en om die optimum benutting daarvan te verkry. Besondere ekonomiese aspekte wat deeglikse navorsing nog regverdig, kan naamlik soos volg saamgevat word:

(1) Nadat die tenders met betrekking tot die konstruksiewerke van die projek afgehandel is, moet die moontlike invloed van die kapitaalbesteding aan die hand van ekonomiese modelle beoordeel word, gesien uit n nasionale sowel as regionale oogpunt.

(2) Weens die relatiewe belangrikheid van die besproeiing wat as gevolg van die projek in die vooruitsig gestel word, moet n breedvoerige studie van die aspck gemaak word. Die studie moet vanuit n mikro- sowel as makro-ekonomiese oogpunt benader word, ten einde teenstrydige belange van ondernemers en die algemene volksbelang uit te skakel; en moet veral betrekking hê op die besproeiingspraktyke in bestaande besproeiingskemas, die wenslikheid al dan nie van alternatiewe gewasse gebaseer op geprojekteerde maatstawwe, bepaling van die grootte van ekonomiese boerdery-eenhede vir die besproeiingsgronde en bemerkingsmoontlikhede.

(3) Die alternatiewe aanwendingsmoontlikhede van die water wat as gevolg van die projek beskikbaar kom, moet teen mekaar opgeweeg word om die doeltreffendste benutting te verkry.

(4) n Omvattende opname met betrekking tot bestaande ontspanningsfasiliteite, die vorms in ontspanning wat in populariteit/.....

populariteit toeneem en hoe die Oranjerivierontwikkelingsprojek hierby kan aanpas ten einde die grootste voordeel vir die betrokke gebied en die land as n geheel te verkry, behoort gemaak te word.

(5) Alhoewel hierdie studie van die standpunt af uitgaan dat die projek met al sy onderdele reeds ekonomies geregverdig is, behoort die ekonomiese regverdiging van sekere besproeiingsgronde wat in die vooruitsig gestel word, na voltooiing van die bodemopnames weer by herhaling bewys te word.

LYS VAN AANGEHAALDE WERKE

A. Amptelike en semi-amptelike verslae

1. Aartappelraad, Verslag vir die Boekjaar geëindig 30 September 1964, Pretoria, 1965.
2. Buro vir Statistiek, Verslae oor Landbou- en Veeteeltproduksie en Suikerrietplantasies, van 1954/55 tot 1961, Staatsdrukker, Pretoria.
3. Buro vir Statistiek, Finansiële Statistieke van Plaaslike Besture, 1957/58, 1958/59, 1960/61 Staatsdrukker, Pretoria.
4. Buro vir Statistiek, Nywerheidsensusverslae van 1954/55 tot 1961/62, Staatsdrukker, Pretoria.
5. Buro vir Statistiek, Bevolkingsensus, n Geografiese verspreiding van die Bevolking van Suid-Afrika, 1960, Staatsdrukker, Pretoria.
6. Buro vir Statistiek, Opname van Gesinsuitgawe, Verslae No. 4 en 5, Staatsdrukker, Pretoria, 1960.
7. Buro vir Statistiek, Sensus van Distribusie en Diensinrigtings van 1946/47 en 1952, Staatsdrukker, Pretoria.
8. Buro vir Statistiek, Sensus van Groot- en Kleindistribusiehandel, 1960/61, Staatsdrukker, Pretoria.
9. Buro vir Statistiek, Sensus van die Visvangnywerheid, 1960/61 - Suid-Afrika en Suidwes-Afrika, Staatsdrukker, Pretoria.
10. Buro vir Statistiek, Uniestatistieke oor Vyftig Jaar, Staatsdrukker, Pretoria, 1960.
11. Buro vir Statistiek, Sensus van die Motorhandel, van 1956/57 en 1960/61, Staatsdrukker, Pretoria.
12. Buro vir Statistiek, Statistiek van Motorvoertuie, vir die jare 1954 tot 1962, Staatsdrukker, Pretoria.
13. Buro vir Statistiek, Statistiese Jaarboek, 1964, Staatsdrukker, Pretoria, 1965.
14. Buro vir Statistiek, n Corsig van die Rekeninge van Openbare en Ander Maatskappye, 1958/59 en 1959/60.

15. Department of Agricultural Technical Services, Agriculture in the Economic Development of South Africa, Staatsdrukker, Pretoria, 1963.
16. Departement van Doeane en Aksyns, Buitelandse Handelstatistiek, van 1945 tot 1964, Staatsdrukker, Pretoria.
17. Departement van Landbou-ekonomie en -Bemarking, n Kortbegrip van Landboustatistiek van die Republiek van Suid-Afrika, Staatsdrukker, Pretoria.
18. Departement van Mynwese, Jaarverslae insluitende Verslae van die Staatsmyningenieur en die Geologiese opname, van 1954 tot 1962, Staatsdrukker, Pretoria.
19. Jaarverslae van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, van 1954 tot 1962, Staatsdrukker, Pretoria.
20. Jaarverslae van die Kontroleur en Ouditeur-generaal vir die boekjare van 1954/55 tot 1961/62, Staatsdrukker, Pretoria.
21. Jaarverslae van die Departement van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling, Staatsdrukker, Pretoria.
22. Jaarverslae van die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie, van 1954 tot 1962.
23. Jaarverslae van die Provinsiale Ouditeur van die Kaapprovinsie van 1954/55 tot 1961/62.
24. Jaarverslae van die Provinsiale Ouditeur van die Oranje-Vrystaat, van 1954/55 tot 1961/62.
25. Jaarverslae van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
26. Jaarverslae van die Sekretaris van Binnelandse Inkomste, van 1954/55 tot 1961/62, Staatsdrukker, Pretoria.
27. Jaarverslae van die Kommissaris van Ongevalle, Staatsdrukker, Pretoria.
28. Oliesaadbeheerraad, Twaalfde Jaarverslag vir die tydperk 1 Julie tot 30 Junie 1964, Pretoria.
29. Sekretaris van Waterwese, Verslag oor die Voorgestelde Oranjerivierontwikkelingsprojek, W.P.X.-'62, Staatsdrukker, Pretoria, 1962/63.

30. Sekretaris van Waterwese, Aanvullende verslag oor die Oranjerivierontwikkelingsprojek, W.P.AA. - '64, Staatsdrukker, Pretoria, 1964/65.
31. Suid-Afrikaanse Reserwebank, Jaarlikse Ekonomiese Oorsig, van 1960 tot 1964, Pretoria.
32. Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens, Begroting van uitgawes aan Kapitaal- en Verbeteringswerke, van 1954/55 tot 1961/62, Staatsdrukker, Pretoria.
33. Suid-Afrikaanse Wolraad, Statistical Analysis of the South African Woolclip according to Province, Area and Magisterial District, Pretoria.
34. Verslag van die Kommissie van Ondersoek van die Aanwending van Kernkrag in Suid-Afrika, 21 April 1961, RP 23/61, Staatsdrukker, Pretoria.
35. Verslag van die Kommissie vir Sosio-Ekonomiese Ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika, U.G. 61/1955, Staatsdrukker, Pretoria.

B. Boeke

36. Isard, W. Methods of Regional Analysis: An Introduction to Regional Science, the Technology Press of the Massachusetts Institute of Technology, Massachusetts, 1960.
37. National Bureau of Economic Research, Studies in Income and Wealth, Volume 11, Princeton University Press, Princeton 1949.
38. National Bureau of Economic Research, Studies in Income and Wealth, Volume 16, Long-Range Economic Projections, Princeton University Press, Princeton, 1954.
39. National Bureau of Economic Research, Studies in Income and Wealth, Volume 21, Regional Income, Princeton University Press, Princeton, 1957.

40. Organisation for European Economic Co-operation, Regional Economic Planning: Techniques of Analysis, Edited by W. Isard & J.H. Cumberland, Rue André-Pascal, Parys, 1961.
41. Perloff, H.S. e.a. Regions, Resources and Economic Growth, The Johns Hopkins Press, Baltimore, 1960.
42. Resources for the Future, Design of Regional Accounts, Edited by W. Hochwald, The Johns Hopkins Press, Baltimore, 1961.
43. Wellington, J.H. Southern Africa, Volume I, Cambridge University Press, Cambridge, 1955.

C. Artikels en tydskrifte

44. Douglas, W.S. & Mullins, A.J. Die Afset van Sagtevrugte, Sagtevrugteboer, Jaargang 13, Deel 3, Maart 1963, Deel 5, Mei 1963 en Deel 6, Januarie 1963.
45. Fair, T.J.D. Regions for planning in South Africa, The South African Geographical Journal, Volume XXXIX, December 1957.
46. Isard, W. & Kuene, R.E. Philadelphia Industrial Region: A Study in Agglomeration Projection, Review of Economics and Statistics, Volume XXXV, Nr. 4, November 1953.
47. Jooste, C.J. Sosiologiese Aspekte van die Oranjerivierprojek, Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Wetenskap, Deel 59, Nr. 10, Oktober 1963.
48. Lochner, T.C. n Oorsig van die Droëvrugtebedryf, Agrekon, Deel 2, Nr. 2 April 1963.
49. Krogh, D.C. & Stadler, J.J. A guide to the National Accounting Framework of the South African Economy, Finance and Trade Review, Volume V, Nr. 5, Desember 1962.
50. Marais, G. The Relation between Economic Development and the Location of Industry in the Republic of South Africa, Volksskas News Letter, November 1963.

51. Meyer, J.R. Regional Economics: A Survey, The American Economic Review, Volume LIII Nr. 1, Maart 1963.
52. Moore I.D. Die Ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Sitrusbedryf, Agrekon, Deel I, Nr. 4, Oktober 1962.
53. Müller, R. Waarskynlike neigings by die Veeverbruik van Mielies, Agrekon, Deel 3, Nr. 3, Julie 1964.
54. Pienaar, S.W. The Orange River Project - Prosperity for all, Farming in South Africa, Volume 39, Nr. 3, Junie 1963.
55. Stoker, P. H.V. Transmission, The Transactions of the South African Institute of Electrical Engineers, Volume 22, Nr. 9, September 1931.
56. Troost, N. Patroon vir die Toekoms van Elektrisiteitsvoorsiening in Suid-Afrika, Jaargang VIII, Deel 5, Januarie, 1956.
57. Van Wyk, S.P. Bepaling van n Ekonomiese Boerdery-eenheid, Agrekon, Deel 2, Nr. 1, Januarie 1963.
58. Waurick, G. Steam vs. Water, The South African Electrical Review, Volume 54, Nr. 538, Maart 1963.

D. Ongepubliseerde verhandelings en proefskrifte

59. De Coning, C.J. Die Regionale Verspreiding van Koopkrag in Transvaal, M.Comm-verhandeling, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, 1959.
60. Groenewald, B.P. Die Reële Volksproduk en -besteding van Suid-Afrika, 1946 - 1960, D.Comm - proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1964.
61. Nel, P.A. Die Berekening en Gebruik van Streeksinkomesyfers met spesiale verwysing na die Oranje-Vrystaat, M.Comm - verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1964.
62. Retief, A.J. Die Verdeling van die Volksinkome van die Unie volgens ras, 1956/57, M.Comm-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1960.

63. Stadler, J.J. Die Bruto Binnelandse Produk van Suid-Afrika, 1911 - 1959, D.Comm-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1962.
64. Thirion, S.F. Die Indeling van die Volksinkome van die Unie volgens Rassegroep vir die jaar 1946/47, n metodiese studie, M.Comm - verhandeling, Universiteit van Pretoria.
65. Van der Merwe, E.J. Berekening van die Streeksinkome vir Transvaal op grondslag van landdrosdistrikte, M.Comm-skripsie Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., 1963.
66. Willers, J.J.D. Kapitaalvorming en Kapitaalbesit in die Unie, 1910 tot 1953, D.Comm-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1955.

E. Diverse Publikasies

67. International Union of Producers and Distributors of Electric Energy, Statistics 1962, Paris, 1964.
68. Nel, P.A. & De Coning, C.J. The Regional Distribution of Purchasing Power in the Republic of South Africa, Research Report No. 10 of the Bureau of Market Research of the University of South Africa, Pretoria, 1965.
69. Peters, R.W. The Measurement of Regional Income in Western Australia, 1947/48 - 1950/51, Research Studies in Community Income, The University of Western Australia, 1954.
70. Straszacker, R.L. Kragbronne in die Republiek van Suid-Afrika, Referate gelewer by die Jaarvergadering van die Ekonomiese Instituut (F.A.K.) te Kaapstad, 15 Februarie 1963.
71. United Nations, A. System of National Accounts and Supporting Tables, New York, 1960.
72. United Nations, Concepts and Definitions of Capital Formation, New York, 1953.
72. Winkle, F.F. Economic Regions of the Republic of South Africa, Research Report No. 2 of the Bureau of Market Research of the University of South Africa, Pretoria, 1961.